

HEBREËRS

*'n Lewensveranderende
kyk na
JESUS*

Dr J de Koning

INHOUD

Hoofstuk 1 'n Voëvlug oorsig	3
Hoofstuk 2 <i>Hebreeës 1:1-51</i>	22
Hoofstuk 3 <i>Hebreeës 1:5-14</i>	31
Hoofstuk 4 <i>Hebreeës 2:1-4</i>	45
Hoofstuk 5 <i>Hebreeës 2:5-9</i>	53
Hoofstuk 6 <i>Hebreeës 2:10-18:</i>	63
Hoofstuk 7 <i>Hebreeës 3:1-18</i>	74
Hoofstuk 8 <i>Hebreeës 4:1-16</i>	81
Hoofstuk 9 <i>Hebreeës 4:14-5:3</i>	94
Hoofstuk 10 <i>Hebreeës 5:1-10</i>	103
Hoofstuk 11 <i>Hebreeës 5:11-6:3</i>	113
Hoofstuk 12 <i>Hebreeës 6:4-12</i>	125
Hoofstuk 13 <i>Hebreeës 6:13-18</i>	142
Hoofstuk 14 <i>Hebreeës 7:1-28</i>	152
Hoofstuk 15 <i>Hebreeës 8</i>	162
Hoofstuk 16 <i>Hebreeës 9:11-26</i>	174
Hoofstuk 17 <i>Hebreeës 10:19-25</i>	186
Hoofstuk 18 <i>Hebreeës 10:26-39</i>	196
Hoofstuk 19 <i>Hebreeës 11:1-6</i>	205
Hoofstuk 20 <i>Hebreeës 11:7-22</i>	219
Hoofstuk 21 <i>Hebreeës 11:23-12:2</i>	230
Hoofstuk 22 <i>Hebreeës 12:1-3</i>	237
Hoofstuk 23 <i>Hebreeës 12:4-12</i>	247
Hoofstuk 24 <i>Hebreeës 12:14-29</i>	256
Hoofstuk 25 <i>Hebreeës 13:1-8</i>	265
Hoofstuk 26 <i>Hebreeës 13:9-25</i>	276

HOOFSTUK 1: ‘n Voëlvlug

Oorsig

Ek dink die meeste van ons het op een of ander stadium ‘n skole atletiek byeenkoms bygewoon en na die langafstande gekyk. Die meeste van ons het al gesien hoe een outjie of meisie ver agter raak en dan skree almal vir hom of haar.

“Hou bene hou ...”

Die rede hoekom mense dit spontaan skree is omdat almal kan sien die versoeking is daar vir hierdie outjie of meisie om tou op te gooi, te stop.

Elke Christen kom op een of ander stadium voor die versoeking te staan om die handdoek in die geestelike wedloop in te gooi wanneer probleme en struikelblokke toeneem, geloof onproduktief lyk, deure toeslaan en al my ideale wat ek gehad het vir my lewe een vir een verydel word.

Die vraag word dan dikwels gevra: “Wat help dit tog” en onttrekking in jou persoonlike geloofswedloop raak ‘n realiteit.

Die verskil natuurlik tussen ons en die outjie of meisie op die atletiekbaan is dit:

- Onttrek jy uit die geloofswedloop, is die gevolge baie baie meer traumaties as net die vernedering dat jy nie klaargemaak het nie.
- Maak jy egter klaar, word jy nie net beskou as iemand wat darem kan vasbyt nie – nee, jy kry ‘n ongelooflike beloning - al kom jy heel laaste.

§ Die eerste lesers

Die boek Hebreërs is geskryf vir mense wat wou tou opgooi. Waarskynlik was hulle Christene uit 'n Joodse, Judaïstiese agtergrond. Ons weet ook nie of almal van hulle werklik Christene was en of baie van hulle net intellektueel ingestem het tot die Christelike geloof nie, maar op die oog af ten minste, was hulle almal in die wedloop. Hulle het swaar gekry as gevolg van hulle verbintenis aan Jesus Christus. Ons lees dat hulle gely het onder diefstal en fisiese vervolging.

Hulle het eenvoudig moeg geword en wou tou opgooi. Ons lees van slap hande en lam knieë in Hebreërs 12:12.

Die Hebreër-skrywer stel dit baie duidelik: “... *laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop*” (12:1).

§ Die doel van die boek

Die skrywer beklemtoon deurentyd hierdie groot besorgdheid oor sy lesers en hy moedig hulle aan om hul geloofswedloop, met Jesus, seëvierend en glorieryk te voltooi.

- *Ons moet “ ... soveel kragtiger vasgryp aan wat ons gehoor het,”* waarsku hy, *“sodat ons nie dalk wegdrywe nie”* (2:1).
- *“... oppas dat dit nie miskien later blyk dat een van julle agtergebly het nie [God se belofde rus]”* (4:1).
- *“Laat ons nie stilstaan by die eerste dinge wat aangaande Christus verkondig word nie, maar verder gaan na die volle inhoud van die boodskap”* vra hy hulle (6:1).

- *“Dit is ons vurige wens dat elkeen van julle enduit dieselfde ywer as vroeër aan die dag sal lê totdat die dinge waarop julle hoop, vervul is.” (6:11).*

Nadat hy met oortuiging toon dat Jesus Christus al ons behoeftes vervul, roep die skrywer uit:

- *“...laat ons tot God nader met ’n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het.” (10:22–23).*
- *“Julle geloofsvertroue moet julle dus nie prysgee nie ... Volharding is wat julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy beloof het.” (10:35–36).*

Die skrywer gebruik ’n hele hoofstuk (11) om sy lesers te herinner aan die verhale van groot helde soos Moses, Abraham, Noag, Jakob en Josef wat die wedloop na heerlikheid voltooi het. Hierdie getuies word ingeroep om ons aan te spoor in ons eie geloofswedloop.

Die skrywer, (terloops ons weet nie wie dit is nie), wil vir hulle aanmoedig om nie handdoek in te gooi nie, en hy gebruik onder inspirasie van die Gees ongelooflike argumente en aansporings. In hulle geval was die gevaar daar dat hulle wou terugval op die Joodse gebruike en tradisies waaruit hulle gekom het, in plaas daarvan om te volhard op die pad van hulle nuwe geloof in Jesus Christus.

Ons deins egter dikwels terug van die boek Hebreërs. Hoekom?

Vanweë die eerste lesers se spesifieke agtergrond, gebruik die skrywer argumente en verwys na dinge wat nie vir ons maklik verstaanbaar is nie.

Dit is hoekom Hebreërs nie so gewild is soos bv. die boek Johannes nie. Ek dink daar is veral twee redes waarom ons weg deins van Hebreërs:

Eerstens lyk dit asof daar gekarring word aan 'n klomp temas wat net eenvoudig nie die top 10 van Christelike besprekings onderwerpe sal haal nie.

Dit begin byvoorbeeld met 'n ingewikkelde bespreking van engele, dan die behandeling van Psalm 95 en wat dit regtig beteken om God se rus in te gaan. Volgende beweeg dit dan na Melgisedek, dan word die meublement van die tabernakel beskryf en laastens eindig dit met 'n vermaning om buite die kamp te gaan.

Sien jy wat ek bedoel?

Ek is redelik seker die meeste van ons het nie hierdie week hierdie onderwerpe aan die ontbyttafel bespreek nie. Dit is hoekom baie mense nie ver kom met Hebreërs nie, of Hebreërs nie ver kom met hulle nie.

Nou goed, daar is stukkies wat uitstaan wat interessant en relevant lyk. Daar is die gedeelte oor Jesus wat getoets is soos ons, en met ons kan simpatiseer. Ons hou daarvan. Daar is die groot hoofstuk omtrent geloof (hoofstuk 11). Daar is die wonderlike seëngroet aan die einde omtrent die God van vrede wat ons Here Jesus uit die dood opgewek het as Herder van die skape.

Maar hierdie gedeeltes word natuurlik gebruik soos ons ‘n telefoonboek gebruik.

‘n **Tweede** rede waarom die boek moeilik is om te verstaan, is die groot spasie wat aan diere offers gewy word. Baie van ons het nog nooit eers gesien hoe ‘n dier geslag word nie – en van ons sou beslis protesteer as iemand ‘n dier op ons agterstoep sou slag. (Vir baie kulture dwarsdeur die geskiedenis was dit natuurlik volkome normaal).

Hoe dit ookal sy, ons het nie veel begrip vir die offer dinge nie, behalwe as ‘n metafoor, bv. *dit is ‘n groot opoffering om kos te maak*.

Hoe moet ons die boek Hebreërs dan benader?

Ek wil waag om te sê dat Hebreërs vir ons 3 groot lyne gee. Hebreërs,

1. bied vir ons ‘n ongelooflik uitdagende prent van Jesus,
2. stel ‘n heel nuwe manier daar om die Ou Testament te lees, en
3. bied Jesus aan as die finale offer.

Š ‘n Ongelooflik uitdagende prent van Jesus

In **hoofstuk 1** is Jesus die Seun van God, bo alle engele. Daar was sommige in die vroeë kerk wat bloot aan Jesus as ‘n spesiale engel gedink het. Die skrywer kom en sê: “nee” – Jesus is totaal en al van ‘n ander stoffasie, ‘n ander orde. Maar voor jy

enige verkeerde idee kan kry, beklemtoon **hoofstuk 2** dat Jesus ook totaal en waarlik mens is.

Let asb op: Jesus was nie alleen totaal en waarlik mens nie, ***Hy is dit steeds.***

Dit is een van die groot beklemtoninge van die boek – die klem dat die Een wat gesit het waar ons sit, wat ons tipe lewe geleef het en ons dood gesterf het – daardie Een is nou verhoog en verheerlik – as ‘n menslike wese. As mens het Hy nie bloot terug beweeg om net God te wees nie.

Hoofstuk 2 eindig met die klem dat Hy versoek is soos ons versoek is deur wat Hy gely het, en daarom kan Hy dié help wat versoek word.

In **hoofstukke 3 en 4** word Jesus geteken as die ware Josua. Hy is die een wat die mense van God na die ware beloofde land lei.

(Terloops, Jesus en Josua is eintlik dieselfde naam in Hebreeus en Grieks).

In **hoofstukke 5, 6 en 7** is Hy die ware Hoëpriester. Dit is waar Melgisedek inkom.

Nou om dit te verstaan moet ons gou ‘n draai loop.

Dit was ‘n probleem vir die vroeë kerk dat Jesus uit die Dawid huis afkomstig was. Dit het wel beteken dat Hy gekwalifiseer het om die Messias te wees, dit is die Koning van Israel. Maar dit het Hom gediskwalifiseer om ‘n hoëpriester te wees – Hy sou dan uit die huis van Levi moes wees, heeltemal ‘n ander stam.

Hebreërs dui nou aan dat die Koning volgens Psalm 110 ‘n Priester vir ewig volgens die orde van Melgisedek is. Sy priesterskap was nie afhanklik van Sy voorgeslagte nie, maar van die roeping van God alleen. Jesus is dus nie ‘n hoëpriester

wat deur iemand anders vervang kan word nie. Hy bly Priester vir ewig.

So om op te som wat ons tot nou gesien het:

- Jesus, die Seun van God, die ware menslike Een,
- lei Sy mense na die beloofde land,
- is beskikbaar vir alle mense en vir alle tye as die simpatieke Een,
- die Priester deur wie hulle na God kan kom.

Die enigste logiese weg is dus om Jesus te volg.

Hoofstukke 8-10 praat van Jesus se offer en die nuwe verbond.

Hierna volg ‘n lang lys van geloofshelde in **hoofstuk 11**.

Nou interessant, daar is sulke lyste in verskillende Joodse geskrifte en die belangrike ding omtrent so lys is – wie kom aan die einde van die lys? Wie word daar geplaas?

Wel, die antwoord is voorspelbaar. **Jesus.**

In **hoofstuk 12:1-3** maak die skrywer ‘n oproep wat as die sleutel Bybelse teks kan uitstaan as dit kom by die hele oproep om Jesus te volg:

“Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan

terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God. Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie.”

Die temas waarna ons nou gekyk het kom hier na vore in omgekeerde volgorde:

Jesus, die Hoëpriester, wat aan die einde van die lys van geloofshelde kom; Jesus die een wat ons na die beloofde land lei, die Pionier, die Een wat vooruit loop om die pad gelyk te maak. Jesus, die ware menslike wese, wat die pad van menslike lyding voor ons geloop het. Jesus, nou verhoog as Seun van God.

Jesus word in die laaste **hoofstuk (13)** as volg uitgebeeld:

Gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde; Jesus die groot Herder van die skape, die Een wat uit die dood terug gebring is (13:20).

Dit is die prentjie van Jesus, wat Hebreërs aan ons bied.

Dit is die Jesus wat ons deur die lewe sal lei, die Jesus wat ons ontmoet as ons die Nagmaal saam gebruik, die Jesus wat ons sagkens maar duidelik oproep om Hom te volg.

In die middel van die prentjie vind ons die kruis: die kruis wat Jesus in ons plek verduur het, wat die klimaks was van Sy lewe van lyding en verwerping, en wat soos ons nou sal sien, die finale offer was.

As jy op hierdie oomblik moeg is – kyk weer na Jesus...

§ Die nuwe lees van die Ou Testament

Een van die redes waarom mense sukkel met die boek Hebreërs is bloot omdat die Ou Testament nie meer so bekend is vir ons soos dit was nie. Selfs waar mense baie bekend is met die Ou Testament, is dit dikwels baie vreemd wat die skrywer met die Ou Testament doen. As 'n mens egter eers begryp wat aangaan is dit eintlik redelik voor die hand liggend.

Jy sien, die skrywer stel die Ou Testament die hele tyd voor as 'n storie wat nie klaar was nie, en hy wys dat die Ou Testament vra na 'n finale hoofstuk. Meer nog, dit hét 'n laaste hoofstuk nodig.

Dit kan vergelyk word met 'n pad wat stop omdat dit nog nie klaar is nie, maar daar is bordjies wat aandui waarheen hierdie pad jou gaan vat.

Volgens Hebreërs is die Ou Testament soos 'n pad sonder die finale deel, maar met bordjies wat aandui wat gaan kom.

Die finale deel van die pad wat jou na jou bestemming gaan neem, is Jesus self – spesifiek die offer waarmee Hy die nuwe verbond tot stand gebring het.

Die argument van Hebreërs is dit: Die Joodse geskrifte wys gedurig heen buite dit self na 'n verdere realiteit wat hulle nie self bevat nie.

Meer nog, hulle wys na 'n groot handeling van verlossing. Die handel met sonde wat hulleself nie bied nie. Hierdie groot handeling is nou volbring in Jesus en daarom moet ons hierdie Jesus volg.

Kom ek neem julle gou deur die argument, soos dit in die 5 stappe van hierdie brief voorkom:

Ø Eerstens, hoofstuk 1

Die Ou Testament is vol van God wat praat, en ‘n mens kan selfs voel hulle het soveel meer direk gehoor van God. Maar die skrywer van die Hebreër brief kom wys dat alles wat God gesê het, eintlik eers werklik gehoor word in Sy laaste finale woord, naamlik Jesus.

Die Ou Testament praat van engele / wesens wat vir ons ongelooflik lyk. Iets waarop die Jode sekerlik geroem het, is die feit dat engele so baie aan die volk verskyn het in die Ou Testament – terloops volgens tradisie is die wet deur engele aan Moses gegee (2:2).

Die Hebreër skrywer wýs egter dat engele nog altyd bedoel was om uiteindelik aan Jesus onderworpe te wees. So as ek en jy die Ou Testament lees en opgewonde raak oor die engele – wel Een baie groter en beter as die engele het verskyn in die Nuwe Testament – Jesus.

Ø Tweedens, hoofstuk 2.

Die Ou Testament praat van die hele wêreld as onderworpe aan die heerskappy van die menslike ras, maar dit is verseker nie waar in die algemeen nie. Dit het waar geword in die troonbestyging van die man Jesus.

Ø Derdens, hoofstukke 3 & 4.

Die Ou Testament praat van die “tyd van rus” en van die ingaan in die beloofde land, selfs in geskifte wat lank voor die intog geskryf is. Daar moet dus ‘n ander, meer permanente rus wees wat nog moet kom.

Ø Vierdens, hoofstukke 5-7.

Die Ou Testament praat van ‘n koning wat ook ‘n priester is. Hoe kan dit wees gegewe die kategorieë van Joodse

priesterskap? Antwoord: Dit kan net wees in die persoon van Jesus.

Ø Vyfdens en laastens, hoofstukke 8-10.

Die Ou Testament praat van ‘n nuwe verbond, waarin sonde finaal mee gehandel sal word eens en vir altyd. Dit dui duidelik daarop dat die ou verbond, dit is nou die verbond tussen God en Israel op Sinai, ‘n tydelike ooreenkoms was wat moes lei tot ‘n uiteindelijke oplossing.

Tydens elke stadium, argumenteer die Hebreërs skrywer, wys die Ou Testament buite dit self na Jesus en die kruis as die vervulling van ‘n eeu oue plan van die een ware God. Die onvoltooide storie het nou tot vervulling gekom.

Nou kan jy duidelik sien wie om te volg.

Natuurlik wil die brief in die eerste plek Joodse Christene oortuig dat hulle nie kan teruggaan na nie-Christen Judaïsme nie. Daar was die versoeking, want daar was ook vervolging. Noudat hulle die vervulling het moet hulle nie teruggaan na die voorbereidende fase nie.

Ons lewe nou in ‘n ander konteks en tog is daar altyd die gevaar om weer te probeer om allerhande rituele en seremonies na te kom want dit laat ons beter voel. *As ek net 5 uur elke oggend kan opstaan en Bybel lees en net elke Sondag in die erediens kan kom.... sekerlik voel God dan beter oor my.* Jy sien, ons raak moeg vir die lewe deur geloof in Jesus, en dan val ons terug op meer tasbare dinge. Die boek Hebreërs waarsku dat ons dan na ‘n minderwaardige, armsalige sisteem terug beweeg.

Baie belangrik, hierdie nuwe lees van die Ou Testament herinner ons ook aan die feit dat wat God in Jesus Christus gedoen het, nie 'n geïsoleerde voorval of 'n soort van eenmalige inkom in die wêreld was nie. Nee.

Dit was die klimaks van 'n baie lang plan!

Ons geloof en dissipelskap berus nie op 'n nuwe snaaksigheid nie, maar 'n rotsvaste plan van die Here vir die geskiedenis.

As ons die kruis verstaan, gryp ons nie aan 'n strooihalm vas nie, maar ons staan op 'n rots. Ons neem ons plek in in God se geskiedenis as ons vashou aan Jesus. Ons raak deel van die eintlike verhaal van die werklikheid.

Elkeen van ons het 'n storie, 'n verhaal, wat 'n geweldige invloed het op hoe ons dink en leef. Ons kan mekaar ook net eintlik verstaan as ons die ander een se verhaal ken. Hebreërs herinner ons dat ons deel is van die groot verhaal van die lewe, die eintlike verhaal. As jy weet jy is daarvan deel, en jy weet waar pas jy in, maak dit jou lewe soveel meer sinvol.

So, ons kry in Hebreërs 'n oortuigende omvattende portret van Jesus, 'n nuwe lees van die Ou Testament, en nou laastens, Hebreërs bied vir ons Jesus as die finale offer aan.

Š Jesus as die finale offer

Hoe moet ons dink oor offers? Ons het gesê dat ons nie lekker begrip het vir offers nie.

Die boek Hebreërs lei ons nader en nader aan die misterie wat betrokke is by offerande. Daar is basies 3 elemente in offers aanwesig; 3 dinge wat onder offers lê as jy wil, wat ons moet onthou as ons Hebreërs gaan bestudeer:

Eerstens is daar in die offers die gedagte geleë dat mense aan God iets waardevol en rein offer as ‘n teken van die dankbare gee van hulle hele lewe aan Hom en Sy diens. Mense is gemaak soos Hebreërs dit stel, om onder God te wees en oor die wêreld. Die versoeking wat ons as mense in die gesig staar is natuurlik dieselfde as wat Satan voor Jesus gebring het in die woestyn. Die versoeking om die wêreld te gebruik vir ons eie plesier, eer en heerlikheid.

As ons as mense egter ‘n simbool van die geskape werklikheid, (iets soos ‘n dier byvoorbeeld), voor die Skepper God bring in dankbaarheid, dan sê ons simbolies dat Hy die Skepper is, en dat ons geen regte oor die skepping het, onafhanklik van Hom nie. In daardie sin is offer die natuurlike en gepaste menslike aktiwiteit.

Tweedens simboliseer die bloed van die dier wat geoffer word dat ons lewens geneem moet word a.g.v. ons boosheid en onreinheid. Maar die bloed herinner dat God die mens sal red deur ‘n lewe wat aan die dood gegee word in ons plek. Dit is ‘n teken daarvan.

Derdens simboliseer offers, deur hierdie twee tekens, dat die huidige toestand van onreinheid weggewas word sodat ons nuut kan begin, gereinig en geskik vir diens aan God. Nou dit is moeilik om te sê hoeveel van wat ek nou genoem het aanwesig was by die Israeliete wanneer hulle geoffer het. Maar dit is ook so dat simbolisme kommunikeer, al verstaan ons nie alles nie. So as ons dit neem as wat betrokke was in Ou Antieke Israel se offerdiens, dan verstaan ons beter hoe Jesus se offer die plek hiervan ingeneem het as die beter en finale offer.

As die menslike wese wat ander mense verteenwoordig (hoofstuk 2), is Jesus se offer van Sy eie lewe, die gehoorsame neerlê daarvan, iets wat Hy doen in die plek van die mensdom. In ons plek! Hy gee Homself as welgevallige offer aan God in jou en my plek – dit is wat ons nie na behore doen en kan doen soos ons moet nie. Ons sou ook kon sê, in daardie sin is Hy die finale graanoffer. Jesus, in Sy perfekte gehoorsaamheid, gee aan God die eer en dank wat Hom toekom. So gesien, is Hy die finale graanoffer.

Sy lewe wat aan die dood gegee is, word ook in my en jou plek gedoen. Hy sterf onder God se regverdigde oordeel teen sonde, sodat ek en jy nie hoef nie.

Dink daaraan: Die soenoffer in die Ou Testament is eerstens nie gedoen vir iets wat reggemaak kon word nie. Nee, dit is gemaak vir iets wat onvergeefbaar was. Vir 'n skuld wat nie betaal kon word nie. Die skuld in hierdie geval kon op geen manier deur die skuldenaar betaal word nie. Dit bly. As dit tot 'n einde wil kom, moet die skuldenaar tot 'n einde kom.

Dit is nie net 'n geval dat die skuldenaar iets groots moet weggee nie, maar eerder dat **sy lewe** weggegee moes word sodat vergifnis kon plaasvind. Die soenoffer is daarom iets anders wat staan vir die lewe van die een wat die dood verdien.

Baie belangrik: Die lê van die hande op die offerdier is nie net simbolies van die oordra van skuld op die offerdier nie. Nee, dit staan vir 'n oordra van die voorwerp, met ander woorde die een wat die offer bring sien homself in die verdoemende dood van die offerdier. Hy dra homself oor. Nie net sy sonde nie.

Verder, hierdie dood het nie net die blote funksie van uitwissing nie. As dit so was, kon die sondaar vir homself versoening gedoen het. Die sondaar sou dan die oordeel van God tevrede stel as die sondige lewe tot 'n einde gebring word (i) deur die oordra, oorplasing van homself op die offerdier, en (ii) deur die dood van die offerdier waarmee die sondaar homself identifiseer het.

Versoening sou dan beteken het om die toorn van God tevrede te stel deur 'n bloed-offer. Nou dit is onbybels. Dit is nie God wat versoen moet word nie, maar *God versoen die wêreld*. Dit is dus nie die sondaar wat homself vryspreek nie, maar eerder die Heilige God wat die sondige mensheid vryskeld. God doen dit deur Sy heiligheid as't ware te draai na die wat totaal onheilig is. In hierdie kontak van heiligheid met onheiligheid vind die dood plaas. Dit maak dood. Die offer ritueel versimboliseer dit.

Verder is dit slegs in die mate waarin die Heilige God die oordrag van die sondaar op die offerdier aanvaar, dat die dood van die offerdier effektief kan wees as 'n versoening van die persoon wat die offer bring. Hy word as't ware weggeruk van die dood wat hy verdien.

Kom ek stel dit so: Die versoenende offer maak daardie dodelike ontmoeting met die Heilige God moontlik – en kyk, ons lewe! Hy het die oordrag aanvaar. Die dood het my nie getref nie!

Dit is duidelik uit die Ou Testament dat geen so 'n versoenende, oorgedraagde offer, versoening vir eens en vir altyd kon bring nie. Dit moes daarom herhaal word (Heb. 10). Dit is ook

duidelik dat die dood van 'n plaasvervangende offer nie die reiniging van die mensheid kon bewerk nie. Nie eens die offer van 'n spesifieke persoon kon God se versoening van die mensdom en die wêreld bewerk nie.

Nee, wat daarvoor nodig is, is 'n teenwoordigheid waarin die hele skepping teenwoordig is. Dit kan slegs beteken, wat nodig is, is die teenwoordigheid van die Goddelike Skepper in die vorm van 'n skepsel.

En dit is natuurlik wie Jesus was!

Ons het vroeër gesien Jesus is die finale graanoffer.

Jesus is ook die groot soenoffer. Hy is ook die laaste brandoffer. Jesus was totaal aan God toegewy. Hy ondergaan dood en vernietiging vir sonde en veroorsaak so ook ons dood wat sonde betref (Rom. 6:2-7). So gesien, is Hy die finale brandoffer.

Jesus is ook die finale gemeenskapoffer. Christus bied ons nou Sy vlees om te eet (Joh. 6:54-58). Deur deel te hê aan Sy vlees en bloed het ons ewige lewe, en gemeenskap met die Vader, terwyl ons verander word na die beeld van Christus (2 Kor. 3:18).

Waar die Ou Testamentiese offers 'n manier was waarop die aanbieder uiterlik gereinig is (hulle kon onrein word deur fisiese dinge of die effek van hulle eie sonde), het die reinigende effek van Jesus die Messias wat Sy mense verteenwoordig, die ware Hoëpriester, 'n effek wat baie dieper gaan.

Jesus se offer raak die diepste van ons persoonlikheid. Net soos Jesus tot in die hart van die teenwoordigheid van God ingegaan het, nie net in 'n mensgemaakte gebou nie, maar na die plek waar God woon in lig en heiligheid, net so word die effek van

Sy offer nie net in ons uiterlike lewens gevoel nie, maar in die innerlike kern van ons persoon wees. In ons **gewete**. (9:14; 10:2; 10:22; 13:18).

As ons daarna kyk vanuit die wyer Bybelse teologiese hoek, het God die menslike ras gekies om priesters te wees van die hele skepping. Gekies om die skepping se aanbidding aan Hom te bring, te offer.

Nadat die mens in sonde geval het, kies God die volk Israel om die priesters te wees van die mensdom, om menslike lof te bring aan God, en om God se oplossing vir sonde inwerking te stel. Israel self was egter sondig. God kies daarom 'n familie van priesters (Aäron en sy seuns) om priesters te wees vir die nasie van priesters.

Hierdie priesters self misluk egter.

God stuur daarom Sy Seun om beide priester en offer te wees. Jesus aan die kruis is die finale Priester.

Die offerande van Jesus aan die kruis is die oomblik waarin ek en jy, in die persoon van 'n enkele Man, onself ten volle aan God, die Skepper van alles, offer.

Die resultaat hiervan is nou dat menslike lewe moontlik is. Nou uiteindelik kan die gewete gereinig word.

Meer nog, hierdie reiniging van Jesus kan ons reinig van “doeie werke” (9:14) sodat ons die lewende God kan dien. Die doeie werke verwys na beide heidense praktyke waarvan ons moet wegdraai in bekering as ons Christene word, en na al die Joodse rituele waarvan ons ons eie weergawes kan maak – dinge wat niks baat as dit kom by aanvaarbaar wees voor God nie.

Jy sien, Jesus se finale offer is die enigste manier om aanvaarbaar en diensbaar te wees voor God. Ons is geroep tot vreugdevolle diens aan God, vry van enige skuldgevoel of

gevoel van vrees. Vry van enige pla van die gewete. Ons is geroep tot ware lewe!

Lewe ons regtig? Ek weet ons haal asem en loop en slaap en werk en speel, maar is dit regtig lewe? Is ons nie maar net “gekultiveerde diere” nie. Ek vermoed dat ‘n gekultiveerde dier ‘n dierespesie is wat soos enige ander dier deur sy instinkte gedryf word. Hy soek die hele tyd daarna om nou dadelik sy onmiddellike aardse behoeftes te bevredig. Dink net vir ‘n oomblik hoe ‘n gewone huishondjie deur die dag beweeg. Die enigste verskil is dat ons regop loop en klere dra en van baie aardse luukshede hou (ons noem dit kultuur).

As ons vandag die mense rondom ons bekyk is dit nogal duidelik dat die moderne mens deur sy sintuie bestuur, en deur basiese begeertes oorheers word. Wat my bangmaak is die feit dat ons deel is van hierdie moderne kultuur.

Daarom die vraag: **Is dit regtig die lewe?**

Š Die absoluut relevante boek

Dit is ironies dat binne hierdie boek wat so vreemd vir ons voel, vind ons die nuus wat miljoene in ons gemeenskap so desperaat wil hoor. Die nuus dat skuld weggewas kan word deur die bloed van Jesus.

Jou Skuld. My skuld.

Ons vind dit moeilik om Jesus te volg want ons voel ons het so baie verkeerde bagasie. Die boek Hebreërs roep ons nie net op om Jesus te volg nie, dit verduidelik dat die morele probleem, **ons skuld**, reeds betaal is.

Dit is absolute relevante nuus!

So die boek Hebreërs bring vir ons baie eenvoudig: Jesus! Dit bied aan ons die Jesus wat hier is om ons te help omdat Hy een van ons is, en die pad voor ons gestap het. Dit bring ons die Jesus wat die nuwe verbond ingelei het, en so die eeu oue plan van God vervul het. Dit bring ons bo alles, Jesus die finale offer. Die Een wat vir ons gedoen het wat ons nie vir onself kon doen nie. Die Een wat ons lewe geleef het en ons dood gesterf het, en nou altyd leef om vir ons in te tree.

Daarom is daar iets beter, iets meer vir jou en my in hierdie bedeling as wat daar ooit was.

Jy sal in Hebreërs weer en weer die woord **meer** of **beter** kry:

- Ü Jesus is 'n **beter** priester (7:7).
- Ü Sy volgelinge het 'n **beter** hoop (7:19)
- Ü omdat hulle betrokke is in die Seun se **beter** verbond (7:22; 8:6),
- Ü wat gebasseer is op **beter** beloftes (8:6).
- Ü Christus het 'n **beter** offer gebring (9:23);12:24),
- Ü daarom het gelowiges 'n **beter** besitting (10:34), naamlik
- Ü 'n **beter** land (11:16)
- Ü 'n **beter** opstanding (11:35)
- Ü en **beter** voorregte (11:40).

So kom as jy moeg is..., kom kry hierdie **beter** lewe in en deur Jesus!

HOOFSTUK 2: Hebreërs 1:1-5

Elke mens op aarde het 'n begeerte om God te hoor praat. Die mens wil weet wat sê God, as daar 'n God is. Wat sê Hy oor die toestand op aarde, oor al die swaarkry en ellende. Wat sê Hy oor my? Wat sê Hy oor my lyding, my siekte? Wat kan ek verwag van Hom? Wat kan ek verwag van die lewe? Van die toekoms?

Ek dink nie ek is verkeerd as ek sê dat die mense vir wie die outeur van Hebreërs skrywe, waarskynlik ook verlang het dat God iets vir hulle sou sê nie. Ons sien in hierdie boek dat hulle swaargekry het en vervolg is. Ja, hulle is besteel en waarskynlik fisies ook aangerand, juis omdat hulle Christene was. Dit is deel van die rede waarom ons in Hebreërs 12:12 lees dat hulle hande slap en knieë lam geword het. Wat het God te sê van alles? Moet ons nie weer offers bring en feesdae hou sodat Hy met ons kan praat soos in die Ou Testament en vir ons kan duidelikheid gee oor hierdie situasie nie?

Š *Die vreemde inleiding*

Die skrywer aan die Hebreër gemeente is so ywerig om vir hierdie mense te antwoord dat Hy nie soos normaalweg sy brief begin nie. Jy weet hoe begin Paulus sy ander briewe. “*Van Paulus.... aan...genade en vrede,*” ens.

Die skrywer van die Hebreër brief val weg met wat hy glo hierdie mense onmiddelik moet hoor. As ons in gedagte hou dat Hy onder leiding van die Heilige Gees skryf, dan kan ons sonder twyfel weet: Dit is wat God wil hê ons moet hoor.

§ God het gepraat

Dit is die basiese vertrekpunt van die brief. Meer nog, dit is die basiese grondslag van Christelike geloof. As dit nie so was nie, is alle Christene niks beter af as die mense wat nou voor hulle houtbeelde buig nie. God het gepraat en juis daarom is daar iets soos die kerk en die evangelie. God het gepraat, daarom is dit onnodig om nou in 'n desperate ellendige uitsiglose toestand te verkeer. God het gepraat, dis nie meer nodig dat elkeen Sy pad in die donker soek nie. God het gepraat. God is nie stil nie, Hy speel nie wegkruipertjie met die mens nie!

Op watter maniere het God gepraat - Homself geopenbaar? Natuurlik doen Hy dit ook in die natuur (algemene openbaring) Maar hier gaan dit oor iets baie groter en duideliker.

Hier gaan dit oor die sogenaamde '*Besondere Openbaring*'- God se direkte kontak en spreke tot die mens. God se praat met die mens val duidelik in twee fases. Ou tyd, destyds, die verlede maar nou die laaste dae.

Skematiese voorstelling: (Geimpliseer)

	Ouer Kommunikasie	Nuwer Kommunikasie
ERA	Verlede	Hede
ONTVANGERS	Ons voorvaders	Ons
AGENTE	Profete	Sy Seun
MANIERE	Op verskillende maniere	Op een manier

Š *God se praat in die verlede*

Kom ons kyk eers na God se praat in die verlede. Nou, aan die hart van wie God is lê die feit dat Hy nie 'n swygende God is nie. Hy praat. Hy het gepraat en daar het 'n skepping in plek gekom. As Hy die eerste mens skep praat Hy met die mens en gee opdragte en bevale – daarsonder sou die mens nie geweet het wie hy is en wat om te doen nie.

Mens kan amper sê : eers sag, net 'n klein groepie het gehoor - hoofsaaklik Abram se nageslag, en hier en daar het dit oorgespoel na heidene. Die groot gros van die mensdom was in onkunde en duisternis.

Op 'n groot verskeidenheid van maniere, het Hy met en deur die profete gepraat: Met drome, in die vorm van engele, 'n brandende bos, op die berg Sinai...

So het God aanhou praat - al duideliker en al helderder. Tog was alles in 'n mate voorlopig. Hy het veral gepraat in die vorm van beloftes; van dit wat nog moes gebeur. Dit was nog nie Sy volledige boodskap nie.

Š *God se praat 'nou'*

Maar nou, in hierdie laaste dae, sê die skrywer. het die finale Woord van God gekom - Woord met 'n hoofletter.

Net so terloops, as die Nuwe Testament praat van die **laaste dae**, verwys dit na die tydperk vanaf Jesus se koms tot Sy wederkoms. Net soos die ontvangers van die Hebreër brief in die laaste dae geleef het, leef ons ook in die laaste dae.

Maar goed. Die veraf geluid van belofte het nou skielik hard en duidelik oorgegaan in vervulling. Soos ‘n trein wat jy dofweg in die verte hoor... al nader en nader...

Luister na die dowwe gedreun deur die eeue met God wat op baie maniere praat en dan skielik is dit hier by ons - **die volle en finale openbaring van God - Jesus Christus!**

Geen menslike tussengangers meer nie. Die Seun van God self! Nie meer baie woorde nie, net een Woord. Maar belangrik! Sy laaste Woord is nie totaal iets nuuts nie. Dit is eintlik die toppunt, die finale gestalte van alles wat God reeds gesê het.

Wat sê God?

Die skrywer sê God praat deur Jesus. Ons het nou gesien hoe God dwarsdeur die Ou Testament praat. Sy Woord kom weer en weer na mense.

Dit is baie interessant dat die wortel van die woord ‘woord’ (*dbr* in Hebreeus) baie meer as bloot “gesproke woorde” aandui. Die woord kon ‘kom’, “gesien word”, en is sinoniem met ‘dade’. Daardie Woord van God het nou volkome gekom, kon gesien word en het dinge gedoen. Jesus is God se laaste Woord. God se finale kommunikasie is so geweldig en so omvattend dat dit lewend is.

God sê vir ons: “Jesus!”

Š Die kwaliteit en belangrikheid van God se laaste Woord

In Jesus praat God **beslissend en finaal**. Ons sien dit in die kontras. In die verlede... maar nou in die laaste dae.. **het** God gepraat. Die verlede tyd word gebruik. Hy het gepraat in Jesus. Hy is klaar. Daar is slegs twee fases van God se openbaring in hierdie werêld, ou tyd en laaste dae. Geen derde fase nie.

In Jesus hoor ons die volle **gesagvolle spreke van God**. Hierdie woord is nie sommer net ‘n gepraat om iets te sê, soos ons dikwels maak nie.

Ons sien dit in die frase: “*God het alles deur Hom geskep en Hom erfgenaam van alles gemaak.*” Ook - Hy hou alle dinge deur Sy magswoord in stand.

Ons sien dit ook uit die feit dat Hy aan die regterhand van God gaan sit het. In die Bybel het die regterhand van iemand, soos ‘n koning gedui op uitvoerende krag en gesag. As jy aan die regterhand van die koning gaan sit het, het jy uitvoerende gesag en mag.

Hierdie Woord, die persoon Jesus, is die Een wat werksaam was toe God gesê het: “Laat daar lig wees... en daar was. Hierdie Woord kan tot stand bring en bereik waarvoor dit gestuur is!

Let op na die volgende: Hy is nie ‘n tweederangse woordvoerder nie. Hierdie Woord is die erfgenaam van alles en Hy hou alles in stand. Hy is volkome in beheer en het volkome eienaarskap van die heelal. Die profete was slegs boodskappers met afgeleide gesag. God het dinge deur hulle belowe. Jesus het self die gesag en mag om te doen wat Hy beloof. (Verstaan jy die verskil in

kwaliteit? Die verskil tussen ‘n bediende en ‘n Eienaar?) Skepper, erfgenaam, en nou die Een wat alle uitvoerende gesag en mag het!

Hy onderhou alles. Deur hierdie woord bly elke atoom en elke kwark in atome in stand.

In Jesus praat God op ‘n baie beter **groter, heerliker en duideliker** manier as ooit tevore. Ons sien dit duidelik in vers 4. *“Hy is net so verhewe bo die engele as wat die Naam wat God Hom gegee het, voortrefliker is as hulle naam”*. Jesus is dus baie groter en heerliker as die engele. Ja die engele was belangrik, en ja God het dit duidelik deur hulle gepraat.

Maar...

God se spreke in Jesus is allesoortreffend, heerlik, genoegsaam. Dis die hoofpunt die uitnemende voortreflikheid van Jesus as die lewende manier waarop God gepraat het.

Maar nou, die belangrikste feit omtrent God se finale Woord. **Hy kommunikeer God self**. Ons weet almal dat daar so iets is soos praat en praat. Die diepste vorm van kommunikasie is wanneer jy werklik jouself, jou binneste, wie jy is, hoe jy voel en dink, kommunikeer.

Dit is presies wat die skrywer hier vir ons sê.

Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God.

Die 1953 vertaling vertaal dit met “afskynsel en afdruksel.” Die gedagte is, soos die son se strale die son uitdruk, so druk Jesus God uit. Die gedagte agter afdruksel is dit: Die keiser het ‘n seël met ‘n afdruk van sy gesig op gehad - ‘n soort metaal stempel. Voordat hierdie stempel ontwerp is, sou die keiser op allerhande manier probeer om aan sy onderdane te beskryf hoe hy lyk, deur

sketse ensomeer. Maar toe kom hierdie stempel, hierdie presiese afdrukkel van homself.

Dit is presies so met God en Jesus. In die Ou Testament probeer God as't ware sketse maak van wie Hy is, hoe Hy is, maar nou kan ons dit presies sien.

God praat self openbarend in Jesus: Hier is ek! Deur die Seun kom wys Hy hoe hy lyk.

Dink vir 'n oomblik wat sê Hy alles in die lig van hierdie frase: *“Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel”*.

God praat verlossend met ons nie net oor hoe ons verlos kan word nie. Hy het self ons verlossing bewerk. Hy **is** ons verlossing. Wat gebeur het aan die kruis toe Jesus ons sondes op Hom neem, en wat gebeur het toe Jesus opgestaan het en aan die regterhand van God gaan sit het, is deel van God se Woord in Jesus.

Wat kan Hy meer sê oor hoe Hy is? Sy absolute liefde vir ons, maar ook Sy absolute heiligheid en regverdigheid word so duidelik uit hierdie Woord. Wat kan Hy nog daarvoor sê?

Dit wat God sê is ongelooflik positief. Hy kon nie iets beter sê vir 'n stukkende verwarde mensdom nie. Dit wat God in Jesus kom sê het is die beste nuus, die opwindendste boodskap ooit. Ek hoop jy sien dat God se laaste Woord nie net gaan oor Jesus se woorde nie, nee, Sy persoon, Sy lewe en werk vertel God aan ons.

§ Implikasies

Jesus is God se finale en hoogste Woord aan die mens. Daar kan niks beters kom nie. Dit het natuurlik verskeie implikasies.

Ons hoef nie nog vir iets anders te wag of verder te soek nie (ons mag ook nie).

Aan die anderkant moet ons vashou en volhard aan God se openbaring in Jesus. Die beteken prakties: As jy jou ore toedruk vir die boodskap van Jesus, gaan God nie op 'n ander manier met jou praat of red nie. As jy alternatiewe oorweeg (soos die eerste lesers wat weer terug wou keer na die Judaïsme), as jy wegdryf van Jesus, dan verbeur jy God se genade en verlossing. Hy en Hy alleen is die weg, die waarheid en die lewe. Daar is geen alternatief vir Jesus nie. Ons hoor baie stemme wat beweer dat hulle van God kom, maar God praat net met een stem: Jesus. Dit word treffend op die berg van verheerliking geïllustreer: “luister na Hom!”

God het gepraat daarom kan ons Hom nou ken - ons hoef ons nie meer te verlaat op mensgemaakte projeksies, vermoedens of verbeeldingsvlugte nie. Hy het Homself bekend kom maak. “Hier is ek...”

Dit word nie eksplisiet so gestel nie, maar tussen die lyne lees ons van Jesus se amp as Koning, Priester en Profeet. Dit demonstreer nog verder die unieke heerlijkheid van Jesus. Die ampte in Israel was altyd geskei, in Hom kom dit alles saam. Hy is Profeet - God praat deur Hom, as Priester bewerk Hy

reiniging van ons sondes en as Koning sit Hy aan die regterhand van God.

Wonder jy of God met jou praat, wens jy dat Hy met jou wil praat? Jy hoef nie verder te soek, te wens of te wonder nie. Jy hoef nie een of ander boek oor die mistiek te koop nie, jy hoef nie 'n reis na die verre Ooste te onderneem nie. Nie te hoop vir 'n droom, gesig of verskyning van 'n engel nie.

Jy kan net die Bybel op jou skoot oopmaak, dis vol van Jesus se woorde en dade, jy ontmoet Hom daar en in Hom hoor jy God se stem.

HOOFSTUK 3: Hebreërs 1:5-14

Ek dink jy ken die opgewondenheid van nuwe geskenk tydens Kersfees of wanneer jy verjaar. Niemand kan wag om die geskenk papier af te haal en te sien wat het jy gekry nie. Ek dink julle sal saamstem: niemand gee te veel om oor die papier waarmee dit toegemaak is nie, jy wil net by die geskenk uitkom. Nou stel jou 'n Kersgeleentheid voor waar een van die kinders hardloop na sy geskenk - die geskenkpapier afskeur en gaan sit en speel in die hoek met die geskenkpapier. Ek dink almal sal dit vreemd vind. Wat van die geskenk?!

Hoe dit ookal sy, dit is darem nie iets gevaarliks waarmee die kind speel nie.

Maar stel jou voor die geskenkpapier was behandel met 'n dodelike chemiese stof wat afgee wanneer 'n mens dit te veel hanteer. Wel, dan was dit ook gevaarlik om met die geskenkpapier in plaas van die geskenk te speel.

Wat is die punt wat ek wil maak? Die mense vir wie die skrywer van die Hebreër brief skryf, was soos 'n kind wat met die geskenkpapier speel in plaas van met die geskenk. Meer nog, die geskenkpapier was gevaarlik!

Jy sien die geskenk, dit waaroor hulle opgewonde moes wees, was Jesus. **God se laaste omvattende Woord.** Die een deur wie God Homself kommunikeer. God kon nie beter, meer omvattend, dieper of voller kommunikeer as om Sy Woord te laat mens word nie! **Dit is die geskenk!**

Die Hebreërs het begin behep raak met die geskenkpapier. Hulle het weer begin om hulle besig te hou met die Judaïstiese rituele en gebruike wat alles eintlik net geskenkpapier was – die voorbereiding vir die Geskenk. Anders gestel, die wet en die hele ou verbond sisteem was daar om vooruit te wys na Jesus, om die pad voor te berei.

§ Die klem op engele?

As ‘n mens die gedeelte lees kan jy nie anders as om op te merk dit gaan alles oor die engele nie. So wat gaan hier aan? Wel, die skrywer wil ‘n punt maak. Kyk gou na hoofstuk 2: 1-3.

“Om hierdie rede moet ons soveel kragtiger vasgryp aan wat ons gehoor het, sodat ons nie dalk wegdrywe nie. As die woord wat deur engele gepraat is, bindend was, en elke oortreding en ongehoor-saamheid regmatig gestraf is, hoe sal ons dan ontkom as ons so ‘n groot saligheid verontagsaam het? Hierdie saligheid is immers deur die Here verkondig, deur wie dit sy oorsprong het, en is aan ons bevestig deur dié wat dit gehoor het.”

So wat doen die skrywer hier in hoofstuk 1:5-14? Hy kom wys hoeveel meer werd die Geskenk as die geskenkpapier is.

Hy kom wys hoeveel meer en groter Jesus as die engele is, en as Hy dit kan wys kan hulle verstaan hoe gevaarlik dit is om weg te beweeg van Jesus, die Geskenk.

Hoekom? Want sien, die wat die boodskap wat deur engele bemiddel is (volgens hulle oorlewing), nl. die wet, verontagsaam het, of hulle nie daaraan gesteur het nie, het geweldige straf ontvang. As Jesus, God se laaste finale Woord, soveel meer is as die engele, hoe belangrik is dit dan om *nie* Jesus, die laaste Woord, te ignoreer nie? Hoe gevaarlik is dit dan om met die geskenkpapier besig te raak nie?

Kom ons kyk hoe die skrywer hier wys hoe belangrik die geskenk is teenoor die geskenkpapier.

Š Die Seun se unieke verhouding met die Vader (1:5)

Die skrywer begin met ‘n vraag *“Immers, aan wie van die engele het God ooit gesê...”*

Hy vra nie soseer dat hulle die vraag moet antwoord nie, dit is ‘n retoriese vraag. ‘n Manier om ‘n aanspraak te maak. Wat die skrywer eintlik wil sê is: *“Daar is geen engele aan wie God ooit gesê het...”*

Die twee aanhalings in vers 5 gaan voort om te fokus op die seunskap van Jesus wat in vers 2 begin het.

Die skrywer verwys hier na twee Ou Testamentiese gedeeltes: Psalm 2:7 en 2 Samuel 7:14.

Beide hierdie gedeeltes is deur die vroeë Christene aanvaar as verwysend na die verhoging van die Messias, en let nou op wat ons daar sien. Psalm 2: 1-12:

*“Waarom is daar onrus onder die volke, waarom smee die nasies planne – en dit tevergeefs? Die konings van die aarde is in opstand, die leiers span saam teen die Here en teen sy gesalfde en sê: “Kom ons maak ons vry en gooi hulle juk af!” Hy wat in die hemel woon, lag hulle uit, die Here spot met hulle. Hy spreek hulle aan in sy toorn, in sy gramskap jaag Hy hulle op loop: “Dit is Ek wat hom as my koning gesalf het op Sion, my heilige berg.” **Ek wil vertel wat die Here aangekondig het. Hy het vir my gesê: “Jy is my seun, van vandag af is Ek jou Vader. Vra My, en Ek gee volke vir jou as eiendom, die hele aarde as jou besitting. Jy sal hulle verpletter met jou ystersepter, hulle flenters slaan soos 'n kleipot.”** Wees dan nou verstandig, konings, wees gewaarsku, regeerders van die aarde! Julle moet die Here met ontsag dien, Hom met vrees en bewing toejuig en Hom onderdanig wees, sodat Hy nie toornig word en julle op die pad omkom nie, want sy toorn ontvlam gou. Dit gaan goed met almal wat by Hom skuiling soek.”*

In sy oorspronklike konteks praat Psalm 2 van die rebellie van die nasies en hulle heersers teen God en Sy gesalfde. Die Psalmis maak die stelling dat die rebellie vermorsel gaan word deur die angswekkende, oorweldigende krag en mag van die Koning wat God in Sion gesalf het.

Die punt is dit: Jesus is hierdie Messias, hierdie Koning, want ons weet oral in die evangelie verwys Hy na homself as die Seun, en na God as Sy Vader!

Dit is interessant dat die vroeë kerk in hierdie Koning, hierdie Seun, die belofte gesien het vir die vroeë kerk se oorwinning oor die magte wat die kerk, die liggaam van Christus, bedreig.

Kyk gou na Handeling 4:23-31:

*“Nadat Petrus en Johannes losgelaat is, het hulle na hulle medegelowiges toe gegaan en vir hulle vertel wat die priesterhoofde en die familiehoofde alles vir hulle gesê het. Toe hulle dit hoor, het hulle almal saam tot God gebid en gesê: “Here, dit is U wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daar is, gemaak het. En U het deur die Heilige Gees by monde van ons voorvader Dawid, u dienaar, gesê: **Waarom het heidennasies te kere gegaan, en het volke sinlose planne beraam? Die konings van die aarde het in opstand gekom, en die heersers het saamgespan teen die Here en teen sy Gesalfde. Dit is wat werklik in hierdie stad gebeur het. Herodes en Pontius Pilatus het met heidennasies en die volk Israel saamgespan teen u heilige Dienaar, Jesus, wat deur U gesalf is**”.*

Dit bring ons by die tweede gedeelte wat hier aangehaal word, naamlik 2 Samuel 7:14:

“Ek sal vir hom 'n vader wees en hy sal vir My 'n seun wees.”

Hier het ons die woorde van Natan aan Dawid waarin God belowe dat Sy Seun ‘n ewige koninkryk sal hê. Maar let op: God sê Hy is die Vader van hierdie Seun.

Die outeur van Hebreërs maak die punt dat **Jesus** hierdie seun is.

Miskien wonder jy oor die tydgebonde uitsprake van Psalm 2. Wat word bedoel met “vandag het jy my seun geword.” Was Hy nie altyd die seun nie? Ons het reeds in die eerste 5 verse van Hebreërs gesien dat Jesus die Seun was al voor die Skepping.

In kort is die antwoord dat die vroeë kerk onder leiding van die Gees hierdie uitsprake gesien het as verwysend na die openlike verklaring van Jesus se seunskap deur Sy opstanding en verhoging. En dit pas die konteks van Psalm 2, waar die Messias seun genoem word met sy troonbestyging.

Š Die Engele se ondergeskikte posisie (1:6-7)

Kom ons kyk eers na die term eersgeborene.

Die term, “eersgeborene” wat hier gebruik word sit die idee van seunskap voort wat tot nou in Hebreërs bevestig is. Eersgeborene het eerstens bloot verwys na die een wat eerste gebore is. Ons weet die eersgeborene is ook spesifiek gewy aan die Here (Eks 13, 15 ,22). Die eersgebore seun het altyd ‘n baie spesiale plek in sy pa se hart gehad (2 Sam. 13:36-37). Hierdie

seun het gedeel in die gesag van sy pa, en het die leeuwe aandeel in die erf van sy besittings gehad.

Die term seun word agt keer in die Nuwe Testament vir Jesus gebruik, om Jesus se belangrike posisie in die kerk en die kosmos uit te lig.

Verse 6-7 stel die engele voor in twee aktiwiteite wat hulle ondergeskiktheid aan die Seun duidelik wys.

Met die aanhaling uit Psalm 97:7 word hulle vermaan *om die Seun te aanbid*, wat die Seun se verhewendheid, Sy godheid beklemtoon.

Psalm 104:4 belig hulle rol as *dienaars van God* – later in vers 14 verwys die skrywer weer hierna.

In die Ou Testament is engele, geskape hemelse wesens, wat primêr die funksie het as boodskappers van God, wat Sy wil openbaar of sleutel gebeure aankondig (Gen 19, Eks 3 & Matt 1).

Hulle beskerm ook God se mense.

In kontekste wat God se krag en Sy majesteit beklemtoon, aanbid engele Hom of kom bymekaar rondom Sy troon.

So as hier gesê word hulle aanbid die Seun, is dit 'n geweldige stelling oor Jesus se godheid en verhewendheid. Sy belangrikheid bo die van engele.

Š *Die ewigheid van die Seun se regering en Sy verhouding tot die kosmos (1:8-12)*

In hierdie verse kry ons die derde stel Ou Testamentiese aanhalings wat die aandag op die Seun vestig.

In Hebreërs 1: 8-9 word Sy status as goddelike, ewige Koning uitgelig, en in 1:10-12 word Sy rol as Bouer en Heerser van die kosmos uitgelig.

Drie oorkoepelende temas word hier uitgelig:

- Dit praat van die Seun **se gesag**. Die Seun sit op die “troon”, het ‘n “septer” en ‘n “koninkryk” (1:8). Verder is Hy gesalf “bo” Sy tydgenote as Koning (:9). Hy is ook die Een **met die mag** om die “fondasies van die aarde” te lê, en die “hemele met Sy hande te vorm (:10).
- Die skrywer se gebruik van hierdie teksgedeeltes lê klem op **die Seun se ewige aard**. Soos belowe is aan sy voorvader na die vlees, Dawid, sal die Messias se koninkryk vir ewige en altyd wees.” (1:8)

Ons sien hier dat die Here (Jesus) “in die begin” daar was (1:10) en Sy jare sal nooit eindig nie (1:12).

In kontras hiermee is die geskape orde, alles wat ons ken. Dit word oud en vergaan. Soos klere wat lank gedra is, sal die Seun dit opvou aan die einde van die tye (1:11-12) maar Hy bly dieselfde (1:12). Hoe kan jy jou tyd en energie spandeer aan dinge wat net uiteindelik gaan vergaan maar jy spandeer niks tyd en energie aan die leer ken van die Een wat nooit vergaan nie. Alles rondom ons gaan vergaan. Jou mooi huis en meubels, en blink motors, jou mooi gesiggie waaraan jy duisende spandeer

en jou gespierde lyf wat jy ure koester voor die spieël en in die gym... - dit alles gaan vergaan. Die Seun gaan dit opvou saam met die geskape werklikheid.

Bo en behalwe die bevestiging van die Seun se godheid wat geïmpliseer is in hierdie skeppings stellings, bevat Hebreërs 1:8 die **mees eksplisiete verwysing na Jesus as God wat in die Nuwe Testament gevind word:**

“U troon, o God, staan vir ewig vas, met u koninklike septer laat U reg geskied. (Ps. 45:7 OAV).

Jesus is God!

Š Die Seun se posisie aan die regterhand in kontras met die posisie van die engele (1:13-14)

Die hoogtepunt van die skrywer se string aanhalings van die Ou Testament, kom in Psalm 110:1voor:

“Sit aan my regterhand, totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het.”

Interessant, hy begin hierdie laaste aanhaling met dieselfde retoriese vraag waarmee hy begin het in 1:5.

Literêr het ons hier met ‘n sogenaamde *inclusio* te make. Dit is ‘n manier om te wys hy sluit hierdie gedeelte af, en dat alles aan die binnekant van hierdie twee aanhalings op die Seun se voorrang bo die engele dui. Die geskenk bo die geskenkpapier.

Nou in Hebreërs 1:3 is daar al verwys na Psalm 110:1, maar die direkte aanhaling hier in vers 13 sluit die verwysing “totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het,” in.

Soos met die verwysing na Psalm 2:7 (in vers 5) en Psalm 45:6-7 (in verse 8-9), het die verhoging, die troonbestyging van die Seun implikasies!

Vernietiging vir die vyande van God en Sy gesalfde...

Die gevaar vir die Hebreër gemeente was dat hulle hulself in ‘n posie van vyande van God kon plaas juis deurdat hulle Hom as geskenk verruil vir die geskenkpapier...

So wat sien ons hier? Die Seun sit in die mees prominente plek van gesag in die heelal, met die engele in ‘n ondergeskikte posisie as dienaars wat Hom aanbid. Die Seun het ‘n troon wat altyd en altyd en altyd daar gaan wees, en vanaf daardie troon word die engele gestuur om te bedien. God het nooit sulke uitsprake soos gevind word in 1:5, en 8-13 oor die engele gemaak nie. Inteendeel al Sy uitsprake oor hulle wys hulle ondergeskiktheid!

Die punt is: Hoe kan jy waag om behep te raak met dit wat die engele bemiddel het, die wetsistiem van die Ou Testament, met alles wat dit behels en nie na die Seun en Sy uitsprake te luister nie?

Jy mis nie net uit nie, jy is besig met iets geweldig gevaarliks. Jy stel jou bloot aan die oordeel van die hoogste Wese in die heelal as jy Hom nie eer, ag en aanbid nie, maar dit vereer wat bedoel was om Hom te verhoog en te belig.

§ *Nader aan ons lyf*

Die gevaar is vir ons natuurlik nie presies dieselfde as vir die eerste lesers nie. Ons gevaar is nie soseer dat ons gaan terugkeer na Judaïsme nie. Tog is die gevaar ook vir ons daar om behep te raak en onself besig te hou met die geskenkpapier in plaas van die Geskenk. Die gevaar dat ons behep kan word met dit wat bedoel was om Jesus te verhoog en uit te lig, in plaas van met Jesus self.

Daar is in ons dag 'n paar dinge wat die gevaar van die geskenkpapier inhou.

Ø *Joodse gebruike*

Daar is vandag 'n vreeslik eienaardige beheptheid met Joodse gebruike. Al meer en meer Christene voel hulle is halwe Christene as hulle nie die Joodse gebruike weer respekteer en begin beoefen nie! As hulle byvoorbeeld nie weer sekere van die Joodse feeste vier nie. Of hulle voel hulle moet Israel besoek of in die Jordaan gedoop word. Die punt is; al die feeste en gebruike het heengewys na Christus. Die Nuwe Testament maak dit juis duidelik dat ons nie Jode moet word nie. Jode, Judaïste verwerp Christus. Jy mag nie soos hulle word nie. Moenie met die geskenkpapier speel nie. Het julle gesien wat word Jode in openbaring genoem – 'n sinagoge van die Satan. Jy trek 'n streep deur Jesus, God se finale omvattende Woord as jy weer met die Joodse geloof behep raak. Jy stel jouself bloot aan God se oordeel.

Ø *Die Bybel as boek*

Daar is 'n baie subtiele gevaar onder Christene om die Bybel as boek weer 'n *papier pous* te maak. Die Bybel self word verafgod. Jy voel jy moet darem net elke dag die Bybel lees. "Ek het al die Bybel deurgelees en jy?" En die Bybel moet 'n mooi sakkie kry. En jy baklei oor watter vertaling die beste is. Die punt is, die Bybel as boek is daar om van Jesus te getuig. As jou Bybel lees nie ten doel het om Jesus te ontmoet nie.... Gevaarlik! Jy moet nie die Bybel aanbid nie, maar Jesus waarvan die Bybel getuig. Hy is die laaste Woord.

Ø *Teologiese posisies*

Wat 'n tragedie dat Christene maar kan haat en slegsê en baklei omdat daar verskil word oor teologiese kampe. As iemand nie kan sê hy is 'n Calvinis, of Baptis of van die susterkerke nie, dan kan ek nie saam met hom of haar aanbid nie. Jy moet onthou enige teologie is bloot daar om Jesus beter uit te lig, nie om op sigself verafgod te word nie. Jesus is God. Nie Baptiste of Calviniste of Charismate of wat ookal nie. As jou teologiese posisie veroorsaak dat jy nie meer die liefde van Jesus uitstraal nie, is dit 'n gevaarlike spel om mee besig te wees.

Ø *Geestelike aktiwiteite en byeenkomste*

Wat is die doel van Geestelike byeenkomste en aktiwiteite? Baie maklik kan Sondae se erediens bywoning en alles wat daar gebeur 'n behepthed met die geskenkpapier raak. Ons bymekaar kom daar moet gaan oor Jesus, die hoor van Sy stem en die gemeenskap met Hom! Dit behoort daar te wees om Jesus, God se laaste Woord te bestudeer en Hom beter te leer ken.

Pasop ook dat jy begin goed voel en aanvaarbaar voel vir God omdat jy 10 Bybelstudies bywoon en 25 kursusse. Dit beteken niks as jy nie vir Jesus lief het en aanbid, nie. Veral beteken dit niks as dit jou nie verander om meer soos Hy te word nie – soms is mense wat so baie geestelike aktiwiteite en byeenkomste bywoon juis geïrriteerd en kortaf en altyd gejaagd. Dit is ‘n gevaarlike plek om te wees.

Ø *Christelike musiek*

Sommige Christene verafgod Christelike musiek. Hulle spandeer baie geld en tyd hieraan. Sekere Christelike musikante word verafgod en amper aanbid. Gaan kyk maar wat gebeur by sekere gospel feeste. Daar is bitter min verskil tussen sekere gospel feeste en rockfeeste! Die ritmes en klanke en kunstenaars word aanbid. As Christelike musiek jou nie beweeg om Jesus te bewonder, te aanbid en meer soos Hy te word nie, is dit gevaarlik!

Ø *Die Heilige Gees en Sy gawes*

As jy heimlik al meer en meer ‘n begeerte het om wat jy noem: “die Heilige Gees te beleef”, pas op! Jesus self sê in Johannes evangelie dat die Gees daar is om Hom te verheerlik. Hom op te lig. Waarom begeer jy sekere gawes? Om Jesus en Sy liggaam te dien? Of om lekker te voel en bewonder te word?

Ø *Die duiwel en sy werk*

Ek het al vir my gemeente gesê dat as ek op ‘n gegewe Sondag gaan afkondig dat ek twee seminare gaan hou: Om 9H00 een oor Jesus en Sy werk, en 10H00 een oor die Satan en sy werk –

watter een gaan die beste bygewoon word? Watter een sou jy bywoon, behalwe dat die een dalk te vroeg is vir jou...?

Ek weet die duiwel en sy werk is nie heeltemal geskenkpapier soos die ander nie, m.a.w. iets wat daar is om Jesus beter te belig en te verstaan, wat ons dan in sigself aanbid nie – maar tog is die gevaar dat ons nie raaksien dat Jesus absoluut bo die Satan is en volkome in beheer van die Satan is nie. Die gevaar is dat ons onbewustelik die duiwel begin bewonder vir sy krag en werkinge en nie die van Jesus nie!

Waarmee is jy op die oomblik besig in jou denke en optrede? Die geskenk, Jesus, God se laaste omvattende Woord aan ons, of enige iets anders?

Dalk het jy nog nooit verby die geskenkpapier gekom tot by die Geskenk nie. Kom nou!

HOOFSTUK 4: Hebreërs 2:1-4

Daar sekerlik min dinge so gevaarlik as om op die oop see te wees met 'n motorboot as jy die enjin afskakel, jou hand van die stuur afhaal en rustig gaan lê en slaap.

Wat stadig maar baie baie seker gaan gebeur is dat jy gaan begin wegdryf in totaal 'n ander rigting as wat jy heen op pad was en meer nog daar is die gevaar dat jy in 'n storm en strome kan beland wat jou dryf na rotse wat vernietiging kan inhou.

In Hebreërs 2:1-4 waarsku die skrywer dat dit geestelik gesproke vir gelowiges moontlik is om te begin wegdrywe met uiters gevaarlike, werklike, gevolge en hy maak 'n ernstige oproep op hulle om dit nie toe te laat nie.

Kom ons kyk hierna.

Š 'n Waarskuwing teen wegdrywe (2:1)

Die eerste frase van 2:1-4 natuurlik verbind met die string Ou Testamentiese tekste in 1:5-14. Dit kan vertaal word met “om hierdie rede” en suggereer dat die voorrang, die belangrikheid van Jesus as God se Seun en laaste Woord, bo die engele, die grond is vir hierdie waarskuwing. Dit is hoekom hy die waarskuwing gee. *Kyk, as die Seun soveel groter is... wel dan... is ons besig met 'n ernstige saak!*

Let op Hy gebruik die woord “ons” - Hy praat dus met die Christene, die Christen gemeenskap. So ek en jy, as ons onself as Christene beskou moet nou aandag gee.

Die woordjie “moet” dui op die logiese noodsaaklikheid van die skrywer se instruksie. Let wel ons moet nie net aandag gee in die sin van kennis neem van iets nie, maar ons moet meer noukeurig, meer versigtig aandag gee, en beter konsentreer as wat ons tot nou gedoen het.

Waarom moet ons aandag gee? Aan wat ons gehoor het. en **wat is dit?** Wel, dit is die laaste Woord van God, Jesus. Die Woord wat God deur Jesus gespreek het. Dit wat God vir ons sê as Jesus, Sy laaste, omvattende Woord wat verskyn en praat en optree.

Die skrywer maak die inhoud van hierdie Woord, duidelik in vers 3-4 – daar definieer hy dit as: **so ‘n groot saligheid**. God se laaste, finale Woord aan ons het ten diepste te maak met saligheid en verlossing.

Die beeld van ‘wegdryf’ is 'n kragtige een. Die woord wat hier gebruik word kon dui op 'n voorwerp wat wegglip, of afglip soos 'n ring van 'n vinger, of voorwerpe wat in die verkeerde rigting beweeg soos 'n stuk kos wat in jou lugpyp beland. Maar waarskynlik is die beeld wat nader is aan die skrywer se bedoeling hier die wegdryf van 'n skip, wat die hawe mis waarvoor dit bedoel was. 'n Skip wat wegdryf as gevolg van sterk winde of strominge. Die skrywer definieer nie die “strominge” waarmee sy gehoor geworstel het hier nie, maar wat duidelik is, is dat hulle in gevaar is om weg te beweeg van 'n plek waar die evangelie, die saligheid, die middelpunt en fokus van hulle lewens is.

Š Motivering om gehoor te gee aan hierdie vermaning (2:2-3a)

In verse 2-3a gebruik die skrywer 'n bekende tegniek in daardie tyd se redenasies wat rabbis gebruik het. Die argument van**as dit so was by hierdie mindere, kleiner ding....hoeveel te meer dan by die grotere dinge...**

Wat is die kleinere ding in hierdie geval?

Die straf wat ontvang is wanneer jy dit wat God deur engele onder die Ou Testament gesê het, verwerp. Ek het reeds verwys na die feit dat daar die tradisie was dat die hele wetsisteen van die Ou Testament, of dan die ou verbondsisteen, wat by Sinai ontvang is, eintlik deur engele bemiddel is. Die skrywer sluit hierby aan, en herinner hulle daaraan dat daardie “ou verbonds boodskap” wat deur engele gegee is, “bindend” was en dat ignorering van daardie boodskap duidelike, sekere straf meegebring het. Dit is nooit as gering beskou deur God nie. Nee, elke oortreding het regverdige straf ontvang wat daarby pas. Nou die woorde wat hier met “oortreding” en “on gehoorsaamheid” vertaal word praat van bewuste verwerping van God se wil. In 2:1-4 en oor die algemeen in Hebreërs, assosieer die skrywer on gehoorsaamheid met 'n onwilligheid om na God se stem te luister (2:1; 3:7-19; 12:25).

Wat is die grotere ding/saak? Die skrywer gaan dan nou voort om die “groter” belangriker” saak te stel in sy argument. Hy fokus op die verwerping van die woord van verlossing wat deur die Here gegee is. Nou die retoriese vraag verwag natuurlik 'n negatiewe antwoord, nl: *Ons sal nie ontvlug as ons so groot*

verlossing verontagsaam of ignoreer nie.

So dit is die punt. As God gestraf het by die oortreding van die minder belangrike, kleiner saak – hoeveel te meer nou as dit kom by hierdie grotere, belangrike saak.

Dink daaraan: As 'n baie belangrike persoon vir jou e-posse en smsse stuur om iets te doen en jy ignoreer dit, sal dit erg wees. Maar as die belangrike persoon, die president van 'n land of die eerste minister of koning self opdaag en vir jou iets vra en jy ignoreer dit? Wel dit is die punt. Dit is nie net dwaas nie, dit is uiters gevaarlik.

Wat bedoel die skrywer met *verontagsaam*?

Wel die betekenis hier is om iets te verwaarloos deur 'n apatiese houding, met ander woorde, jy gee nie genoeg om oor iets om daaraan aandag te gee nie (1 Tim. 4:4).

Die punt is, as jy so min omgee oor hierdie Woord van verlossing sal jy nie die straf ontvlug nie.

Š Die boodskap van verlossing (2:3b-4)

Wat die skrywer nou hier doen in vers 3b en 4 is om te wys wat gebeur het met die verkondiging van verlossing, of dan met hierdie laaste woord van verlossing. Wat het historiese gebeur? Dit is belangrik as ons wil weet hoe ernstig die saak is.

Hierdie verlossing, sê Hy, is **eers deur die Here verkondig**. Alhoewel dit geprofeteer is in die Ou Testament, is hierdie woord van verlossing eintlik eers werklik verkondig toe Jesus aangekondig het...

“Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby

gekom. Bekeer julle en glo die evangelie” (Mark. 1:15). Die prediking van die goeie nuus van verlossing is die kenmerk van Jesus se bediening (Mark. 9:35).

Nie die skrywer of die ontvangers van die Hebreër brief het Jesus direk die goeie nuus van die evangelie hoor predik nie. Hulle was 2de generasie Christene. Hulle het dit ontvang van “*die wat Hom (Jesus) gehoor het.*”

Die woord “bevestig” dra die gedagte van 'n versekering. M.a.w die skrywer en sy lesers het nou wel nie die boodskap van verlossing uit die mond van Jesus self gehoor nie, maar tog kon hulle absoluut daarop reken.

Daar het selfs 'n groter getuie bygekom, wat die getuienis van die eerste ooggetuies finaal onderstreep het.

Let op: *God het saam getuig met tekens en wonders, en gawes van die Heilige Gees* (Heb. 2:4).

Die taal hier is wetlik, en dit suggereer dat God die hofsaal van die geskiedenis binnegekom het om Sy stem te kom voeg by die getuies wat gevolg het op die getuienis van Jesus self.

Let op die volgende: God het nie bloot 'n woord van bevestiging gespreek nie, maar het opgetree. Hy het opgetree met tekens, wonders en verskillende gawes.

Hierdie drievoudige verwysing was nogal algemeen gebruik in die vroeë kerk om te verwys na God se aktiwiteit onder Sy mense. Dit het gewoonlik die prediking onderstreep.

Kom ons kyk net baie vining na ‘n paar teologiese waarhede wat hier in hierdie gedeelte bevestig word:

- Die skrywer veronderstel die geldigheid van die Ou

Testamentiese woord (anders sou hy dit nie as voorbeeld gebruik het nie).

- Die gedeelte aanvaar die kontinuïteit in die karakter en aktiwiteit van God tussen Ou en Nuwe Testamentiese bedelings.
- Daar is 'n ooreenstemming tussen die karakter van die ouer en nuwer ontvangers van God se boodskap. Beide in die ou verbond en die nuwe verbond is daar die moontlikheid van oortreding en straf!

Š Nader aan ons lyf

Die waarskuwing in hierdie gedeelte is 'n waarskuwing wat baie Christene weer en weer moet hoor. Miskien veral die van ons wat deel is van 'n Christen gesin en deel is van 'n gemeente. Ons het nodig om dit weer te hoor.

Dit is so maklik vir ons om net te begin dryf. Om ons voet van die brandstof pedaal af te haal. Die stuur te los. Ander mense moet maar die bidwerk doen, die dinkwerk, die ernstige dinge. Ons dryf net saam. Ons sit geen poging meer in ons geestelike lewe en die lewe van die gemeente nie.

Die probleem is, om aan te sluit by ons beeld aan die begin, as ons eie motor nie loop en ons voet nie op die brandstof pedaal is en ons nie die stuur vashou nie gaan ons wegdryf van die hierdie Woord van verlossing. Ons begin dan hierdie groot saligheid verwaarloos - ons raak apaties.

Presies hoe dit in ons lewens gaan lyk word nie hier gesê nie, maar ek dink tog implisiet is hier 'n aanduiding.

Die skrywer van die Hebreërboek praat nie baie van die Gees nie, omdat hy dit veronderstel as algemene kennis dat die Heilige Gees werksaam is in gelowiges, maar as Hy hier verwys na God wat die Woord van verlossing onderstreep, is dit baie duidelik dat waar mense besig is met die Woord van verlossing en daaraan vashou, daar werk die Heilige Gees. Ons moet tog nie mekaar verkeerd verstaan nie. Ja, Jesus is God se finale omvattende Woord aan ons. God kan nie meer omvattend met ons praat as deur Hom nie. Ons moet ook nie verwag dat God enige iets meer vir ons gaan sê as wat Hy reeds gesê het in Jesus nie.

Daarmee sê ons nie Hy praat en werk nie meer deur Sy Gees as bevestiging en onderstreping en duidelik making en praktiese toepassing van hierdie Woord nie. Die Gees met Sy gawes en werkinge was ook nie beperk tot die apostels nie. Nee, ons weet die gawes word vir die gemeente, die liggaam van Christus gegee. Gaan lees maar Handeling en sien hoe die Gees werk in en deur Stefanus en die ander diakens!

Solank Sy liggam op aarde bestaan sal al die gawes wat histories in Hom as een individu was, versprei wees deur Sy liggaam in hierdie wêreld.

Maar wat is my punt? As jy glad nie meer die Gees beleef nie. As Hy nie meer die boodskap van Jesus vir jou waar en kosbaar en heerlike maak nie. As Hy nie meer jou denke verlig, jou 'n ander mens maak as wat jy voor bekering was nie. Wel, dan het jy begin weg beweeg. As jou gemeente nie meer die Gees en Sy werkinge beleef nie, het julle stadig maar seker begin wegbeweeg. Die Gees is God by ons, God in ons wat saam getuig! As Hy nie meer deur Sy Gees die Woord van verlossing

in ons midde lewend maak en onderstreep nie, het ons probleme.

Waar staan jy? Waar staan jou gemeente? Het 'n wegbeweeg begin plaasvind? Die skrywer maak nie duidelik presies hoe dit sal lyk nie en hy maak ook nie presies duidelik wat die straf sal wees nie, maar ek dink die waarskuwing en oproep is duidelik.

- Jy as Christen en ons as gemeente moenie dink jy is verhewe bo wegdryf en straf nie.
- Die Heilige Gees, deur die skrywer, roep ons vanoggend op tot persoonlike verantwoordelikheid en verbintenis.
- Jy moet weet daar is en sal implikasies wees as jy begin dryf. God straf Christene, moenie 'n fout maak nie. Jy is in die moeilikheid as jy die Woord van verlossing minag. Watter vorm dit gaan aanneem weet ons nie. Ek herinner jou aan 1 Korintiers 11, waar die gemeente begin ligtelik omgaan het met die Nagmaal (hulle kom dik eet en dronk drink het) en Paulus sê: *“Daarom is daar baie siekes onder julle en sommige het al gesterf”!* (1 Kor. 11:30).

Wat is die oplossing? **Gee meer noukeurig ag aan hierdie saligheid!** Maak tyd daarvoor. Koester dit. Los die geskenkpapier en al die randsake en keer terug na Jesus en die Woord van verlossing!

HOOFSTUK 5: Hebreërs 2:5-9

Een van die mees dramatiese verhale in die Ou Testament handel oor koninklike opvolging. Koning Dawid was baie oud en het geweet hy sou nie baie langer daar wees nie. Een van sy seuns Adonia, hou samesprekings met die hoof van die leer en een van die senior priesters, en laat homself as koning aankondig sonder dat Dawid daarvan weet. Dawid het egter aan sy vrou Batseba belowe dat haar seun Salomo, koning sou word. Toe Dawid dus hoor wat gebeur, het hy gesorg dat Sadok die priester, en Natan die profeet, Salomo as koning salf. Jy sien alles het gedraai om die vraag: **Wie wou die koning gehad het moes heers oor die komende koninkryk?**

Š Wie gaan beheer hê oor die wêreld wat kom?

Wat het dit te make met Hebreërs? Wel, dit is dieselfde vraag wat op die tafel is hier in Hebreërs – net een verskil. Insteede dat dit gaan oor ‘n koninkryk waaroor ‘n koning moet heers as die ou een gesterf het, gaan dit hier omtrent die wêreld wat nog moet kom en die manier waarop God bedoel het die nuwe wêreld regeer moet word.

Vers 5 praat van die ‘toekomstige wêreld.’ En dit is die hoofondewerp van hierdie gedeelte en in ‘n sin van die hele brief. Dit is byvoorbeeld hoekom die hele gedagte van hoop so groot rol speel in die brief.

Die kern van ‘n groot deel van die argument is dit: **In Jesus, die Messias, het hierdie *hoop* alreeds in die wêreld ingebars, en saam met Hom het daar sekere tekens verskyn van die nuwe wêreld wat nog sal kom.**

Hierdie gedeelte beweeg as’t ware deur 3 fases om hierdie punt duidelik te maak.

Š *Jesus se toekomstige posisie*

Hierdie eerste tema sluit natuurlik aan by dit wat ons reeds gesien het. Ons het gesien dat God nog altyd bedoel het dat die Seun, Sy unieke Seun, die Een wat Hom presies uitdruk en bekend maak, dat hierdie Seun groter as die engele sal wees. Ja selfs die engele deur wie die wet gekom het. Hier praat die skrywer egter van die voorrang van die Seun in terme van Sy toekomstige rol.

Daar was terloops ‘n oortuiging by die Judaïsme dat engele deur God oor die nasies van die wêreld aangestel is. Die basis vir hierdie oortuiging kom al uit Deuteronomium 32:8, wat verwys na die grense van die nasies wat volgens die getal van God se engele vasgestel is. (In letterlike vertalings vind ons die term “seuns van God”, in die 1983 vertaling kry ons “kinders van Israel”). Later in Daniel 10:20-21 sien ons dat daar gepraat word van die engele as die “prins van Persië” en die prins van Griekeland, en Michael is die groot engel (prins) wat oor God se volk Israel waghou. Natuurlik is daar ook sprake van slegte engele in die Bybel.

Die punt hier in vers 5 is dat geen engele, of hulle nou goed of sleg is, gaan enige posisie in die nuwe wêreld hê nie!

Wat sien ons wel?

In die wêreld wat kom, wil God hê dat die oorspronklike orde van die skepping uiteindelik vasgemaak en duidelik gerealiseer sal word. Die oorspronklike orde en bedoeling van die skepping was natuurlik dat die wêreld op 'n wyse en kreatiewe manier bestuur sou word deur menslike wesens, wat self in vertrouens gehoorsaamheid na aan God leef.

Ons het gesien hoe Adam en Eva in beheer gestel is van die tuin en die diere. Hierdie rol, weet ons, is natuurlik op allerlei maniere gekorrupteer deur die sondeval in Genesis 3.

Hierdie rol word in Psalm 8 weer herbevestig, uitgelig, en dit is die Psalm wat die Hebreër skrywer hier in vers 6 tot 9 aanhaal.

“Wat is 'n mens dat U aan hom dink, 'n mensekind dat U na hom omsien? U het hom 'n kort tydjie minder as die engele gemaak; U het hom met heerlikheid en eer gekroon; U het alles aan hom onderwerp.”

By die onderwerping van alle dinge aan die mens is niks uitgesluit nie. Alles is aan hom onderwerp. Nou sien ons nog nie dat alle dinge reeds aan die mens onderwerp is nie. Maar ons sien Jesus, met eer en heerlikheid gekroon op grond van sy lyding en dood. Hy is 'n kort tydjie minder gemaak as die engele, sodat Hy deur die genade van God vir almal sou sterwe.”

Die vraag is natuurlik: “Waarom behandel God hulle op so ‘n spesiale manier, as hulle duidelik so klein en nietig is in terme van die groter skepping?”

Die antwoord hier is geheimsinnig en kragtig: Mense lyk op die oomblik laer as die engele, lyk op die oomblik na laer wesens, maar God **het bedoel** dat hulle die wêreld se ware heersers sou word. Ja die hele kosmos se heersers. Dit is wat “gekroon met heerlikheid en eer”, beteken. Al is hulle laer as engele is hulle reeds gekroon reeds bedoel om meer te wees.

Hierdie gedeelte het egter ‘n interessante kinkel. Selfs in ons vertaling is dit duidelik dat die enkelvoud vir mense gebruik word. Die mens. In die volgende lyn in vers 6 lees ons van die **mensekind**. Letterlik, “die Seun van die mens” (Son of man) (ESV) Nou dit kon vir ‘n Joodse lesers slegs beteken ‘n tipiese mens, maar vir die wat die Skrifte, soos die boek Daniel, bietjie beter geken het, of die lering van Jesus geken het, sou dit iets anders beteken. Dit sou verwys na die Messias. Die seun van die mens van Daniel 7.

Kom ons kyk gou na Daniel 7:13 en 14 in beide vertalings: Eers die meer letterlike 1953 vertaling:

“Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van ‘n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is ‘n ewige heerskappy wat nie

sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie”.

Nuwe vertaling:

“My nagtelike visioen het voortgeduur: daar het in die wolke iemand aangekom, iemand soos 'n menslike wese. Hy het na Hom toe gegaan wat ewig lewe en is voor Hom gebring. Aan dié menslike wese is die heerskappy en eer en koningskap gegee sodat al die volke, nasies en taalgroepe hom sou dien. Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy, dit sal nie tot niet gaan nie; sy koningskap sal nie ophou nie.”

Dit is wat die Hebreër skrywer in gedagte het, as ons kyk na die laaste deel lyn van die aanhaling wat in die begin van vers 8 gegee word: “U het alles aan hom onderwerp.” (OAV) “Alle dinge het U onder sy voete gestel.” (NAV)

Nou hierdie frase kom beide uit Psalm 8 en Psalm 110, wat ook in hoofstuk 1:13 aangehaal is. “*Sit aan my regterhand, totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het.*”

So wat die skrywer wil hê ons moet sien is dit:

Jesus is die ware mens. Die mens wat bedoel was om te heers. Hy is dit nou al maar Hy gaan dit ook wees. En dit is die “*Hy gaan dit ook wees*” gedeelte wat hier die klem moet kry. Onthou hoe die vraag begin: Aan wie is die toekomstige wêreld onderwerp?

§ *Jesus se huidige posisie*

Ons het nou al daaraan geraak, maar dit is belangrik om te sien dat die tweede fase van die nadenke in hierdie gedeelte te make het met die feit dat Jesus **alreeds** die status bereik het wat God in die algemeen vir mense bedoel het.

Ons kry hier iets wat ons nog sal sien tipies van die Hebreër brief se verstaan van die Ou Testament is. Die Psalmis praat in die algemeen van mense wat in 'n gesagsposisie oor die skepping geplaas is, met alles wat aan hulle onderwerp is.

Die Hebreër skrywer kom en sê: Ja, maar dit is tog duidelik nie iets wat alreeds in die algemeen gebeur het nie. Mense regeer nie God se wêreld op 'n wyse manier, op 'n manier wat orde bring soos God bedoel het nie. Alles is in 'n toestand van semi chaos. Hoe kan 'n mens die Psalm ernstig opneem?

Die antwoord is. Wel, dit het gebeur. Dit is waar. **Maar net in Jesus.** Dit word in Hom gesien. Hy is die verteenwoordiger van die menslike ras.. Hy is verhoog as Here na Sy aardse bediening, Sy lyding en Sy dood (waarin Hy verseker laer as die engele was). Hy is verhoog na hierdie dinge en het die plek en rol gekry wat aanvanklike vir die menslike ras bedoel was. Jesus is nou die **ware, tipiese, gesagvolle, egte verteenwoordigende menslike Wese.**

Hy het alreeds begin leef en doen soos wat God aan die begin bedoel het, en soos wat in die toekoms sal wees. Hy regeer alreeds met geregtigheid.

Maar miskien dink jy op hierdie punt: “Maar hoe kan wat met Jesus gebeur het, vir ons relevant wees? Wat van ons, gewone mense?”

Dit bring ons by ‘n derde punt:

Š Jesus as die verteenwoordiger van Sy mense

Ons weet in ‘n parlementêre demokrasie, kies jy deur jou stem iemand om jou te verteenwoordig in die regering. Jy kan nie self daar wees nie. Hierdie persoon wat gekies is, is in jou plek, vir jou, daar. Hy dra sy kiesers se hoop, vrese, hulle behoeftes en aspirasies. Omdat hierdie verteenwoordiger daar is en hulle, die kiesers nie, tree hierdie persoon op as hulle plaasvervanger. Hy doen vir hulle, wat hulle om verskeie redes nie vir hulle self kan doen nie.

Dit is iets wat ons weer en weer in die Nuwe Testament sien . Jesus verteenwoordig beide Israel en die wêreld. Hy is Israel se verteenwoordiger. Hy is die ware Israeliet. Hy doen wat Israel nie kon doen nie. Hy is die ware lig vir die nasies wat hulle moes wees en nie in geslaag het nie. Israel was natuurlik weer bedoel om, soos ons in Eksodus sien, as Heilige Volk en Koninklike Priesterdom die wêreld te verteenwoordig. In Israel en in wat God met hulle doen, sien ons wat is God se plan met die hele wêreld. Hulle was in mikro-vorm ‘n afbeelding van wat God vir die wêreld wou.

So, daarom verteenwoordig Jesus ook die hele wêreld. Hy is die afbeelding. Hy wys wat God vir Israel wou en daarom ook vir

die wêreld. Om hierdie rede dan kan Hy vir ons instaan. Hy kan vir ons doen wat ons nie vir onself kan doen nie.

Hebreërs lig dit hier uit in 2:9. Hy het die dood vir ons gesmaak. Ons kan nie die dood deurgaan wat ons moet deurgaan as gevolg van ons ongeregtheid nie. Jesus het dit vir ons deurgegaan. Hy het gely in ons plek. Ja, dit het alles met jou te make. As Hy eensaam is, en uitgedruk word deur Sy eie mense en verraai word deur een van Sy volgelinge, en verloën word deur Sy beste vriend en uiteindelik gespot, geslaan, en oopgespalk aan 'n kruishout hang en oënskynlik deur God verlaat word –doen Hy dit as jou verteenwoordiger. Hy doen dit in jou plek!

Baie belangrik: Onthou ons het gesien daar is 'n toekomstige wêreld wat onderwerp gaan word. So ja, in Jesus het die posisie wat God vir die mens aanvanklik wou gehad het reeds begin. Hy regeer reeds. Maar ons weet as ons rondom ons kyk sien ons nog baie min daarvan in praktyk. Dit lyk dikwels of die Satan nog in beheer is. Dit lyk nie asof alles onder Jesus se voete is nie. Kyk wat gebeur in die wêreld. Kyk wat gebeur met my. Christene word terminaal siek, verlam, vermink, verkrag, ly honger, word fisies vervolg...

Jy sien dit is die punt in Hebreërs. Jesus is reeds met eer en heerlikheid gekroon, maar in die toekoms, ja, dit kom nog, gaan al Sy vyande onder Sy voete kom. Paulus skryf in 1Korintiërs 15 van die laaste vyand, die dood, wat ook onder Sy voete gaan kom.

Die Seun Jesus se regering, is alreeds 'n realiteit, maar dit is nog 'n realiteit wat deur geloof omhels moet word totdat dit eendag

sal oorgaan in aanskoue. Ons weet die saak van geloof is ‘n groot onderwerp in Hebreërs.

So wat moet ons nou doen? Wel, hier is ‘n implisiete opdrag om Jesus te sien. Die skrywer antisipeer die vermaning wat Hy in hoofstuk 3:1 (noukeurig let op Jesus) en later in 12:1-2 (Hou die oë op Jesus.) gee. Ons sien nog nie al die oorwinning en heerskappy nie, maar ons sien Jesus. Ons sien die een wat Mens was en gely het maar gekroon is met eer en heerlikheid. In Hom sien ons wat ons geskiedenis is en sal wees. Onthou Hy het ons verteenwoordig. Om Jesus te sien beteken natuurlik nie ‘n fisiese persepsie nie, maar ‘n geestelike persepsie.

Bedink dit, beseef dit. Kyk met jou geestelike oë na die pad wat Hy geloop het as jou verteenwoordiger en weet jy is op pad daarheen, in Hom. Ja, jy gaan die oorwinning oor alles eendag smaak en saam met Hom regeer, en op daardie dag sal God se aanvanklike bedoeling met die mens bereik wees.

As jy moeg en moedeloos raak. As jy wil opgee...

Sien Jesus!

Š Die gevaar van wegdrywe onderstreep

Kan jy sien hoekom dit so uiters belangrik is om nie weg te drywe nie? (2:1-4) Hoekom ons nie die groot saligheid moet verag nie? Nie apaties daarteen moet staan nie.?

As jy wegdryf, (die gedagte van die beeld), mis jy die hawe. Die hawe is die posisie wat God bedoel het vir ons as mense in die wêreld wat kom. Die posisie wat Jesus reeds het en in absolute volheid gaan verkry.

Moenie wegdryf nie! Jy sal weet waar jy vanoggend is. Moenie mislei word nie. Daar is 'n nuwe wêreld op pad. Hierdie lewe hier en nou gaan spoedig verby wees. Maar dit is nie die einde nie. Die einde is heerlik, hoopvol ongelooflik. Dit wat God bedoel het van die begin af. **Sien Jesus** en jy sal alles sien.

HOOFSTUK 6: Hebreërs 2:10-18

Jare gelede, toe ek nog op universiteit was, was daar 'n film met die naam: *A river runs through it*. Die film het die verhaal vertel van twee broers wat opgroei in die pragtige platteland van Montana. Die oudste een was stil, hardwerkend en konsensieus. Hy het 'n goeie werk gekry en 'n gerespekteerde man in die samelewing geword. Sy wegbreek jonger broer was groot pret maar het altyd in een of ander moeilikheid beland, terwyl hy altyd op die grens van wat aanvaarbaar is beweeg het. Uiteindelik het hy op geëindig met mense wat hom al dieper en dieper in die moeilikheid gebring het, uiteindelik sterf hy in 'n bakleiery. Sy ouer broer kon hom nie help nie. Hulle het te ver uit mekaar begin beweeg.

Dit was 'n tragiese storie, en die mees tragiese was dit: Die ouer seun het gesien wat gebeur met sy jonger broer, en tog was daar niks wat hy daaromtrent kon doen nie. Hy kon hom nie bereik nie. Hy kon nie kom waar hy was en hom red nie.

Š *Jesus die ouer broer in ons midde*

In vers 11 maak die skrywer dit duidelik dat Jesus ons broer is omdat ons dieselfde Vader het. In vers 12 haal die skrywer die term broer uit Psalm 22:22 (OAV) en maak dit van toepassing op Jesus. In die antieke kulture het die beeld van broederskap gedui op die intimiteit van verhouding.

Om aan te sluit by ons inleiding: Die punt van hierdie gedeelte in Hebreërs is dit: Jesus die ouer broer van 'n baie groter

familie, kon kom, het gekom na waar sy broers was. Waar hulle as't ware rondgekruipt het in die land van sonde en dood. Hy het met hulle identifiseer, deel gehad aan hulle noodlot, en juis daardeur hulle daarvan gered.

Hierdie is die gedeelte in die Nuwe Testament wat die mees omvattende praat oor Jesus as die ouer broer. Paulus verwys hierna in Romeine 8:29, maar ontwikkel dit nie werklik nie.

Hierdie gedeelte bemoedig ons met die wete dat Jesus nie die soort ouer broer is wat ons verag omdat Hy altyd alles regkry en altyd suksesvol is terwyl ons altyd dinge opmors en nie slaag nie. Nee, Hy is die soort ouer broer wat sonder 'n teken van enige verkleining of enige afkyk op ons, na ons kom en ons ontmoet waar ons is. Hy doen dit uit absolute liefde en goedheid van hart, om ons te red uit die gemors waarin ons sit.

Kyk weer na vers 12. *“Ek sal u Naam aan my broers bekend maak, in die samekoms van die gemeente sal Ek U lof besing.”*

Die skrywer haal hier weer aan uit Psalm 22 en die rede daarvoor is om die klem te lê op Jesus se posisie wat Hy ingeneem het vir ons. Hy het in die vorige verse gewys Jesus het homself “laer as die engele” gemaak. Hier lê Hy klem daarop dat Jesus in ons midde gekom het, as broer. Ja Hy **is** in ons midde as Broer.

In vers 13 haal die skrywer aan uit Jesaja 8:17b-18, om die familie verhouding tussen die Seun Jesus, en ons te onderstreep: *“Ek sal altyd op Hom vertrou.”* En verder: *“Hier is Ek met die kinders wat God My gegee het...”*

Ons sien hoe die skrywer weer die Ou Testament gebruik (Ps. 22:22; Jes. 8:17b-18) vir die volgende:

- Om die familie verhouding tussen die Seun en God se mense aan te dui.
- Beide gedeeltes verwys na die Seun se lewe saam met God se mense.
- In die groter konteks praat hierdie gedeeltes beide van die Seun se lyding sowel as Sy vertroue in die Vader.

Hebreërs voeg nog 3 elemente by omtrent Jesus sodat ons nog 'n beter prentjie kan kry van hierdie oudste Broer.

Š *Jesus die pionier*

Het jy opgemerk dat Jesus die leidsman genoem word in vers 10? Dit beteken die ou wat voor stap. Die pionier. Stel jou voor 'n ontdekker wat sy pad oopkap in die oerwoud. Niemand was voor hom daar nie. Daar is geen paadjies, geen tekens dat dit moontlik is om hier te stap nie. Tog stap hy voort deur onmoontlike terrein totdat hy die doel bereik. As hy dit bereik het kan ander die pad volg.

Ontdekkers doen dit vir verskillende redes - roem, geld, nuuskierigheid. Jesus het dit uit **liefde** gedoen.

Wat was die oerwoud? Wel die wêreld van lyding, pyn, sonde en dood. Niemand het nog ooit voor Hom hierdeur gegaan en aan die ander kant uitgekom nie. Toe Hy dit gedoen het, het Hy die pad na die nuwe wêreld geopen. Dit is soos die ontdekker wat deur die woud worstel en in die oop, sonskyn anderkant die woud uitkom. Deur die agter laat van die oerwoud raak Hy ontslae van sonde en besoedeling wat andersins klou aan die gevalle menslike ras. Hy doen dit alles in die plek van die wat Hom volg.

Die Bybel se manier om dit te beskryf is vers 11. **Hy het voor gestap om ons heilig te maak.** Die woord heilig beteken heel, voltooid.

Terloops as ons lees Jesus het volmaak geword deur lyding, moet ons dit nie verstaan asof Jesus onvolmaak, of dan vol sonde was, en eers deur lyding volmaak en sondeloos geword het nie. Nee, in Joodse literatuur is die woord volmaak, of heel, of genoegsaam, wat hier gebruik word, gebruik om te verwys na voltooiing. Volmaaktheid in die boek Hebreërs het te doen met die voltooiing van iets. Jesus het dit tot die einde van God se plan gemaak, deur lyding heen. Die volmaaktheid hier verwys dus na die voltooiing van Jesus se sending deur lyding en dood. As pionier het hy die sending voltooi in ons plek!

§ *Jesus die Bevryder deur Sy dood*

Die Hebreër skrywer wys dat Jesus dit alles, waarvan ons nou gepraat het, uiteindelik deur Sy dood doen. Kyk na vers 14:

“Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig.”

Ons moenie egter nie mis wat Hy reeds in vers 12 begin doen nie. In vers 12 haal die skrywer aan uit Psalm 22:22. Jy mag met die eerste oogopslag dink dat dit bloot ‘n aanhaling is om die siening dat Jesus die oudste Broer is wat sy broers tot ‘n kennis van God bring te onderstreep, maar gaan terug na Psalm 22 en lees die eerste 21 verse!

Dit beskryf in besonderhede die vreeslike dood en lyding van die een wat God waarlik **vertrou** het en tog Homself deur God verlate vind. “My God my God”...vra die Psalmis. Hy gaan aan en aan om die marteling te beskryf. Uiteindelik met die vers wat hier aangehaal word is daar ‘n draaipunt in die Psalm.

As gevolg van die lyding is verlossing bewerk. God se koninkryk kom, en ‘n groot menigte sal lof aan God bring. Jesus se eie roeping was vol van ‘n verstaan van en ‘n toepassing van verskeie Ou Testamentiese gedeeltes. Die Hebreër skrywer doen dieselfde as hy Jesus se dood beskryf.

In die proses word nog ‘n Ou Testamentiese tema, waarby ons nou al stilgestaan het, aangeraak. Die eksodus uit Egipte. Israel was verlaaf. Hulle was slawe van Farao in Egipte. God het hulle gaan bevry.

In vers 15 verklaar die skrywer dat Jesus die kom bevry het wat hulle hele lewe lank onder die vrees vir die dood geleef het. Slawe daarvan was. Dit is natuurlik steeds relevant vir ons, want met al ons moderne tegnologie is daar nog steeds niks minder vrees vir die dood nie.

Baie van ons leef dalk met hierdie vrees. Die skrywer, onder leiding van die Gees, sê hier dat hierdie vrees van die duiwel kom - die een wat altyd teen God se goeie doelwitte vir die skepping staan, en altyd probeer om daardie goeie wêreld te vernietig en te verhoed dat ‘n nog beter een gaan kom. Hy word beskryf as die een wat mag het oor die dood.

God het reeds aan Abraham belowe dat hy ‘n groot familie vanuit die hele wêreld gaan hê (vers 16) en Jesus is gestel op hierdie familie. Hy verlos hierdie familie van slawerny en is die Pionier vir hierdie familie na God se toekomstige wêreld.

Hoe verlos Hy ons van die een wat mag het oor die dood? Wel, deur Sy dood (vers 14). Gewoonlik word daar klem gelê op die opstanding in die verband. Hier word klem gelê op Jesus se dood. Spesifiek Sy offer vir sonde (vgl. 1 Kor. 15).

Die enigste manier hoe Jesus ons kon bevry van die dood was om self die dood te smaak en om dit te doen moes Hy mens word.

Š *Jesus die ware Hoëpriester*

Ons kry in hierdie gedeelte nog ‘n groot tema van Hebreërs. In die lyding en sterwe vir Sy familie, in die plek van Sy mense, het Jesus die groot Hoëpriester geword. Die ware Hoëpriester wat versoening vir hulle sonde bring.

Ons sal nog baie hieroor praat, maar let vir ‘n oomblik op die aanname wat die skrywer maak:

‘n Ware hoëpriester in die Ou Testament moes iemand wees wat aan die een kant as God se verteenwoordiger optree by die mense, wat God se barmhartigheid en betroubaarheid beliggaam, (vers 17) en aan die ander kant moes hy iemand wees wat kan simpatiseer met die mense wie hy bedien (vers 18).

Dit is wat Jesus meer was as wat enige hoëpriester dit kon wees: Hy is geen ouer Broer op ‘n afstand nie. Iemand wat nie in staat is om die gaping te oorbrug om Sy broers te red nie. Hy het soos hulle vlees en bloed geword en selfs die dood gesmaak (vers 14).

Luister ons moet vashou aan die feit dat Jesus waarlik, volkome mens was. Hy het dit nie nagmaak of wat ookal nie. Net soos Hy waarlik absoluut gelyk is aan God aan die een kant soos

gesien in hoofstuk 1, so moet ons verstaan dat hy waarlik absoluut **mens** is.

Jesus was **regtig mens**. Jesus was 'n baba wat homself vuilgemaak het, melk opgebring het, geskree het as Hy honger was. Hy was volkome afhanklik van sy ouers om in elke behoefte van Hom te voorsien. Hy kon niks vir Homself doen nie. Met Sy klein handjies het Hy die vingers gegryp wat na Hom uitgehou is. Hy kon vir eers nie anders kommunikeer as net deur te skree nie. Hy het maande gevat om te leer kruip, en nog meer maande om te leer loop en praat – Jesus was 'n normale, menslike baba...

Maar.... hierdie Jesus het ook groot geword en deur al die fases van grootword gegaan. Hy het ook sy tone stukkend gestamp teen klippe, ook gespeel met ander kinders en dalk soms ook paddavissies gevang. Hy het ook puberteit bereik. Hy was ook bewus dat Sy liggaam verander en ontwikkel. Daarmee saam het Hy al die normale drange en begeertes van 'n tiener seun beleef.

Hy was egter geen leeglêer tiener nie. Hy het gewerk. Hy het van kleins af saam met sy pa Josef, houtwerk gedoen. Hy weet wat dit is om jou vinger met 'n hamer te tref en die pyn te voel opskiet dat dit voel jy word blind daarvan. Ja, Hy weet wat dit is om te sweet en te bloei. Hy weet wat dit is om 'n seer rug te hê van heeldag se staan. Hy het ook beleef hoe jy verskil met jou pa...

Vir 30 jaar het Hy totaal onbekend, 'n doodgewone lewe geleef as hardwerkende Joodse seun.

Tydens sy 3 jaar van bediening het Hy honger en dors geken. Sy voete het seer en vuil geword van die lang afstande op vuil stowwerige Palestynse paaie. Hy het geen plek gehad om Sy

kop neer te lê nie. Van hard en ongemaklik slaap het Hy alles geweet...

Hy het soos 'n normale jong Joodse man gesêls, grappe gemaak en gelag saam met sy nou vriendekring, die dissipels.

Jesus is in elke opsig versoek soos ons in hierdie oerwoud van sonde, misleiding, siekte, dood en vrees. Die enigste verskil met ons – **Hy het nooit in dit alles gesondig nie**, maar Hy verstaan elke versoeking. Hy is in elke opsig versoek soos ons, en daarom verstaan Hy dit! Daar is niks wat ons in die gesig kan staar waarmee Hy nie kan simpatiseer nie. Hy kan ons help, verlos en ons begelei na die nuwe wêreld.

Š Nader aan ons lyf

Jy kan nie sonder Jesus die lewe of die dood te gemoet gaan nie. Jy gaan dit nie maak nie.

As jy eendag voor God wil staan moet jy absoluut met 'n skoon bladsy voor Hom gaan staan. Kan jy? Is dit enigsins moontlik? Een gedagte, een woord wat nie absoluut vol liefde vir Hom en liefde vir jou naaste is nie, maak jou doemwaardig vir ewig.

Jy het 'n verlosser soos Jesus nodig.

Een wat aan die een kant absoluut waarlik God is, maar aan die ander kant volkome mens. Hoekom?

Hy moes sonder sonde wees, maar kon sterf. As Hy nie sonder sonde was nie, kan hy jou nie verlos nie, dan sou God Hom aan die ewige dood moes oorgee.

So, Hy moes mens wees om te kan sterf, maar God sodat Hy sonder sonde kon wees. Waarlik God en waarlik mens.

Ja, Hy moes kon lewe en sterwe in jou plek, die lewe en sterwe wat jou aanvaarbaar maak voor God en wat tot 'n lewe op die nuwe aarde lei. Hoe kan jy sonder Hom?

Kom na Hom!

Miskien is jy op hierdie oomblik bang vir die dag van môre. Jy is bang vir wat dalk kan gebeur met jou kinders, jou man, jou vrou. Met julle as gesin. Jy is bang vir die tekort aan finansies, jy is bang jy gaan jou werk verloor. Dalk is jy bekommerd oor 'n vriendskap, of jy is bekommerd dat jy nie 'n versoeking sal kan weerstaan nie. Of jy is bang dat die Here nie verstaan waardeur jy gaan nie en jou kwalik neem vir jou optrede. Jy voel ver van die Here en is oortuig Hy het jou verlaat. Jy is bang jy gaan dit nie end uit maak as Christen op die Christelike pad nie.

Aanvaar dit vanoggend: Jesus verstaan dit alles en Hy is by jou. Hy is jou oudste broer met simpatie. Meer nog, Hy sal jou tot ewige verlossing die nuwe wêreld in lei. Hy sal jou veilig daar bring.

Ons almal vrees die dood op een of ander manier. Ons vrees die dood want ons is bang vir die verloor van beheer. Ons vrees dit want ons is bang vir onvolkomendheid en mislukking. Sommige beleef dit sterk veral die wat suksesvol was in hierdie lewe en sekere mylpale nagejaag het. Die finaliteit van 'n deur wat toegaan om nooit weer oop te gaan nie. Jy sal nooit onvoltooide dinge kan klaarmaak nie.

Ons vrees ook die skeiding van geliefdes. Die van ons wat betekenisvolle verhoudings het in hierdie lewe – wel die pyn van skeiding wat die dood bring sny diep.

Ons vrees die dood want dit lei ons na 'n plek van onbekendheid. Al is ons almal gewoond aan die dood wat baie plaasvind rondom ons, was niemand van ons daar en het teruggekom nie. Die Jesus van Hebreërs 2:10-18 kan ons bevry

van hierdie vrese. Ons kan met Iemand praat. Ons ken Een, ons ouer Broer, wat reeds die pad gestap het en daar is! Dit gee ons vertrou. Hy is daar deur in ons plek. Hy is my ouer Broer wat die beste vir my wil – ook deur die dood heen. Ja, my dood sal nie mislukking en onvoltooidheid bring nie maar ‘n heerlike toekoms vol betekenis saam met my geliefdes in die Here.

Op die laaste bladsy van CS Lewis se laaste boek van die Narnia reeks het Aslan, die groot ongetemde leeu van oorkant die see, die kinders na Sy land gebring, die werklike, ewige Narnia. Die kinders is bang dat Aslan hulle weer gaan terugstuur na Engeland, maar die groot Leeu herinner hulle daaraan dat hulle Hom nooit weer hoef te verlaat nie:

“There was a real railway accident,” said Aslan softly. “Your father and mother and all of you are – as you used to call it in the Shadowlands – dead. The term is over: the holidays have begun. The dream is ended: this is the morning.” And as he spoke He no longer looked to them like a lion; but the things that began to happen after that were so great and beautiful that I cannot write them. And for us this is the end of all stories, and we can most truly say that they have all lived happily ever after. But for them it was only the beginning of the real story. All their life in this world and all their adventures in Narnia had only been the cover and the title page: now at last they were beginning Chapter one of the Great story, which no one on earth has read: which goes on for ever: in

which every chapter is better than the one before.

Bedink dít as jy bang raak vir die dood!

As jy aan Jesus behoort, het jy mos alreeds die beheer van jou lewe aan Hom oorgegee – ons weet mos om in beheer te wees is net ‘n illusie. So waarom vrees jy?

Meer nog: As gevolg van wat Jesus gedoen het, soos beskryf is hier in Hebreërs 2:10-18, kan ons saam met Paulus uitroep:

“Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou engel? Die engel van die dood is die sonde, en die sonde kry sy krag uit die wet van God.

Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus”
(1Kor. 15:55-57).

HOOFSTUK 7: Hebreërs 3:1-18

Niemand wat in sy motor klim op pad na ‘n ver bestemming klim in met die bedoeling om aan die slaap te raak nie. Tog gebeur dit. Meer dikwels as wat ons dalk sou dink. Ek weet nie of jy al die belewings gehad het nie. Ek het wel. Daardie gevoel dat jy nie meer jou oë kan oopmaak nie. En dan daardie stemmetjie wat vir jou sê... “ag maak jou oë net vir ‘n oomblik toe...” As ‘n mens tot jou sinne kom en met ‘n skok wakker skrik kan jy dikwels nie glo dat jy op die punt was om wel jou oë toe te maak nie! Wat gewoonlik nodig is om jou weer heeltemal wakker en reg vir die pad te kry, is om net weer stil te hou. Bietjie koffie te drink, bene te rek en met iemand te gesels. Dit is ongelukkig geestelik gesproke ook moontlik om op die pad na die ewigheid aan die slaap te raak. Daar kan verskeie redes voor wees, beproewings, versoekings, blote fisiese en geestelike moegheid.

Die Skrywer van Hebreërs begin hier in hoofstuk 3 klem lê op die erns van nie aan die slaap raak op die geestelike pad of dan *die belangrikheid om tot die einde getrou te bly, te bly glo, gehoorsaam te bly nie verhard te word nie.*

Hy vermaan en hy roep sy lesers daartoe op. Hy het nou reeds in hoofstuk 1 en 2 gewys hoe wonderlik hierdie verlossing is waaraan ons kan deel hê deur te fokus op hoe wonderlik Jesus is, wat beide absoluut God is maar ook absoluut mens – die volmaakte Verlosser.

Š ‘n Beskrywing van die lesers

Onthou met wie praat die skrywer.

Hy spreek sy lesers hier aan as heilige broeders (OAV) “wat eenkant gesit is” (NAV) en mense wat “deel het aan die hemelse roeping.”

Die term heilig, wat met *eenkant gesit* vertaal word in die NAV, het in Hebreërs die betekenis van gereinig deur die bloed van Jesus(1:3), en natuurlik word daar ook na Jesus verwys as die Een wat ons heilig maak (2:11) of *eenkant sit* as jy wil, deur wat Hy gedoen het in Sy lyding en dood in ons plek. So daar is geen twyfel dat die skrywer hierdie oproep rig tot mense wat hy beskou as Christene, dus mense wat deel is van die geloofsgemeenskap nie.

Hulle het ook deel aan die hemelse roeping. Dit is ouens wat deur God geroep is om die pad te loop agter Jesus aan na uiteindelijke heerlijkheid (waar Hy nou is). Dit is mense wat geroep is om Jesus hier en nou te volg in die ingaan na die teenwoordigheid van God. Die term *roeping* word in die Nuwe Testamentiese briewe net gebruik om te verwys na gelowiges.

Š Die oproep positief gestel

So wat is die oproep van die skrywer aan hierdie mense? Wel, hulle moet *noukeurig let op Jesus*. Die woord wat vertaal word met *noukeurig let* dra die gedagte van “fokus jou gedagtes”, “bedink”, “hou dop”, “gee aandag”, “hou jousef besig met...” met wat? Wel, met Jesus!

Jesus wat hier genoem word Apostel en Hoëpriester. Nou, apostel beteken gestuurde. Die klem is dus op Jesus wat gestuur is deur God. Hy het gekom met 'n doel en Hy is Hoëpriester. Aan die einde van hoofstuk 2 het ons kennis gemaak met Jesus as Hoëpriester.

Hierdie Jesus is die Apostel en Hoëpriester van hulle “belydenis”. Ons dink aan ‘n belydenis dikwels as die erkenning van iets wat ons verkeerd gedoen het. Ek bely ek het die koek opgeëet, ek bely ek het te vinnig gery, ens. Hier in Hebreërs verwys hierdie belydenis waarskynlik na die belydenis wat hulle by hul doop gemaak het. Met ander woorde hier het dit ‘n positiewe betekenis: “*Ja, ek glo in Jesus, wat God is, gesterf en opgestaan het in my plek..*”

Hier is ‘n versterking vir die feit dat hulle belydende Christene was wat deel was van die gemeente, en hulle word opgeroep om noukeurig te let op die Jesus wat hulle by hulle doop bely het!

Waarom die verwysing na Moses?

Wel, hy bring Moses in omdat hulle almal geweldig agting vir Moses gehad het. Wat die skrywer nou doen is om die klem te lê op Moses se getrouheid.

Die skrywer het egter nie in vers 1 gesê hulle moet let op Moses nie. Nee, hulle moet let op Jesus. Wat die skrywer doen is om te wys dat Jesus baie meer getrou was as Moses. Hy lê weer klem op die meer van Jesus. Dit is die enigste rede hoekom hy Moses inbring.

Let op: Moses was getrou *as dienaar in die huis*. Jesus was getrou *as Seun oor die huis* van God. Die term huis van God word hier duidelik gebruik as verwysende na God se mense.

Sien jy die punt? Jesus is ons voorbeeld van getrouheid, nie Moses nie. Dit is amper asof hy wil sê: “As Moses julle standaard vir getrouheid is, is julle versier te laag gestel.”

Nou begin ons ook verstaan dat die oproep om op Jesus te let die volgende beteken: Ons moet getrou bly aan die oproep om te let op Jesus, **SOOS HY GETROU WAS AAN DIT WAARVOOR GOD HOM GESTUUR HET.**

Daardie getrouheid wat meer behels, groter was, as die getrouheid van Moses! **Baie belangrik** – Jesus was getrou aan Sy roeping deur God te midde van geweldige lyding. Die lyding waarna ons gekyk het in hoofstuk 2. So hulle wat ook 'n roeping van God het moet ook te midde van hulle swaarkry getrou bly!

Waarom die verwysing na Israel in die woestyn?

Hierdie verwysing word gebruik as voorbeeld van hoe ons nie moet wees nie. Hoe ontrouheid lyk te midde van swaarkry. Onthou hulle was in die woestyn.

Hy kom wys hoe lyk ontrouheid en wat die gevolge is van sulke ontrouheid.

Hoe lyk dit? (vers 8, 9 en 12). Wel, dit word gekenmerk deur hardkoppigheid of dan verharding van die hart en 'n opstand teen die Here. Die mense wat dit gedoen het was deel van die volk wat verlos is en wat God se werk gesien het vir 40 jaar! Jy moet maar weer gaan lees wat daar gebeur het. Ten diepste het die volk gekla dat hulle swaarkry die Here se skuld was, en dat hulle eerder wou teruggaan na waar hulle was voor Hy hulle bevry het. Die Hebreër skrywer noem dit ongeloof in vers 12! Hulle het begin twyfel aan God se Woord, God se getrouheid en God se krag.

Die gevolge? (Vers 10 en 11). Die gevolge van hierdie ongeloof, hierdie mislukking om te volhard in geloof, was skrikwekkend.

Hulle sou die rus, wat daar verwys na die land, die hele doel waarvoor hulle uit Egipte geroep is, nie ingaan nie.

Die skrywer gebruik die verwysing na Israel en die aanhaling uit Psalm 95 om te wys hoe ontrouheid lyk en hoe gevaarlik dit is.

§ Die oproep negatief gestel

Na hierdie waarskuwing kom die skrywer nou en doen weer ‘n oproep soos in vers 1, maar nou word dit negatief gestel in verse 12 en 13.

“Broers, julle moet toesien dat daar nooit by een van julle ‘n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan en hy van die lewende God afvallig word nie. Maar solank daar nog ‘n “vandag” is, moet julle mekaar elke dag aanspoor sodat niemand van julle deur die misleiding van die sonde verhard word nie.”

Vers 12 en 13 se bewoording gee die indruk van juis dit waarmee ons die hoofstuk begin het. ‘n Stadige aan die slaap word deur ‘n moegheid en ‘n stem van verleiding. ‘n Verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan (vers 12), wanneer daardie moegheid in jou begin en jou stadig maar seker begin oorval. Dit mag wees a.g.v. swaarkry, lyding, teëspoed.

Dan is daar die *misleiding* van sonde (vers 13). Daardie stem wat vir jou sê jy kan maar bietjie jou oë toemaak. Daardie stem wat sê, *“ag wat dit wat jy eers so erg beskou het, kyk man almal maak so, almal doen dit. Dit kan nie so erg wees nie.”* Jy raak gewoon daaraan. Jy raak afgestomp.

Hoe kan ons sorg dat verharding nie plaasvind nie? Dink weer aan my beeld aan die begin van die hoofstuk.

Jy moet *onmiddellik* iets daaraan doen. Soos jy onmiddellik moet stop en moet uitklim of koffie drink.

Die skrywer gebruik Psalm 95 se verwysing na ‘vandag’, om vir sy lesers te sê daar is nou weer ‘n ‘vandag’ en dit is die dag waarop hulle hierdie oproep om te let op Jesus en nie weg te dryf nie, hoor. Dit is nie net ‘n individuele aangeleentheid nie. Help mekaar. Spoor mekaar aan. Vermaan mekaar. Miskien dink jy: “Waarom hierdie vreeslike oproep en waarskuwing. Ek is mos ‘n Christen en as jy gered is is jy mos gered en gaan hemel toe.”

Dit is nie hoe daar in Hebreërs geredineer word nie. Let op na Heb 3:6 en 14.

“.....En ons is sy huis as ons maar net met moed en oortuiging bly vashou aan wat ons hoop”.

“Ons behou deel aan Christus as ons end-uit volhard in die vertrou waarmee ons begin het”.

‘n Christen sonder geloof is ‘n kontradiksie in terme. Jy kan nie daarop reken dat jy gered is as jy nie tot die einde in die geloof bly nie! Punt.

Kom ek lig gou 5 beginsels van getrouheid uit, soos gevind in hierdie gedeelte:

- ’n Gesonde fokus op Jesus is ‘n aansporing tot getrouheid.

- Getrouheid is vrywillig sowel as emosioneel of intellektueel. Inherent in hierdie vermaninge en voorbeelde is die aanname dat die hoorders moet kies om getrou te bly. Hulle mag emosioneel uitgedaag wees deur sy voorbeelde en gestimuleer deur die logika van sy uitleg, maar dit alles is maar net in diens van die feit dat hulle moet kies.
- Die mislukking tweeling, nl. sondigheid en ongeloof, verhinder getrouheid. Die sondige, ongehoorsame hart draai weg van God omdat dit nie waarlik in Hom glo nie (3:12, 18 en 19).
- Die getroue, volhard in toewyding tot die end. As jy getrou bevind wil word moet jy vashou aan die hoop. Die openbare vashou hier is uiters belangrik.
- Getrouheid is gemeenskaplik/gemeente gebaseerd. Ons mag nooit vergeet dat ons die liggaam van Jesus is nie. **Saam** bly ons getrou soos Hy. Dit is almal se verantwoordelikheid. My broer en suster se ongeloof en ontrouheid raak my en is my probleem.

Is jy nog wakker en aan die bestuur op pad na jou ewige bestemming, of het jy al aan die slaap geraak? Hierdie oproep kom **vandag** na jou toe: **Word wakker**. Doen iets drasties. Stop. Begin weer let op Jesus. Maak erns met Jesus. Onthou dit is nie die wat goed begin of die wat in die motor klim wat die seën van die bestemming belééf nie, maar die wat wakker eindig.

HOOFSTUK 8: Hebreërs 4:1-16

Ek het gelees van 'n kunskompetisie wat op 'n stadium gehou is. Deelnemers moes rus en vrede uitbeeld. Honderde het ingeskrywe en uiteindelik was daar net twee oor. Die afwagting was voelbaar - wie sou wen? Die eerste skildery was 'n prentjie van 'n paradysmooi, spieëlgladde meer, omring deur lowergroen bome en skape wat in welige gras onder 'n sagte blou hemel gewei het. Almal het seker gedink: Dit moet die wenner wees.

Toe die laaste skildery vertoon word was daar 'n doodse stilte. Oënskynlik het die skildery van onrus gespreek. Maar toe bars daar 'n applous los. Op die doek was 'n waterval, so realisties dat jy die klammigheid op jou vel kon voel, die wolke het gedreig om enige oomblik reën te laat neerstort en weerligstrale los te laat. 'n Boompie het skuins uit die rots gegroei en op een of ander wonderbaarlike manier die krag van die stroom weerstaan. Een van die takke het so uitgesteek asof dit die stroom wou uittart. In die mik daarvan, enkele sentimeters van die stortvloed, was 'n voëlnessie met 'n voëltjie wat houtgerus met toe ogies op haar eiers gesit het.

Ek dink jy voel aan dat ons almal sulke rus begeer. Al weet ons nie presies hoe dit sal lyk in ons lewens nie. Rus te midde van die onrus rondom ons. Ons begeer dit geestelik gesproke, ons begeer dit in ons binneste.

Waarom beleef ons dit nie?

§ Die oorsaak van geen rus: Ongeloof

Ek wil waag om te sê dat die groot ding wat ons as gelowiges onrustig maak, is die feit dat ons nie oortuig is dat God by ons is en vir ons is in moeilike tye nie.

Die rede hiervoor is weer dat ons nie oortuig is dat Hy ons volkome vergewe het en dat ons absoluut gelief en aanvaarbaar is vir Jesus nie. Die Bybel self maak baie gelowiges onrustig, laat hulle twyfel of hulle dit gaan maak. Ons lees die Bybel, God se Woord, en ons raak net oortuig ons maak dit nie – **want** ons mis Jesus en dit wat Hy in ons plek gedoen het.

Ons vergeet dat ons na Jesus moet kyk en nie na onself nie!

Ons glo nie die goeie nuus van die evangelie nie, net soos die Israëliete nie die goeie nuus van hulle verlossing werklik geglo het nie.

“Ons het die blye boodskap ontvang net soos hulle, maar hoewel hulle die prediking gehoor het, het dit hulle niks gebaat nie, omdat hulle nie geglo het wat hulle gehoor het nie”. (Heb. 4:2).

In Hoofstuk 3:19 word dit eksplisiet genoem: Hulle het deur **ongeloof** nie die rus ingegaan nie. Die punt is: Die gevaar is dat ons ook deur ongeloof nie die rus ingaan nie.

Ongeloof veroorsaak dat ons geen rus nou beleef nie en juis weer begin om in onrustigheid allerhande dinge te doen om God gelukkig te maak. Die Byel self maak ons dikwels net al meer onrustig en vergroot ons ongeloof... omdat, soos reeds gesê, **ons iets mis!** Ek hoop jy kan dit nou duidelik sien.

Š Die rus: Wat?

Wat is hier rus presies? Wel, ons sien die skrywer sê in vers 10 dit behels om te rus van jou werk. In die lig van die res van Hebreërs en die Nuwe Testament verwys dit na die werk om jouself aanvaarbaar te maak voor God. Wat dit bevestig is die feit dat die skrywer van die rus praat en dit dan ook Sabbatsrus noem. Wat hy waarskynlik in gedagte gehad het is die volgende gedeeltes in Levitikus 16: 29-31:

“Julle moet dit as 'n vaste instelling handhaaf dat julle almal, die gebore Israëliete en die vreemdelinge wat by julle woon, moet vas en alle werk moet staak op die tiende dag van die sewende maand, want op dié dag moet daar vir julle versoening gedoen word sodat julle rein kan wees. Julle moet in die teenwoordigheid van die Here gereinig word van al julle sonde. Dit moet 'n plegtige rusdag (Sabbat vgl ESV) wees, 'n dag waarop julle vas, 'n vaste instelling. Die priester wat gesalf is en in die plek van sy vader as hoëpriester georden is, moet die versoening doen. Hy moet die gewyde linneklere aantrek;....”.

En Levitikus 23:26-32:

“Die Here het vir Moses gesê: Op die tiende van die sewende maand is dit die versoendag. Julle moet dan 'n gewyde byeenkoms hou, en julle moet vas en aan die

Here offers bring. Niemand mag op dié dag werk nie, want dit is die versoendag waarop daar vir julle versoening gedoen word by die Here julle God. Enigiemand wat nie vas op hierdie dag nie, moet van sy volksgenote afgesny word en Ek sal elkeen wat op hierdie dag werk, om die lewe bring. Julle mag geen werk doen nie. Hierdie dag moet vir altyd 'n vaste instelling wees, waar julle of julle nageslag ook al woon. Dit moet vir julle 'n plegtige rusdag wees waarop julle vas. Julle moet rus van sonder af op die negende van die maand tot sonder op die tiende.”

Hier word die Sabbat ordinansie direk in verband gebring met met die hoëpriester se offer op die Versoensdag. – en beide die Hoepriesterskap van Jesus en Sy offer word natuurlik in Hebreërs beskryf!

So die rus is ‘n rus van alle eie pogings om versoening te bewerk, **en** ‘n rus in die versoening wat Iemand anders in jou plek bewerk!

Š Die rus: Wanneer?

Wanneer kan ons hierdie rus ingaan waarvan hier gepraat word? Is dit nie maar net iets in die verre toekoms nie? Wel, verseker gaan ons ook in die toekoms as die Here weer kom in Sy rus in, in die nuwe skepping, die nuwe Kanaän. Maar die punt hier is dat ons wat glo nou die rus ingaan, ons kan **vandag** die rus ingaan (vgl vers 4 en 7)

Š Die rus hoe? Heb 4:12-16 as antwoord

Om die vraag te beantwoord wil ek aanvoer dat ons moet kyk na Hebreërs 4 vers 12 en 13 binne sy konteks van veral vers 14-16.

“Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee” (Heb 4:12-13).

Ek is seker jy het al preke gehoor of het deel gehad aan Bybelstudies, waarin hierdie twee verse losgemaak is van die res van die hoofstuk in die boek Hebreërs, om iets te leer van die krag en oordeel van die Woord van God.

Daar is seker niks mee verkeerd om die verse op hierdie manier te gebruik nie. Tog, het jy al ooit vir jouself gevra: *“Hoekom het God hierdie twee verse op hierdie punt in die boek van Hebreërs geplaas?”*

Wanneer ons die omliggende verse lees omtrent die sabbatsrus van God (voor) en Jesus as groot Hoëpriester (na), dan lyk hierdie twee verse bietjie uit hul plek, nie waar nie? As ‘n mens egter ‘n bietjie meer versigtig lees en bietjie langer hierby stilstaan dan sien jy God het hierdie twee verse baie versigtig in hierdie gedeelte geplaas. Om die waarheid te sê, Hy het ‘n baie belangrike rede gehad om hulle hier, presies hier, te plaas.

Ons weet nou in hoofstuk 3 van die boek Hebreërs, vergelyk die outeur sy lesers met die Israëliete in die woestyn, die wildernis. Hy waarsku hulle om nie te murmureer soos daardie generasie, toe God moeilike omstandighede in hulle lewens gebring het nie. Baie van hulle het nie die rus van God ingegaan nie. In hoofstuk 4 gee hy die lesers hoop ten spyte van die moeilike omstandighede. Hy sê vir hulle dat al is die vorige generasie nie meer daar nie, is daar steeds 'n beloofde rus wat wag op God se mense (4:1).

Die outeur verduidelik dit alles dan deur ons aandag te vestig op twee ander plekke van rus in die Skrif.

Die **eerste** plek van rus waarna hy verwys, word gevind in die tweede helfde van vers 3 en die hele vers 4. Hier fokus die skrywer ons aandag op God se afgehandelde werk van skepping, en hy noem die rus wat God geniet het nadat Hy sy werk afgehandel het. Hy haal selfs Genesis 2:2 aan as hy skryf: *en op die sewende dag het God gerus van al sy werk.*

Die rus waarna die skrywer verwys in 4:1 kyk vorentoe en agtertoe. Dit kyk agtertoe deur te verwys na die sabbatsrus wat God se mense (Adam en Eve) eenmaal geniet het na die skepping, in die boek Genesis. Hulle het gedeel in hierdie rus van God. Hulle het nie nodig gehad om iets te doen om God te beïndruk nie of om hulle plek in die tuin te verdien nie, nee, hulle het in die aandwindjie met God gewandel, in harmonie met Hom en mekaar en die omgewing –rus!

Die rus waarvan hier sprake is kyk egter ook voentoe. Dit kyk vorentoe omdat die sabbatsrus wat eenmaal geniet is in die tuin 'n prentjie is van die sabbatsrus wat God se mense eendag gaan

geniet wanneer hulle saam met Hom op die nuwe aarde gaan wees.

Tog, wanneer ons vers 5 en 6 lees, maak die skrywer dit duidelik dat sekere mense in die verlede nooit hierdie rus ingegaan het nie. Selfs al is die evangelie aan hulle gepreek het hulle nooit ingaan nie, a.g.v. hulle ongehoorsaamheid. Natuurlik veryws dit na die Israeliete in die woestyn, maar die verwysing na ongehoorsaamheid wys ons **indirek** ook eintlik weer terug na die tuin van Eden. In Genesis 2, het Adam en Eva die sabbatsrus van God in die tuin wat Hy geskep het, geniet. Tog, a.g.v. hulle ongehoorsaamheid kon hulle nie hierdie rus geniet nie.

Wat was hulle ongehoorsaamheid? Niks anders as **ongeloof** in God se Woord nie. Wat sê die slang vir Eva? Het God regtig gesê? Hy saai twyfel en dit baar uiteindelik ongeloof wat dan lei tot hulle optrede.

Die belangrike ding wat jy nou moet raaksien is dit: In Genesis 3:24 lees ons dat Adam uitgedryf is uit hierdie plek van rus en dat ‘n **vlamme swaard** voor die ingang van hierdie plek van rus geplaas is, wat hom verhinder het om terug te gaan na hierdie rus. As Adam die sondaar, probeer het om terug te gaan, sou hy vernietig word. Adam kon nie God se rus weer ingaan nie. Hy sou Iemand nodig hê. Iemand wat daardie swaarde suksesvol kon trotseer.’n Bevryder, ‘n Verlosser.

Die **tweede** plek waar rus genoem word in Hebreërs 4 is in vers 8. Hier herinner die skrywer ons dat Josua nie vir God se volk finale rus gegee het nie. Die Ou Testamentiese Israel waarna Hebreërs 3:7-11 verwys, het deur die wildernis gewandel in groot afwagting om die rus van God in te gaan, nl. die land Kanaän. Aan hulle is ‘n land van melk en heuning beloof – ‘n

land waar hulle sou kon rus van al hulle vyande, en God kon geniet en verheerlik vir ewig. Een hele generasie het egter uitgesterf en nie die land ingegaan nie – a.g.v. ongeloof volgens Hebr 3:19

Tog, sê die skrywer van Hebreërs, selfs die wat ingegaan het, het nie die finale rus ingegaan nie want God het steeds gepraat van ‘n ander dag (4:8). Die land Kanaän was slegs ‘n skaduwee van God se finale rus wat Hy vir Sy mense op die nuwe aarde het. Dit was ast’ware ‘n skets sodat God se mense kon sien wat God se finale rus eendag sou wees wanneer dit volkome vervul is.

Interessant: In die Hebreuse taal beteken Josua se naam “verlosser”. Soos Jesus. Josua, Israel se verlosser, het probeer om die volk van God in God se rus in te lei. In Josua 5 lees ons dat Israel reg was om hierdie land van rus in te gaan.

Dan lees ons in vers 13 dat Josua ‘n man ontmoet wat voor hom staan met ‘n **ontblote swaard in sy hand**.

Dit is duidelike dat hierdie man met die swaard hulle gehelp het om die land in te gaan.

Soos reeds gesê, ook dit was nie die finale rus nie (Heb 4:9).

Nou kan ons kyk na die **finale rus** (vers 11). Ons gaan weereens sien watter rol ‘n **swaard** hierin speel!

Hoe gaan God se mense in daardie rus in?

Wel, daar is iets wat ons ingaan **verhinder** en iets wat ons **help**. In die eerste land van rus waarna verwys is, het ‘n **vflammende swaard** die ingang **geblokkeer**. In die tweede land van rus wat genoem is, het ‘n man met ‘n **ontblote swaard** hulle gehelp om **in te gaan**.

Wat nou van die sabbatsrus wat oorbly? Wat moet God se mense nou in die gesig staar voor hulle deur die ingang kan ingaan na die land van die nuwe aarde?

Die skrywer maak dit duidelik in vers 12. Wat ons ingang na die land van rus blokkeer is die Woord van God. Dit is net te skerp, te deurpriemend, dit lê ons bloot vir wie ons is, ons maak dit nie! Jý maak dit nie!

Dit beoordeel selfs ons bedoelings. Nie net ons uiterlike optrede nie.

Daar is geen manier om weg te kruip vir hierdie “Regter” nie. Hierdie Regter deurdring ons diepste gedagtes en ken die bedoelinge van ons hart. Dit rig meer skade aan as wat enige aardse swaard ooit kan doen, omdat dit nie net vleis skei nie, maar siel en gees, gewigte en murg. Geen aardse swaard kan oordeel soos hierdie Swaard nie.

Daar is geen deel van ons wat kan wegkruip vir Sy oordeel nie. Die skrywer beklemtoon hierdie punt in vers 13. In die Grieks is dit duidelik dat die skrywer steeds van hierdie swaard praat en dit as’t ware verpersoonlik.

Die punt is nou dit: Met hierdie soort Regter, watter kans het ons om ooit die beloofde sabbatsrus van God in te gaan? Hoe kan ons ooit sulke oordeel deurstaan sodat ons God se heiligheid kan ingaan.

Maar hierdie swaard is natuurlik tweesnydend, dit werk na twee kante. Dit **oordeel** ons en ons staan skuldig voor hierdie swaard, maar dit **help** ons juis ook deur ons so te ontbloot.

Hoe werk dit?

Die skrywer gee vir ons die antwoord in vers 14. Ons het ‘n Hoëpriester wat deur die swaard van oordeel gestap het vir ons, en wat in die land van rus ingegaan het.

Jesus het **reeds** deur die swaard gegaan, deur te sterf aan die kruis. Daar het die swaard hom ast’ware deurpried. Maar, Hy het opgestaan uit die dood en die poorte van die nuwe land triomfantlik binne gestap. Die swaard was magteloos om Hom te keer.

Adam kon nie die rus ingaan nie, want hy het ‘n Verlosser nodig gehad. Hy sou sterf as hy self probeer het. Josua kon nie die volk finale rus gee nie, want hy het ‘n Verlosser nodig gehad. Ons kan nie die rus ingaan nie, want ons het ‘n Verlosser nodig. Jesus is daardie Verlosser.

Nie een van ons kan deur ons eie toedoen en toewyding, deur daardie swaard kom nie. Die swaard vind altyd iets om ons mee te verdoem.

Hoe kon Jesus deurkom? Die tweede helfde van vers 15 gee die antwoord. *Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het **nie gesondig nie**.*

Jesus is daar omdat Hy regverdig en sonder sonde was. Volkome regverdig, regverdig genoeg om selfs verby hierdie swaard te gaan. Jesus was gehoorsaam aan elke deel van hierdie geskrewe Woord. Hy alleen is waardig om deur te gaan, deur die swaard heen na die land van die hemel.

Ons kan volg. Hoekom? Ons kan verby stap, want daardie swaard het Jesus as offer in ons plek geslag. Hy, die Hoëpriester, het Homself onder daardie swaard as offerdier gestel. As plaasvervangende offerdier. Toe die swaard Hom tref,

toe tref dit in effek ook vir ons, want ons was op Hom oorgeplaas.

Dit is die een aspek van wat die swaard doen.

Soos die man met die swaard die volk gehelp het om die eerste rus in te gaan, so help hierdie swaard ons. Dit help ons juis omdat dit vir ons wys hoe ons lyk en ons dryf na Jesus! Jesus help ons ook om die hele pad te stap deur gevare heen na die beloofde land. Onthou jy in hoofstuk 2 is Hy al genoem ons Leidsman na die lewe!

Jy sien die skrywer wil ons weer dryf **na** Jesus! Onthou julle nog wie is hierdie Jesus volgens Heb 1:1-2?

Hy is die laaste Woord van God!

Is jy oortuig dat jy daardie rus sal ingaan, of veroorsaak die lees van die Bybel, of die prediking van die Bybel nog by jou 'n gevoel dat jy dit nie maak nie. Het jy nog die gevoel dat jy nie kan rus in dit wat Christus gedoen het nie? Voel jy nog die Bybel blokkeer jou?

Indien wel: Onthou weer wat ons aan die begin gesê het: Waarom het baie Israeliete nie die afbeelding van die rus ingegaan nie? (Hoofstuk 3:19 en 4:1-3).

Waarvoor moet ek en jy dus oppas? Waarvoor moet ons vrees? (vers 1 O.A.V.) Moet ons vrees dat ons iewers nie alles wat die Woord beveel nagekom het nie? Moet ons vrees dat ons iewers in woord of daad nie voldoen aan die Bybel se voorskrifte nie? Moet ons daarom bang wees dat ons nie die rus sal ingaan nie?

Nee, ons moet vrees dat ons nie die goeie nuus glo dat Iemand anders deurgegaan het deur die swaard nie! Jy moet oppas dat jy nie die goeie nuus wat jy nou gelees het, glo nie!

Wat verhinder ons om die rus in te gaan? Nie meer die veroordeling van hierdie geskrewe Woord nie. Nee, ongeloof in die feit dat Jesus reeds vir ons ingegaan het. Ongeloof in die feit dat Hy medelye het met ons swakheid (vers 15) en ons wil help, en sal help, al die pad tot in die finale beloofde land. Ongeloof wat maak dat ons nie met vrymoedigheid na die troon gaan nie en dat ons nie met vrymoedigheid ons harte uitpak voor God nie.

Kyk weer na vers 1 van hierdie hoofstuk. Die belofte om in Sy rus in te gaan, **staan rots vas**. Dit staan nou, op hierdie oomblik. Vers 7 maak dit duidelik. “*Vandag as julle Sy stem hoor*”. Jy het nou Sy stem gehoor. Gaan die rus in. Glo hierdie goeie nuus. Moenie sê, ag ek maak dit nie, ag ek weet nie of ek myself ‘n Christen kan noem nie. Stop daardie ongehoorsaamheid. Onthou ongeloof in hierdie belofte is sonde, dit is die sonde wat jou uit die rus hou.

Wat was die gevaar vir die eerste lesers van die Hebreër brief? Wel as jy die hele boek lees is dit die volgende: *Om nie te glo dat hierdie belofte werklik is nie, en om weer te begin met ‘n ritualistiese godsdiens wat bestaan en hordes dinge wat jy moet nakom om God te behaag.*

Dit is interessant, later in die boek in hoofstuk 10 vers 38 en verder is daar weer die waarskuwing om nie terug te deins nie, om nie op te hou om te glo nie!

Nee, gaan voort om elke dag te glo, ten spyte van die teenslae, soos die lesers van die Hebreërbrief en ons maar al te goed ken, ten spyte van jou swakhede, ten spyte van versoekings, gaan voort om te glo. Te glo in Jesus. God se laaste Woord.

Wat beteken dit om te glo? Wel Heb 11:1 gee vir ons ten minste 'n aanduiding wat die skrywer met geloof bedoel. Ons kom later in die boek hierby maar kyk net vinnig:

“Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.”

Geloof is opsigself 'n sekerheid. Jy hoef m.a.w. nie eers na ander dinge te kyk om sekerheid te kry nie. Sien julle dit? Ons hoef nie eers te kyk hoe ek lewe om sekerheid te kry van die feit dat ek gered is nie. Om die waarheid te sê die oomblik as ek kan sien, die oomblik as ek na iets anders kan kyk om seker te wees, dan is dit nie meer geloof nie! Geloof is sekerheid. Sekerheid waarvan? Van die dinge wat ons hoop, van die dinge wat ons nie sien nie. Watter dinge sien ons nie? Wel, die beloftes van God se heil, die beloftes dat God ons goedgunstig is a.g.v. dit wat Christus gedoen het, die belofte dat Iemand anders deur die swaard gegaan het, en nou medelye met ons het en ons help!

Luther se bekendste definisie van geloof is dit: *“dit is die vrye oorgawe en vreugdevolle weddenskap op die onsienlike, ongetoetse en onbekende goedheid van God.”*

HOOFSTUK 9: Hebreërs 4:14-5:3

Ek lees die ander dag hoe die skrywer en naturalis Annie Dillard, vertel van ‘n koue Kersaand toe sy, as ‘n jong dogtertjie saam met haar familie van ‘n laat ete by die huis aangekom het. Gemmerbier en ‘n bord koekies het op ‘n spesiale tafel gestaan. Dillard het haar winterjas uitgetrek en haarself voor die vuur begin warm maak toe die voordeur oopgegaan het en ‘n persoon binne kom wat Dillard nog nooit wou ontmoet nie – Kersvader! Die familie het na haar geroep: “Kyk wies hier, kyk wies hier!” Klein Annie het met die trappe boontoe gehardloop. Sy verduidelik dat sy Kersvader gevrees het as ‘n ou man wat jy nooit sien nie, maar wat jou sien. Hy weet wanneer jy sleg of goed was. Ek ek was sleg, sê Annie. Kersvader het in die deur gestaan die klok gelui en geroep: “Gelukkige Kersfees!”; Annie het nooit afgekom nie.

Dillard het later uitgevind dat hierdie Kersvader eintlik Mevrouw White was, wat so aangetrek het. Sy was die ou dame wat oorkant die straat gebly het. Mevrouw White het konstant uitgereik na die jong Annie. Sy het vir haar koekies gebring, haar vinger verf geleer, en haar oor die algemeen ingelig oor die dinge van die lewe. Annie het van mevrou White gehou, maar een dag ses maande na die Kersvader insident, het sy weer van Mevrouw White weggehardloop.

Die les van die dag het ‘n vergrootglas behels. Mevrouw White het die gefokusde sonlig op Annie se hand laat val sodat sy die

hitte kon voel. Per ongeluk het die klein dogtertjie egter gebrand. Sy het haar hand weggeruk en huis toe gehardloop. Mevrouw White het na haar geroep en geroep, probeer verduidelik, maar niks het gehelp nie.

Dillard wys hoe hierdie beleving haar verhouding met God beïnvloed het:

“Even now I wonder: if I meet God, will He take and hold my bare hand in His, and focus His eye on my palm, and kindle that spot and let me burn? But no. It is I who misunderstood everything and let everybody down. Miss White, God, I am sorry I ran from you. I am still running, running from that knowledge, that eye, that love from which there is no refuge. For you meant only love and love, and I felt only fear and pain. So once in Israel love came to us incarnate, stood in the doorway between two worlds, and we were all afraid.”

Soos Dillard se mevrou White, roep God na ons, Hy nooi ons om uit ons behoefte na Sy voorsiening te kom, uit ons geestelike koue na die warmte van Sy heilige vuur, uit ons vrees na vertrouwe en liefde. Tog hardloop ons soos honger, reëndeurweekte straatkinders van ons Bron van ware hulp en ware rus af weg. Ons kom nie met vrymoedigheid nie want ons glo nie.

Ons het in die vorige hoofstuk gesien dat ons die ware rus misloop deur ongeloof. Ons het gesien dat Hebreërs 4 in sy geheel wys, dat wat ons keer en help om die rus in te gaan, die Woord van God is.

Die Woord van God verhinder as't ware ons ingaan in die rus van God, want ons staan oop en bloot voor hierdie swaard, hierdie regter. Ons maak dit nie. Maar Jesus het deur hierdie

swaard gegaan. Hy het die finale rus in die hemel ingegaan, en daarom kan ons ingaan met behulp van die Woord van God.

Kom ons fokus in hierdie hoofstuk ook op hierdie Jesus, ons Hoëpriester, en die belewing van rus. Dit wat ons kry in hoofstuk 4:14-5:3

Š Die oproep

Laat ons vashou...

Die woord wat die skrywer hier gebruik, word 47 keer in die Nuwe Testament gebruik. Dit kan verwys na die gryp van 'n persoon. Soos Jesus wat die hand van 'n siek persoon gegryp het of die lam man wat Petrus en Johannes vasgegryp het. In Hebreërs verwys hierdie woord egter na "*commitment*", om jousef tot iets te verbind. Die geloof wat hulle bely het, waarskynlik weereens by hulle doop. Geloof, in Jesus wat vir hulle gelewe, gesterwe en opgestaan het. Die oproep is dus weereens om voort te gaan om verbind te bly aan Jesus. Anders gestel; dit beteken om jou belydenis uit te leef deur 'n leefstyl van "*commitment*". Jy sien dit is moontlik om te sê: "Ek glo alles wat Jesus vir en in my plek gedoen het, maar a.g.v. my omstandighede lê my *commitment* iewers elders!" Die oproep is hier om nie jousef in hierdie kategorie te bevind nie.

Š Waarom maak dit sin om vas te hou?

Dit bring ons by Jesus as Hoëpriester...

Die hele gedagte van 'n hoëpriester is natuurlik vreemd in ons belewing en elkeen van ons het waarskynlik ons eie prentjie van hierdie persoon. Die skrywer gebruik egter die beeld van

hoëpriesterskap om te verduidelik dat net soos die hy as't ware tussen God en mense gestaan het, doen Jesus dit nou. Die hoëpriester kon direk in kontak kom met God in die allerheiligste. Hy het vir die volk versoening gedoen en met God gepraat. Iets wat die volk nie self mag doen nie.

Die skrywer wil die hele tyd hê ons moet verstaan dat Jesus meer is en meer doen as hierdie hoëpriester. Hy staan nie net tussen God en ons nie, nee, Hy vat ons na God, Hy skeur as't ware die morele en ritualistiese hindernisse wat ons vrye toegang tot God verseker, weg. Hy het nie net self deurgegaan na God nie, Hy maak vir ons die pad reg sodat ons ook self daarheen kan gaan.

Die klem op Jesus se Hoëpriesterskap lê egter ook klem op iets anders wat belangrik is. Hy is nou Hoëpriester en 'n hoëpriester was 'n mens (5:1). Ons moenie dink Jesus het gestop om mens te wees na Sy dood nie. Een van die sentrale oortuigings van die vroeë Christene en hierdie brief, is dat Jesus ten volle en verheerlik mens gebly het en dat Hy nou as Mens die wêreld regeer. Verheerlik ja, maar mens. Jy sien Hy is die eerste van die nuwe mensdom. Ons gaan soos Hy wees. Met nuwe liggame ja, maar mens. Hy is die eerste van daardie nuwe mense!

Juis omdat Hy mens is, kan hy 'n *simpatieke* Hoëpriester wees. So die een wat vir ons die pad baan na toegang tot God weet presies wat dit beteken om mens te wees. Hy het die volle krag van versoeking ervaar, net soos ons. Ja, Hy is nie aan presies dieselfde **vorm** van versoeking blootgestel nie – Hy het nie die versoeking gehad om te veel televisie te kyk, ens. nie. Die uitdrukking of gereedskap van sonde, was anders in Jesus se tyd, maar die diepste **aard** van sonde het dieselfde gebly. Haat, gierigheid, oneerlikheid, wellus, ens.

Gegewe die konteks, is daar een spesifieke versoeking van Jesus wat voorop gestaan het in die skrywer se denke. Die versoeking om jou verbintenis tot iets te los onder erge lyding. Kyk weer na hoofstuk 2:18, ‘n vers wat hierdie vers in hoofstuk 4 as’t ware voorafgaan. *“Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word.”*

Net na Hebreërs 4 in hoofstuk 5:7-8 skryf die skrywer die volgende...

“Gedurende sy aardse lewe het Hy aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smekinge geoffer met harde geroep en met trane. En sy gebede is verhoor vanweë sy eerbiedige onderworpenheid aan God. Hoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is.”

Vir Jesus was die grootse versoeking, met die grootste gevolge indien Hy sou toegee daaraan, die versoeking om Sy lyding en dood te systap en so Sy rug te draai op God se wil. Dit is wat Satan wil hê Jesus moet doen met die versoeking in die woestyn. Hy moet die skare wen deur vir hulle kos te gee en so beheer neem van die koninkryke van hierdie wêreld, en so kon Hy Homself beskerm van enige gevaar!

Dit is uiters relevant vir die eerste lesers van Hebreërs! Hulle moes weet Jesus kan medelye hê met hulle versoeking om in die aangesig van swaarkry en lyding op te gee.

Š *Waar is Jesus nou, wat doen Hy en hoe raak dit ons*

Waar is hierdie simpatieke Hoëpriester nou?

Kyk na vers 14 se frase “deur die hemele gegaan.” Verskeie Joodse geskrifte van daardie tyd praat van verskillende vlakke van die hemel: ‘*Die hemele.*’ Paulus praat in 2 Korintiërs 12:2 van die feit dat hy opgeneem is in die derde hemel. Met die bou van die tempel het Salomo gesê dat die hemel, ja die hoogste hemele, God nie kan bevat nie (1Kon. 8:27). Alhoewel die verskillende skrywers dit verskillend stel, is die indruk wat ‘n mens kry dat daar binne die ‘hemel’ (*d.w.s. God se kant van die twee kantige geskape orde wat staan teenoor die aarde, die tyd en ruimtelike kosmos waarin ons leef*) lae is met die blyplek van God die heel binneste een.

Die punt hier is dat Jesus, nadat Hy gesterf en opgestaan en verhoog is, deur al die verkillende vlakke (lae) van die hemel gegaan het, tot in die hart, die troon van die Vader self. Hy het dus nie bloot na ‘n gemaklike rusplek gegaan in die geestelike sfeer waar Hy kon bly, tevrede dat Hy Sy aardse werk voltooi het nie. Nee, Hy gaan tot reg binne die Vader se binneste hofsaal.

Wat doen Hy?

Hy verteenwoordig ons daar! HY tree vir ons in by die Vader. Jy sien, die werk wat Hy volbring het op aarde, implementeer Hy daar.

*“Dit skrywe ek aan julle, my liewe kinders,
dat julle nie moet sondig nie. En as een van*

ons sondig – ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader” (1 Joh. 2:1).

*“Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, **Hy pleit vir ons**” (Rom 8:34).*

Elke keer as ons sondig, God bedroef, as ons swaarky en ly, dan is Jesus by die Vader vir ons. Hy doen nie weer versoening vir ons sondes nie, Hy het dit reeds gedoen – nee, Hy maak as't ware Sy *portfolio* oop en wys God die *fotos* van Sy aardse lewe as Mens, Sy verwerping, Sy lyding, die doringkroon, die geselling, die uitroep van Godverlatenheid, die opstanding – en Hy bring dit voor God in ons plek!

Š *Hoe raak dit ons?*

Laat ons met vrymoedigheid nader...

Die beeld van die ‘nader van die troon’ dra ten minste twee betekenis in hierdie konteks:

- Ø Dit kommunikeer ‘n handeling van biddende aanbidding. Die “nader” gedagte het as agtergrond die Ou Testamentiese beweging van die hoëpriester in die allerheiligste in. Vir Jode en Christene van die antieke wêreld het hierdie beeld van die nader van God ‘n simbool van gebed geword.
- Ø Die een op die troon het beide die gesag en is in staat om ons te help meer as enige iets of iemand anders.
Belangrik: Ons kan met **vrymoedigheid** nader.

Jy sien die implikasie hiervan is dat ons nie wanneer ons bid by wyse van spreke oor 'n reuse afgrond heen skreeu nie. Ons probeer ook nie die aandag kry van Iemand wat bitter min meegevoel met ons het bloot omdat Hy 'n totaal ander wese is nie.

Nee, vers 16 praat van die **genadetroon**. Ons kom na die genadetroon wanneer ons bid.

Ons kan daarom met vrymoedigheid kom. Dit is nie arrogansie nie. Om die waarheid te sê as ons verstaan wie Jesus is en wat Hy gedoen het en wat Hy steeds doen in ons plek, dan is die werklike arrogansie om **nie** Sy aanbod te aanvaar om in ons plek voor die Vader te staan nie. Om te dink dat ons Hom kan vermy en self voor God te kan verskyn.

Baie belangrik. Ons moet God nader, al weet Hy alles. Gebed is 'n verhoudingsdinamika waardeur ons God aktief nader. Hy roep ons orals in die Skrif op om dit te doen (Vgl. Jer 33:3; 29:13).

Waarom kom dit as 'n oproep? Omdat die gravitasie krag in hierdie gevalle wêreld altyd weg is van die 'nader na God.' As gevolg van die duiwel, die vlees (sondige natuur) en die wêreld, word die nader van God die mees onnatuurlike handeling in die wêreld.

Onthou jy die inleiding? Ons vrees dikwels die troon as 'n troon van oordeel, maar ons betwyfel dit as 'n troon van genade.

Dit is nie natuurlik om God te nader nie, dit is bo-natuurlik en Hy het ons geroep na Homself weg van die natuurlike

trekkragte en gedagtes van die wêreld. Sy uitnodiging en beloftes staan steeds. Jy sien ons simpatieke Hoëpriester het in ons plek die versoeking weerstaan om weg te hardloop, soos Annie Dillard. Hy was met ons in ons menswees en nooi ons nou uit om met Hom te wees by die troon van genade. Hy gee vir ons genade. Onverdiende guns, terwyl ons die teenoorgestelde verdien. Hy gee barmhartigheid. Hy doen iets aan die wonde wat ons opgedoen het a.g.v. die gebroke sondige wêreld waarin ons is.

HOOFSTUK 10: Hebreërs 5:1-10

Ons het in hoofstuk 8 vir mekaar gesê dat ons natuurlike gravitasie weg van God is. Dit is vir ons onnatuurlik om tot God te nader, om na God te kom in gebed. Ons wil altyd wegbeur as gevolg van sonde, Satan en die wêreld en as gevolg van ons verkeerde siening van God.

Uit Hebreërs 4 en veral vers 14-16 het ons gesien dat Jesus as Hoëpriester nie net vir ons, in ons plek, na die Vader en na die rus van hoofstuk 4 gaan nie. Nee, Hy wil ons self daarheen vat. Hy wil hê ons moet self met *vrymoedigheid* na God gaan (4:16). Hy roep ons - Hy nooi ons om uit ons behoefte na Sy voorsiening te kom, uit ons geestelike koue na die warmte van Sy heilige vuur, uit ons vrees na vertrouwe en liefde.

Nou is dit so, dat die eerste lesers van Hebreërs en ons worstel met die volgende vraag:

Maar as dit so is dat God ons by Hom wil hê, by Sy vrede en rus, waarom is daar dan soveel swaar en hartseer en lyding in my lewe en waarom verhoor Hy nie my gebede nie. Ek weet Hy kan nie my gebede vir verkeerde dinge verhoor nie, maar waarom verhoor Hy nie my gebede om geestelike en fisiese hulp nie – as ek huil en roep na Hom waarom is Hy stil?

Ons weet almal die oënskynlike Godverlatendheid in swaarkry en lyding is dikwels die ergste van alles. Dit laat natuurlik

onmiddellik by ons die vraag ontstaan: “Is my sonde werklik volkome vergewe? Hou Hy dit nie tog nog teen my nie?”

Ja, by sommige raak hierdie vrae so akuut dat hulle totaal weg beweeg van die Christelike geloof.

Die skrywer onder leiding van die Heilige Gees, wil hê sy eerste lesers en ons moet tot ‘n heerlike dieper verstaan kom. Ons moet verstaan dat Jesus die sleutel tot alles is. Weer en weer in die brief kry ons die oproep om Jesus voor oë te hou. Die mees eksplisiete oproepe is sekerlik in hoofstuk 3:1 en in hoofstuk 12:2.

Dit is presies wat hy ook hier in hoofstuk 5 begin doen. Hy wil hê ons moet weer kyk en meer kyk en verstaan wie Jesus as ons Hoëpriester is en wat die pad is wat Hy geloop het sodat ons die Christelike lewe kan verstaan.

§ Die plasing van 5:1-10

In hoofstuk 5:1-10 begin hy met lering oor die Hoëpriesterskap van Jesus wat hy gaan voort sit in hoofstuk 7, en tussenin, in 5:11-6:20 kry ons die vermaning om nie afvallig te word nie. Met ander woorde die lering oor Jesus se Hoëpriesterskap omarm die waarskuwing tot afvalligheid. Die gedeeltes oor die Hoëpriesterskap wys hoe gevaarlik maar ook hoe dwaas en belaglik afvalligheid is in die lig van Jesus se Hoëpriesterskap.

Hoofstuk 5:1-10 is as’t ware die eerste inleidende opmerkings om ons ‘n beter verstaan van die Hoëpriesterskap van Jesus te gee. Reeds hier kom daar verrassende antwoorde op die vrae wat ons nou net gevra het.

Š Die aardse hoëpriester: Algemene opmerkings(5:1-4)

Die skrywer begin hier in hoofstuk 5 om algemene opmerkings oor aardse hoëpriesters te maak. Sommige van die dinge wat hy hier sê het hy reeds ook op Jesus toegepas in hoofstuk 4 maar ander gaan hy later in hoofstuk 7 op uitbrei en verduidelik.

Kom ons kyk vinnig daarna:

- Hy is 'n Mens uit mense aangestel. Die skrywer het reeds klem gelê op die mensheid van Jesus.
- Hy tree in vir mense by God deur gawes en offers. Vanaf hoofstuk 7 gaan die skrywer dieper hierop in.

Net so terloops. Ons moet nooit vergeet dat die werk van 'n hoëpriester dodelik gevaarlik was nie. Hy kon nooit seker wees hy gaan oorleef nie, want hy het in die teenwoordigheid van die verterende vuur van God gekom. Dié Een wat sonde haat en wat mense kan doodmaak en inderdaad doodgemaak het. Dit was elke keer 'n wonderwerk as die hoepriester lewend uit die allerheiligste uitstap.

- Hy kan meegevoel hê met onwetendes (mense wat onwetend sondig) en dwalendes omdat Hy self 'n mens is.
- Hy moet vir Homself ook offer. Nou in hoofstuk 7 en verder gaan die skrywer juis wys hoe Jesus se offer anders is. Hy het reeds gewys dat Jesus wel aan versoekings onderworpe was, maar sonder sonde. Daar gaan hy wys dat Jesus nie 'n offer vir sonde hoef te bring nie, maar Hy bring Homself uiteindelik as offer. In plaas

daarvan dat Hy 'n dier bring waarop die sonde van mense oorgedra is, bring Hy Homself as die offerdier op wie my en jou sonde oorgedra is. Meer hieroor later.

- Hy is deur God aangestel! Dit is uiters belangrik want vanaf vers 5 gaan dit juis 'n belangrike rol speel.

Š Jesus ons Hoëpriester: Verrassende opmerkings (5:5-10)

Die eerste ding wat die skrywer omtrent Jesus uitlig is die laaste waarmee hy eindig in vers 4. Jesus is deur God aangestel.

Baie belangrik en insiggewend:

Hy is nie as 'n neutrale figuur aangestel in die pos van hoëpriester nie. Nee, Hy is as God se **Seun** aangestel as Hoëpriester. Hy haal twee Ou Testamentiese gedeeltes aan om dit te bevestig. Psalm 2:7 en 110:4

Juis daarom is 2:7 en 8 ietwat van 'n skok. Maar uiters belangrik. Jy sien dit was **as Seun van God** dat Hy as Hoëpriester, deurgegaan het waarvan Hebreërs 5: 7-9 praat!

So wat sien ons? Hy is as Seun van God deur God aangestel om as Hoëpriester deur te gaan dit waarvan vers 7-9 praat. Dit is belangrik. Jesus het nie self besluit Hy gaan ons as mense help om by God uit te kom en om met vrymoedigheid na God te gaan, so Hy sal vir ons 'n Hoëpriester word nie...

Nee, Hy is deur God aangestel.

Maar meer nog. God se kies, God se aanstelling van Jesus vir Sy werk as Hoëpriester, het vir Hom die volgende ingehou: Gebede en smeking met harde geroep en trane (vers7)

en lyding (vers 8).

Moenie te vinnig spring na vers 7 se verwysing na Sy gebed wat verhoor is a.g.v. Sy eerbiedige onderwerping aan God nie.

Dit is baie duidelik dat hierdie verse verwys na die gebeure in die tuin van Getsémané. Ons weet wat Jesus daar gebid het. *“Vader as dit U wil is...laat hierdie beker by my verbygaan, nogtans nie My wil nie maar U wil...”*

Hoe het God se antwoord gelyk? Hy het nie die beker by Jesus laat verbygaan nie, intendeel Jesus moes die beker van lyding tot die bodem toe leegdrink, tot op die punt waar Hy uitgeroep het *“My God my God waarom het U my verlaat.”*

Die punt is, God se verhoring van Jesus se gebed het totaal anders gelyk as wat Jesus gevra het want God se wil vir Jesus was anders. Ja, inderdaad het dit nie gelyk asof God Sy gebed verhoor nie. ‘n Mens sou met reg in Getsemane en op Golgota kon vra en wonder – waarom? Watter Vader is God?

Die God wat nie deur ons in ‘n boksie geplaas kan word nie. God wat ontembaar en soveel groter is, het deur dit wat aan die kruis gebeur het - al die trane en geroep- Jesus ***volmaaktheid laat bereik.***

Wat word daarmee bedoel? Dit beteken nie Jesus was voor dit onvolmaak in die sin van sonde nie. Nee, volmaaktheid in Hebreërs het die betekenis van voltooiing, klaar maak. Die bereiking van die uiteindelijke heerlike doel. Jesus het dit klaar gemaak waarvoor God Hom aangestel het. Hy het die hele pad geloop van menslike gebrokenheid en hartseer sodat Hy ‘n volmaakte Verlosser kan wees.

Hy moes deur lyding heen as Mens leer om gehoorsaam te wees aan wat God se wil vir Hom as Mens was. So die verwysing na

die gehoorsaamheid wat Hy moes leer, wys ook nie na die feit dat Hy eers ongehoorsaam was, of sondig was nie, nee, ons het reeds gesien in 4:14 dat Hy sonder sonde was. Hy het nie *as mens* ervaring gehad van wat gehoorsaamheid aan God alles sou behels nie, Hy moes *dit leer* – let wel, deur lyding heen.

Š *Ons pad van gehoorsaamheid (5: 9)*

Jesus was waarlik Mens maar sondeloos. Jesus was God se geliefde Seun. Hoe het Sy pad gelyk? Die pad wat Hy geloop het om uiteindelik as Hoëpriester Sy werk te voltooi en in die allerheiligste in te gaan na God.

Let wel, dit was deur God uitgewerk vir Hom. God het Hom aangestel!

Dit lyk asof vers 9 wil sê ons loop op ‘n manier dieselfde pad terwyl ons ingaan in die allerheiligste, hier en nou, en ons loop die pad totdat ons eendag in ‘n finale vorm daar ingaan.

Hoekom sê ek so? Wel kyk na vers 9.

*“En toe Hy volmaaktheid bereik het, het Hy vir almal wat aan Hom **gehoorsaam** is, die bron van ewige saligheid geword.”*

Hier is ‘n doelbewuste gebruik van die woord gehoorsaamheid. Jesus het gehoorsaamheid geleer. Hy het gehoorsaamheid geleer deur die wil van God vir Hom. Ons moet gehoorsaam wees aan Jesus.

Hoe lyk die mense in wie se plek Hy saligheid bewerk het? Wel, hulle gehoorsaam God se wil vir hulle, naamlik om gehoorsaam te wees aan Jesus. Hom te glo, Hom op Sy Woord te neem, te doen wat Hy sê naamlik om Hom lief te hê en Sy mense lief te hê.

So wat ons moet raaksien is weereens dat ons behalwe vir die plaasvervangende dood vir sonde, dieselfde pad as Jesus loop na die Vader.

Ons hoef nie plaasvervangend 'n offer te bring vir ons sonde nie. Jesus as Hoëpriester het dit in ons plek gedoen. In hoofstuk 7 en verder gaan ons sien hoe volkome en finaal afgehandel hierdie offer vir sonde was.

As ons dus swaarkry en ly en worstel in gebed en God beantwoord dit nie, moet ons dus nie dink dit is omdat ons gesondig het nie – maar later meer hieroor.

Maar sien ons dit? As ons ly en worstel en roep na God met gebede wat nie beantwoord word soos ons wil nie, wel dit is die pad wat Jesus ook geloop het. Die pad wat God vir Hom gekies het!

Baie belangrik: Christen wees behels 'n lewe van gehoorsaamheid!

Dit is 'n lewe van oorgee aan God se wil, die een wat ons pad vir ons kies soos Hy Jesus se pad gekies het.

Is dit nie ons groot worsteling nie? Ons wil nie oorgee aan die wil van die Vader nie. Veral nie as dit lyk of dit swaarkry gaan insluit nie. As ek my aansien, my gewildheid, my finansiële posisie kan verloor dan val ek eerder weer terug op 'n gemaklike godsdienstigheid as om die pad agter Jesus aan te loop. Dit was die probleem by die eerste lesers van Hebreërs.

Daar is 'n diep geheim in die Christelike lewe, 'n geheim wat baie min Christene vandag wil hoor.

Die geheim van ons Hoëpriester, die Leidsman en Voleinder van ons geloof (Heb. 12:1-2), die Een wat voor stap en vir wie ons volg.

Hier is die geheim: Die tuin van Getsémané kom altyd voor die tuin van Eden. Dit is een toer pakket en toerplan. Die toer neem 'n leeftyd soos ons van die een na die ander beweeg. Maar binne die groot toerplan is daar ook kleiner toerpakette - daaglikse pakkette wat ook dieselfde volgorde volg. Eers Getsémané dan Eden.

Hier is waar ons sukkel. Ons wil met God wandel in Eden. Ons wil daardie rus beleef. Ons wil hê God moet ons gesin, ons huwelik ons finansies, ens seën. Ons wil Hom ken, maar ons wil dit hê sonder die tuin van Getsémané.

Waar staan ek en jy wat betref **die oorgee van ons wil** aan die wil van die Vader vir ons lewens?

Die oorgee begin by geloof, vertrou dat die Een wat in beheer is van my lewe die Een is wat in beheer was van Jesus my Hoëpriester. Daarom kan ek weet Sy wil vir my lewe

- gaan hartseer, swaarky en pyn insluit, en
- Sy wil vir my lewe is altyd gehoorsaamheid aan Jesus. Wat beteken, geloof en vertrou in Jesus, die neem van Jesus op Sy Woord.

Onthou altyd: Geloof in Jesus beteken nie net om in Jesus te glo vir verlossing van sonde en oordeel van God nie. Ja ons moet verseker gedurig aan Hom vashou en op Hom vertrou daarvoor. Maar om in Jesus te glo beteken ook: Glo Jesus! Dan is jy Hom gehoorsaam!

Byvoorbeeld:

As Jesus sê moenie bekommer oor wat jy sal eet of drink of aantrek nie, maar soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid en al die dinge sal vir jou bygevoeg word, dan

gehoorsaam ek dit. Ek jaag nie paniekerig rond op soek na meer en meer nie, nee, ek spandeer meer en meer tyd en geld aan die koninkryk. Ek gehoorsaam Sy opdrag om lief te hê. In die klein dingetjies - elke dag. Al val en strompel ek, ek doen dit weer. Ek gehoorsaam Sy opdrag tot gebed, tot getuienis, ja hoe swak en sukkelend ook, maar ek doen dit en dan kan ek weet dat as ek swaarkry en daar is lyding, is ek in die hande van my Vader soos Jesus in Sy hande was.

As ek bang, onseker en vol twyfel raak - ek het Jesus wat *as Mens* my verstaan, met my medelye het en my help deur Sy Woord en Gees. Ek het Jesus wat vir my intree by die Vader en dit vir my moontlik maak om self, op my pad van swaarkry en sukkel en oënskynlike geen gebedsverhoring, met vrymoedigheid na die Vader te gaan (4:16). Die oorgee manifesteer uiteindelik in gebed.

Net 'n laaste gedagte: Ons het gesien dat hoofstuk 4:16 se “nader tot God met vrymoedigheid” vir die vroeë Christene, gebed beteken het. Ons het ook gesien dat Jesus se Hoëpriesterskap dit vir ons moontlik maak om vrymoedig in gebed tot God te nader.

Hierdie gedeelte leer vir ons dat ons **ook in ons gebed** moet leer om op God te wag, ons wil oor te gee soos Jesus in Sy gebed in Getsémané.

Richard Foster verduidelik dit so mooi:

“As we are learning to pray we discover an interesting progression. In the beginning our will is in struggle with Gods will. We beg. We pout. We demand. We expect God to

perform like a magician or shower us with blessing like Father Christmas. We major in instant solutions and manipulative prayers. As difficult as this time of struggle is, we must never despise it or try to avoid it. It is an essential part of our growing and deepening in things spiritual. To be sure, it is an inferior stage, but only in the sense that a child is at an inferior stage to that of an adult. The adult can reason better and carry heavier loads because both brain and brawn are more fully developed, but the child is doing exactly what we would expect at that age. So it is in the life of the spirit. In time however, we begin to enter into a grace-filled releasing of our will and a flowing into the will of the Father. It is the prayer of relinquishment that moves us from the struggling to the releasing.”

Dit was en is die tipe gebed van ons Hoëpriester Jesus en dit is wat Hy wil hê ons moet na God bring!

HOOFSTUK 11: Hebreërs 5:11-6:3

Ek dink jy sal saamstem dat ‘n kind van 12 jaar wat nog borsmelk drink en geen ander kos eet nie, ‘n gevaarlike, onnatuurlike situasie is. Dit is bloot nie soos dit moet wees nie. Ons weet dat die beweging van net borsmelk drink tot die eet van vaste kos is ‘n noodsaaklike en wonderlike beweging. Dit moet so wees.

Net so stem ons almal waarskynlik saam dat ‘n matriekklas wat nog elke oggend die alfabet opsê en rympies en liedjies oor die alfabet maak – wel daar skort iets. Nie dat daar iets verkeerd is met die alfabet nie. Sonder die ken van die alfabet is dit net nie moontlik om verder te gaan nie, en as jy nie die alfabet ken nie, kan jy eintlik nooit verder kom nie. Maar jy kan nie bly by die alfabet nie. Ons voel dit aan. Ons weet dit is so.

Tog is dit so dat wanneer dit kom by die geestelike lewe, by Christen wees, dan kry ons die byna onverklaarbare tendens dat Christene geen probleem het om te bly by borsmelk nie en nooit verder as die alfabet wil gaan nie. Om die waarheid te sê, daar is selfs baie Christene wat ‘n groot probleem het met enige vaste kos.

Hulle voel ‘n mens moet nie mense vermoei met enige iets ingewikkeld of dieper as dit kom by die geestelike lewe nie. Jy gaan hulle afskrik. Veral moet ‘n mens nie vir kinders en tieners enige vaste kos gee nie – nee, hulle moet net speel by byeenkomste en “jam.” Kyk jy kan hulle laat sing en spring – dis reg, maar net niks waarvoor hulle hulle brein moet gebruik

nie want hulle sal nie verstaan nie. Bly net eenvoudig. Dieselfde kinders sit egter met wetenskap en wiskunde en slaag uiteindelik hierin met onderskeidings.

Hierdie verskynsel kom nie net by kinders voor nie. Mediese dokters en akademiese professors het, as dit by die geestelike kom, ook ewe skielik geen kapasiteit vir enige vaste kos nie.

Ek het die vermoede die beswaar: “Ek verstaan nie” is net ‘n dekmattel vir die eintlik rede: “Ek het nie ‘n saak nie.”

Ja, daar het ‘n onverklaarbare, en uiters frustrerende slapheid, luiheid en traak-my-nie-agtigheid ingesluip onder baie Christene as dit kom by die dieper gaan en meer leer oor die Woord en die waarhede daarin vervat.

Dit is iets van hierdie frustrasie wat die skrywer van die Hebreërboek ook beleef het en hom as’t ware sy onderwerp laat onderbreek het in vers 11.

Ons het gesien hoe die skrywer Jesus aan Sy hoorders voorgehou het:

- ü Die laaste finale Woord van God.
- ü Hy het nou begin praat oor Jesus die ongelooflike Hoëpriester, die Een wat Mens was net soos ons, en steeds Mens is vir ons by die Vader. Hy kan vir ons intree by die Vader, maar Hy kan ons vat om selfs met vrymoedigheid na God te gaan.
- ü In die vorige hoofstuk het ons gesien hoe die skrywer ons implisiet oproep om gehoorsaam te wees aan Jesus, soos Jesus as Seun gehoorsaam was op Sy pad as Hoëpriester, ‘n pad wat trane en lyding en worsteling in gebed ingesluit het, en vir ons sal insluit. Ons kan met sekerheid weet dat hierdie pad van oorgawe die een is wat God vir ons gegee het. Net soos Hy Jesus se

Hoëpriesterskap vir Hom gegee het. Ons is nooit alleen op hierdie pad nie. Die Een wat medelye het met ons, en by ons is, is saam met ons.

In vers 10 van hoofstuk 5 maak die skrywer die stelling dat hierdie Jesus, Hoëpriester is volgens die orde van Melgisedek. Dit is asof die oomblik toe hy hierdie feit noem hy herinner word aan die situasie in hierdie gemeente. Hy het geweet dat as hy begin praat van Jesus as Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek, gaan baie hom met skaap oë aankyk en sê: “Ons het nog nooit hiervan gehoor nie, dit is te ingewikkeld.”

Dit is as't ware wat die skrywer beweeg om vanaf 5:11 tot 6:20 af te wyk van die lering oor Jesus se Hoëpriesterskap, en die gemeente en ons te waarsku oor die gevaar van bly by melkkos, die ABC en die gevaar van afvalligheid. Tussen in is daar ook bemoediging (6:9 tot 6:20) oor die vaste grond van ons verlossing. Hy doen dit voor Hy dieper gaan daarop en begin praat oor die ongelooflikheid van Jesus se offer as Hoëpriester in ons plek.

Š *Die melk probleem (5:11-14)*

Die skrywer kom gee 'n beskrywing van baie van sy lesers in hierdie gemeente. Hy beskryf hoe lyk hierdie ouens wat nog net melk drink en nie vaste kos eet nie (12b).

Hoe lyk die melkdrinkers?

- Hulle is traag om te leer:

Hulle is soos kinders op 'n warm somer dag in die skool net voor die klok lui vir huistoe gaan tyd. Daar is geen lus en

energie om iets te leer nie. Jy sien dit is nie omdat dit enigsins moeilik is nie, dit is nie omdat hulle nog nie vaste kos kan eet nie, nee, hulle is net te traag, te vaak, te lui.

- Hulle behoort al self onderrig te gee:

Sy lesers is mense wat al so lank Christene is, dat hulle na regte reeds ander wat nou eers op die pad begin, moet leer.

- Iemand moet hulle onderrig in die grondwaarhede van die Woord.

So hier is mense wat eintlik onderwysers moet wees maar daar moet heeldyd aan hulle die ABC geleer word van die woord van God.

Wat is die gevolge van melkdrinkery? (:13-14)

Baie belangrik: As gevolg van hulle voeding op geestelike melkkos, kan hulle nie saampraat oor geregtigheid nie (OAV). Ons nuwe vertaling praat van reg en verkeerd. Moreel reg en verkeerd. Oor dit wat vir God reg en verkeerd is volgens Sy Woord nie. Die Woord waarna so pas verwys is.

Die mense wat bietjie dieper ingegaan het op die situasie van die Hebreër gemeente, meen dat hulle veral in die lig van vervolging en teenkanting nie geweet het hoe om Bybels op te tree nie.

Die reg en verkeerd of geregtigheid het dus waarskynlik veral te make met die praktiese koste verbonde aan, en die verantwoordelikhede betrokke in dissipelskap. Dinge waaraan die skrywer geraak het in hoofstuk 5:7-8, toe hy gepraat het van Jesus se lydende en ons gehoorsaamheid aan Hom.

Hierdie melkdrinkers was nie soos volwassenes nie. Die skrywer beskryf dan hoe volwassenes lyk. Die woord wat

vertaal word met “deur ervaring geoefen” of gewoonte geoefen” in ons vertalings (vers 14), het in die Grieks meer die konnotasie van ‘n toestand, ‘n kondisie. Die volwassenes is die wat as gevolg van hulle volwasse geestelike toestand, geoefend is. Onderskeidingsvermoë het.

Dit is dus mense wat weet hoe om die regte keuses te maak in die lig van die Woord wanneer hulle gekonfronteer word met kritiese besluite. Hulle kan onderskei tussen wat goed of kwaad is voor God. Gegewe die konteks, kan hulle besluite neem oor goed of kwaad voor God as daar teenkating en vervolging is. Hulle kan dit doen want hulle is volwasse, hulle gebruik vaste kos. Die skrywer se begeerte is natuurlik dat dit wat hy in die volgende hoofstukke gaan sê, juis hierdie effek op hulle gaan hê.

Š *Die ABC (6:1-3)*

Ons het die hoofstuk begin deur te verwys na die ABC. Die ABC sê per impikasie daar is iets meer. Die skrywer begin om te sê hulle moet na volwassenheid of volmaaktheid (letterlike vertaling) strew. Interessant, die skrywer het verwys na Jesus wat volmaaktheid bereik het! Ons moet ook! Hulle moet verder gaan as die ABC, die begin van die prediking van Christus. Interessant is die feit dat die werkwoord wat in ons vertaling vertaal word met ‘laat ons verder gaan’, in die *passief* is in die Grieks, wat daarop dui dat die skrywer eintlik bedoel dat hulle moet toelaat dat hulle verder geneem word. Dit is dus God wat hulle sal verder neem na volwassenheid maar **hulle moet dit toelaat**.

Wat is die ABC? Die skrywer praat van ‘n fondasie wat bestaan uit ‘n leer. Die fondasie is bekering en geloof wat dan bestaan

uit die lering oor doop, die oplê van hande, lering oor die opstanding en die ewige oordeel. As julle wonder oor die oplê van hande, wel dit het waarskynlik te make gehad met die oplê van hande vir die ontvang van die Heilige Gees na bekering en doop. Dit was alles deel van die begin van die Christelike pad. Die opstanding van die dooies en ewige oordeel het natuurlik te make met dit wat nog moet kom. Hulle het oor die basiese daarvan kennis gehad. Basiese kennis.

Dit is terloops interessant dat die 6 dinge wat hier genoem word almal parallelle in Judaïsme het. Dit was m.a.w ook basiese praktyke in Judaïsme. Die woord doop byvoorbeeld, is in die meervoud, dope, wat ons kry in Judaïsme. Verseker het hulle hierdie 6 dinge gevul met Christelike inhoud, maar net die minimum. Waarskynlik sodat hulle nie vervreem sou word van hulle Joodse vriende en familie nie. Hulle moes daarmee nie te vêr wegbeweeg of te ingewikkeld raak vir hulle vriende en familie nie!

Die fondasie van hierdie mense was dus bekering van die leefwyse wat hulle lewens eers gekenmerk het, en geloof in God. As 'n mens in ag neem dat hy praat van die eerste dinge van Christus in 6:1, wel, dan praat hy van geloof in God soos geopenbaar in Christus Jesus.

Ons sien hier iets baie belangrik: Ons moet nooit dink dat bekering en geloof ooit geskei kan word nie. Al twee vloei gelyk voort wanneer God ons effektief roep en wederbaar. Daar bestaan nie so iets soos bekering sonder geloof en geloof sonder bekering nie. Die een is deurtrek van die ander een.

Bekering en geloof is as't ware die skarnier waarop die deur van redding draai. Die skarnier het twee plate. Die een is aan die

deur vasgeskroef, die ander aan die deurkosyn, en hulle word aan mekaar gehou met 'n pen waarop die hele deur draai. Jesus Christus is daardie deur, maar niemand kan deur Hom gaan nie, tensy hy\sy hom\haar bekeer en glo.

Geen ware skarnier kan net uit bekering bestaan nie. 'n Bekering wat nie aan geloof gekoppel is nie, is wetsbehepte bekering. Dit loop dood in jouself en in jou sonde. Net so is daar ook nie 'n egte skarnier wat nie uit geloof saamgestel is nie. Geloof wat nie aan bekering gekoppel is nie, is 'n valse geloof. Opregte geloof is 'n geloof in Christus om jou *van* jou sonde te verlos, nie *in* jou sonde nie. Die onlosmaakbare band tussen geloof en bekering kom skrikwekkend na vore as 'n mens Lukas 13:13 en Openbaring 21: 8 vergelyk. As jy nie *bekeer* nie, sal jy sterf, en as jy nie *glo* nie sal jy in die poel van vuur beland.

Hierdie mense het bekeer en geglo. is gedoop en het daarvoor geleer. Hulle het die Heilige Gees ontvang en het die basiese geweet van die opstanding en die oordeel.

Die skrywer wil hê hulle moet verder gaan, en let wel, hy is positief dat hulle wel verder sal gaan.

Š Nader aan ons lyf

Wat ons leer uit die feit dat die skrywer sy lesers hier aanvat, is die plek van liefdevolle konfrontasie (Ef 4:15) binne 'n gemeente.

Konfrontasie met 'n doel voor oë, wat liefdevol is en op die regte tyd plaasvind.

Ons sien hier dat Christen wees en dissipelskap alles te make het met groei, die beweeg na vaste kos. Jesus, ons Hoëpriester die Een wat voor stap en vir wie ons volgens Hebreërs moet volg,

het ook gegroei. Blaai net weer na Lukas 2:52: *“En Jesus het toegeneem in wysheid en grootte en in genade by God en die mense.”*

Dink aan Jesus se gelykenis van die saad. Wat is die punt? **Groei** en **vrug oplewer** is die hele doel van die saai van die Woord.

Kyk net weer na 2 Petrus 3:17 en 18:

“Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van sedelose mense en wegval uit jul eie vastigheid nie. Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus. Aan Hom kom die heerlikheid toe, nou sowel as in die dag van die ewigheid. Amen.”

Hier maak Petrus dit duidelik dat die enigste manier waarop jy gaan verseker dat jy nie gaan wegval uit jou vastigheid nie, is groei! Jy sien die punt is dieselfde. Moenie bly by melkkos nie, dan gaan jy nie genoegsaam groei nie, en dit is gevaarlik!

Baie belangrik: Groei is deel van Christenskap en deel van dissipelskap (Matt. 28:19-20).

Pasop dus op vir die neiging, of siening dat ons nie te ingewikkeld, te diep moet gaan met die Woord en teologie nie. Dit klink baie keer goed maar dit kom dikwels van mense af wat self geen lus meer het vir die Woord nie.

Maar, die beweeg na vaste kos se doel is nie dat ons kritiese fynproewers kan word wat elke preek uitmekaar trek en almal rondom ons afskiet nie. Nee, dit is sodat ons in die praktyk tussen reg en verkeerd kan onderskei en veral as dit swaar gaan, en as daar vervolging en teenstand is. Dit is sodat ons lewens anders kan lyk.

Dalk is jy al 10, 20 of 30 jaar ‘n Christen en nog steeds nie besig om ander, jonger Christene te leer nie. Jy is nog steeds nie seker hoe om iemand Bybels na die Here te lei nie. Jy ken nie die basiese kern teksgedeeltes nie. Jy doen geen moeite nie, jy sit niks in om werklik meer te leer nie. Jy wag maar net vir elke Sondag en is heel tevrede met die bietjie wat jy hier een maal ‘n week kry. Dit dui op die toestand wat hier beskryf word. Dit is gevaarlik. Meer nog, wanneer daar teenkanting, kritiek en druk is, wys jou optrede dat jy nog geestelik ‘n baba is.

Ons leef in ‘n klimaat waarin mens verstik deur die lering van die wereld, met die Satan wat daar agter sit (vgl. Ef. 2:1-3). Hoe kan ‘n mens sorg dat jy nie gelei word deur die wêreld en ten diepste die Satan nie? Hoe kan jy weggbeweeg van ‘n lewensstyl wat net gaan oor die bevrediging van eie behoeftes vir hier en nou? Wel, eet vaste kos. Gaan verder as die ABC! Dan sal jy nie meer agter elke nuwe gieraan hardloop nie. Dan begin jy verstaan wat saak maak in die lewe, wat regtig tel.

Meer nog, dan kan jy intelligent en Bybels vir jou vriende die beter weg wys, die pad na die lewe aandui. Kan jy dit al doen? Kan jy die evangelie vanuit die Woord met iemand deel? Dit beteken dat jy doelbewus die weg van minste weerstand moet teenstaan. Doelbewus jou selfoon bietjie moet weggsit en begin om besig te raak met ordentlike Bybelse boeke en iewers jouself te skool in die hantering van die Bybel.

Ag, as ‘n mens eers die dieper dinge van die Woord geproe het dan wil jy meer en verder. As jy eers biefstuk geëet het sal jy nooit weer tevrede wees met net melk nie.

Ons moet verder gaan as die ABC, maar daar moet ‘n ABC wees! Dit help nie jy skud nou jou kop oor vaste kos en verder gaan as jy nog nie tot bekering gekom het nie. Nog nie glo nie. Nog nie gedoop is en die Heilige Gees ontvang het nie. Nog nie oortuig is van die opstanding en die ewige oordeel nie.

Met die noue verband tussen geloof en bekering in gedagte, dink vir ‘n oomblik oor die begrip bekering.

Wat is dit? Die werkwoord vir bekering in die Grieks is *metanoia*. Dit het die betekenis van *heroorweging, en daarmee saam die verandering van jou denke*.

Hierdie verandering van denke het noodwendig ‘n verandering in wil, emosies en uiteindelik in gedrag.

Ons sien dit duidelik in die gelykenis van die twee seuns en in die gelykenis van die verlore seun. In beide gevalle is dit duidelik dat daar ‘n *heroorweging* plaasgevind het. Kyk byvoorbeeld na die verlore seun: “*hy het tot homself gekom*”(Luk. 15:17) wat gelei het tot ‘n *erkenning* teenoor homself dat sy lewenwysie nie reg is nie. Hierdie verandering in denke het gelei tot ‘n *verandering in wil en emosies*. “*Ek sal opstaan en na my vader gaan...*”(Luk 15:18) *Berou* oor die manier waarop hy sy pa behandel het was ook betrokke. “*Vader ek het gesondig teen die hemel en voor u.*”

Die verlore seun het egter nie net bly sit en hieroor gedigte geskryf of sms’e na sy pa gestuur nie. Nee, “*hy het sonder versuim na sy pa toe teruggegaan*”(Luk. 15:20).

Daar was dus 'n duidelike *verandering in optrede*. Hy het nie in die varkhokke sy Pa omhels nie!

Wat het hom na sy pa laat hardloop? Wel hy het geweet wie sy pa is. Hy het geweet hoe sy pa mense behandel. Hy het tot oortuiging van sy toestand aan die een kant, en teenoor sy pa se goedheid aan die ander kant, gekom. Sien jy die elemente van geloof?

Die omhelsing van sy pa kan as die finale oorgee, of vertrouens aspek van geloof gesien word.

Het jy al die Vader omhels? Omhels in die lig van wie Hy is en wat Hy in Christus vir jou gedoen het?

Onthou:

- Bekering is nie net 'n oppervlakkige soort berou oor sonde wat vir jou nadelig kan wees, soos die dronkaard wat berou het oor sy drinkery, want hy is nou sy familie kwyt nie. Bekering is nie hierdie tipe berou wat gou verdwyn en net betrekking het op sekere sondes nie. Bekering is nie kortstondige emosies nie. Dit beteken ook nie net om groot uiterlike sondes te verruil vir kleiner innerlike sondes nie!
- Bekering beteken egter ook nie noodwendig dat jy soos John Bunyan vir maande onder 'n geweldige sondebeseft **moet** wees nie. Moenie probeer om dit op te werk nie. Moenie probeer om jouself sondig te maak nie. Moenie dink dat as jy nie ten minste baie gehuil het, en verskriklike sondeskuld ervaar het, het jy nog nie tot bekering gekom nie.
- Het jou denke al verander oor wie jy is en oor jou lewensstyl? Oor daardie dinge wat jy altyd probeer verdedig. Het jy al

berou gehad oor hoe jy God behandel? Of dink jy nog steeds Hy handel onregverdig met jou?

- Het jy al voor jouself en God erken dat jy verkeerd was, en het jy jou berou bewys deur te doen wat Hy jou vra, naamlik om in Jesus Christus alleen te glo vir verlossing en Hom te gehoorsaam volgens Sy Woord. Kortweg: Het daar al 'n ingrypende koersaanpassing in jou lewe plaasgevind? Maak nie saak of dit dramaties of geleidelik was nie.
- Word jou lewe gekenmerk deur 'n daaglikse koersaanpassing. Dit wil sê, wegdraai van sonde en heendraai na Christus toe?

As jy JA kan antwoord het jy al tot bekering en geloof gekom. Dan kan jy gedoop word, maar dan moet jy verder gaan!

Neem hierdie gedeelte ter harte, want daar is 'n verband tussen hierdie gedeelte en dit wat die skrywer van vers 4-12 uitlig – die gevaar van verlore gaan.

As jy nie vooruit gaan nie, gaan jy agteruit!

HOOFSTUK 12: Hebreërs 6:4-

12

'n **D**ertigjarige besigheidsvrou begin bid nadat haar vriendin die evangelie met haar gedeel het in 'n koffiewinkel. Tog begin sy wegdryf van die kerk en Christenskap na twee maande van sporadiese betrokkenheid. Sy is ontnugter deur die kerk se lering oor onderwerpe soos die gee van 'n tiende, Satan, die oordeel en die kerk se siening van sekere sosiale aangeleenthede.

'n Swart pastoor verlaat sy gemeente en word 'n Moslem, hy verkondig dat Islam die eintlike faktor is wat sosiale verandering bring in die swart Amerikaanse gemeenskap.

'n Bekende Baptiste prediker wat vir duisende die evangelie gepreek het en by gereformeerde konferensies opgetree het, maak bekend dat hy *gay* is en sy vrou gaan verlaat.

'n Jong vrou van die derde wêreld staar vreeslike vervolging in die gesig deur familie en regering a.g.v haar bekering tot Christenskap. Onder druk gee sy uiteindelik in en keer terug na haar ou godsdiens.

'n Kind word groot in 'n Christen huis, kom oënskynlik tot bekering op 12 jaar oud, lewe vir die Here tydens sy tienerjare, val dan weg as volwassene en aanvaar die Nuwe Era (*New Age*) geestelikheid en filosofie.

So kan ek aangaan en baie voorbeelde nader aan ons lyf noem. Dit is algemene tendense in die kerk vandag. Almal wat in Christelike bediening betrokke is het al iets hiervan gesmaak – geworstel met die pyn en verwarring van iemand wat skielik in 'n gemeente inkom en dan verdwyn en betrokke raak in openlike sondes van die egste aard, asof hulle belydenis van Christus

betekenisloos was.

Sommige van ons het familielede en kinders wat tot ons smart die evangelie oënskynlik verloën het. Sommige van ons is op die oomblik dalk besig om 'n pad te loop met iemand wat gevaarlik naby aan die afgrond van afval gedryf het.

Hoe moet ons reageer? Hoe moet ons hieroor dink?

Die gedeelte in Hebreërs wat ons gelees het suggereer twee maniere waarop ons moet reageer.

- Aan die wat onverskillig en traak-my nie-agtig teenoor Christus en die evangelie is, moet ons 'n ernstige waarskuwing bring in lyn met Hebreërs 6:4-8.
- Vir ander wat bekommerd is dat hulle dit nie gaan maak nie, moet ons bemoedig en aanmoedig met vers 9 -12.

Š Die waarskuwing (6:4-8)

Kom ons trek eers hierdie stelling stuk vir stuk uitmekaar en bekyk die woorde se betekenis,

Die hoof sin in hierdie gedeelte is: (i) *“Dit is onmoontlik vir die...(:4)* (ii) *om weer tot bekering gebring te word” (:6)*. Soos jy sien bestaan dit uit twee dele. Hierdie twee dele van die hoofsin word geskei van mekaar deur 5 sinsnedes wat die mense beskrywe vir wie dit onmoontlik is om weer tot bekering gebring te word.

Kom ons kyk eers na die woord onmoontlik in vers 4:

In die Grieks word die term *onmoontlik* beklemtoon deur dit aan die begin van die sin te plaas. Hy gebruik hierdie woord op 3 ander plekke in Hebreërs,

- In 6:18 verklaar hy dit is “*onmoontlik* vir God om te lieg”
- In 10:14 lees ons dit is “*onmoontlik* vir die bloed van bulle en kalwers om sonde weg te neem,”
- en in 11:6 lees ons dit is “*onmoontlik* om God te behaag sonder geloof.”

Die bysin beteken onteenseglik: Iets **kan** nie gebeur nie.

Kom ons kyk nou verder na die mense vir wie dit onmoontlik is:

- Hulle is eenmaal verlig (*photizo*). Dit verwys waarskynlik na hulle aanvanklike blootstelling aan die evangelie of vroeë Christelike lering. Die enigste ander plek in Hebreërs waar die term *photizo* gebruik word is in 10:32.

“Maar onthou die vorige dae waarin julle, toe julle verlig (photizo) geword het, ‘n groot lydens-worsteling deurstaan het (’53 vertaling). Dink terug aan vroeër dae toe God julle tot die lig gebring het, hoe julle in die stryd staande gebly het toe julle baie moes ly” (’83 vertaling).

- Hulle het die hemelse gawe *gesmaak/geproe* (letterlik vertaal). Die woorde word duidelik metafories gebruik soos in Hebreërs 2:9 (’53) waar ons lees Christus het die

dood *gesmaak* vir elkeen. Die werkwoord beteken dus *om iets te beleef*.

Wat het hulle beleef? Wel, die ‘hemelse gawe.’

In Handelingte verwys die *gawe*, na die Heilige Gees (Hand 2:38; 8:20; 10:45; 11:17), maar dit lyk tog of die skrywer hier 'n onderskeid maak tussen die gawe en die Heilige Gees. In Paulus se geskrifte verwys die woord *gawe* meer algemeen na die *seëninge van God wat saamgaan met verlossing* (bv. Rom. 5:15, 17:2; 2 Kor. 9:15, Ef. 3:7).

- Hulle het deel gekry aan die Heilige Gees ('83); die Heilige Gees deelagtig geword ('53). Hierdie woord wat met deel gekry, of deelgenoot ('53) vertaal word verwys na 'n normale metgesel of 'n vennoot in 'n besigheid. Iemand met wie jy dinge saam doen of deel.

In hierdie konteks is die voor die hand liggende dat hierdie ouens gedeel het in geestelike realiteite. Hulle het dus 'n noue assosiasie met die Heilige Gees gehad; hulle was deelgenote, metgeselle van die Heilige Gees, wat beteken dat hulle waarskynlik van Sy werkinge *beleef* het. Ons weet werklik nie wat die skrywer presies bedoel nie.

- Verder meer het hierdie ouens die goeie Woord van God leer ken, weer letterlik dit gesmaak/geproe en hulle het die kragte van die toekomstige wêreld ook letterlik geproe. Die twee gaan saam. Die Woord van God en Sy krag is natuurlik in noue verband met mekaar (1:2-3; 2:3-4; 3:7-19; 4:12-13), en die taal wat hier gebruik word herinner aan die wat in die woestyn gesterf het a.g.v.

ongeloof, selfs al het hulle God se stem gehoor en Sy magtige daade gesien (3:7-11). Soos in vers 4 verwys die werkwoord ‘proe’ na iets wat beleef is.

Die mense wat hy dus as voorbeeld gebruik, het op een of ander manier God se goeie Woord en krag beleef / ervaar.

Op die klimaks van hierdie string sinsnedes kom die klousule:

- In Heb 6:6 -“*as hulle afvallig word*”, moet ons hierdie frase sien as deel van die res *en dan **nogtans afvallig word***. Die werkwoord wat hier gebruik word (parapito), kan bloot beteken *om af te dwaal* maar die twee dinge wat volg, nl. om die Seun van God weer te kruisig en ‘n bespotting van Hom te makk in die openbaar, dui op ‘n ernstige sonde, nl. **die verwerping van Christus**.

Die skrywer kom nou en wys wat is onmoontlik vir die wat hy nou beskryf het.

Dit is onmoontlik om hulle weer tot bekering te bring. Hy gebruik die Griekse woord (*palin*) wat *weer* beteken, saam met die infinitief *om te vernuwe*. Dit suggereer dat die wat weggeval het, voorheen hul bekeer het. Met ander woorde, die wat weggeval het soos beskryf, kan nie weer tot ware bekering gebring word nie.

Dit is hierdie frase wat paniek bring by baie: **Wat beteken dit?**

Die aanname hier moet gesien word in die lig van die groter konteks van Hebreërs. In 6:1 het die skrywer *bekering* as die fondasie van die Christelike lering gesien. In die lig van

Hebreërs kan **ware bekering net geskied wanneer dit bekering na Christus die gekruisigde is**, aangesien daar geen ander geldige offer vir sonde bestaan nie (10:18 & 26). Bekering in 6:4-6 is *onmoontlik* omdat daar nêrens anders heen is om te gaan vir bekering as jy eers Christus verwerp het nie.

Die afvallige wat hier beskryf word het ten diepste dus sy of haar rug gedraai op die enigste middel vir vergifnis voor God. Die skrywer voorsien nou 'n verduideliking in die twee teenswoordige tyd sinsnedes of deelwoorde, nl. in hulleself kruisig hulle weer die Seun van God, en maak Hom in die openbaar tot bespotting.

Die skielike verandering na die teenswoordige tyd is betekenisvol, aangesien die skrywer tot op hierdie punt die sogenaamde (*aoristus*), wat 'n tipe van verlede tyd is, gebruik het. Nou gebruik hy teenswoordige tyd deelwoorde.

Hierdie teenswoordige tyd dui daarop dat die handeling waarvan hy praat op die oomblik aan die gang is. Die handeling van kruisig en tot bespotting maak gaan weer saam met die infinitief *om terug te bring*.

Met ander woorde dit kan as volg vertaal word: Omdat hulle dit doen, of terwyl hulle dit doen, is dit *onmoontlik* om hulle weer tot bekering te bring.

So, bekering word uitgeskakel en is uitgeskakel omdat die afvalliges **besig is om Christus te verwerp**.

'n Mens sou kon sê, solank as hulle dit doen is daar geen bekering moontlik nie.

Die taal van kruisiging en tot bespotting maak is beide kragtig

en ironies.

In plaas daarvan om geseënd te wees in die aanvaarding van vergifnis wat in die gekruisigde Jesus gevind word, is die afvalliges besig om te identifiseer met die wat die kruis as die finale manier gesien het om ontslae te raak van Jesus!

In plaas daarvan om in die oë van die wêreld 'n bespotting te word omdat hulle hulself identifiseer met die Seun (13:13), staan die afvalliges saam met die wat onder die kruis vir Jesus bespot het (Matt. 27:39-44).

Die skrywer maak weereens, soos in die geval met al die ander dinge wat hy sê hierdie ouens beleef het, nie presies duidelik wat hy bedoel nie. Wat presies het hulle beleef en wat presies het hulle gedoen om dit te beskryf as kruisiging van Christus en die bespotting van Hom in die openbaar? Ons weet nie.

In vers 7-10 gebruik die skrywer nou 'n bekende landboubeeld en ook 'n beeld wat in die wysheidstradisies gebruik is om alles kort saam te vat.

'n Mens moet versigtig wees om nie iets in te lees in elke onderafdeling van hierdie beeld nie.

Die punt wat hy wil maak is bloot dit:

Die mense wat hy beskryf het, is soos grond wat bewerk word vir die doel om gewasse voort te bring, maar dan na die reën, groei dorings en distels. Dit is nie waarvoor die grond bewerk is nie en die reën wat deur die grond in gedrink word, het eintlik geen sin uit die landbouer se perspektief nie – die dorings en distels moet maar net verwyder word.

Die hele punt van grond bewerk en reën uit 'n landbouer se perspektief is die oplewer van nuttige landbougewasse!

In die volgende gedeelte gaan hy nou implisiet wys wat die nuttige gewasse is wat ‘n ware Christen moet voortbring.

Š Die bemoediging (6:9-12)

In verse 9-12 verander die skrywer se hele trant. Hy spreek vir die eerste keer die gemeente aan as geliefdes.

“Maar, geliefdes, al praat ons in hierdie trant, is ons oor julle oortuig van beter: dat julle gered sal word” (Heb. 6:9).

Hoe bemoedig hy hulle? Wel, Hy is oortuig dat hulle gered gaan word. Dat *beter dinge* van hulle waar is. Die woord druk hier nie net ‘n opinie uit nie maar ‘n sterk, absolute oortuiging.

Hoekom kan hy so oortuig wees dat hulle gered sal word? Want hulle het die vrug openbaar wat daarop dui dat hulle steeds in Jesus is. Hulle gedrag wys dat hulle nie verlore is nie, meer nog, dat hulle gered sal word (toekomstige tyd).

“God is nie onregverdig nie: Hy sal julle werk nie vergeet nie en ook nie die liefde wat julle vir sy Naam betoon het deurdat julle julle medegelowiges gedien het en nog dien nie” (Heb. 6:10).

Daar was by hulle die volgende:

Werk: Waarskynlik verwys dit bloot na die dinge wat hulle

gedoen het as gelowiges.

Liefde vir Sy naam: Jesus se Naam staan vir wie Hy is. Dit word ook gebruik om te verwys na Sy reputasie. Eenvoudig gestel: Hulle het Jesus en Sy eer lief gehad.

Medegelowiges dien en nog dien: Wel dit is bloot maar opofferende, Christelike broederliefde.

Interessant: Waar die afvalliges net beskryf is in terme van wat hulle *beleef* het, word hierdie geliefdes beskryf in terme van wat hulle *geproduseer* het.

Dit is belangrik. Oor en oor maak die Bybel dit duidelik dat ons gedrag, ons vrug, wys of ons in Christus is of nie. Jesus maak dit duidelik in Johannes 10 dat ons sonder Hom niks kan doen nie, maar as ons in Hom bly ons wel kan vrug dra.

As hy sê die Here sal nie julle werk en die liefde vir die Hom, deurdat julle die gelowiges dien, vergeet nie, is daar nie sprake van redding deur werke nie, nee, hierdie dinge is die tekens van ware geloof (Ef. 2:10). Dit is waarvoor God ons red en as dit nie daar is nie, kan al die ander belewinge daar wees, maar, daar is nie ware redding nie.

Jy sien, dit is so seker dat die persoon in Christus sal vrug dra, dat God kan oordeel volgens daardie vrug en absoluut regverdig wees daarin (Heb. 6:10).

Die dinge wat uitvloeï uit 'n mens se lewe wat in Christus is, is so seker dat God daarvolgens kan oordeel!

Ons moet immers almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang volgens wat

hy tydens sy aardse lewe gedoen het, of dit nou goed was of kwaad (2 Kor 5:10).

Onthou jy die uitspraak van Jesus in us 25:31-40?

“Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit.

Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei. Die skape sal Hy regs en die bokke links van Hom laat staan. Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: ‘Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek.’ Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: ‘Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink?’

En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee? Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek? En die Koning sal hulle antwoord: ‘Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.’

Jy sien ware redding kom na vore in liefde teenoor die geringstes.

So wat is die vrug, wat het sigbaar geword in hierdie ouens? Wel om dit op te som: Liefde vir Jesus wat uitloop het op liefde vir mede- gelowiges.

Maar let op Hebreërs 6:11-12:

“Dit is ons vurige wens dat elkeen van julle end-uit dieselfde ywer as vroeër aan die dag sal lê totdat die dinge waarop julle hoop, vervul is. Julle moet dus nie traag word nie, maar die voorbeeld navolg van dié wat deur geloof en geduld deel gekry het aan die dinge wat God beloof het.”

Die feit dat hierdie dinge wat sigbaar geword het in hulle lewens 'n versekering is dat hulle die saligheid gaan beërwe, moenie veroorsaak dat hulle terug sit en dink. “A! Veilig” nie. Nee, hulle moet 'n ywer toon tot die einde toe! **Verlossing gaan saam**

met geloof en volharding. Hulle moet ook kom tot volkome sekerheid van die hoop (die verlossing wat kom – die opstanding en die oordeel).

Dit is wat die skrywer wil bewerk by sy lesers, liefde geloof, hoop en volharding. Sien julle hierdie begrippe in vers 10 tot 12

“Want God is nie onregverdig om julle werk te vergeet nie en die liefde-arbeid wat julle betoon het vir sy Naam, omdat julle die heiliges gedien het en nog dien. Maar ons verlang dat elkeen van julle dieselfde ywer mag toon om te kom tot die volkome sekerheid van die hoop tot die einde toe; sodat julle nie traag word nie, maar navolgers van hulle wat deur geloof en lankmoedigheid erfgename van die belofte is.”

Terloops, al die kentekens van ware Christenskap wat ook elders in die Nuwe Testament voorkom, word hier gekry.

Let op: Werk, liefde, hoop, geloof, lankmoedigheid, volharding. Dwarsdeur die Nuwe Testament word bogenoemde aangetoon as dinge wat jou kenmerk as iemand wat aan Christus behoort.

Ek lig net enkeles uit:

“Wanneer ons tot God, die Vader van ons Here Jesus Christus, bid, dank ons Hom altyd vir julle omdat ons gehoor het van julle geloof in Christus Jesus en van julle liefde

vir al die gelowiges. Hierdie geloof en liefde is gegrond op die hoop wat vir julle in die hemel bewaar word en waarvan julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan julle verkondig is” (Ko.1 1:3-5).

“Ons dank God altyd vir julle almal wanneer ons in ons gebede aan julle dink. Sonder ophou bring ons dan voor God ons Vader in herinnering die werk van julle geloof, die inspanning van julle liefde en die volharding van julle hoop op ons Here Jesus Christus” (1 Tes 1:2-3).

“Daarom bid ons ook altyd vir julle: Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het, en mag Hy deur sy krag julle liefde vir die goeie en die werk van die geloof volkome maak” (2Tess 1:11).

“Maar jy, man van God, moet van hierdie dinge af wegvlug. Streef na opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding, minsaamheid (1Tim 6:11).

Maar jy het my nagevolg in leer, lewenswandel en lewensdoel, in geloof, geduld, liefde en volharding,... (2 Tim. 3:10).

Ek weet alles wat julle doen. Ek ken julle liefde, geloof, diensvaardigheid en volharding en Ek weet dat julle nou ook meer doen as tevore” (Op. 2:19).

§ Die groter prentjie (Heb 5:10-6:12)

Kom ons kyk gou na die groter prentjie vanaf 5:10 tot 6:12. Die skrywer sien as't ware die gemeente voor hom en as hy begin praat oor Jesus se hoëpriesterskap, weet hy daar is sommige wat gaan sê dit is te moeilik. Hy waarsku hulle dan dat as mens in daardie kategorie is, is mens soos iemand wat net by melk bly - iemand wat nooit verder as die ABC gaan nie.

Die ABC is bekering, geloof, die leer oor die doop, die opstanding en die eindoordeel. Hy sê as't ware as mens net daarby bly en nie 'n begeerte het om meer te leer en te weet van Jesus se Hoëpriesterskap en wat dit beteken nie, kan dit gevaarlik wees. Dit kan 'n aanduiding wees van afvallig raak, en hy dan die ernstige waarskuwing waarna ons gekyk het. As mens 'n wegbeweeg van Jesus die gekruisigde ervaar, as mens nie meer deur geloof aan Hom vashou wat sal wys uit liefde vir ander gelowiges nie, wel dan kan mens nie eers meer die ABC doen nie. As 'n persoon vir Jesus verwerp, kan die persoon nooit weer tot bekering kom nie, want bekering gaan saam met geloof in Jesus. So persoon is verlore en glad nie meer op die pad nie.

Pasop! Moenie wegbeweeg van Jesus nie want dit is gevaarlik. Maar, sê die skrywer ek kan sien julle hou nog wel vas aan Jesus, julle is nog in Hom *want julle gedrag van liefdesdiens aan gelowiges wys dit*. Volhard daarin tot die einde, want iemand wat nie tot die einde toe aan Jesus vashou (glo) nie, sal nie gered word nie!

Š *Nader aan ons lyf*

Die eerste ding wat hierdie gedeelte ons leer is dat daar plek is vir werklike vermaning en werklike aanmoediging in die gemeentes van Jesus. Ons vermaning is gerig op die wat ligtelik omgaan met Jesus en die evangelie. Ons bemoediging is gerig op die wat onnodig bekommerd is dat hulle op een of ander manier verlore kan gaan. Dit is interessant dat dit gewoonlik die mense is wat die meeste kentekens toon van ware verlossing, naamlik liefde vir ander, wat ook die bekommerdste is dat hulle nie gered is nie. Vir hulle moet ons bemoedig.

- Ø **Vermaning:** As jy hier lees en niks meer voel vir Jesus nie. Geen liefde meer het vir Hom nie, geen eerbied nie. Wees gewaarsku jy is op 'n gevaarlike plek.
- Ø **Bemoediging:** Jy wat hier lees en bekommerd is dat jy dit nie gaan maak nie, jy is bewus van jou sonde en swakheid – jou enigste hoop is Jesus. Wel, skep moed. God weet dit en jy word nie gered op grond van iets in jou nie, maar op grond van die werk van Jesus ons volmaakte Hoëpriester, **en *Hy het jou lief soos jy is.***

Tekens van ware redding? Dit is so belangrik dat ons uit hierdie gedeelte sal sien dat ons die klem op liefde, geloof, hoop en volharding moet plaas, en nie allerhande belewings nie. Hoekom nie? Dit kan valse sekerheid gee. Iemand kan voel dat hy of sy tydens 'n diens neergeslaan het, of 'n krag gevoel het, of in 'n taal gepraat het en daarom is hy/sy 'n Christen. Dit beteken nie dat iemand wat sulke dinge beleef nie 'n Christen is nie, maar dit is nie die grond waarop jy jou sekerheid moet bou nie. Jy sien, *ware bekering is onlosmaaklik verbind aan geloof in Jesus.* Wat is die grond vir sekerheid? Jesus Christus en Sy werk (Sy

Hoëpriesterskap in ons plek). Geloof, liefde en volharding is bewys dat ek my vertrou in Hom geplaas het, maar dit is nooit die diepste grond vir my redding of sekerheid nie.

Kom ek gebruik ‘n voorbeeld.

Jy kom vir die eerste keer in Gauteng vanaf die platteland en jy moet Boksburg toe gaan. Jy is totaal verdwaal en jy kry iemand om jou soontoe te begelei deur voor te ry. As jy by Boksburg wil kom moet jy jou oë net op die ou voor jou hou, al sien jy uit die hoek van jou oog allerhande bordjies wat aanduidinge is dat jy op die regte pad is. Dit bemoedig jou, maar jy kan steeds nie jou oë afhaal van die ou voor jou nie. Jy moet hom volg!

Dit is hoe dit werk in die Christelike lewe.

In Hoofstuk 12 kom die eksplisiete oproep: *Hou die oë op Jesus!* Jy sien geloof in Jesus is en bly deurslaggewend. Geloof tot die einde toe.

Pas egter op om iemand te vinnig af te skryf! Daar is soms ‘n tendens onder gereformeerdes, om te vinnig te dink iemand is in die kategorie van vers 4-6. Dink bietjie oor die volgende:

- Ü **Thomas** met Sy twyfel was nie in hierdie kategorie nie. Ja, in sy menslikheid en onder invloed van sy persoonlikheid en in ‘n oomblik van swakheid het hy getwyfel!
- Ü **Petrus** was nie in hierdie kategorie nie! Ja hy het Jesus openlik verloën in ‘n oomblik van swakheid. Maar Jesus se gesprek met hom in Johannes 21:16 ev openbaar dat hy steeds vir Jesus absoluut liefgehad het bo alles. Onthou jy die vraag aan Petrus? Het jy my waarlik lief? As Jesus dit die derde maal vra sê Petrus: *“Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet.”*

Ü Die gemeente in Korinte was skuldig aan ontsaglike seksuele sondes en hulle word steeds deur Paulus genoem - Geheiliges in Jesus (1 Ko.r 1:2)

Ons moet dus baie versigtig wees om self te besluit op watter punt iemand Jesus weer gekruisig het en in die openbaar tot bespotting gemaak het. Ek wil so vêr gaan om te sê dat iemand wat 'n ware Christen is, kan val in egbreuk en nie noodwendig in hierdie kategorie wees nie. 'n Ware Christen kan verval in alkoholisme en nie in hierdie kategorie wees nie. Dieselfde met 'n ware Christen wat moord pleeg.

Aan die ander kant: Moenie die gedeelte se tande trek deur te vinnig te sê – “*ag wat ware Christene kan nie verlore gaan nie.*” Die skrywer wil nie 'n teologiese leerstelling oor die vraag of 'n ware Christen verlore kan gaan of nie, hier behandel nie. Hy wil sy lesers waarsku en aanmoedig. Hy sê byvoorbeeld nooit dat die mense in sy hipotetiese voorbeelde waarvan hy praat, werklike Christene was of nie. Hy wil wel ernstig waarsku dat dit moontlik is om allerhande dinge te *beleef* wat saamgaan met werklike Christenskap. M.a.w., 'n persoon kan op die oog af 'n werklike Christen wees en tog verlore gaan, as hy sy rug draai op Christus op so manier dat dit gesê kan word dat hy Hom weer kruisig en openlik bespot. Ons almal moet dit weet: absolute sekerheid en vastigheid is net in Jesus. **Nooit los van Hom nie.** Ja, Sy werk is volkome en genoegsaam. Niemand kan ons uit Sy hand ruk nie en Hy sal ons nooit ooit ooit begewe of verlaat nie (Heb. 13).

HOOFSTUK 13: Hebreërs

6:13-18

Ek weet nie of jy vreeslik belangstel in skepe en seevaart nie, maar 'n groot skip, veral die ou houtskepe, het nog altyd vir my 'n bekoring ingehou. Daar is veral een deel van 'n skip wat nog altyd vir my 'n vreemde, spesiale soort geheimsinnige bekoring ingehou het. Die anker.

Die anker praat met 'n mens Dit praat van vastigheid. Onbeweeglikheid. Ons almal weet sonder 'n anker het enige skip groot probleme in 'n storm. Met sy gewig en vorm gaan hy diep af en verseker dat die skip nie heen en weer geslinger sal word of geleidelik sal wegbeweeg in die verkeerde rigting as hy nie vaar nie.

Ek wonder dikwels hoe effektief 'n gegewe anker van 'n skip werklik is. Hoe sterk en hoe swaar is hy? Waarvan is dit gemaak? Hoe seker kan mens wees van sy effektiwiteit? Die anker lyk soms so klein en die skip so groot en dan dink 'n mens aan die ongelooflike kragtige elemente wat trotseer moet word.

Ons almal weet dat ons sogenoemde lewensboot ook dikwels deur omstandighede, dood, terminale siekte, finansiële, huweliks en gesins krisis, heen en weer geslinger word. Daar is die gevaar van stadig wegdryf as jy nie aktief byvoeg by die ABC of die melk van die Christelike lewe waaroor ons in die vorige hoofstukke gepraat het nie.

Die mense vir wie die skrywer van Hebreërs skryf, se lewens is ook deur al hierdie dinge bedreig. Reeds in hoofstuk 3 het hy

gewaarsku dat hulle nie moet wegdryf nie. In die res van die boek lees ons van baie dinge wat geruk en gepluk het aan hulle lewensboot.

“Deels is julle deur beledigings en vervolging openlik tot bespotting gemaak en deels het julle gely omdat julle julle vereenselwig het met ander wat hierdie dinge oorgekom het. Julle het met die gevangenes meegevoel gehad, en toe op julle besittings beslag gelê is, het...” (Heb. 10:33-34).

Ons, en hulle sekerlik ook, sit met 'n vraag wat ons nie altyd uitspreek nie. Waar kry 'n mens 'n sterk genoeg anker om jou vas te hou? Hoe seker kan ons wees dat die Christelike boodskap so 'n anker kan wees?

Š Die anker van Hebreërs 6:19

Nadat hy gepraat het van die belangrikheid om nie stil te staan nie (6:1-3), van die gevaar van afvalligheid (6:4-8) en sy bemoediging en aangesporing (6:10-12), kom praat hy in hoofstuk 6:13-20, oor 'n anker waarvan hulle moet weet sodat hulle kan volhard.

*“Hierdie **hoop** besit ons as 'n veilige en onbeweeglike anker ('53) lewensanker ('83),, wat agter die voorhangsel vas is.”*

§ *Waar lê die anker?*

Hierdie anker waarvan hy praat lê nie in die see nie. Meer nog hierdie anker lê nie eers op aarde nie.

Die skrywer praat van die **voorhangsel**. Hy gaan in hoofstuk 7 verder praat oor die hele saak van die Hoëpriesterskap van Jesus, wat hy vir die eerste keer aangeraak het in hoofstuk 2:17 en veral aan die einde van hoofstuk 4 en die begin van hoofstuk 5.

As mens praat van die hoëpriester dan dink mens onmiddellik aan die allerheiligste waar die hoëpriester een maal per jaar alleen kon ingaan. Die allerheiligste was die plek waar God in die Ou Testament gekies het om as't ware te bly onder die volk. Hierdie allerheiligste plek was agter 'n gordyn, genoem die voorhangsel. Moet nooit vergeet dat die hele tabernakel en tempel eintlik in mikro vorm, 'n afbeelding was van Eden nie. Baie van die dinge wat in Eden was word daar in die tabernakel/tempel gevind, afgebeeld.

Hoe dit ookal sy, die Hoëpriester het in hierdie tempel op aarde se heiligdom ingegaan.

Die voorhangsel waar ons anker is, is *nie* in hierdie aardse tempel nie.

In Hebreërs 6: 20 lees ons hierdie voorhangsel is die een *waardeur Jesus gegaan het*. In 4:14 word dit eksplisiet gestel dat Jesus *deur die hemel gegaan het*. Hy het dus deur die hemelse voorhangsel gegaan na die allerheiligste in die hemel. Nou ons gaan daarby kom maar blaai gou na Hebreërs 8:5:

“Hulle bedien egter slegs 'n afbeelding en skadubeeld van die hemelse heiligdom. Toe

Moses die Goddelike opdrag gekry het om die verbondstent op te rig, het God gesê: “Sorg dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat Ek jou op die berg gewys het.”

Die aardse tempel was dus 'n afbeelding van die hemelse. Wat Moses op die berg gesien het was die hemelse tabernakel/tempel.

Die punt is dit: Ons anker is daar. In die hemel. Die plek waar Jesus is. Die plek waar God is.

Š Wat is ons anker?

'n Baie belangrike vraag is: Wat is ons anker wat daar in die hemel is? Waarvan is dit gemaak? Dit bepaal natuurlik hoeveel vertrou ons in die anker sal hê. Die skrywer sê die anker is **hoop**. Dit is gemaak van hoop.

Die vraag is natuurlik: Kan ons hierdie anker van hoop vertrou? Vir ons is die begrip hoop alles behalwe iets wat vas is. Dit is hier belangrik om te verstaan wat die skrywer bedoel met hoop. “Ek hoop maar die bokke wen die volgende toets...” Hierdie soort hoop gaan nie werk as 'n anker in onstuimige tye nie.

Nee, die skrywer hier, en Paulus op baie plekke in die Nuwe Testament, gebruik die begrip hoop om juis te verwys na iets vas. Dit verwys nie na ons aktiwiteit nie, maar na iets wat vir ons bewaar word.

Seker een van die beste voorbeelde is Kolossense 1:5:

“Hierdie geloof en liefde is gegrond op die hoop wat vir julle in die hemel bewaar word

in die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het Tit.1:2” (OAV).

(Soms word dit eksplisiet die ewige lewe genoem.)

In 1 Timoteus 1:1 lees ons:

“Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus in opdrag van God ons Verlosser en van Christus Jesus ons Hoop.”

Ons kan voorlopig die volgende sê van hierdie hoop:

Hierdie hoop verwys na dit wat vir ons wag in die hemel, en dit het te make met Jesus Christus, in so mate dat ons kan sê die Hoop is Jesus, en dit het te make met die ewige lewe!

Nou meer aangaande hierdie anker.

Š Abraham se anker

Om verder te verduidelik hoe vas en seker hierdie hoop is en wat dit is, gebruik die skrywer Abraham as voorbeeld in verse 13 en 14. Anders gestel, hy kom wys ons hoe Abraham se anker gelyk en gewerk het.

Die skrywer lê klem op die feit dat God aan Abraham 'n belofte gemaak het, en dat Hy toe ook nog dit met 'n eed gewaarborg en bevestig het.

Dit is belangrik om daarop te let dat die skrywer in die oorspronklike taal, soos wat ons dit ook vind in die ‘53

vertaling, die woord *sweer* gebruik. God het by Homself *gesweer* dat Hy die belofte wat Hy gemaak het, sal waarmaak. Die presiese gedeelte waarna die Hebreër skrywer verwys is dit wat die Here aan Abraham sê terwyl Isak op Moria vasgebind lê (Gen. 22:16). So, nadat God aan Abraham baie jare gelede beloof het dat hy 'n groot nageslag gaan hê, bevestig Hy dit daar op Moria met 'n eed. Hy sweer dit.

Die gebruik in daardie tyd was dat jy by iemand hoër as jyself gesweer het wanneer jy 'n belofte maak. Dit het aan jou belofte gewig verleen en waarskynlik sou jy dan probleme kry by die een by wie jy gesweer het, indien jy nie jou belofte gestand doen nie.

Die punt wat die skrywer maak is dat God natuurlik niemand hoër as Homself gehad het om by te sweer nie! Hy het by Homself gesweer.

Dink net bietjie oor God se belofte aan Abraham. Hier lê die skrywer klem op die feit dat die Here sou beloof om Abraham ryklik te seën en 'n groot nageslag te gee.

Ons weet hoe lank Abraham gewag het vir hierdie groot nageslag. Daar was net niks. Uiteindelik is Isak toe gebore! Let wel, Isak. Daar was wel Ismael, maar hier was nou net een waardeur die verbondsllyn sou loop en die seën sou kom. Alles behalwe 'n groot nageslag. Abraham was reeds 99 jaar oud! Dit was omtrent 50 jaar van te vore dat God die belofte gemaak het. Vir al die jare vanaf die belofte gemaak is, is hierdie belofte op allerlei maniere bedreig – en uiteindelik lyk dit asof God self die belofte bedreig as Hy vir Abraham vra om Isak te offer.

Die punt wat hier belangrik is, is dit: As Abraham rondom hom en na homself en Sara, wat totaal oor die muur was, gekyk het, en hy die mes vat om Isak te slag, kon daar geen vastigheid sigbaar wees nie.

Maar: Abraham het geduldig gewag omdat hy geweet het wat die anker was. God self. God se belofte. God se Woord. God het beloop en by Homself gesweer.

Š *Ons beter anker*

Die punt wat ons moet vat is die volgende: Ons het ook 'n belofte wat God met 'n eed gesweer het. Ons het ook twee dinge wat ons hoop en ons anker sterk maak. 'n Belofte en die feit dat God dit met 'n eed gesweer het.

Dit is belangrik om te sien dat die skrywer die woordjie *swear* gebruik in vers 13, soos reeds genoem. God het by homself gesweer. Dit is nie toevallig nie. Jy sal weet die skrywer werk sterk met die Ou Testamentiese agtergrond, en sy lesers was ook bekend met die Ou Testament. Hy wou gehad het sy lesers moet onmiddellik dink aan Psalm 110:4

Die Here het 'n eed afgelê (gesweer) en Hy sal dit nie herroep nie: *“Jy sal altyd priester wees in die priesterorde van Melgisedek.”*

Hoe kan ek so sê? Wel, hy het alreeds in Hebreërs 5:6, toe hy begin praat het oor Jesus as Hoëpriester, hierdie Psalm aangehaal. In Hoofstuk 7 gaan hy die hele tyd praat oor die Hoëpriesterskap van Jesus.

Die skrywer wil die punt maak dat ons anker, ons hoop, agter die hemelse voorhangsel is waar ons hemelse Hoëpriester, Jesus is.

Dit help ons om te sien waaruit ons Hoop bestaan: Vir Abraham het God gesweer dat Hy hom sal seën en 'n kind sal gee. Die belofte wat Hy aan Jesus maak is dat Hy Hoëpriester vir ewig sal wees.

Dit is ons anker! Hebreërs 6: 20 maak dit duidelik:

“Daar het Jesus, ons Voorloper, ter wille van ons ingegaan, en Hy is vir ewig Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek.”

Hebreërs gaan nog baie praat oor hierdie beter Anker, hierdie beter

Hoop wat ons het. Wat is ons hoop?

Ons hoop is dat daar Iemand in die hemel se allerheiligste is. Jesus. Hy is daar as Hoëpriester, as een wat 'n volmaakte offer gebring het en wat God se oordeel oor sonde verwyder het. Hy is ewig. Met ander woorde, Hy gaan altyd en altyd en altyd daar wees. **Vir ons.**

Hy is die versekering dat al die beloftes van God sal waar word. Soos Isak die aanduiding was van alles wat nog gaan kom, die groot nageslag en selfs die land wat gekoppel was aan die groot nageslag, so is Jesus wat reeds agter die voorhangsel is vir ewig, die waarborg dat God al die beloftes vanaf Genesis tot Openbaring sal waarmaak. Ons is daarheen op pad. 'n Ewige lewe saam met 'n ewige Hoëpriester. Ewig seën en vreugde en heil en oorfloed. Baie baie meer as wat Abraham se groot nageslag ooit gesmaak het in die beloofde land.

Die punt is: Niks sal veroorsaak dat ons nie daar uitkom nie want dit is 'n anker. Hierdie anker is vas en waar, omdat God dit beloop het en gesweer het, en dit is vas en waar omdat die belofte Jesus is. God se laaste Woord. Jesus ons ewige Hoëpriester. Alles wat ons het en wat kom, is gekoppel aan Hom en ons kan Hom **nou al ken** en deur Hom na God gaan agter die voorhangsel waar ons eendag sal wees.

Hebreërs 7:19:

*“:die wet het nie volmaaktheid bewerk nie.
Aan die ander kant het 'n beter hoop
ingetree, waardeur ons tot God nader.”*

Wees dus so geduldig in die storms soos Abraham!
Onthou jy waarmee die skrywer verlede keer geëindig het in vers 12?

*“Julle moet dus nie traag word nie, maar die
voorbeeld navolg van dié wat deur geloof en
geduld deel gekry het aan die dinge wat God
beloop het.”*

Hy het nou gewys waarom Abraham geduldig gewag het. Hoeveel te meer moet ons nie geduldig wag vir dit wat kom nie aangesien ons weet wat ons anker is.

Op hierdie oomblik voel jy dalk of alles verkeerd loop. Die lewenstorms ruk en pluk aan jou boot en die gekraak van die boot onder die inpak laat jou jou ore toedruk en jy is bevrees. Jy sien niks van God se beloftes van vreugde en vrede en rus nie. Jy is bang die boot gaan totaal losruk en homself te pletter loop.

Onthou: *Daar is 'n Anker!* Die Anker is veilig en onbeweeglik. Die Anker is nie ons getrouheid nie. Die anker is nie ons gevoelens nie. Die Anker is nie ons vashou aan die Here nie. *Die Anker is nie hier in die onsekere aardse bestaan geanker nie.*

Die Anker is in die hemel. Agter die voorhangsel. Daar waar Jesus is. Hy self is God se laaste ewige eedgesweerde belofte. God se Woord in Jesus is absoluut vas. Jy kan geen beter sekerheid hê nie. Geen hoër gesag om jou te waarborg dat jy **alles** sal verkry wat God belowe het nie.

HOOFSTUK 14: Hebreërs 7:1-

28

Deur die eeue heen was die kerk van Jesus Christus, Christene, ja ook ek en jy, geneig om terug te beweeg na 'n Ou Testamentiese tipe godsdiens.

Meer presies na die godsdienstige sisteem wat tot stand gekom het met die ontvangs van die wet, of ou verbond, op die berg Sinai.

Kom ek verduidelik:

As ons praat van verbond, praat ons van 'n ooreenkoms tussen twee partye. Die ooreenkoms tussen God en die volk Israel by die Sinai berg was die volgende: **God sal vir hulle 'n God wees en hulle moet Sy volk wees.**

Hoe moes hulle vir Hom 'n volk wees? Daar is baie voorskrifte vir al die verhoudings. Die 10 gebooie en al die ander voorskrifte vir verhoudings is duidelik neergeskryf.

Baie belangrik: *Die enigste manier hoe hulle in God se teenwoordigheid kan kom is deur priesters.*

Hierdie priesters was gewone mense uit die volk maar spesifiek persone uit die stam Levi. Net hulle kon priesters en hoëpriesters word. Hulle het offers gebring namens die Israeliete wat die voorskrifte van God vir hulle lewens oortree het. Verder het net die Hoëpriester een maal 'n jaar voor God verskyn in die allerheiligste, die plek agter die voorhangsel waar die verbondsark was. Dit was die plek wat God uitgekies om onder

die volk te woon. Elke jaar moes hy vir die volk op die groot versoensdag versoening doen.

Die gewone Israeliet kon dus nie self in God se teenwoordigheid kom nie. Ander, spesiale gesante, nl. die priesters en hoëpriester het in hulle plek na God gegaan en versoening vir hulle sondes gedoen.. Die volk se verhouding met die priesters en hoëpriesters was hoegenaamd nie intiem nie. Dit het die priester ook nie eintlik iets gekos om te offer nie. Hy het 'n dier in die plek van die persoon wat gesondig het, geoffer. Hierdie offers is jaar in en jaar uit herhaal. Dit geld ook vir die hoëpriester wat een maal elke jaar, weer en weer versoening moes doen. **Sonde is dus nooit volkome veggeneem nie.**

Dit het alles geweldige implikasies: Die hele sisteem as 'n mens dit so van buite bekyk, was baie onpersoonlik en nooit afgehandel nie. Dit het saamgehang met wette op papier, priesters en hulle spesiale klere en al die rituele wat uitgevoer is in die tempel. Ooffers is net weer en weer en weer gebring. Maar, die gewone Israeliet het as't ware op 'n afstand toegekyk, bewus dat sy sonde nie finaal vergewe is nie.

Dit is na hierdie sisteem wat die kerk van Jesus altyd terug neig. Selfs na die reformatie het dit terug gekom binne die kerk. Daar is gebreek met die Roomse sisteem wat verlossing betref. Klem is gelê op die feit dat ons gered word deur wat Jesus gedoen het en nie die sakramente nie. Daar is gebreek met al die gewade en beelde ensomeer. Tog het die priesters en gewade weer in 'n sekere vorm teruggekeer. Baie gou het protestantse predikante in die oë van die gewone Christen, priesters geword. Hulle het selfs anders aangetrek. Hulle is gesien as die persone wat noue

kontak met God gehad het. Hulle kan vir jou bid. Net hulle verstaan die Bybel...

Ons is nou nog nie heeltemal vry daarvan nie. In sommige kringe is daar natuurlik 'n openlike terugkeer na dinge wat in die tabernakel gevind is, soos onder andere gewade, en die aanstel van priesters.

Selfs by ons wat onself nie heeltemal daarby skaar nie, neig almal om die Christelike lewe te verbind met sekere mense. Sekere name. Die Calvyns, en Luthers en Spurgeons en MacArthurs en die Pipers. Hulle word ons priesters. Ons praat oor *hulle*. Ons lees wat hulle skryf en wat hulle sê, want hulle het kontak met God. Ons dink nie eintlik ons kan die Bybel regtig reg verstaan op ons eie nie, en baie van ons is nooit seker of ons gered is nie.

Wat is verkeerd hiermee?

Dit was was nooit God se bedoeling nie! Die hele onpersoonlike sisteem, wat eintlik deur ander in my plek bedryf word, waarin ek nooit seker is van verlossing nie, het 'n tydelike funksie gehad. Daar was 'n kort tyd in die geskiedenis wat dit deur God ingestel is, maar dit was nooit die bedoeling nie.

Ek wil hê jy moet oortuig wees hiervan – en jy moet besef wat God vir jou en my wil en jy moet sien hoe sentraal Jesus in dit alles is.

Wat het dit te doen met Hebreërs?

Wel, in hierdie gemeente was daar die geneigdheid om terug te keer na die Ou Testamentiese sisteem. Die skrywer doen alles in sy vermoë onder leiding van die Gees om vir hulle te wys hoe dwaas dit is. Hy wil hulle laat verstaan dat hulle uitmis op iets beter.

Š Die onvolmaaktheid en tydelikheid van die Ou verbond

“Dit was in samehang met die Levitiese priesterskap dat die volk die wet van Moses ontvang het. As hierdie priesterskap volmaaktheid kon bewerk, waarom was dit dan nog nodig dat 'n ander priester volgens die priesterorde van Melgisedek aangestel moes word.....” (Heb 7:11).

Die punt is dus: Die priesterskap wat deel was van die Ou Verbond sisteem kon *nie volmaaktheid* bereik nie. Die woord volmaaktheid in Hebreërs, soos ons reeds genoem het, het die betekenis van voltooiing. Kortweg: Die priesterskap was nie die eindpunt van God se bedoeling nie!

“Aan die een kant word die vroeëre bepaling dus afgeskaf vanweë die kragteloosheid en nutteloosheid daarvan: die wet het nie volmaaktheid bewerk nie” (Heb. 7:18-19).

Hier word dit baie duidelik - die hele vroeë bedeling met die priesterskap was kragteloos en nutteloos en nie volmaak nie. As die skrywer sê dit was kragteloos en nutteloos, wel, dan is dit kragteloos en nutteloos in vergelyking met die nuwe. Dit was goed en reg en het sy plek gehad vir 'n tyd.

Die implikasie is die volgende: Die ou verbond, met die hele sisteem waarvan die priesterskap deel was, was tydelik en nie

volkome nie. Daar is nie sekere dinge van hierdie sisteem wat nog bly nie. As een aspek vervang word, beteken dit die hele sisteem word vervang. Dit was 'n eenheid!

Š Melgisedek as teken van iets meer (7:1-10)

Waarom voeg die skrywer die hele gedeelte van Melgisedek in?

Kom ek probeer dit kort stel: Die skrywer wil wys dat God doelbewus die gedeelte in Genesis 14 waar Abraham 'n tiende gee vir Megisedek, in die Skrif gesit het. God sorg doelbewus dat daar niks oor Megisedek se agtergrond gesê word nie, om te wys hierdie priester wat ook koning is, is nie uit die Leviete nie. So die Levitiese priesterskap wat sou kom was nie die enigste en finale priesterskap nie. Uit Genesis 14 is dit duidelik dat hierdie Melgisedek groter was as Abraham en groter as die priesters, want as Abraham vir hom tiendes gee, dan gee die priesters eintlik ook alreeds vir hom tiendes en bewys so dat hy meer is.

Die priesters sou uit die nageslag van Abraham kom en was in daardie sin daarom reeds in Abraham toe Abraham die tiendes gee. Die punt is, hierdie figuur het hier in Genesis verskyn om te wys dat daar so iets soos 'n anders priesterskap is.

Die skrywer wil dus aandui dat God van die begin af 'n beter priesterskap in gedagte gehad het, en die Levitiese priester was 'n afbeelding van iets meer.

In Psalm 110:4 is daar 'n aanduiding dat die Messias 'n priester volgens hierdie orde gaan wees.

Die punt wat die Hebreër skrywer wil maak, (hou Psalm 110:4 in gedagte) is dat God Melgisedek alreeds daar in Genesis 14 laat verskyn het om te sê:

“My seun kom en Hy gaan só ‘n Hoëpriester en Koning wees. Hy gaan ware geregtigheid en vrede bring, Hy is nie maar net nog ‘n Levitiese priester nie. Hy het geen begin of einde nie. Hy bly Priester vir ewig.”

Š *Die beter verbond en volmaaktheid*

Wat die skrywer dan verder in hierdie gedeelte doen is om dwarsdeur te wys dat die Ou Testamentiese bedeling nie opweeg teenoor dit wat nou moontlik is nie.

Let op hoe dikwels die term *beter* genoem word:

- Jesus is ‘n *beter* priester en die enigste en laaste (7:7, 24)
Kom ons hou op om predikers, wie dit ookal mag wees as priesters te sien. Ja, natuurlik kan ons leer by hulle – maar onthou, Jesus is ons enigste, finale, ewige Hoëpriester.

- Ons het nou ‘n *beter* hoop (7:19)

Ons het in die vorige hoofstuk gekyk na die *beter* hoop wat ons het. Ons het gesien die hoop waarvan Hebreërs praat, is vas en seker soos ‘n anker, omdat God dit beloof het en met ‘n eed bevestig/gesweer het. Wat is dit? Wel, eintlik niks anders as Jesus en alles wat Hy vir ons is en gaan gee in die ewige lewe nie. Jesus ons Hoëpriester, wat reeds agter die voorhangsel in die hemelse Heiligdom is vir ons – en ons is daarheen op pad.

Dit is *beter* as die hoop wat Abraham gehad en *beter* as wat Israel gehad het onder Moses.

Wat hy hier sê is dat ons *deur Jesus*, tot God *kan nader*. Iemand anders nader nie God namens ons nie!

Dit wys dat ons hoop baie **beter** is!

Š *Ons het deel aan 'n beter verbond (Heb. 7:22)*

As die skrywer praat van 'n beter verbond waarvan Jesus 'n borg geword het, kontrasteer hy dit spesifiek met die Ou Verbond. Die verbond op Sinai, wat te make gehad het met al die stipulasies en die tabernakel en die priesters. Dit is nie die verbond met Abraham nie.

Wat is nou anders en beter aan dié verbond?

§ Die hele verhouding is nou weer persoonlik en intiem soos God dit aanvanklik bedoel het (vgl. Gen. 1-2). As die skrywer sê die verbond waarin ons nou staan is *beter*, dan wil hy sê ons is in 'n beter huweliksverhouding met God, soos dit aan die begin was. Ons self, elkeen van ons van die kleinste tot die oudste wat in Jesus is, ongeag hoe swak en sukkelend ons ookal geestelik is, kan self tot God nader. Kyk na vers 25! Ons kan self na God gaan, deur Hom!

§ Ons kan weet ons is elke oomblik absoluut aanvaarbaar voor God (vers 25). Ons nader tot God deur Hom. Hy tree vir ons in. Hoekom is **HY** aanvaarbaar vir God. Kyk na vers 26:

“Vir ons was so 'n hoëpriester nodig, een wat heilig, skuldeloos en sonder smet is, verwyder uit die midde van die sondaars en verhoog bo die hemele.”

Wat is die implikasie hiervan? As ons deur Jesus na God gaan beteken dit as God na ons kyk sien hy iemand wat heilig, skuldeloos en sonder smet is, verwyder uit die midde van die sondaars en verhoog bo die hemel!

Baie belangrik: *God sien jou elke dag en elke oomblik só, want Jesus leef elke oomblik voor God vir jou!*

§ Ons verlossing is volkome (vers 25 & 27). Dit beteken daar kom niks kort nie. Ons hoef nie self 'n deeltjie by te dra nie. Ons hoef nie weer en weer verlos te word nie. Die offer wat Jesus gebring het was nie net 'n dier in ons plek nie, maar Homself! Dit is vas vir ewig
Luister weer na die volgende:

“Aan die een kant word die vroeëre bepaling dus afgeskaf vanweë die kragteloosheid en nutteloosheid daarvan: die wet het nie volmaaktheid bewerk nie. Aan die ander kant het 'n beter hoop ingetree, waardeur ons tot God nader. Dit het nie sonder die bevestiging met 'n eed plaasgevind nie. Die Leviëte het wel priesters geword sonder die bevestiging met 'n eed, maar Jesus met 'n eed deur God, wat vir Hom gesê het: “Die Here het dit met 'n eed bevestig en Hy sal dit

nie herroep nie: 'Jy is priester vir ewig.' Die wet stel mense as hoëpriesters aan, en mense het swakhede; maar die uitspraak wat met 'n eed bevestig is en wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan as ewige en volmaakte Hoëpriester" (Heb 7:18-21&28).

Jy sien God se Woord is op die spel. Jou verlossing is seker, nie omdat jy dit gedoen het nie, maar omdat God met 'n eed gesweer het dat Jesus 'n ewige en volmaakte Hoëpriester vir jou is.

Š Nader aan ons lyf

Hiermee dan 'n paar vrae wat jy jouself moet afvra:

- Sien ek vanoggend helder en duidelik die verskil tussen die Ou bedeling se verhouding tot God en dit wat nou moontlik is deur Jesus?
- Waar staan ek? Is die Christelike lewe nog steeds vir my iets wat ander in my plek doen – en ek praat oor hulle, en bewonder hulle i.p.v dat ekself na God gaan deur Jesus?
- Glo ek dat ek, *nie iemand anders nie*, volkome aanvaarbaar na God kan gaan deur Jesus?
- Glo ek dat Sy verlossing volkome en seker is vir my? Glo ek dat my sonde weggeneem is vir eens en vir altyd, en dat ek nie hoef by te dra nie? Glo ek dat God se Woord en eer op die spel is in my redding en dat my redding daarom juis seker is?

- Sien ek helder en duidelik dat Christen wees nie net te make het met die wete dat ek eendag hemel toe sal gaan nie? Sien ek dat Christenskap oor baie *meer* gaan as net om te weet dat ek vergewe is? Dat ek tot God kan nader – elke dag?
- Hoe belangrik is Jesus al in my denke en woorde?
- Sien ek al dat die Ou Testament vol van Jesus is?
- Is ek al oortuig dat Jesus, en wat Hy bewerk het, nog altyd God se plan was?

As ek hier klem lê op die *ek* wil ek dit nie doen ten koste van die *ons* nie. Met ander woorde dit beteken nie dat ek individualisme voorskryf nie. Maar ek doen dit om 'n sekere gevaar van onpersoonlikheid hok te slaan.

Die klem in Hebreërs is altyd ook op die *ons*. Ons as gemeente saam. Ons is saam deel hiervan. Ja, elkeen kan self tot God nader maar altyd as deel van ander wat dit ook kan doen! Dit is waartoe ons mekaar moet aanspoor.

HOOFSTUK 15: Hebreërs 8

Wat sou jy iemand antwoord wat die volgende opmerking maak:

Daar is eintlik geen verskil in die praktyk tussen 'n toegewyde, nie radikale Moslem, en 'n Christen nie.

Iemand vertel my die ander dag van die Shaik van Dubai wat “eintlik maar glo wat ons glo.” Hy stel God eerste, begin sy dag met God en leef volgens al die Christelike beginsels van eerlikheid en vriendelikheid, naastediens ensomeer. (Wat al hierdie dinge betref, laat baie wat die naam Christen het, veel te wense oor.)

So wat is die verskil? Wat is so wonderlik en anders as dit kom by Christenskap?

Dink daaroor. Hebreërs 8 help ons hiermee.

Natuurlik kry ons nie in Hebreërs 8 'n vergelyking tussen die Moslem geloof en Christenskap nie, maar wel tussen, wat hierdie gedeelte noem, die ou en die nuwe verbond.

Jy weet nou al die ou verbond is die verbond wat ons in Eksodus 20 en verder kry en **nie** die verbond met Abraham nie. Dit is daardie ooreekoms tussen God en die volk wat by Sinai gesluit is. Daardie verhoudings ooreenkoms. Die inhoud van daardie verbond het bestaan uit al die stipulasies, opdragte en voorskrifte wat van die berg afgekondig is, asook uit die tent van samekoms. Alles wat hierdie verhouding tussen God en die volk

reguleer het. Die Nuwe Testament verwys dikwels na hierdie hele ou verbond as net *die wet* (bv. Galasiërs).

Hierdie verbond word dikwels in die Ou Testament saamgevat met die woorde: *Ek sal vir julle 'n God wees en julle sal vir my 'n volk wees.*

Hier is slegs twee van baie voorbeelde:

“Ek sal by julle bly en julle God wees, en julle sal my volk wees” (Lev. 26:12).

“Vervloek is elkeen wat ongehoorsaam is aan die bepalings van hierdie verbond wat Ek julle voorvaders beveel het toe Ek hulle uit Egipte, uit die ystersmeltoond, bevry het. Ek het gesê: Luister na My en doen alles wat Ek julle beveel, dan sal julle my volk wees en Ek sal julle God wees” (Jer. 11: 3b &4).

Wat die skrywer van die Hebreër brief hier in hoofstuk 8 doen is om hierdie verhoudings ooreenkoms te vergelyk met die verhoudings ooreenkoms tussen God en Sy kinders na die koms, lewe, sterwe en opstanding van Jesus. Die sogenaamde *nuwe verbond*.

Eenvoudig gestel: Die skrywer wys wat was waar van 'n Jood onder die ou verbond en wat is waar van 'n Christen onder die nuwe verbond.

As jy daarom wil weet hoe lyk 'n Christen, en of jy een is – wel,

toets jouself aan die volgende gedeelte wat die verskil tussen die twee verbonde uitgelig aan die hand van 'n paar opskrifte:

§ *Mislukking versus sukses*

“Maar nou het Jesus 'n voortrefliker priesterdiens gekry deurdat Hy Middelaar is van 'n beter verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is. As daar aan die eerste verbond niks kortgekom het nie, sou 'n tweede verbond nie nodig gewees het nie.

Maar God bestraf die volk oor hulle tekortkoming deur te sê: “Kyk, daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. Die nuwe verbond sal nie wees soos dié wat Ek met hulle voorvaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit Egipte uit te lei nie, want hulle het nie my verbond gehou nie, en Ek het hulle verwerp, sê die Here” (Heb. 8:6-9).

Wat probeer die skrywer sê?: Die nuwe verbond is beter, dit is 'n sukses, terwyl die ou verbond 'n mislukking was!

Hoekom was die oue 'n mislukking? Het God 'n fout gemaak? Was die opdragte en voorskrifte en stipulasies foutief?

Die antwoord is **nee**. Romeine 7:1 stel die vraag: “Is die wet dan sonde?” en Paulus kom tot die konklusie in vers 12 – “nee die wet is heilig, regverdig en goed.”

Waar lê die probleem dan? Die probleem het by die ontvangers van die wet, die ou verbond, gelê. Kyk weer na vers 8 – die hele rede vir die nuwe verbond is die “tekortkoming” van die volk of as jy kyk na vers 9b, “*want hulle het nie my verbond gehou nie*”, daarom het die Here hulle verwerp.

In Jesaja 5 kry ons daardie lied oor God se wingerd. Israel word voorgestel as 'n wingerd en dan word daar beskryf wat God alles vir die wingerd gedoen het in die gee van die ou verbond. God sê dan Hy het verwag dat hulle sou druiwe dra, maar hulle het suur druiwe gedra.

Sien, die fout was by die ontvangers!

Hulle kon nie die verbond hou nie, hulle kon nie die voorskrifte nakom nie. Hoekom nie? Nie omdat die voorskrifte verkeerd was nie – nee, dit was as gevolg van die realiteit van sonde.

“Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het met die sonde afgereken deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur; so het Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel” (Rom 8:3).

Sonde was die probleem, en hierdie probleem het veroorsaak dat hulle nie kon wees wat God wou hê hulle moes wees nie. Dit het veroorsaak dat God hulle verwerp het. Hulle het nie aanvaarheid en toegang tot God gehad nie. Dit het hulle onder God se oordeel gebring.

As ons dit in gedagte hou, verstaan ons hoekom die nuwe

verbond beter is en ons verstaan hoekom Hebreërs 8 begin om na die Hoëpriesterskap van Jesus te verwys.

Jy sien, dit wat beter is aan die nuwe verbond draai alles rondom die persoon en werk van Jesus. Kyk weer na vers 6. Die beter beloftes waarop die verbond gegrond is, is natuurlik dit waarvan Hoofstuk 7 gepraat het.

Blaai gou na Hebreërs 7:19-21:

“...: die wet het nie volmaaktheid bewerk nie. Aan die ander kant het 'n beter hoop ingetree, waardeur ons tot God nader. Dit het nie sonder die bevestiging met 'n eed plaasgevind nie. Die Leviete het wel priesters geword sonder die bevestiging met 'n eed, maar Jesus met 'n eed deur God, wat vir Hom gesê het: Die Here het dit met 'n eed bevestig en Hy sal dit nie herroep nie: ‘Jy is priester vir ewig.’”

Die beter beloftes van die nuwe verbond het te make met die eed gesweerde belofte van God dat Jesus 'n ewige Hoëpriester is. Maar wat beteken dit?

- Dit beteken dat ons volkome vergifnis het sodat ons vry staan voor God, en volkome verlos is deur die werk van Jesus. God het dit gesweer. Sy woord en naam is op die spel!
- Dit beteken dat ons altyd Iemand het wat vir ons intree by God (7:25). God het dit gesweer. Sy woord en naam is op die spel.

Onthou altyd weer hoe lyk die Een wat vir ons intree voor God is (7:26) God sien ons dus as mense wat heilig, skuldeloos en sonder smet is verwyder uit die midde van die sondaars en verhoog bo die hemele!

Onder die ou verbond was dit nie moontlik nie! Die hoëpriesters kon nie dit bereik nie. Dit was die groot rede waarom die ou verbond misluk het, want die mense van die ou verbond het heeltyd voor God gestaan as onheilig, vol skuld en vlek, ten spyte van al die goeie voorskrifte – want hulle kon dit nie nakom nie.

Daar is meer aan hierdie nuwe verbond. Daar is nog redes waarom dit suksesvol is.

Š *Uiterlik versus innerlik*

Nie net staan ons in die nuwe verbond voor God as aanvaar, skuldeloos en heilig nie, maar in praktyk, in die lewe hier en nou, *kan ons* al meer doen as wat die Jode onder die ou verbond nie kon doen nie. Ons kan 'n lewe leef wat die volk onder die ou verbond nie kon leef nie deur vrug te dra (vgl. Joh.15). Dit, is net so belangrik om te verstaan. Onder die ou verbond was die uiterlike, die kultiese voorop. Al die wette en stipulasies was uiterlik - buite jou.

Nou is dit binne jou, innerlik.

“Dit is nou die verbond wat Ek met Israel na daardie dae sal sluit, sê die Here: Ek sal hulle my wette in die verstand gee, op hulle harte sal Ek dit skrywe; Ek sal hulle God

wees, en hulle sal my volk wees” (Heb. 8:10).

Die vraag is nou of dit maar net die ou siteem is wat nou in my hart is en nie meer ‘op papier’ buite my nie. Nee, daar is meer – want die hele sisteem is beter! Kyk, dit waarvan Jeremia 31:31-34 praat, wat die Hebreër skrywer hier aanhaal, word in Esegïël 1 36 net in ander woorde beskryf en dit help ons. Luister na Esegïël

“Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee.

Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.”(Eseg. 36:26-27).

Esegïël sê dit wat veroorsaak dat ons nou volgens God se voorskrifte leef, is die Gees. Maar die Gees wat nou in ons leef is ook niemand anders as die Opgestane Jesus nie. Paulus sê in Galasiërs 2:20. *Christus* lewe in hom.

Dit is so belangrik: Wat in ons is is nie net weer 'n klomp reëls en regulasies wat eers op ‘papier’ was nie – nee, daar is 'n lewende Persoon in ons. Die Persoon van die Heilige Gees of as jy wil Jesus. Dit beteken dat die “wette” in ons binneste meer is, dieper is, voller is, as wat onder die ou verbond waar was.

Jy ken waarskynlik die uitsprake van Jesus in Matteus 5:21 ev *Julle het gehoor... maar Ek se vir julle....* Jy sien Hy het gekom om die wet te vervul tot volhied (Matt. 5:17). **Nie** om dit net

weer her in te stel nie.

Ons behoort aan 'n heel nuwe verbond. Dit is interessant dat Paulus, wanneer daar 'n saak van seksuele losbandigheid in die gemeente is, nie vir die mense herinner aan die wet van Moses wat sê hulle mag nie egbreuk pleeg nie, nee, hy wys daarop dat hulle nou tempels van die Heilige Gees is! (1 Kor. 6: 18 -19).

Om dit eenvoudiger te stel: Hoe sal iemand wat vandag, hier en nou, deel het aan die nuwe verbond praat, teenoor iemand wat hier en nou, vandag nog lewe volgens die ou verbond?

Kom ons praat van die *ou* en die *nuwe* persoon.

Ø *Die ou persoon sal sê:*

“Ek gehoorsaam die wet want ek het nog nooit my vrou verneuk nie, en die wet sê mos jy mag nie egbreuk pleeg nie..”

Û *Die nuwe persoon sê:*

“Ek wil nie kyk na ander vrouens op 'n onbetaamlike manier nie want dit bedroef die Gees wat in my is. Jesus wil hê ek moet my vrou liefhê soos Hy die gemeente lief het. Ek is nog nie daar nie, maar ek pleit vir vergifnis en vra vir hulp om dit al meer en meer reg te kry.”

Ø *Die ou persoon sal sê:*

“Is dit verkeerd om 'n flik te kyk met naaktheid en seks – is daar 'n wet teen dit? Ek meen ek is al 18!”

Û *Die nuwe persoon sal sê:*

“Ek kan nie na sulke dinge kyk sonder om omgekrap te wees in my binneste nie. Die Gees, Jesus, in my, wil hê ek moet rein bly en niks te doen hê met die vrugtelose praktyke van die duisternis nie.” (Ef. 5)

Ø *Die ou persoon vra:*

“Is dit verkeerd om 'n paar drankies te drink... ek is darem nie dronk nie. Daar is mos geen wet wat sê jy mag nie drink nie.”

Ü *Die nuwe persoon sal sê:* “Ek wil niks doen wat my broer of suster laat struikel nie. So al is daar niks eksplisiet verkeerd met drank nie, is daar tye wat ek niks gaan drink nie.”

Ø *Die ou persoon sal sê:*

“Ek het nog nooit iets van my buurman gesteel nie. Ek voel goed want ek het die wet nagekom.”

Ü *Die nuwe persoon sê:*

“My buurman kry swaar en al is daar geen wet wat sê ek moet hom help nie, beweeg iets in my om hom te help met alles wat ek het, want dit is wat Jesus vir my gedoen het.”

So kan ons aangaan.

Daar is nog 'n verskil tussen die oue en die nuwe wat die skrywer hier uitlig.

Š *Formeel versus intiem*

Het jy al hieraan gedink – Hoe het ‘n gewone Israëliet geweet wat die Here wou? Wat was sy eie persoonlike kontak met die Here? Kon hy/sy sommer met die Here praat, vir vergifnis en hulp vra?

Nee. Moses het gehoor wat die Here wou en dit aan die volk oorgedra. Die Hoëpriester kon eenmaal 'n jaar voor God verskyn. Die gewone Israëliet moes tevrede wees dat alle kontak met die Here *via* Moses en die Hoëpriester en ander priesters

geskied.

God was vir alle praktiese doeleindes eintlik vêr van hul eie, persoonlike beleving. Galasiërs 4 gaan sover om te sê, die posisie van die Israeliet onder die ou verbond was niks anders as 'n slaaf nie. In ons terme, 'n plaasarbeider teenoor sy baas. Terwyl die posisie van ons onder die nuwe verbond, is dié van 'n kind teenoor sy pa. Gaan lees gou Galasiërs 4:1-7.

Hoe lyk die “ou” persoon vandag? Hy of sy is gelukkig as hulle erediense en selgroepe bywoon en bid vir hulle kos, en ‘n dagboekie voor hulle bed het, en darem 'n geldjie vir die kerk gee.

Die nuwe persoon doen dit alles maar is ongelukkig as hy of sy nie ook alleen tyd elke dag met die Here spandeer waar hy/sy uitroep; “My Vader ek het U lief, help my om U te eer vandag...”

Š Afbeelding versus realiteit

Die skrywer maak die verstommende opmerking dat die hele ou verbond eintlik net 'n afbeelding was van die realiteit. Dit was nie die realiteit van wat God vir die mens wil nie (Heb. 8:2 &8).

Hy begin om te verwys na die feit dat die hele tabernakel met alles daarin, en alles wat daar gebeur het, net 'n afbeelding was van 'n *ander* tabernakel/tempel met alles daarin en alles wat daarin gebeur.

Ons weet die tabernakel het aan die hart van die ou verbond gelê.

So wat God vir Moses gewys het was die ware Jakob en Moses

moes sorg dat 'n afbeelding daarvan gemaak word.

Die implikasie is dit: Alles wat daar was en daar gebeur het was net 'n afbeelding van die eintlike wat sou kom.

Een van die dinge daar wat nie die eintlike was nie, maar net 'n afbeelding, was die persoon en werk van die hoëpriester. Daarna het ons nou al gekyk. Ons het gesien dat Jesus gedoen het wat die hoëpriester in die Ou Testament gedoen het, maar dat Hy baie meer is en meer gedoen het. Jy sien die hoëpriester op aarde, in die tabernakel, het gestaan vir 'n afbeelding van die ware Hoëpriester. Natuurlik kan 'n afbeelding nooit wees en doen wat die eintlike kan wees en doen nie.

Die punt van Hebreërs 8 is dit: Die eerste lesers van Hebreërs en ons, Christene, is besig met, en het deel aan die ware Jakob, REALITEIT!

Kom ek verduidelik dit só: Ons weet daar is 'n reuse verskil tussen waarmee kinders besig is en waarmee volwassenes besig is. Kinders kan dokter-dokter of juffrou-juffrou speel en wat nog alles – dit is in 'n sin 'n afbeelding van die ware ding, maar dit is
nie die ware ding nie.

Die hele wetsistiem (ou verbond) was soos 'n kinderopasser (Gal. 3:22-23). Al die wette en dae en tye en maande, was soos regulasies wat jy vir 'n kleuter gee. Nou is ons soos volwasse 'kinders'. Ons het nie meer voorskrifte of reëls vir alles nodig nie. Ons kan nou met die beginsel van liefde vir die Here, en liefde vir die naaste, onder leiding van die Persoon van die Gees, soos volwasse kinders besluite neem.

Waarmee is jy besig? Die oue of die nuwe?

As iemand weer vir jou vra: “Wat is die verskil tussen 'n Christen en 'n Moslem in die praktyk?” – wel ek hoop jy kan na dese 'n beter antwoord gee!

HOOFSTUK 16: Hebreërs

9:11-27

Verbeel jou vir 'n oomblik jy is in die situasie waar jy elke dag op straat moet staan en bedel net om aan die lewe te bly. Jy is half blind, en die toestand vererger, wat dit onmoontlik maak om 'n werk te kry. Die lewe is haglik. Elke dag is 'n pyniging. Nie geld vir kos of behuising nie, en dan kry jy die nuus dat iemand sy testament aan jou bemaak het. Die bedrag aan jou bemaak is genoeg om te betaal vir 'n operasie wat jou sig kan herstel, die beste behuising kan koop, en jou vir die res van jou lewe in weelde te laat lewe. Jy is verstom. Dan hoor jy iets nog meer ongelooflik en onbegryplik. Die man wat hierdie testament aan jou bemaak het, het doelbewus as 'n huursoldaat in Irak gaan werk sodat hy kon sterf en jy dit wat die testament bevat, kon erf.

Wat sou in jou binneste gebeur? Wat sou jou gevoelens en emosies wees?

In hierdie gedeelte wat ons gelees het kry ons 'n soortgelyke verskynsel, maar net baie meer ingrypend en radikaal as hierdie verhaaltjie.

Ons het in die vorige hoofstuk gesien dat die wat aan Jesus Christus behoort, deel het aan 'n nuwe verbond. Dit word die nuwe verbond genoem omdat daar 'n ou verbond was. Dit is die verhoudings ooreenkoms wat God met Moses en die volk gesluit het by Sinai. God sou vir hulle 'n God wees. Hulle moes Sy volk wees. As Sy volk, moes hulle verskillende voorskrifte

nakom, sekere offers bring en rituele uitgevoer. Dit was die manier waarop hulle vir God geleef het.

Die punt van Hebreërs 8-10 is dat hierdie nuwe verbond beter is. Die skrywer gaan so ver as om te sê dat alles wat plaasgevind het onder die ou verbond, 'n afbeelding was van die ware verhouding wat God met die mens wil hê. Dit was nie die realiteit nie. Mense onder die ou verbond kon nie in 'n intieme verhouding met God leef, Hom werklik ken, en vrug dra soos wat Hy verlang het nie. Die groot rede daarvoor is dat hulle sonde nog bly staan het tussen hulle en God. Alles wat hulle gedoen het was nog net uiterlik, van buite, nie van binne nie. Al die offers en al die bloed wat vergiet is, kon nie werklik hulle skuld vergewe nie, en kon nie maak dat hulle regtig rein voor God was sodat hulle in 'n intieme verhouding met Hom kon staan nie.

Anders gestel: Die hoëpriesters onder die ou verbonds se offer kon nie werklik mense rein maak van sonde nie – want dit was net 'n afbeelding van iets beter. Daarom moes hy weer en weer elke jaar 'n offer bring – vir tydelike uiterlike reiniging – maar die skuld van sonde het bly staan.

In hierdie hoofstuk gaan ons kyk na die gedeelte wat begin met 'n verwysing hierna (Hoofstuk 9:11-13).

Die stelling word gemaak dat Jesus die middelaar is van hierdie beter verbond (vers 15). Dit beteken Hy staan tussen God en ons, soos Moses tussen God en die volk gestaan het. Hy is die Een wat hierdie nuwe verbond instel. Hy is die Een wat tussen God en mens staan. Ons weet nou egter al wie Hy is. Heb 1:1- 3 het dit duidelik gemaak dat Hy een is met God, Hy is God. God die Seun.

Kortweg, **Jesus, God met ons, is die insteller van die nuwe verbond.**

Š 'n Testament/verbond net van krag as 'n sterwe plaasvind

Dit bring ons by 'n interessant ding. As jy beide 'n 1983 en 'n 1953 vertaling voor jou het, sal julle sien dat Heb 9: 15 in die '53 vertaling lees: "*En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament,*" terwyl die 1983 vertaling lees; "*Daarom is Hy ook die middelaar van 'n nuwe **verbond.***" As ons verder lees sien ons dat die skrywer in vers 16-17 daarop wys dat 'n testament net van krag, eer geldig word wanneer die testamentmaker dood is.

Wat gaan hier aan? Wel ons moet verstaan dat die woord verbond en testament dieselfde woord in Grieks is.

Wat ons dus moet sien is dat die beter verbond waarvan hoofstuk 8 begin praat het, die beter orde van (9:10b), die weldade wat nou verwesenlik is (9:11) en die beloofde erfenis (9:15b), is niks anders as 'n testament wat bekragtig is nie. Dit is wat ons erflating is! Dinge wat nou reeds ons deel is en dinge wat nog kom.

Die skrywer wil hê ons moet sien dat die nuwe verbond, alles wat ons verkry, wat ons s'n word – die volkome vergifnis en die beter verhouding wat van binne kom, en die ewige bestemming, kon net ons s'n word deur die dood van die Testamentmaker (9:15b-16).

Wie is die Testamentmaker van die nuwe verbond?
God die Seun, Jesus Christus.

Ons sien met ander woorde die onbegryplike liefde van God. Hy wil hê ons moet die heerlikhede van die nuwe verbond nou en die ewige erfenis later beleef. Hy wil dit so graag hê. Hy het ons ten spyte van wat ons is, *so* lief dat Hy bereid is om te sterf as offer sodat dit ons sin kan word.

Š Die bloed en die self opofferende liefde van God

Nou moet jy iets raaksien wat jou denke sal laat duisel. Ons weet nou reeds dat alles onder die ou verbond ‘n afbeelding was van die realiteit. Spesifiek was dit wat in die tabernakel gebeur het, die offers en bloed, ‘n afbeelding van die hemelse heiligdom (8:5; 9:11,23,24). Vers 18-22 beteken dat die bloed van offerdiere onder die ou verbond op ‘n manier ‘n afbeelding, ‘n voorstelling was van die self opofferende liefde van God!

Ons moet onthou dat alles wat in die tabernakel en latere tempel gebeur het, en al die voorwerpe wat in die aanbidding gebruik sou word – alles moes met bloed besprinkel word.

Jy sien die Hebreër skrywer wil hê sy lesers moet sien wat hierdie bloed onder die ou bedeling reeds as’t ware uitgeroep het:

“Alles wat hier gebeur sal julle laat deel hê aan hierdie verbond, alles wat julle doen, kan gebeur as gevolg van My self opofferende liefde. Julle sien nou die bloed van diere wat in julle plek geslag word, maar dit is ‘n afbeelding van My bloed wat gaan vloei - die Testamentmaker - sodat al hierdie dinge realiteit kan word. Die dien en aanbid van My sal werklik en

intiem wees, en julle sal werklik voor my kan leef en verskyn soos in Eden.”

Ongelooflik. God sou Sy eie bloed gee.

Hulle moes verstaan, en ons moet verstaan dat *niks* wat hulle gedoen het in hulle aanbidding, geboue, liturgie, ja hulle self, kon sonder God se self opofferende liefde aanvaarbaar wees nie. Daarom die bloed. Alles was afhanklik van die self opofferende liefde van God. Van Sy genade.

Dit beteken implisiet ook alles wat ons doen in ons aanbidding van God is net aanvaarbaar voor Hom op grond van die bloed van Jesus.

Š Die dood van die die Testamentmaker van nader bekyk...

Ons lees dit alles so maklik, maar sien ons wat hier staan? Lees net weer vers 11 – 13!

Onder die ou verbond het die hoëpriester een maal ‘n jaar die allerheiligste van die aardse tabernakel ingegaan. Hy het sy hande op die offerdier gelê en dit dan voor God geoffer. Die gedagte was dat die sonde van die volk op die dier oorgepra word. Die simboliek was dit: Wat die sterwe laat plaasvind het, was God wat Sy gesig draai na die offer. As die hoëpriester nie sterf nie het God die offer aanvaar. Hy het dan aanvaar dat die sonde nou op daardie dier oorgepraas is. Die dier sterf. Groot verligting vir die hoëpriester wat bly leef!

Hierdie verskyning voor God met die offerdier was angswekkend vir die hoëpriester – hy kon sterf. Soos reeds genoem, moes hierdie offer jaar na jaar herhaal word.

Wat ons nou hier in Hebreërs vind is onbegryplik. Jesus, God self, het as Hoëpriester nie ‘n offer waarop sonde oorgedra is aan God geoffer in die allerheiligste van die tabernakel nie, nee, Hy het Homself, soos ‘n dier, laat offer – dit is hoe Hy voor God verskyn het. In ons plek. Wat op Hom gelaai is, is jou en my sonde. Kyk na vers 24.

Dit is wat gebeur as Jesus vasgespyker word aan ‘n houtkruis, bebloed met Sy eie bloed. Die kruis die offerhout. In die oomblikke van duisternis en aardbewings op Golgota, verskyn Hy as offer voor God.

Dit was geen ligtelike offerande nie. Eers na drie dae weet ons die uitslag wanneer Jesus lewend verskyn. Halleluja! Die offer is aanvaar. Dit was **só** volkome en volmaak, dat dit net eenmaal plaasgevind het om nooit weer herhaal te word nie.

Waarom so ‘n radikale stap? Waarom is alles so dramaties, drasties, wreed en ingewikkeld? Waarom, ja waarom al hierdie lang stukke oor die offers en bloed en dood.

Kan God nie maar net vergewe nie. Dalk dink jy hoekom is God nie so goedhartig soos ons nie?

‘n Franse sinikus het eenmaal gesê: “Die goeie God sal my vergewe, dit is sy werk.”

As jy so redeneer verstaan jy nie wie God is nie.

Carnegie Simson stel dit so: “*Forgiveness is to man the plainest of duties; to God it is the profoundest of problems.*”

Hoekom so moeilik vir God? Wel, as gevolg van wat sonde is en as gevolg van wie God is.

Kom ons kyk net na wat ons hier in Hebreërs 9 omtrent sonde en God sien en dan dink ons bietjie verder. Hierdie is net die spits van die ysberg oor waarheid in hierdie saak.

In 9:14 word daar gepraat van daad wat tot die **dood** lei. Jy sien alles wat onder die ou verbond gedoen is, ja, selfs al die daad van aanbidding word hier beskryf as daad wat na die dood lei. Hoekom? Want dit is besmet met sonde. Die loon van sonde is die dood (Rom. 3:23).

Onthou lewe is volgens God alles wat in verhouding met Hom, ander mense en die omgewing gedoen word, en dood is om uit verhouding met God, mekaar en die omgewing te wees. Dus, alles wat jy doen as jy nog in hierdie ‘dood’ toestand is, is dooie werke, en dit verdien die ewige dood wat dit is nie lewe nie!

In hoofstuk 9:27 lees ons van oordeel en in 9:24 lees ons dat die groot ding wat Jesus bewerk het deur Sy bloed wat gevloei het, Sy offer, is om voor God *te verskyn* in ons plek.

Ons weet nie hoe erg sonde is en hoe heilig en anders God is nie.

Inderdaad dink ek nie dit is te vergesog om te sê dat die gemiddelde mens rondom ons sonde sien as die oortreding van menslike standaarde, van die morele konsensus, van sosiale aanvaarbaarheid, van die stem van die gewete nie. Of dit word as ‘n gebrek aan selfrespek ver-sielkundig, sodat ‘skuld’ is om sleg te voel oor iets wat mens gedoen het. Bv: “Ek het nou gesondig deur hierdie sjokolade te eet!”

Ons dink dan dit is alles nie so erg nie...

Maar wat is hierdie sonde volgens die Bybel?

Die Nuwe Testament gebruik 5 Griekse woorde vir sonde, wat gesamentelik die verskillende aspekte van sonde uitbring, beide passief en aktief.

In kort is daar sprake van 'n objektiewe kriterium, of 'n standaard wat nie bereik word nie, of 'n lyn wat doelbewus oorgesteek word.

Deur die hele Bybel is dit duidelik dat hierdie kriterium of ideaal **deur God** vasgestel is. Dit is om die waarheid te sê, Sy morele wet wat Sy regverdige karakter uitdruk. Dit is nie net die wet van Sy eie wese nie, dit is ook die wet vir ons, aangesien ons na Sy beeld geskape is, en hierdie verwagtinge van Sy wet is in elke mens se gewete ingeskryf.

Sonde is daarom wetteloosheid. Anders gestel: Jy mis jou skeppingsdoel.

Die klem in die Bybel is verder ook op die goddelose selfgesentreedheid van sonde. Elke sonde is die verbreking van die eerste gebod. Nie net deurdadig ons nie God liefhet met ons hele wese nie, maar ons weier om Hom te erken en te gehoorsaam as ons Skepper en Here. Ons het die posisie van afhanklikheid, wat 'n noodwendige uitvloeiende is van die feit dat ons geskape is, verwerp, en ons wil nou onafhanklik wees. Sonde is in essensie 'n gebalde vuus teen God.

Kom ek stel alles bietjie anders: Dink aan die Hebreeuse term *shalom*. *Shalom* is meer as vrede. Dit is wanneer alles gesond en heel is, en deurtrek is van groot vreugde. Die profete het verlang na 'n tyd waarin die wêreld weer hierdeur gekenmerk sal word.

Shalom is hoe dinge **moet** wees, nl. elke mens en elke dier en ding doen waarvoor dit bedoel is, en staan ook in opbouende verhoudinge met mekaar. Stel jou voor! Dit is soos dit **moet** wees!

Verder: Sonde; jou sonde, my sonde is wanneer ons hierdie soort heelheid, vrede en vreugde as't ware stukkend trap en vertrap. Omdat hierdie *shalom* deur God daar gestel is en Sy begeerte is, is sonde 'n belediging vir God. Ek dink jy stem saam: God **moet** dit straf.

Ons vergeet dat die God waarvan Hebreërs praat, die God voor wie Jesus in ons plek verskyn, is soos dit in Hebreërs 12:29 staan, 'n veterende vuur. 'n God wat mense doodgemaak het in die Bybel, Ou en Nuwe Testament. Ons hou nie daarvan nie. Ons het *bumper stickers* met: *Smile Jesus loves you* maar jy sal lank soek vir een met: *Watch out, God might kill you*.

Hy is die absoluut heilig en Sy heiligheid en die mensdom se sonde kan nie bymekaar kom nie. Die Bybel wys dit op verskillende maniere.

Daar is eerstens die metafoor van **afstand**. Ons durf nie te naby aan Hom kom nie. Reeds vir Moses by die brandende bos sê God: "*Moenie nader kom nie...*" Toe God op Sinaï verskyn het, mag die volk nie naby die berg gekom het nie. Daar is 'n heining om geplaas. Die wat te naby gekom het, het gesterf. Toe die tabernakel, en later die tempel gebou is, het 'n gordyn, 'n voorhangsel, gekeer dat die gewone mens nie naby kon kom waar God teenwoordig is nie. Toe die Israëliete op die punt was om die Jordaan te kruis na die beloofde land, sê God in Josua 3:4: "*Hou 'n afstand van omtrent duisend meter tussen julle en*

die ark: moenie nader kom nie...” Ons weet almal wat gebeur met Ussia as die osse struikel en hy sy hand uitsteek om die ark te keer - hy sterf onmiddellik.

Dan is daar die metafoor van **lig en vuur**. God is Lig (1 Joh. 1:5). God is ’n verterende Vuur sê Hebreërs 12:29. Beide ontmoedig ’n té naby kom. Skerp lig is verblindend en ons oë kan nie die helderheid verduur nie; in die hitte van ’n vuur vermurwe en verkrummel alles weer. Dit is verskriklik om te val in die hande van ’n lewende God. Hy is ’n verterende Vuur (Heb. 12:29).

Laastens, maar sekerlik die skokkendste, is die metafoor van **voming**. Ons noem dit sommer opgooi. Dit is die liggaam se gewelddadigste reaksie. In ons vertalings sien mens dit nie raak nie, maar die Hebreeuse woord vir vomering word gebruik in die Ou Testament as daar gesê word hoe God voel oor die sonde van Israel. Die bekendste voorbeeld in die Nuwe Testament, waar dieselfde woord gebruik word, is in Openbaring 3:16. Die Griekse woord *emeo*, beteken niks anders as vomeer nie. Ons delikate opvoeding en dié van die vertalers skram weg hiervoor. Dit is egter wat daar staan. Die prentjie is skokkend. Die betekenis duidelik. God kan nie sonde en valsheid verdra, of verteer nie. Dit smaak nie net sleg vir Hom nie, dit maak Hom naar. Dit is so afskuwelik vir Hom, dat Hy daarvan moet ontslae raak. Hy moet dit uitbring...

God en sonde kan nie saam bestaan nie – dit is die punt. As *boosheid Hom nie tot heilige, regverdige woede uittart nie, sou Hy ons respek verloor en geensins meer God wees nie*. Hy kan nie sommer net vergewe nie, soos alreeds gesê is: Hy kan nie sommer net alles onder die mat van die heelal invec nie!

Hoe kan God Sy heiligheid uitdruk sonder om ons te verteer, en Sy liefde sonder om ons sonde goed te praat. Hoe kan Hy Sy heilige liefde tevrede stel? Hoe kan Hy ons red en homself tegelykertyd tevrede stel?

Hoe kan Hy 'n nuwe verbondsverhouding tot stand bring tussen ons en Hom sonder om op te hou om God te wees.

Wel, deur die offer van Jesus, die dood van die Testamentmaker. Want sien Jesus is God wat mens geword het.

Dit is duidelik uit die Ou Testament dat geen so 'n versoenende, oorgedraagde offer, versoening vir eens en vir altyd kon bring nie.

Dit moes daarom herhaal word (Heb. 10). Dit is ook duidelik dat die dood van 'n plaasvervangende diereoffer nie die reiniging van die mensheid kon bewerk nie. Dit was net uiterlik. Net sermonieël. Dit kon nie reiniging bewerk in so mate dat die mens se gewete hom nie meer kan aankla dat hy skuldig staan nie!

Nie eens die offer van 'n spesifieke persoon kon God se versoening van die mensdom en die wêreld bewerk nie. Om met sonde te handel, eens en vir altyd, en op 'n manier wat laat reg geskied aan beide God se liefde en God se heilige, regverdige oordeel oor sonde, kon net een offer werk.

Iemand wat 'n mens is. Maar ook God is. God moes as mens sterf. Sy bloed moes vloei. Jy kan Hebreërs 9:22 en 10:4 net verstaan as jy Levitikus 17:11 in gedagte hou. Drie dinge is hier duidelik:

- 1) Bloed is die simbool van lewe. (Vgl. Gen. 9:4, Deut. 12:23)
- 2) Bloed bewerk versoening. Die rede? 'n Lewe word gegee om te kan lewe.
- 3) Bloed is deur God gegee met 'n versoenende doel. (Dit is God se instelling, nie die mens s'n nie).

Sy lewe wat gegee word. Sy bloed. Dit was nodig. Jy sien 'n *mens* het gesondig 'n *mens* moet sterf. Maar as jy ook wil hê die mens moes weer lewe, moes Hy God wees wat die dood kan oorwin. Ons sonde *moes* op God gelaai word!

Dit is waarom so 'n radikale stap nodig was.

§ Die Testamentmaker kom weer!

Volgens Hebreërs 9:27 is jy bestem om een maal te sterf, en daarna die oordeel, want jy moet voor hierdie Heilige God verskyn.

Sien jy kans? Is jy reg vir so 'n ontmoeting? Daar is net een manier om reg te wees en dit is as die Testamentmaker vir jou gesterf het en jy daardie erfenis aanvaar het deur die geloof.

Kyk na die laaste vers. Hy het die pad geloop wat jy moes loop. Hy het een maal gesterf, voor God verskyn, is geoordeel - nie vir **Sy** sonde nie- maar vir joune. Nou kan jy weet as Hy weer kom, kom Hy om jou finaal te verlos van hierdie gebroke werklikheid, sodat jy die volle heerlikheid van die nuwe verbond vir ewig kan beleef.

Ja, die Testamentmaker kom weer!

HOOFSTUK 17: Hebreërs

10:19-25

Ek dink jy het al beleef hoe daar reggemaak word vir 'n groot geleentheid by die huis. 'n Groot verjaarsdag partytjie of familie ete. Nou as jy nie weet daar word reggemaak vir so 'n groot geleentheid nie, dan verstaan jy soms baie dinge nie. Dalk kan jy onthou hoe jy as kind gehelp het om die pakkies uit die motor te haal. Jy het dalk gewonder hoekom daar so baie kos gekoop is. Onthou jy al die telefoonoproepe die vorige week. Normaalweg het jou ma 2 of 3 oproepe 'n week gemaak, maar skielik het sy omtrent 12 gemaak.en dan die skoonmaak van die huis. Tafels word anders geskuif, daar word gestofsuig waar nooit voorheen gestofsuig is nie, alles in rakke word netjies gepak. Tafelblaai word gepolitoer. Al die messegoed word geïnspekteer. Servette wat jy nog nooit gesien het nie maak hulle verskyning. Wat gaan aan?

Dan lui die deurklokkie die volgende aand en jy besef alles is reggekry vir 'n feesviering.

In die boek Hebreërs het iets soortgelyks gebeur. By wyse van spreke is die inkopies gedoen, die oproepe gemaak en die eetgerei gepolitoer. Uiteindelik kom die uitnodiging: Kom na die feesviering!

Hebreërs 10: 22 is die primêre rede vir alles waaarna ons tot nou toe na gekyk het.

“Laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water.”

Š Wat lê agter 10:22?

Ons het gesien Jesus was God se laaste, finale, omvattende Woord aan ons. In hoofstuk 1 het ons gesien hoe Hy is wat God vir ons wil sê. Die mensheid van Jesus wat beklemtoon is en die feit dat Hy dieselfde pad gestap het as ons. Veral dan Jesus as Hoëpriester! God het 'n eedgesweerde belofte gemaak dat Jesus Hoëpriester vir ewig sal wees. Sy hoëpriesterskap het ons gesien, behels ten diepste 2 dinge. Sy volmaakte plaasvervangende offer vir sonde in ons plek, en Sy gedurige intrede vir ons voor God.

Hierdie eenmalige offer maak ons van binne skoon en dit raak ons harte, nie net ons uiterlike nie. Dit alles veroorsaak dat ons nou kan deel hê aan 'n nuwe, beter verbond. Onthou jy hoofstuk 8?

Nou kom die oproep: Kom vier fees! Kom na God! Ons moet verstaan dit is ten diepste waaroor alles in die Bybel gaan. Die Bybel begin in Genesis 1 en 2 waar die mens met God gewandel het en naby God kon wees sonder om te sterf. Sonde het alles verbreek. Nou, deur die werk van Jesus, God die Seun, kan ons weer so naby God kom deur geloof en in gebed totdat ons Hom weer van aangesig tot aangesig sal sien.

§ Die implikasie: In die heiligdom!

In 10:19-21 gee die skrywer opsommenderwys die belangrike implikasies van dit wat ons gesien het:

“Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het.”

Wat ons hier sien is ‘n pragtige opsomming van die volgende implikasies:

Ons vrymoedigheid van toegang tot God se teenwoordigheid deur Jesus se bloed, wat ons vat op ‘n nuwe lewende pad na die allerheiligste deur die werk van die Hoëpriester.

Die resultaat van dit alles kan eintlik niks anders as ‘n uitnodiging wees om God te nader in vers 22 nie. Mens sou dit selfs kon vertaal met: *Kom aanbid God nou*, want die nader kom, is eintlik in hierdie konteks ‘n tegniese term vir “kom aanbid” Ook die term *vrymoedig* is in die Joodse kultuur in verband met gebed gebruik.

Kom, raak besig om te bid, kom praat met God, kom besing en erken Sy Woord, prys Hom en geniet om in Sy teenwoordigheid te wees.

Dit moet individueel en gesamentlik gebeur.

Ons word dus opgeroep om saam met Hom in die heiligdom te wees.

As 10:19 sê *heiligdom*, bedoel hy dit is die plek waar God in Sy heiligheid woon. Dit verwys natuurlik na die allerheiligste van die hemelse tabernakel of tempel. Die aardse was 'n afbeelding van die hemelse!. Die allerheiligste, daar god, die verterende vuur, wat nie saam met sonde kan wees sonder om dit te verteer nie, bly.

Die skrywer sê ons kan vrymoedig soontoe gaan!
Wat beteken dit?

Dit beteken ons hoef nie bang, beskeie of terughoudend te wees nie. Ons hoef nie soos 'n hond wat deur sy baas mishandel word, te wees nie. Nee, kom soos 'n klein kindjie na sy pa of ma sal kom. Sonder vrees.

Ons vrymoedigheid lê in die feit dat dit 'n nuwe, lewende weg is. Dit sinspeel op die ou verbond, waar die gewone Israeliet nie na God kon kom nie. (vgl. 9:8). Die ou pad na God, waar net een man, een maal per jaar na God in die heiligdom namens die mens kon gaan - dit was die ou pad.

Ons kan op die nuwe pad gaan. Dit is 'n pad wat dui op die lewende Hebreërs Jesus wat daarop deurgegaan het na God, en nou as lewende Een daar is.

Hoe is dit moontlik dat ons met vrymoedigheid, op 'n nuwe manier, 'n nuwe pad in die allerheiligste kan kom?

Kyk na vers 20. Ons kan op hierdie nuwe pad gaan na die allerheiligste op grond van dit wat gebeur het toe die

voorhangsel geskeur het op daardie dag toe Jesus Sy asem uitgeblaas en daar vir 3 ure duisternis op Golgota was. Toe die hele aarde gebewe en geskud het en die gordyn van bo tot onder oopgeruk is! Dit was die einde van die ou pad en die begin van die nuwe pad na God.

Dit is waartoe vers 22 ons oproep. Kom nou! As dit waar is, kom –alles is gereed! Maar sekere dinge is nodig om te kan kom. Moet egter nie bekommerd raak nie, dit is nie weer laste of wette wat op ons gelê word nie, nee dit word juis genoem om ons te bemoedig want ons *kan* hierdie dinge doen as gevolg van wat Jesus gedoen het!

§ Wat is nodig vir die aanbidding/kom na God?

Vers 22 begin met die eerste “laat ons” van 4 “laat ons” oproepe. Laat ons nader na God, of laat ons God aanbid. Vers 22 vertel vir ons verder 4 ding omtrent die toestand waarin ons behoort te wees as ‘n resultaat van wat alles nou in Hebreërs gesê is. Hy wys hoe die wat kom om te aanbid, moet lyk.

- Eerstens behoort ons ’n opregte, of waaragtige hart te hê. Dit is ’n sinspeling op die belofte van Jeremia 31:33, wat in vers 16 van hoofstuk 10 en in hoofstuk 8:10 aangehaal is. Die gedeelte wat gaan oor die feit dat God onder die nuwe verbond Sy wet in ons hart en gedagtes sal skryf. Dis belangrik om te weet dat iets gebeur as jy deel word van die nuwe verbond deur Jesus se werk. Iets wat jou hart raak. Jy word mens soos God wil, van binne af na buite. Dit wat jy bedink word nuut en dit affekteer jou persoonlikheid, jou

denke en gedrag. Kom nader, kom aanbid met hierdie nuwe hart! Los die formalisme. Die ware en nuwe jy moet kom. Kom met hartstoenadering. Kom met jou aangeraakte hart!

- Tweedens moet ons volle sekerheid van geloof hê. Hierdie sekerheid van geloof beteken nie ek oortuig myself ek glo nie. Hier is nie sprake van geloof in geloof nie. Dit is nie ‘n oproep vir die mense met ‘n groot geloof om God te nader nie. God te kom aanbid nie. Nee, geloof kom wanneer jy in desperaatheid en bewustheid van jou eie hopeloosheid kyk na Jesus – na God soos Hy is in Jesus. Die Jesus waarvan Hebreërs nou so baie gepraat het. Weer en weer sê Hebreërs ons moet kyk na Hom. Die kyk na Jesus, die lees en bedink, en vat van wat in Hebreërs oor Hom gesê word, produseer geloof. Dit bewerk hierdie oortuiging in jou: “Wow! dit is waar en dit is vir my!” Johannes Calvyn het gesê: *Geloof is die sekerheid van God se welwillendheid, Sy goedgesindheid teenoor ons op grond van wat Jesus vir ons gedoen het. Kom met hierdie sekerheids oortuiging na God.*
- Derdens, en dit pas eintlik die eerste twee punte ‘n bietjie dieper toe, moet ons kom met harte deur besprinkeling gereinig van ‘n slegte gewete (letterlike vertaling). Hy gee hier amper die rede waarom jy met ‘n opregte hart en volle geloofsekerheid kan kom. Dit was die groot effek van die offer van Jesus. Kyk weer na 9:14. Die meeste mense het gedurig iets swaars wat as’t ware op hulle harte druk. Iets wat hulle gesê of gedoen het, waaroor hulle nou spyt is. Iets wat hulle jaag, hulle terroriseer, hulle amper martel – en wat hulle so bang maak dat hulle dalk uitgevang gaan word. Wat maak dat hulle sekere mense en ja, ook vir God vermy. Hoe wonderlik is dit om te weet dat die offer van Jesus, Sy bloed

wat gevloei het, klaar betaal het vir al daai dinge in my lewe. Sy bloed wat gesprinkel is in die ware tabernakel verseker my dat my aanbedding nou aanvaarbaar is voor Hom. Hy kyk nie vas teen daardie dinge waarvoor ek bang is dat iemand dit sal uitvind nie. Dis weg voor Hom. Daar val geen skaduwee oor ons verhouding nie.

- Vierdens praat die skrywer van ons liggame wat gewas is met skoon water. Weereens wil hy bevestig dat jy as gevolg van die werk van Jesus, skoon, rein en aanvaarbaar is, in vergelyking met die Ou Testamentiese rituele wassing wat nie werklik gereinig het nie. Daar kan hierin 'n verwysing na die doop (6:2) wees, wat 'n afbeelding hiervan is, maar dit is nie heeltemal seker nie. Die klem is, jy is skoon as nuwe verbonds Christen, kom met daardie skoon liggaam na God toe!

Dit is hoe die wat nader kom moet lyk. Die punt is natuurlik ware Christene lyk so, en kan so nader kom na God en aanbid!

Baie belangrik: Dit gaan nie net hier oor die privaat (eie binnekamer) nader van God of die privaat bid tot God en sing tot God nie, maar veral ook die gesamentlike. Die hele gedeelte se klem is “ons” nie “ek” nie. Die res van die gedeelte maak dit duidelik. As van ons **in** 'n gemeente nie nader en God aanbid nie, nader ons **as** gemeente nie God en aanbid ons Hom nie! Die gesamentlike aanbedding, die gesamentlike nader van God is belangrik!

Hoe verseker ons dat ons so nader?

Dit is asof die skrywer antisipeer dat daar die geneigdheid gaan wees om die nader kom te vermy, uit te stel, of te verwaarloos.

Hy weet daar is die gevaar dat al hierdie heerlike waarhede waarvan die implikasie in 10: 19-21 uitgelig word, gaan as't ware uit ons greep glip. Soos die trekkrug van die wêreld, versoekings, teenkanting en moeg word aan ons trek, verslap ons greep en daarom eindig hy met nog 2 'laat ons' oproepe wat gaan help dat ons kan gehoor gee aan die 'laat ons tot God nader' oproep, en wat ons help om te kan kom na die feesvieringe.

§ *Hou die belydenis van die hoop styf vas!*

Wat is die hoop waarvan die skrywer praat? Wel, dit wat verseker ons deel gaan word as gevolg van Jesus se Hoëpriesterskap, en as gevolg van die feit dat ons deel het aan 'n nuwe verbond. Dit is daardie finale verlossing waarvan 9:28 praat. Dit is die finale rus van hoofstuk 4 wat ons nou reeds gedeeltelik ingaan, maar eendag volkome.

Die skrywer begin vers 23 met 'n oproep om hierdie belydenis styf vas te hou.

Dit is 'n baie interessante Griekse werkwoord wat hier gebruik word. Dit beteken hier om 'n *ferm greep uit te oefen*. Om *iets onder te hou*. Dit wat 'n stoeier doen. "Hou vas, hou onder!" Die gedagte agter die woord is om 'n man wat alles probeer om uit te kom, onder te hou. Die vorm van werkwoord dui op 'n voortgaande handeling. Hierdie hoop, moet ons dus lewenslank, voortdurend, vashou.

Dit almal se verantwoordelikheid!

Hoe moet ons vashou? Styf! **Onwankelbaar** (OAV). In die Grieks is daar die gedagte van nie huiwerend of voet slepend, maar beslis, dinamies, aktief en doelgerig.

Dit is hoe jy moet vashou aan wat ons deel gaan word as gevolg van die Hoëpriesterskap van Jesus. Die skrywer herinner aan die feit dat God se Woord betroubaar is. Hierop het Hy ook reeds baie klem gelê. Kyk weer na 7:21!

§ *Spoor mekaar aan!*

Die skrywer sê **ons** moet na mekaar omsien. Dit is almal se werk! Daar moet toegespitste, noukeurige, volgehoue aandag wees. Dit gaan hier oor toegespitsheid wat *gedring is deur liefde*. Om toegespits te wees daarop dat al my broers die wedloop gaan voleindig. Wees sterk op mekaar ingestel! Want ons almal moet tot aanbidding kom.

Wat is dit nie? Dit is **nie** om mekaar op te “check” nie. Hier word dit positief gebruik. Dit gaan oor die *aanspoor van mekaar*. Dit beteken om emosioneel te ondersteun, mekaar te stimuleer, op te wek, aan te spoor, in so mate dat ons hart en liefde daarin is.

Wartoe moet ons mekaar aanspoor?

Tot liefde en goeie daade. Hoekom word dit uitgelig? Onthou jy hoofstuk 6:9-10? Blaai gou soontoe. Jy sien liefde en goeie daade is aanduiding dat jy vas is aan Jesus! So hoe meer daarvan in jou lewe is hoe meer gaan jy seker word van die feit dat jy gered is.

Waar vind die omsien, en “let op mekaar” plaas?

By gesamentlike byeenkomste. Of dit eredienste en selgroepe is, maak nie saak. Die punt is, jy moet skouer skuur met

medegelowiges! Onthou dit is nie 'n wet nie, soos bv: Jy mag net nie byeenkomste mis nie.

Nee, dit help jou om te verstaan dat as jy byeenkomste mis, gaan jy uitmis op die gaan na God in die allerheiligste, want dit is in die byeenkomste waar jy herinner word dat jy vrye toegang het tot die allerheiligste. Dit is by byeenkomste waar 'n broer of suster jou kan bemoedig of vir jou kan bid sodat jou vertrouwe in Jesus weer versterk word. Moet dit nie lig skat nie!

Die feesmaal is voorberei, die uitnodiging is uit, silwerware is gepoleer en die Gasheer wag by die deur.

Gaan jy inkom? Ek is bevrees ons kan baie maklik so teologies geleerd raak, deur al die waarhede van verlossing met ons koppe te ken, maar ons kom nooit met ons harte, in die lig van wat ons werklik is as nuwe verbonds mense, na God nie. Kom ons maak tyd, elke dag, al is dit 5 minute hier, en 5 minute daar – maar nader tot God. Doelbewus. Doen dit alleen, en kom ons doen dit ook gesamentlik.

HOOFSTUK 18: Hebreërs

10:26-39

Stephen Altrogge skryf in sy boek *The Untamable God*, dat ons God by wyse van spreke mak gemaak en in 'n boks geplaas het, en dat hierdie God van ons denke, wat maar net bestaan om ons te dien en gelukkig te maak, glad nie meer ooreenstem met die God van die Bybel nie, hy sê:

“If we’re honest with ourselves, most of the time we would rather keep God tame and in His box. When God is tame and in His box we can understand Him, control Him and keep Him at a safe distance. When God is tame, we can neatly compartmentalize Him, categorize Him, dissect Him and analyze Him. When God is in a box we can keep Him out of certain areas of our lives. We can keep Him in His place. There is no mystery when God is tame and in His box. There is no overwhelming awe or gutcheck fear when God is in His box...”

Verder sê hy, so 'n “voetspore in die sand God” wat maar net ons behoeftes kan vervul en gelukkig kan maak is nie baie relevant nie, want daar is duisende ander dinge wat dieselfde doen. Dit is 'n vervelige God.

Sy punt is: Die God van die Bybel is nie die vervelige God wat ons van Hom maak nie. Nee, Hy is geweldig en gevaarlik en ontembaar, maar juis dit maak die Christelike lewe iets meer opwindend as enige iets daarbuite. Die God waarmee die Hebreër skrywer werk, die God wat agter alles sit wat ons nou al gesien het, is die ontombare verterende vuur God. Ons sien dit hier in vers 31: *“Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val”* (vgl. Heb. 12:29).

Ons moet dit verstaan om hierdie gedeelte te verstaan. Met die werklikheid van hierdie God kom gee die skrywer ‘n waarskuwing.

Š Wees gewaarsku! (10:26-31).

Ons lees hier in vers 26 van geen offer meer wat ons sondes kan wegneem nie, en dan in vers 27:

“Daar bly alleen 'n verskriklike verwagting oor van oordeel en 'n gloeiende vuur wat die teenstanders van God sal verteer.”

Dit maak ons bang, maar dit hoort so, want ons is besig met die ware God.

Maar kom ons staan nader. Van watter sonde word hier gepraat? Vir watter sonde kan daar geen offer meer wees nie?

- Opsetlike sonde:

Die woord wat hier gebruik word, dui 'n gewillige deelname aan iets waarvan jy baie bewus is wat jy doen. 'n Doelgerigte rebellie teen die kennis van die waarheid.

- Nadat die kennis van die waarheid ontvang is:

Wat is die kennis van die waarheid waarvan hy hier praat? Wel, daardie waarheid is dit wat ons dwarsdeur Hebreërs tot nou toe gesien het aangaande die volkome offer van die finale Hoëpriester Jesus, en Sy intrede vir ons wat alles gewaarborg word deur die eedgesweerde belofte van God (Heb. 7:21).

Dit is die waarheid wat opgesom word in vers 10:19-21:

“Waar die sondes vergewe is, is geen offer daarvoor meer nodig nie. Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam.”

Daar is geen offer meer oor vir mense wat hulle rug hierop draai en dit verwerp nie.

In vers 28 verwys die skrywer na dit wat ons in Num 15:27-31 kry:

“As een persoon onopsetlik sondig, moet hy 'n jaaroud bokkooi as sondeoffer bring. Die priester moet vir die persoon wat onopsetlik gesondig het, voor My versoening doen, en as die versoening vir hom gedoen is, sal die sonde hom vergewe word. Een en dieselfde wet geld vir elkeen wat onopsetlik gesondig het, of hy 'n gebore Israeliet is of 'n

vreemdeling wat by julle woon. Maar die landsburger of vreemdeling wat moedswillig sondig, doen My, die Here, oneer aan en hy moet van sy volk afgesny word. Omdat hy die woord van die Here verag het en sy gebooi verbreek het, moet so iemand doodgemaak word; hy moet die straf vir sy sonde dra.”

In vers 28 -29 gebruik die skrywer die bekende tegniek van as iets wat waar is van die mindere, dan is dit meer waar van die meerdere.

As iets waar was van die ou verbond, hoeveel te meer is dit nie waar van die nuwe verbond nie. Ons het nou al vanaf hoofstuk 8 gesien hoe die skrywer wys dat die nuwe verbond in elke opsig beter is. Waar alles onder die ou verbond eintlik net afbeelding was, is die nuwe verbond die werklikheid, veral die groot verskil mbt sonde wat finaal mee gehandel is. Dit is moontlik deur die ongelooflike wat gebeur het op Golgota. Daar het die ware Hoëpriester, met die kruishout as offerhout, die ware heiligdom binnegegaan en nie net ‘n offer gebring nie, maar Homself as Hoëpriester geoffer vir ons sonde. Daardie offer kan ons harte reinig, ons skuld wegneem, want God het dit aanvaar, die offer kan nie en hoef nie herhaal te word nie.

Dit teenoor die offers van die ou verbond wat herhaal is en wat net ‘n uiterlike en tydelike seremoniële reinheid kon bewerk.

Die punt van die skrywer is nou, as die nuwe verbond in dit alles beter en meer was, dan is sonde onder die nuwe verbond ook meer en erger.

Ten diepste is die argument: As Jesus se offer die finale offer was, wat ons vrye toegang gee tot God en mens verwerp dit –

dan kan daar verseker baie minder vergifnis wees as dit waarvan Numeri 15 praat. Volgens Numeri 15:31 moet die persoon wat die woord van die Here verag het, doodgemaak word. Die persoon wat verwerp dit wat Jesus kom doen het, verwerp God se *laaste, finale Woord* aan ons (Heb. 1:1-2).

Die sonde hier word op 3 maniere beskryf:

- *Sulke mense vertrap die Seun van God onder die voete.* Dit is 'n metafoor wat beide in die klassieke literatuur en die Griekse vertaling van die Ou Testament gebruik word vir absolute minagting. Dit is minagting nie net vir die leringe, maar die Persoon van Jesus.
- Hierdie rebelle het *die bloed van die verbond as iets onheiligs hanteer.* Geminag. Die woord onheilig hier kan ook vertaal word met onrein. In die Ou Testament is daar baie klem gelê op watter diere rein is en geoffer kan word, en watter onrein is en nie geldige offers kan wees nie. Die skrywer het nou al weer en weer gewys dat Jesus se eie bloed baie meer is as die onder die ou sisteem (Heb. 9:13-14, 23-25). Wat hierdie mense ten diepste doen is om Jesus se offer te verwerp as onrein, nie gepas om hulle sonde te vergewe nie.
- *Die Gees van genade is beledig.* In die evangelies (bv. Mark. 3:22-30) het die mense gesê Jesus se krag kom van Satan eerder as van die Heilige Gees. As mens wegdraai van die waarhede wat ons tot nou gesien het, verloën mens ook die evangelie, die goeie nuus se ware oorsprong. Mens verwerp die Gees wat genade aanbied in die evangelie!

Die vraag is: Wanneer doen mens dit?

Die skokkende antwoord is wanneer mens nie meer deur geloof dit aanvaar wat God in Jesus die Hoëpriester gedoen het nie, en die bewys hiervan is deur nie tot God te nader nie.

Kyk na die volgende hoofstukke: 4; 10:35,38 en 11!

Hierdie is geen ligtelike saak nie, want God is geen ligtelike, mak “voetspore in die sand” God nie.

“Ons weet tog wie Hy is wat gesê het: “Dit is my reg om te straf; Ek sal vergeld;” en verder: “Die Here sal oor sy volk oordeel.” Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val” (Heb. 10:30-31).

Š Onthou julle verlede! (10:32-34)

Wat die skrywer hier doen is om die lesers terug te vat na hulle eie verlede sodat hulle daaruit bemoedig kan word. Hulle verlede dui daarop dat hulle nie gesondig het teen die waarheid nie, maar juis hierdie waarheid vasgehou het.

Dit is baie duidelik dat hulle moeilike tye deurgegaan het toe hulle gelowiges geword het. Hulle het spesifiek ten minste 4 vorme van slegte behandeling ondergaan, nl:

- Ø Hulle is in die publiek, openlik belaglik gemaak, en verbaal en fisies te na gekom.
- Ø Hulle het die pyn beleef van om te identifiseer met sulkes.
- Ø Hulle het saamgevoel met die mense onder hulle wat in die gevangenes gegooi is vir die evangelie. Hulle het swaar gekry in hulle simpatie en ontferming oor hulle.

Dit het gevoel asof hulle self in die gevangenes was (13:3).

- Ø Hulle het met vreugde die konfiskering van hulle goed aanvaar Die jaar 49 n.C. is waarskynlik hier ter sprake waarin sulke dinge gebeur het.. In elk geval, hulle het dit aanvaar omdat hulle oortuig was van hulle beter blyplek wat wag. Jy sien hulle het dit geglo. Hulle het aan die hoop vasgehou!

Š Volhard! (10:35-39)

Die Christelike pad, die lewe wat ons het, is deur geloof. Deur volharding moet ons vat dit wat God vir ons gedoen het in Jesus die Hoëpriester. Ons moet vashou aan die feit dat die Testamentmaker God, Mens geword het in Jesus om ons na Hom te bring. Ons moet voortgaan om dit te vat, en ons lewens te leef in die lig daarvan.

Lewe deur geloof!

Die skrywer haal natuurlik Habakuk hier aan (2: 3-4), wat die oordeel wat God deur die Galdeërs sou bring sou aankondig. Dit sal gou kom, en in die midde daarvan kontrasteer Habakuk die goddelose en die regverdige en maak in Habakuk 2:4 die uitspraak, “*die regverdige sal deur die geloof lewe*”.

Wat moet die lesers aanmoedig om te volhard?

‘n Toekomspektief. ‘n Lewe in die lig van die oordeel, die ewigheid. Lees 10:25. Net soos in Habakuk se tyd gaan die oordeel kom, en die enigstes wat daardie dag gaan oorleef is die wat in die regte verhouding staan met God deur volgehoue

geloof. Nie die wat net eenmaal jare gelede geglo het nie, nee, die wat nou glo en dan sal glo.

Ons vergeet van die oordeelsdag! Ons moet begin leef in die lig daarvan, en hoe kan mens dan anders as om vas te hou aan die waarheid van Hebreërs, dat ons 'n Hoëpriester het wat namens ons gaan staan voor God?

Lewe in die lig van die ewigheid!

Š Nader aan ons lyf

Ons moet besef wie die God is waarmee ons besig is, en dit moet 'n ontsag vir Hom in ons wek. Is dit nie juis dit wat die toegang tot Hom so opwindend maak nie? Die God in wie se teenwoordigheid ons kan kom is angswekkend, heerlik en ontsagwekkend. Dit behoort ons met tintelende opwinding te dryf om tot God te nader (vers 22). Die skuil in 'n rotsskeur as die donder en blitse buite die lig klief, maak dit soveel meer heerlik binne.

Die oproepe van vers 19-25 om die hoop vas te hou, om op mekaar ag te gee en aan te spoor en om nie die onderlinge byeenkomste te mis nie, kry in die lig van 26-31 'n ander dimensie, 'n dringendheid, dit kry gewig.

Ons moet teenkating en verwerping omhels as tekens dat ons met vrymoedigheid die wederkoms tegemoet kan gaan. Teenkating en verwerping, nie omdat ons irriterend, arrogant of veroordelend is nie, maar teenkating as ons die waarheid van Hebreërs vashou en daarop staan. Daarmee saam moet ons weer sien hoe belangrik dit is om ons te vereenselwig met die wat fisies ly en swaarkry vir die evangelie. Ons omgee, ons bid vir hulle, wys ook waar ons staan. Ons kan nie maar net ongestoord voortgaan terwyl broers en susters in Sirië of Noord

Afrika ly nie. Dit behoort ons te roer en te beweeg tot gebed of hulp.

Leef in die lig van die ewigheid. Hierdie lewe spoed na 'n einde vir elkeen van ons. Wat gaan dan tel? Al jou beleggings en besittings? Of dit wat jy as rentmeester, van alles wat God aan jou toevertrou het, voor Hom kan bring met vrymoedigheid?

HOOFSTUK 19: Hebreërs

11:1-6

Stel jou vir ‘n oomblik voor jy gaan stap vir die eerste keer saam met ‘n groep vriende in Europe in ‘n sneeubedekte bergagtige gebied. So semi-bergklim ekspedisie. Skielik bereik julle ‘n plato en daar voor julle sien julle nog ‘n groep. Hulle moes ‘n hele paar uur voor julle begin het, want hulle het reeds verby die moeilik deel gekom waarvan julle gehoor het. Jy haal jou verkyker uit om beter te sien en dan sien jy dit: Hulle het yspikke. Hulle het ontdek dat jy dit nodig het om by ‘n sekere gedeelte suksesvol na bo te klim.

Deur te kyk na hierdie groep weet julle nou presies wat wag en wat nodig is.

In die boek Hebreërs het ons nou hier in hoofstuk 11 ‘n plato bereik waarvandaan dit moontlik is om baie duidelik die wat voor ons die pad geloop het, te sien. Deur na hulle te kyk kan die leser self sien wat voorlê. Hulle kan sien watter uitdagings daar is, en hulle kan selfs sien watter wonderlike verwelkoming daar sal wees.

Die yspik wat deurslaggewend belangrik gaan wees op die tog vorentoe, is geloof.

Jy sal weet dat die volharding in geloof, ‘n sleutel saak in hierdie brief is:

- In 3:12 waarsku die skrywer teen ‘n hart van ongelooft.
- In 3:16-19 wys hy dat dit ‘n gebrek aan geloof was wat gelei het tot die vernietiging van Israel in die woestyn.
- In hoofstuk 4:3 is dit duidelik dat die wat glo die rus ingaan.

- In hoofstuk 10:22 het ons gesien dat daar ‘n vermaning is om tot God te nader met volle geloofsekerheid,
- en in 10:35-39 is daar ‘n oproep om tot die einde te bly glo.

Geloof is ononderhandelbaar noodsaaklik vir die tog, die pad wat voorlê.

Die tog gaan die lesers, en dit sluit my en jou in, al die pad vat na die hemelstad, die nuwe Jerusalem en die groot groep mense wat voor hulle die tog voltooi het. Hierdie groep mense is die lang lys van geloofshelde en heldinne van die Ou Testament – en natuurlik daarna.

Š *Wat kry ons in Hebreërs 11 en verder?*

Ons kry 2 dinge wat hand aan hand gaan.

- Aan die een kant, ‘n beskrywing van geloof self. Soos ons nou net gesien het, in die hele Hebreërs en veral ook hoofstuk 10, is geloof absoluut deurslaggewend. Die behou van geloof is die manier waardeur ons dít ontvang wat God belooft het.
- Aan die ander kant kry ons ‘n kort geskiedenis van God se mense, spesifiek die sleutel figure aan die begin van die geskiedenis, soos Abraham en Moses – wat wys hoe lyk hierdie geloof in praktyk.

Die boek beweeg dan in hoofstuk 12 na die skrywer se eie tyd. Dit bereik ‘n hoogtepunt met Jesus in 12:2, en dan is daar ‘n oproep op die lesers om as’t ware self in hierdie verhaal te leef (12:4-17). Dit doen hy voordat hy onthul wat die doel van die hele tog/reis is (12:18-24), sowel as wat aan die einde gaan gebeur (12:25-29).

Hoofstuk 11-12 vertel die Bybelse verhaal vanaf die skepping (11:3) tot die nuwe skepping, (12:28) en vanaf die verbond (11:8-29) tot die nuwe verbond (12:24).

‘n Naam vir hierdie verhaal? Dit is die verhaal van **geloof!**

Š *Wat is hierdie geloof?*

Ons praat so baie van geloof. Ons gooi die woord so lekker rond, maar as jy ‘n mikrofoon gaan vat en vir ‘n klomp mense in ‘n winkelsentrum vra wat geloof is, gaan jy waarskynlik elke keer ‘n ander antwoord kry.

So kom ons kyk wat leer ons hier want as dit so noodsaaklik is vir ons geestelike tog, moet ons weet wat dit is.

Wat ons eerstens moet raaksien, is die verband wat *geloof het met hoop*.

Kyk weer na vers 1:

“Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.”

In die Bybel het hoop te make met die dinge wat wag met die wederkoms - die dinge wat ons nou nog nie kan sien nie.

Die dinge wat ons nie kan sien nie in vers 1b, kan natuurlik na meer as die dinge wat wag met die wederkoms verwys. Dit kan verwys na alle geestelike realiteit – wat natuurlik nie gesien kan word nie.

Die skrywer kom nou en definieer geloof in verhouding tot hierdie hoop en hierdie dinge wat ons nie sien nie.

Volgens die skrywer is dit een ding om Bybelse hoop te hê, maar as jy geloof as basis het, gee dit sekerheid. Dit is een ding om te weet daar is dinge wat ons nie kan sien nie, maar geloof maak dat jy **oortuig** is daarvan.

Kom ek stel dit so: Ek kan hoop vir ‘n beter wêreld, vir ‘n nuwe liggaam na die graf, maar as ek nie glo in *die God* wat Jesus uit die dood opgewek het nie, wel dan is my hoop eintlik net optimisme.

Ek mag so algemene bewustheid hê dat daar onsigbare realiteite rondom my bestaan, selfs een of ander onsigbare mag wat my goedgesind is en met wie ek ‘n soort verhouding kan hê, maar as ek nie *glo in die God wat ons ken in en deur Jesus nie*, sal hierdie bewustheid van onsigbare dinge geen oortuiging hê nie.

Kyk nou weer na vers 1:

“Geloof is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie (83 vertaling). Die geloof dan is ‘n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, ‘n bewys van die dinge wat ons nie sien nie” (53 vertaling).

Dit lyk met die eerste oogopslag of geloof, geloof in dinge is. Maar ek het nou net gesê as ons nie glo in God wat ons ken deur Jesus nie, is my hoop op wat kom en my bewustheid van onsigbare dinge, nutteloos.

Dit is belangrik om vers 6 saam met vers 1 te lees:

“As ‘n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon” (‘83 vertaling).

“En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en ‘n beloner is van die wat Hom soek” (‘53 vertaling).

Jy sien, geloof is die vaste vertrou en die sekerheid in God en wat Hy kan gee. As ek sê ek glo jou dan beteken dit ek neem jou op jou woord. Ek vertrou jou woord. Geloof is die neem van God op Sy woord oor alles wat nie gesien kan word nie. Alles wat Hy beloof. God self is die somtotaal van alles wat onsigbaar is en waarop ons hoop. Natuurlik is Jesus self, volgens Hebreërs 1:1, God se finale Woord en belofte aan ons.

Geloof is die sekerheid, die oortuiging, ja, volgens 1b van die ‘53 vertaling, die bewys van alles wat ons nie kan sien nie, want dit is vertrou in die God wat *is*.

Sekerheid en oortuiging is dan presies die 2 dinge wat in die lys van mense wat in die res van hoofstuk 11 genoem word, na vore kom.

Verse 1-2 is eintlik die inleiding tot altwee hierdie dinge. Sekerheid en oortuiging – of sekerheid en bewys.

Iets wat baie duidelik hier na vore kom, is dat geloof meer is as om net te hoop dat sekere dinge waar is en gaan gebeur.

Geloof is sekerheid! Geloof is om oortuig te wees! Geloof self is bewys!

Š *Geloof en die skepping*

Voordat die skrywer begin kyk na hierdie lys mense wat hierdie sekerheid en oortuiging gehad het, neem hy ons na die skepping self.

God het gepraat en dinge het begin bestaan volgens Genesis 1 en gedeeltes soos Psalm 33: 6-9. Niks het voor dit bestaan nie. Met God se woord het die skepping - lewe - begin ontstaan. Kyk na vers 3:

“Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie (’53). Omdat ons glo, weet ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is: die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie” (’83).

Dit vat geloof om dit te sien. Geloof om seker te wees daarvan. Geloof in God die Skepper.

- Dit is natuurlik ontsettend belangrik om te glo dat God die skepper is, want dan maak dit sin dat Hy verantwoordelikheid sal neem om alles wat verkeerd is weer reg te stel,
- en dan maak die opstanding sin, want dan het God die fisiese wêreld lief en Hy sal mense fisies meer heerlik as nou maak.

Hier is iets anders ook onder die oppervlak wat ons moet raaksien. As mens hierdie eerste verse lees en weer lees, kan mens nie help om ‘n parallel op te merk tussen vers 1 en 3 nie:

Vers 1: Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die *dinge wat ons nie sien nie*.

Vers 3: Omdat ons glo, weet ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is: die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit *iets wat ons sien nie*.

Dit lyk vir my wat ons moet sien, is dat geloof nie net ‘n sekerheid en oortuiging is nie. As jy glo, vind daar as’t ware plaas wat by die skepping plaasgevind het, nl. iets kom tot stand uit wat jy nie kon sien nie! Dit is net so seker soos die skepping, maar ook net so ‘n wonder soos die skepping! Hierdie oortuiging, hierdie sekerheid in die hoop en die onsigbare omdat daar vertrouwe is in God, dit is ‘n wonderwerk gelykstaande aan die skepping. Mens kan dit nie verklaar nie!

Š *Geloof en die geskiedenis*

Maar die skrywer wil nie hê dat ons in filosofiese spekulatiewe teologie verval nie. Hy sê as’t ware: *Kom ons kyk na werklike, historiese mense wat hierdie geloof gehad het. Kom ons kyk hoe het dit gelyk. Kom ons roep as’t ware hierdie historiese figure in.*

Die eerste 2 van hierdie figure kom uit Genesis 4 & 5. Abel, die eerste moord slagoffer, en Henog, die eerste persoon, naas Elia, wat lewend na die hemel geneem is. Hy het nie op die gewone manier die dood beleef nie.

As ‘n mens met die eerste oogopslag na hierdie figure kyk, weet ons nie regtig wat hier aangaan nie. Maar, kom ons kyk wat moet ons hier sien rakende geloof:

- **Abel**

Abel en sy broer Kain het offers gebring volgens Genesis 4: 3-4. Die teks sê dat Abel van die *mees waardevolste, die beste lammers* gebring het, terwyl daar bloot gesê word dat Kain van die opbrengs van sy lande gebring het. Ons lees dat God Abel se offer aanvaar het het – nie Kain s’n nie, en dit lei natuurlik tot die dood van Abel.

Die belangrike wat ons hier moet sien is dit: God het Abel se offer aanvaar en die rede daarvoor is volgens die teks: *Geloof*. Geloof het veroorsaak dat Abel 'n beter offer gebring het as Kain. Anders gestel, sy geloof het gewys in die beter offer wat hy gebring het.

Die oortuiging en sekerheid van wat hy nie kon sien nie, van God, het gemaak dat Abel 'n beter offer gebring het.

Verder sien ons hier dat God Abel se geloof beloon het. Die beloning het daarin bestaan dat hy getuienis ontvang het dat hy regverdig is, in die regte verhouding met God is, deur *geloof*.

Méer as dit: Alhoewel hy gesterf het, gebruik God nou nog Sy geloof. Hy beloon dit nou nog terwyl ons hier lees van sy geloof.

- **Henog**

Die tweede figuur waarna die skrywer verwys is Henog. Van Henog weet ons nie veel nie, behalwe dat ons in Genesis 5:24 lees dat hy met God gewandel het en dat God hom weggeneem het. Die Hebreër skrywer sê dat hy God behaag het. God was gelukkig met hom. Die skrywer sê ook dat hy getuienis ontvang het dat hy God behaag het en dat Hy lewend weggeneem is. Dit was natuurlik sy beloning.

Š *Geloof en die behaag van God*

In vers 6 kom die skrywer dan tot 'n gevolgtrekking omtrent geloof in die lig van sy verwysing na die skepping asook Abel en Henog.

“En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat

Hom soek. ('53 vertaling). As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon" ('83 vertaling).

Ons kan nie eers begin om God te behaag, gelukkig te maak, God te aanbid, as ons nie glo nie. Ons kan nie God se wil doen nie!

Dit is nie net nie wys om dit te doen nie, dit is nie net nie die beste om God te aanbid sonder geloof nie – nee, dit is onmoontlik!

Om God te behaag, om God gelukkig te maak moet jy glo wat volgens die skrywer ten diepste beteken, soos ons gesien het, dat jy moet *vat dan Hy is* en dat Hy 'n beloner is van die wat Hom soek. Ons het gesien hoe hy Abel beloon het en hoe hy Henog beloon het wat geglo het dat Hy is, en 'n beloner is van die wat hom soek.

Hier gaan die skrywer nou net verder om nog getuies uit die geskiedenis nader te sleep, wat die punt wat hy nou omtrent geloof gemaak het, bevestig en nog meer uitbrei. Ek wil egter hê ons moet net eers hier stop en bietjie herkou omtrent wat ons hier van geloof sien. Kom ons maak 'n paar opmerkings, stellings in die lig van wat ons nou gesien het en ons vra hoe hierdie geloof ontstaan. Dan sal ons later verder kyk hoe dit alles bevestig of nie bevestig word deur die voorbeelde waarna die skrywer verwys, en ons sal dan nog dieper delf in hierdie wonderlike, absoluut noodsaaklike yspik – GELOOF!

§ 7 *Stellings omtrent geloof*

1. Geloof is nie net iets wat ek moet hê om ‘n Christen te word nie, dit is die lewe van Christen wees.
2. Geloof is nie in geloof nie, maar in God.

Ons hoor dikwels – “ag man glo net, dit sal beter gaan.” Wat moet ek glo, waarin? Nee, geloof is nooit ‘n sprong in die duister nie (*leap of faith*), dit is geloof in God. Dié God wat homself openbaar het in Jesus Christus. Geloof is om te glo dat God is. Hierdie geloof is om seker en oortuig te wees van wat ons hoop en nie kan sien nie. Al die dinge waarvan die Woord praat.

3. Geloof staan nie teenoor sekerheid nie. Dit is sekerheid.

Daar is ‘n redelik algemene opvatting daar buite dat mens vaste, seker dinge kry wat byvoorbeeld deur die wetenskap bewys kan word en dan is daar geloof - die naïewe sprong in die duister wat gelyk is aan onsekerheid. So mens kan of jou lewe bou op sekerheid, dit wat jy sien en bewys kan word, of op onsekerheid en dit is dan geloof. Die indruk word natuurlik geskep deur die media dat die tweede groep, die ‘geloof mense’, die belaglike irrasionele mense is wat eintlik maar net hoop dat dit wat hulle glo waar is, maar daar is geen bewys daarvoor nie.

Ons het gesien geloof is iets vas en werklik wat tot stand kom, so vas en werklik soos die skepping – al kan mens dit nie sien nie. Luister na die 1953 vertaling.

“Die geloof dan is ‘n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, ‘n bewys van die dinge wat ons nie sien nie” (Heb. 11:1).

Geloof is **self** die bewys van dit wat ons nie kan sien nie, geen ander bewys is nodig nie! Daarom kry ons die ‘vreemde’ verskynsel dat Christen gelowiges nie hulle geloof verloor as alles met hulle verkeerd loop nie – want hierdie geloof berus nie net op die sigbare nie, dit is ‘n wonder soos die skepping.

Moet ek na dinge in my lewe kyk om sekerheid te kry dat ek glo? Calvin antwoord: *“Geloof is **die sekerheid** van die feit dat God ons goedgesind is op grond van Jesus.”*

4. Geloof is nie ‘n towerstaf vir ‘n beter lewe nie.

Geloof word dikwels in sekere kringe sinoniem gebruik met oorwinning, welvaart, gesondheid, ensomeer. Maar wat sien ons in hierdie hoofstuk rakende die lys helde? Een is vermoor ‘n ander een lewend weggenem. Sommige gelowiges beleef voorspoed ander teëspoed – geloof kan beide tot gevolg het.

5. Geloof is nooit los van optrede nie.

Baie belangrik: Hierdie geloof, hierdie sekerheid van wat ons nie kan sien nie, word altyd duidelik in optrede. Abel het geoffer. Sy geloof word duidelik gesien in sy aanbidding. Henog het met God gewandel, so word sy geloof duidelik. Om te sê ek glo, sonder dat my lewe daardeur beïnvloed word, is natuurlik geen geloof nie. Geloof is nie iets wat ons doen om gered te word nie, maar die geloof wat red lei tot optrede. Baie mense gebruik geloof juis as teenpool van enige Christelike gedrag en lewe. As mens iemand konfronteer met aanbidding en

toewyding aan die Here sal baie erken hulle is nie eintlik daar nie... “maar ek glo!”

6. Geloof lei tot wonderwerke in gewone mense.

Abel was ‘n gewone veeboer, en sy geloof praat nou nog met ons. Henog was ook net ‘n gewone mens. In die res van die hoofstuk is almal gewone mense en ook uiters gebroke mense, maar deur en in hulle doen God wonders deur geloof.

7. Geloof word beloon – *deur God!*

Dit is baie duidelik uit hierdie gedeelte dat God die beloon wat glo. Weereens, geloof is nie ‘n goeie werk wat God beloon met verlossing nie, nee, God beloon geloof omdat geloof aan Hom al die eer gee, en omdat geloof mens plaas op die plek waar God ons van die begin af wou gehad het. Dit waar ons grootste geluk is, naamlik die plek van absolute afhanklikheid van Hom.

So, geloof word beloon deur God, niemand anders beloon geloof nie!

Š *Hoe begin, hoe ontstaan hierdie geloof?*

Dit is dalk ‘n vraag waarmee jy sit. Hoe begin ‘n mens glo? Nou die vinnige antwoord is dat God geloof gee, maar God werk nooit buite ons nie, ons word ingeskakel as mense. Mense met wie Hy in ‘n verhouding wil staan.

As ons na hierdie verse kyk kan ons ‘n paar afleidings maak. Ons het gesien dat daar ‘n verband is tussen geloof en hoop op die onsigbare. Geloof begin in enige mens met ‘n bewustheid van onvergenoegdheid met die blote sigbare. Mens kan nooit Bybelse geloof hê of uitoefen, as mens nie onvergenoegd raak

met hoe mens nou is en leef nie en as mens nie verlang na iets beter, iets wat net God kan gee nie.

Dwarsdeur die Bybel is die groot vyand van geloof ‘n toestand van “*just go with the flow*”, selftevreidenheid met die status quo. Maar, as ‘n persoon onvergenoed en soekende is, wel, dan is hy/sy sterk op pad na geloof.

Dit is hier waar die openbaring van God in Jesus inkom. Dit is hier waar hoofstuk 1-10 van Hebreërs inkom. As die onvergenoegde vir Jesus begin raaksien, volg geloof! Dit kom soos die skepping gekom het uit die onsigbare!

Geloof begin as mens dus iets soek wat beter is. Ja, God beweeg jou, maar die punt is jy begin soek vir iets beter. Kyk na vers 6! Hy wat tot God nader. Dit beteken jy soek vir meer as wat op die oppervlak sigbaar is. Jy begin sien God in Jesus, en dit gebeur deurdat jy die Woord van God hoor, soos Romeine 10 vers 7 dit stel:

“Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus.”

Die oortuiging van ‘dinge wat nie gesien kan word nie’, volg. Jy raak meer seker dat jy omring is van ‘n onsigbare koninkryk, jy raak so oortuig dat wat gesien kan word nie die hele verduideliking van die lewe is nie, dat daar realiteite is wat nie gesien, geweeg, geanaliseer en aangeraak kan word nie, en tog is dit werklik. So werklik soos enige ding wat mens kan sien. Om die waarheid te sê, dit is meer werklik want dit is die verduideliking van die dinge wat gesien kan word.

Dit is geloof en dit is hoe dit begin.

Het jy geloof? Is jy 'n man of vrou, seun of dogter van geloof? Het jy hierdie onverklaarbare sekerheid en oortuiging van dit wat nie gesien kan word nie. Dit wat kom, die onsigbare geestelike realiteit? Is daar by jou die oortuiging dat God jou sien en hoor, ja, dat Hy jou eintlik klaar geantwoord het in Christus soos ons sien in Hebreërs? Is jy gereed om jouself te verbind aan Hom? Hom te gehoorsaam en te aanbid? Om te aanvaar wat Hy sê? Sy gesigspunt oor die lewe te aanvaar, ten spyte van alles rondom jou wat jou wil laat verstaan dat dit belaglik is?

Dit is geloof. Die wonderwerk van geloof. As dit waar is van jou is jy op die pad, die tog met die regte yspik in die hand, die tog na die hemelstad, die nuwe Jerusalem en die groot groep mense wat voor jou die tog voltooi het. Eendag sal jou naam gevoeg word by die lys van name wat die tog voltooi het.

Die Christene rondom jou is op dieselfde pad, met dieselfde yspik. Kom ons stap saam, help mekaar, bemoedig mekaar – sodat niemand sy yspik verloor nie!

HOOFSTUK 20: Hebreërs

11:7-22

Hoe lyk die geloof waarna ons nou net gekyk het, in mense se lewens? Wat veroorsaak dit in mense se lewens? Dit is belangrik, want dit kan ons bemoedig en uitdaag. Dit wat Hebreërs heel tyd doen. Dit bemoedig jou en daag jou uit om jouself te toets of jy *die* geloof het.

Ons het reeds gesien wat dit veroorsaak het in die lewens van Abel en Henog, en nou gaan ons kyk na verse 7-22.

Wat sien ons hier raak omtrent geloof?

§ Geloof in God se waarskuwings en beloftes is onlosmaaklik verbind aan gehoorsaamheid

Anders gestel: Die sekerheid en oortuiging van die geestelike realiteite, van God wat is, en beloon die wat Hom soek, is onlosmaaklik verbind aan gehoorsaamheid en reaksie, nl. optrede wanneer God waarskuwings en beloftes gee.

Dit is so duidelik hier 'n mens kan dit nie mis nie.

- **Noag**

'n Derde sleutel figuur. God het in Genesis 6:13 vir Noag gesê dat Hy die mensdom gaan verdelg maar dat hy wat Noag is, 'n ark moet bou. Al die afmetings en voorskrifte vir die ark is ook aan Noag gegee.

Hoe reageer Noag? Hoe word Noag se geloof sigbaar? Wel hy begin kap en skaaf en saag.

Anders gestel: As Noag niks gedoen het van dit wat God hom beveel het nie, maar aan almal gesê het “*ek glo in God*,” sou dit die geloof wees wat nodig is om God te behaag? Sou dit ware geloof wees wat nodig is om die eindbestemming te bereik?

Die antwoord is natuurlik: “nee!” Noag was oortuig en seker van die waarskuwing alhoewel daar geen teken op daardie stadium was van ‘n vernietigende vloed wat aan die kom was nie. Sy geloof word duidelik in die feit dat Noag ‘n ark begin bou. Hy kap en skaaf en saag.

- **Abraham**

Die volgende figuur waarna die Hebreërs skrywer verwys is Abraham. God kom na Abraham in Genesis 12, en God sê: “*Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys.*”(Gen 12: 1). Op daardie stadium kom Abraham uit ‘n agtergrond van afgodsaanbidding! God maak dan sekere beloftes van ‘n land en ‘n groot nageslag (enkelvoud) in wie al die nasies geseën sou word.

Abraham glo dit. Maar hoe wys dit dat hy dit glo? Wel, hy trek weg vanuit sy land na die land wat beloop is en hy gaan bly daar as ‘n vreemdeling.

Die verwysing na sterre is insiggewend. Abraham het geglo dat die verbonds God ook die Skepper is. Juis omdat Hy die Skepper is, kan Hy Sy beloftes waar maak. Dit is dan ook die rede waarom hy bereid was om Isak te offer want Hy het geglo dat God, die Skepper, lewe uit die dood kan gee.

Dit is en bly die kenteken van ware reddende geloof in mense se lewens vandag nog. Dit is nie net wat gebeur as ons aanvanklik

glo nie, maar dit gebeur ook daaglik in die lewe van die persoon wat glo.

Die Christelike lewe begin deur God se waarskuwings van oordeel en verdoeming buite Jesus te glo, en die volkome verlossing wat in Jesus alleen is. Die feit dat jy dit glo wys uit die feit dat jy wegdraai, jou bekeer van sonde en die wêreld se manier van doen en dink.

Mens sê nie net jy glo terwyl jy aangaan om te leef soos almal rondom jou nie.

Ons kan dit alles anders stel. Jy sien dat in die lig van God se waarskuwings en beloftes, jou manier van dink oor die lewe en jou optrede nie in pas is met God se waarskuwings en beloftes nie. Daarom verander jy jou manier van dink oor die lewe, oor wat saak maak, en dit maak dat jy sekere dinge begin doen, of nie doen nie. Jy reageer. **Dit is natuurlik bekering.** Bekering beteken letterlik 'n verandering van denke wat lei tot ander optrede.

Bekering en geloof kan nooit geskei word nie. Bekering sonder geloof is maar net wettisisme en geloof sonder bekering is valse geloof.

Soos reeds genoem: Hierdie verband tussen geloof en bekering, geloof en gehoorsaamheid en geloof en optrede, is die kenmerk van geloof in Christene dwarsdeur hulle lewe - nie net aan die begin van hulle Christelike lewe nie. Die Christen is een wat daaglik God se waarskuwings en beloftes ter harte neem en in die lig daarvan optree. Bekeer. Gehoorsaam.

As God in Jesus sê: “moenie bekommerd wees oor wat julle sal eet en drink en aantrek nie, maar soek eers die Koninkryk,” vat die Christen dit en tree op in die lig daarvan. Ek hou doelbewus op om my te verknies oor hoe ek die maand gaan deurkom maar

raak besig om uit te reik na my man, vrou, kinders en vriende, met die evangelie.

Š Geloof lei tot optrede wat deur die wêreld as vreemd beskou word

Hierdie bekering, hierdie gehoorsaamheid wat voortvloei uit geloof, lei tot optrede wat vreemd vir die wêreld is. Vir die kultuur rondom jou. Vreemd vir die wat leef in die lig van die sigbare realiteite en nie oortuig is van die onsigbare nie.

- Dink maar net aan Noag... vreemd! ‘n Man wat ‘n reuse boot begin bou terwyl daar geen water in sig is nie!
- Abraham... vreemd! Hy trek weg agter iets aan wat hy nie kan sien nie, en gaan bly in ‘n vreemde land.

“Omdat hy geglo het, het hy in die beloofde land gaan woon, ‘n vreemdeling in ‘n vreemde land. In tente het hy daar gewoon, en so ook Isak en Jakob wat saam met hom erfgename van dieselfde belofte was” (Heb. 11:9).

... en hy gaan bind sy seun op ‘n altaar vas!

“Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is, maar hulle het dit uit die verte gesien en daaroor gejuig, en hulle het erken dat hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is” (Heb. 11:13).

Hulle optrede het gewys dat hulle nie burgers van hierdie wêreld was nie. Dit belangrik om nou te verstaan dat dit nie net iets is wat hoort by Noag en Abraham nie. Geloof lyk vandag nog net so.

Š Geloof en geloof alleen is die kenteken van die feit dat jy vrygespreek/geregverdig is

Dit is baie interessant dat in die gedeelte wat ons ge lees het, daar van Noag die volgende gesê word 11:7:

“Omdat Noag geglo het, het hy God eerbiedig gehoorsaam toe hy gewaarsku is oor dinge wat nog nie gesien kon word nie. Daarom het hy die ark gebou om sy huisgesin te red. Sy geloof was 'n veroordeling van die wêreld, maar dit het hom erfgenaam gemaak van die vryspraak wat deur die geloof kom.”

Ons is gewoon om die terme vryspraak/regverdiging by Abraham se naam te sien. Dit beteken Noag is deur God gesien as in die regte verhouding met Hom deur geloof.

Hoe is moontlik? Wat van sy sonde? Wat het hy geglo? Hy het geglo in 'n afbeelding van dit wat Jesus gedoen het!

Wat jou vandag nog kenmerk as Christen is nie in die eerste plek dat jy meer voorspoed beleef as nie-Christene nie, intendeel, jy beleef dikwels minder.

Dit is ook nie dat jy sondeloos lewe nie. Ja, daar is ander gedrag en optrede en gehoorsaamheid, maar dit is nie ten diepste die rede waarom jy 'n Christen is nie. Dit is nie omdat jy beter lyk of lewe nie.

Nee, geloof is die kenteken. Die '*badge*' dat jy 'n Christen is. Hierdie geloof waarvan Hebreërs 11 praat is geloof in God se beloftes van wat Hy gedoen het vir ons in Jesus. Terloops, dit is presies waarin Abraham geglo het, en dit is hoekom die woorde wat hier gebruik word vir Noag, in Genesis 15:6 vir Abraham gebruik word. Abraham het in God gelo en dit is vir hom tot geregtigheid gereken (OAV). Wat het hy geglo? Dat in sy saad (nageslag) al die geslagte van die aarde geseën sou word. Galasiërs maak dit duidelik wie hierdie saad is. Dit is Jesus.

God het Sy beloftes aan Abraham en aan sy nakomeling gegee. Daar staan nie "aan nakomelinge", meer as een nie, maar, "en aan jou nakomeling", net een, en hierdie nakomeling is Christus.

Š Die resultate van die geloof wat mense gehad het, word eers later gesien

"Omdat Abraham geglo het, het hy, hoewel Sara onvrugbaar was en hy al te oud, krag ontvang om 'n kind te verwek, omdat hy God wat dit belooft het, getrou geag het. Die gevolg was dat daar van een man, 'n man

wat nie meer 'n kind kon verwek nie, kinders afgestam het so talryk soos die sterre van die hemelruim en so baie soos die sand van die see” (Heb. 11:11-12).

Wat ons moet raaksien is dat wanneer jy van buite na iemand kyk wat glo, jy nie noodwendig kan sien wat hierdie geloof nou eintlik tot gevolg het nie, maar uiteindelik is daar ongelooflike gevolge.

Abraham (en Sara) het in God se beloftes van ‘n groot nageslag soos die sand van die see en sterre aan die hemel, geglo. Niks lyk baie indrukwekkend nie. Ja, uiteindelik was daar *een* kind uit hierdie man wat al oor die vrugbare leeftyd is, maar ons weet dat elke Christen vandag niks anders is as die nageslag van Abraham nie:

“En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God” (Gal 3:29).

So is dit met elke gelowige – dit lyk nie vreeslik dramaties nie. Hier is ‘n jong kind wat glo, daar ‘n ou man – maar wat tot stand kom in ewigheidsterme deur die geloof van hierdie kind en ou mens sal ons eers eendag iets van verstaan.

Š Geloof veroorsaak dat mense 'n vreugdevolle verwagting het van 'n beter werklikheid wat kom, al verkry hulle nou niks van dit wat hulle glo nie

Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloop is, maar hulle het dit uit die verte gesien en daarvoor gejuig, en *hulle het erken dat hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is*. Hulle het na 'n beter vaderland, dit is die hemelse, verlang. Daarom is God nie skaam om hulle God genoem te word nie; trouens, Hy het vir hulle 'n stad gereed gemaak (Heb. 11:13;16).

Dit is geweldig is dit nie? Die Christen, die gelowige, is nie ten diepste een wat hier en nou op aarde allerhande dinge kry en beleef wat hy/sy glo nie.

Maar tog is daar 'n vreugde, 'n blydschap wat nie aangeplak is nie want daar is hierdie onverklaarbare, sekere verwagting van dit wat kom. Die stad. Daar was die verwagting in die Bybel dat God weer 'n nuwe Jerusalem, 'n nuwe stad vir Sy mense voorberei. Die Ou Testament was net die voorlopige afbeelding – die werklike sou nou kom.

'n Stad is die eindresutaat van die kulturele opdrag van bewoon en bewerk. 'n Stad sonder sonde, waar God is, is iets ongeloofliks. Openbaring 21 en 22 beskryf hierdie stad. In Openbaring 22 word die stad in 'n tuin beskryf. Die Bybel begin met 'n tuin en eindig met stad in 'n tuin. Mens sien die volmaaktheid van die skepping, maar meer – die uiteinde, die logiese gevolge van 'n sondelose uiteinde van die kultuuropdrag is 'n stad!

‘n Stad waar God woon!

Dit is die verwagting van die gelowige. Die Christen leef hierdie lewe in die lig van daardie werklikheid en daarom kan daar vreugde wees. Dit is die onverklaarbare waarheid wat dwarsdeur die geskiedenis gesien is. Christene wat op brandstapels gesterf het terwyl hulle lofliedere vir God sing – hoe is dit moontlik? Hulle het geweet wat wag.

Š God is nie skaam om die wat glo se God genoem te word nie

Jy sal weet daar kom ‘n stadium waarop kinders, veral tieners, soms skaam is vir hulle ouers. Veral as hulle nie voel hulle ouers is ‘cool’, of ‘up to date’ met alles nie. Of as hulle ouers ‘n ou motor of ou televisiestel het terwyl al die ander mense beter goed het.

Soms is ouers skaam vir hulle kinders. As hulle kinders ongeskik is met ander volwassenes, of droog maak op skool en die onderwysers roep hulle in – dan kan ouers nogal skaam wees vir hulle kinders.

Ons lees in Hebreërs 11:16:

“Maar hulle het na 'n beter vaderland, dit is die hemelse, verlang. Daarom is God nie skaam om hulle God genoem te word nie; trouens, Hy het vir hulle 'n stad gereed gemaak.”

God is nie skaam om geïdentifiseer te word met mense wat glo nie. Is dit nie geweldig nie? Die Koning van die kosmos, die

absoluut super Wese van alle wesens. Die Een wat geen begin of einde het nie. Die Een wat by wyse van spreke die beste geselskap in die heelal kan kies – wel, Hy is nie skaam om met ons geïdentifiseer te word nie. Ons met al ons dingetjies – al ons gebreke.

Die Christen gelowige se groot vreugde en vervulling lê nie in dinge wat hy of sy in hierdie lewe kry en sien nie. Dit lê in die feit dat God nie skaam is om hulle God genoem te word nie

Š *Nader aan ons lyf*

Hoe dink jy behoort ek en jy vandag te lewe as ons absoluut oortuig was, geglo het dat God bestaan en ons absoluut lief het en ‘n bestemming vir ons het wat enige iets op aarde uiters vaal sou laat lyk?

Hoe dink jy behoort ek en jy te leef as ons geglo het dat God omgee oor elke optrede en elke bekommernis van ons, en dat Hy ons graag wil beloon?

Hoe sal jy leef in die lig van teenkanting?

Is daar ‘n verkil tussen jou, en die persoon wat nie glo nie, se lewensstyl, bekommernisse, tydverdryf?

Dit is so belangrik om hierdie vrae te beantwoord – ons het gelees van Noag – wel Jesus sê in Matteus 24:37:

“Soos dit in die dae van Noag was, sal dit ook wees by die koms van die Seun van die mens. In daardie dae voor die sondvloed het hulle soos gewoonlik geëet en gedrink en getrou tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het.”

As jy nie glo in God se waarskuwings en beloftes nie, kan jy maar soos almal rondom jou aangaan – en met jou sal presies gebeur wat met die mense in Noag se tyd gebeur het. Waar staan jy?

Onthou: sonder die yspik van geloof sal niemand die tog voltooi nie.

HOOFSTUK 21: Hebreërs

11:23-12:2

Jy is waarsynlik met weersin vervul oor die wreedaardige manier waarop 21 Koptiese Christene 'n jaar of wat gelede deur ISIS op 'n strand onthoof is en die ander moorde wat gevolg het. Dit het onwillekeurig weer die vraag by baie laat ontstaan: *Hoekom gebeur slegte dinge met goeie gelowiges?*

Dit is waarskynlik nie 'n nuwe vraag nie. Vir eeue was dit sekerlik een van, indien nie dié grootste vraag wat teoloë en filosowe besig gehou het.

Die antwoord hierop is uiteraard nie eenvoudig nie en ek gaan ook nie poog om in een hoofstuk 'n antwoord hierop te gee nie. Nog minder wil ek daarop aanspraak maak dat ek 'n nuwe antwoord daarvoor het.

Kom ons probeer egter agterkom hoe die Hebreër skrywer onder leiding van die Heilige Gees, dink oor hierdie saak van slegte dinge wat met gelowiges gebeur. Om dit anders te stel, ons sien hier hoe God daarvoor dink.

Onthou dat die skrywer in hoofstuk 11 kom wys wat onontbeerlik nodig is vir gelowiges om die uiteindelijke heerlikheid, wat vir ons wag, te bereik. Dit is so nodig vir gelowiges soos 'n yspik nodig is om suksesvol berg te klim in sneeubedekte berge.

Ons het in hierdie gedeelte gesien wat geloof is, en hoe dit lyk en wat dit veroorsaak het in die gelowiges van destyds se

lewens. Die skrywer doen dit natuurlik eerstens om vir sy lesers te bemoedig, en aan te moedig en ook sodat hulle hulleself kan ondersoek of hulle hierdie geloof besit.

Š Goed en sleg, lyding en oorwinning gaan hand aan hand in die gelowige se lewe

Daar is in baie kringe die oortuiging, al word dit nie miskien altyd so duidelik geverbaliseer nie, dat wanneer dit met jou sleg gaan, as jy ly en swaarkry en siek is, wel dan is daar fout met jou geloof. Jy glo nie genoeg nie en as jy net glo sal die slegte nie met jou gebeur nie. Anders gestel, jy is nie so 'n goeie Christen nie – iets is verkeerd in jou lewe. As gevolg van hierdie oortuiging skram baie Christene in 'n sin weg van lyding en swaarkry, in die sin dat hulle dit amper ontken, selfs in hulle eie lewens. Jy moet maar sê jy is gesond, al is jy eintlik siek. Jy sien daar moet oorwinning wees in jou lewe oor siekte en swakheid en swaarkry en armoede! God wil nie hê sy mense moet arm wees, swaarkry en ly nie!

In hierdie gedeelte sien ons die volgende verrassende verse. Die skrywer wys na die oorwinnings wat gelowiges behaal het (:33-35), maar in dieselfde asem verwys hy na al die smarte en ellende wat gelowiges deurgemaak het (:35-38).

Let op die volgende: Hy maak nie 'n onderskeid tussen die twee aspekte in die sin dat hy daarop wys dat die mense wat tot die tweede groep behoort, die swakker gelowiges was, en nie regtig geglo het nie.

Nee!

Dieselfde besit van dieselfde geloof het beide uitkomste tot gevolg: Oorwinning en krag. Lyding en swakheid.

Daarom moet mens sê dat as die een geloof God behaag, met ander woorde, as God Hom nie skaam om die God van die eerste groep genoem te word nie (:16), is Hy ook nie skaam om die God van die tweede groep genoem te word nie.

Š Lyding van gelowiges is die bewys dat iets verkeerds is met hierdie wêreld

In vers 38 lees ons – *die wêreld was hulle nie werd nie*. Wat word hiermee bedoel? Wel, ek dink wat die skrywer wil sê is dat hulle in hulleself iets beter het as die bestaande wêreld waar hierdie lyding en swaarkry ondergaan word. Dit is ‘n manier om te sê die huidige wêreld met al sy lyding en swaarkry is nie goed nie. Die gelowiges wat so ly pas nie hier nie – hulle pas by ‘n ander wêreld.

Let op: Die feit dat hulle ly is ‘n teken dat daar iets fout is met hierdie wêreld. Hulle lewens is met ander woorde ‘n bewys dat hierdie wêreld soos dit nou is, verkeerd is. Anders gestel, God sê deur hulle lyding en swaarkry dat daar iets fout is met hierdie sigbare wêreld.

Š Lyding van gelowiges wys dat God ‘n nuwe wêreld gaan maak

Die ander kant van dieselfde munt is dit: Gelowiges se lyding, en hulle lewe wat totaal uit pas is met die wêreld, is nie net ‘n bewys dat hulle glo in die wêreld wat kom nie, maar dit is ook ‘n bewys dat so ‘n wêreld ‘n werklikheid gaan word. Hulle lewens is as’t ware tekens dat God ‘n nuwe wêreld gaan maak.

§ Lyding van gelowiges identifiseer hulle met Jesus Christus, die eerste nuwe Mens

Die diepste rede waarom gelowiges se lewens 'n bewys is dat God 'n nuwe wêreld gaan maak, is die feit dat **gelowiges se lyding wys dat hulle die pad loop wat Jesus geloop het.**

Kyk na 11:26. Die 1983 vertaling verberg bietjie die plofkragtigheid van wat hier staan. Die meer letterlike 1953 vertaling asook die ESV vertaal dit so: “*die smaad van Christus.*” Natuurlik het Moses niks geweet van Jesus nie, maar sonder dat hy dit geweet het was dit wat hy deurgegaan het 'n afbeelding van wat Christus deurgegaan het!

Die punt is ons wat leef onder die nuwe verbond kan weet dat ons lyding ons verbind met die Een waarvan Hebreërs 12:1-3 praat:

“... Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God.”

Jesus is in Homself dus die vergestaltung van die lewe van geloof. Dit wat hier van Hom gesê word, naamlik dat Hy ter wille van die vreugde wat in die vooruitsig was, die kruis verduur het. Dit is presies wat ons in beginsel sien by al die sogenaamde geloofshelde wat genoem is.

Ons sien ook hoe Jesus, toe Hy op aarde was, geweldige oorwinnings behaal het, en tog dieselfde Een hang uiteindelik, bebloed, en oënskynlik deur God en almal verlaat aan die kruis.

Onthou wie Jesus is. Jesus word deur Paulus genoem die laaste Adam (1 Kor. 15). Anders gestel, **Hy is die eerste nuwe Mens van God se nuwe skepping**. Sy lewe is die lewe van Iemand van geloof. Hy is die Begin en Voleinder van geloof. Hy was die eerste Een van die nuwe skepping wat die pad van geloof klaargemaak het. Hy is die eerste Een van die nuwe skepping wat kom wys het wat ware geloof is.

Ons het Sy geloof. Dit is iets wat ons dikwels mis. Selfs in die boek Romeine het die vertalers daarvan weggekram (Rom. 3:26). Ons het nie net geloof *in Jesus* nie, ons het die geloof *van Jesus*.

Die punt is, as ons die geloof van Jesus het, glo ons nie net in die beloning wat gaan kom nie, ons kan weet ons is so seker daarheen op pad as wat Jesus was, en nou daar is, by die Vader op die troon.

Š Gelowiges wat nou ly het reeds deel aan die begin van die nuwe wêreld

Dwarsdeur hoofstuk 11 wys die skrywer dat gelowiges, die sogenaamde geloofshelde van die Ou Testament, geleef het met die oog op wat kom, veral dan die stad wat God gereed gemaak het.

In vers 40 wys hy dat God vir ons *iets beter* beskik het. Hulle sal eers volmaak wees as hulle met ander woorde uiteindelik by ons wat iets beter het, gevoeg word.

Wat bedoel hy?

Wel, mens moet 'n bietjie verder gaan loer in Hebreërs en dan kom jy op die volgende verrassende gedeelte af wat ons moet raaksien.

“Maar julle het wel gekom by Sionsberg en die stad van die lewende God, dit is die hemelse Jerusalem met sy miljoene engele, by die feestelike samekoms, (Is dit nie waarna die geloofshelde van die Ou Testament uitgesien het nie? (Heb. 11:10) die vergadering van die eersgeborenes wie se name in die hemel opgeteken is. Julle het gekom by God wat Regter oor almal is, en by die geeste van dié wat vrygespreek en wat nou volmaak is, by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond, en by die besprinkelingsbloed wat van iets beters getuig as die bloed van Abel.” (Heb. 12:22-24)

Ons het nou gesien dat ware geloof, die geloof van Hoofstuk 11, die geloof van Jesus, nie net ononderhandelbaar noodsaaklik is as ons die eindpunt wil behaal nie, hierdie geloof gee ook betekenis en sin aan die lyding, swaarkry, smart en eensaamheid wat ons as Christene beleef.

Ons het gesien dat ek en jy as Nuwe Testamentiese Christene, ons wat weet wat die pad is wat Jesus gestap het, met meer vreugde die pad van geloof kan stap as die Ou Testamentiese geloofshelde. Ons is op 'n beter plek, en ons is op pad na die finale gestalte daarvan.

As jy hierdie geloof het en jy gaan op die oomblik deur baie swaar tye, lyding, armoede, verwerping – weet net: God is by jou soos Hy by Jesus was. Hy weet, Hy verstaan, en jou tranes sal eendag afgedroog word.

Het jy hierdie geloof? Hierdie onverklaarbare sekerheid en oortuiging van die dinge wat ons as Christene hoop, nie kan sien nie, wat volgens Hebreërs alles is wat Jesus as Hoëpriester in ons plek verkry het – absolute reiniging en vergifnis van sonde, geen offer vir sonde nie, vrye toegang tot God nou al, en uiteindelik van aangesig tot aangesig. Leef jy jou elke dag se lewe in die lig van hierdie realiteit, in die lig van wat kom?

Jy sal weet. Jy weet of jy nog net leef vir die sigbare, vir jou eie koninkryke hier. Jy sal weet waarom jy elke dag dink en beplan en jou bekommer. Jy weet of daar hoegenaamd 'n ooreenkoms is tussen jou en die geloofshelde, eenvoudig gestel; of daar 'n ooreenkoms is tussen jou en Jesus.

Waar kan jy geloof kry? Net op een manier, net op een plek. Vlug na Jesus. Kyk na Jesus. Hy is die begin van geloof en Hy is die voleinder van die geloof, ons geloof.

Onthou: Geloof is yspik wat ons nodig het vir die bergtog na die ewigheid.

HOOFSTUK 22: Hebreërs

12:1-3

Twee jaar gelede toe ek in Engeland was, het my vriend by wie ek gebly het pas die *London Marathon* klaargemaak. Hy kon nie uitgepraat raak oor hoe wonderlik die aanmoediging van die skare aan die einde van die wedloop was nie. Hy was hoegenaamd nie onder die voorstes nie maar hulle het sy nommer geskree en hom met ritmiese handeklap aangemoedig.

Die gedeelte voor ons maak gebruik van die beeld van 'n marathon wat voltooi word met 'n skare wat wag.

Dit is so belangrik om te verstaan dat die **Christelike lewe 'n wedloop (langafstand) is**. Wanneer jy tot bekering kom, het jy nie die eindpunt bereik nie, **jy het nog net begin**.

Baie Christene verkeer onder die wan indruk dat as mens net eers die Here aangeneem het, het mens eintlik die eindpunt bereik. Die kaartjie hemel toe as't ware gekoop, en mens kan eintlik by wyse van spreke ontspan.

Die Bybel praat **nooit** so oor die Christelike lewe nie. Dit is 'n wedloop wat gehardloop moet word, 'n geveg wat geveg moet word.

Per implikasie sê dit dat

- die Christelike lewe nie iets is wat outomaties gebeur nie,
- die Christelike lewe moeilik is, en
- dat jy gaan moeg word in die Christelike lewe!

As ons kyk na die wedloop waarvan die skrywer hier in Hebreërs 12:1-2 praat is daar natuurlik verskille tussen 'n normale wedloop en die Christelike lewe:

§ In die Christelike wedloop is dit nie net die eerste 3 wat pryse wen nie.

§ Ons is nie in kompetisie met mekaar nie.

§ Dit gaan alles oor die wedloop voltooi.

§ Die skare wat wag is almal mense wat die marathon klaargemaak het.

Die mense waarvan hoofstuk 11 praat, het nie verdwyn nie, hulle staan langs die baan. Daar is Abel, en Henog, en Noag en Abraham, Sara, Isak, Jakob en Moses, en dan is daar Calvyn en Whitefield en Bunyan en Amy Carmichael - hulle is ook daar. Hulle wag vir ons, want hulle kan eers na afloop van die wedloop na die onthaal gaan as ons almal klaar is.

Die skrywer kom nou en wys wat is nodig om die wedloop suksesvol te voltooi.

§ Ons moet ontslae raak van enige dinge wat ons wedloop negatief beïnvloed

“...laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik.....” (Heb 12: 1b)

Die gedagte hier is waarskynlik dat as iets jou rem, jou strem sodat jy nie gemaklik kan hardloop nie, iets aan jou lyf, maar dan ook dinge wat in die pad kan lê.

Hierdie dinge moet eers uit die pad gekry word, want

- dit breek jou spoed,
- maak jou moedeloos en veroorsaak dat jy ver agter raak.

- dit veroorsaak dat jy moeg word.

Wat is hierdie dinge in die geestelike wedloop?

Die skrywer noem twee dinge. Laste en sonde. Daar is 'n nou verband. Laste is nie altyd sonde nie, maar sonde is altyd 'n las. Laste kan sonde word sonde of gee aanleiding tot sonde.

Laste?

Die gedagte hier is dat dit dinge is wat nie pas by 'n atleet nie. Dit is dinge wat nie pas by die Christelike atleet wat in die Christelike wedloop is nie. Dit is dinge wat ons nog aangehad het toe ons nog nie atlete was nie. 'n Trui, 'n sweetpakkbroek... Hierdie laste, dikwels uit ons verlede, voor ons Christene geword het, belemmer ons en dit word natuurlik maklik sonde. Dit is moontlik oorblyfsels van ons sondige verlede wat ons moet afgooi sodat ons die Christelike wedloop met sukses kan voltooi!

Hierdie gedeelte leer dus implisiet:

Daar is oorblyfsels van ons sondige verlede, daar is gevolge van ons sondige natuur en agtergrond, wat nog steeds 'n effek op ons het!

Die feit dat ek 'n Christen is laat dit nie outomaties verdwyn nie!

Ons moet dit weet en ons moet iets daaraan doen! Ons sondige agtergrond en ons ou sondige patrone beïnvloed steeds, op praktiese vlak, ons daaglikse lewens as Christene.

- In ons persoonlike lewe,
- in ons huweliks en gesinslewe, en

- in ons verhoudinge by die werk en in die gemeente!

Dis 'n feit: ons sondige verlede het ernstige letsels op elkeen van ons gelaat en dit is laste in die Christelike wedloop.

Kom ons raak prakties met enkele voorbeelde:

Ons het almal 'n onvolmaakte sondebevlekte opvoeding gehad. (Ja, selfs die wat 'n goeie Christelike opvoeding gehad het). Ons almal se ouers was ook net mense wat ernstige foute gemaak het met ons opvoeding al het hulle dit nie bedoel nie.

Voorbeeld: Jy het dalk selfsugtig grootgeword en altyd jou sin gekry. Nou word jy 'n Christen en die Here het al daardie selfsug en al daardie tantrums vergewe!

Maar weet jy wat, daardie selfsugtige neigings dra jy nou in jou huwelik in... nou verstaan jy nie: "Ek is dan 'n Christen en my vrou is 'n Christen, maar hoekom sukkel ons so, hoekom is daar soveel konflik?"

Dit rem jou in jou Christelike lewe.

Dis dan wanneer jy moet besef:

Ek dra nog laste uit my verlede. Ek moet ernstig daaraan aandag gee en hierdie selfsugtige neigings uitroei met die krag van die Heilige Gees!

Voorbeeld: Dalk het jy grootgeword met 'n alkoholis pa wat altyd gelieg en bedrieg het, of ander ongelukkige huislike omstandighede. So het daar 'n diepgewortelde wantroue teenoor ander mense in jou lewe ontstaan. Jy het intussen 'n kind van God geword, maar in jou agterkop dra jy nog hierdie wantroue rond en jy vertrou niemand nie. Jy is ook krities op ander mense.

Hierdie wantroue het 'n effek op jou huweliksmaat, jou kinders, jou werksmense... en dit beïnvloed jou wedloop!

Deur die Heilige Gees (en dalk met behulp van Christen vriende) sal jy moet leer om van hierdie kritiese gesindheid van wantroue ontslae te raak. Gooi die las af!

Voorbeeld: Miskien is daar een of ander verslawing of hardnekkige gewoonte vanuit jou verlede... soos pornografie, nikotien, vloek, onverantwoordelik werk met geld, allerhande vrese en fobies... noem maar op. Toe jy 'n Christen geword het, het God jou op een oomblik alles vergewe.

Hierdie goed is vir jou 'n groter las as vir ander, en as mens daarmee volhard is dit sonde wat jou laat val en jou tyd in beslag neem in die wedloop.

As jy as Christen begin om te speel met pornografie of bedrog, wat veroorsaak dit? Sonde natuurlik. Dit beïnvloed jou wedloop! Jy voel skuldig en skaam en dit veroorsaak dat jy bang is om met die Here te praat. Die gevolg is dat jou besig wees met die Woord en gebed agteruit gaan. Jy weet jy is besig met iets verkeerd so jy raak krapperig en ongeskik met ander. Daar kom spanning in jou huwelik... en so kan ons aangaan.

Sien jy wat dit veroorsaak? Jy staan eintlik totaal stil in die wedloop. Jy is besig om uit te val.

Dit is belangrik dat jy iets doen omtrent die feit dat jy nie meer aan die hardloop is nie.

As die skrywer sê “*laat ons elke las afgooi en ook die sonde wat so maklik verstriek,*” dan bedoel hy: “Raak ernstig oor die wedloop!”

Raak ontslae!

§ Ons moet die wedloop aanpak met die wete dat dit 'n langafstand is en nie 'n kortafstand nie

“laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop...”

Langafstand! Jy ken die toneel. Die drie of vyduisendmeter wedloop – die atlete begin amper voluit, maar dit is nie lank nie of 'n paar begin uitsak.

Dieselfde vind natuurlik plaas in die Christelike wedloop. Ons ken almal voorbeelde van kinders wat tot bekering gekom het op 'n jong onderdom by 'n kamp of konferensie. Hulle is aan die brand en keer die wêreld om maar 'n paar jaar later as hulle in senior Hoërskool of universiteit is, of trou en begin werk, is daar net geen energie meer oor vir die Here nie.

Hoe volhard 'n mens?

Mens moet eerstens besef dit gaan lank wees. Dit gaan moeilik wees. Daar gaan hindernisse wees. Daarom moet mens begin oefen. As jy weet 'n wedloop gaan lank en uitmergelend wees, dan kry jy alle handleidings in die hande wat raad gee. Jy kry oefenprogramme en dieet programme.

Dieselfde beginsels geld in die Christelike lewe! Kry wat nodig is. Lees! Doen wat jy weet jy moet doen al voel en beleef jy niks nie! Preek vir jouself die beloftes van God.

Onthou: Net die wat klaarmaak kry die prys!

Š Kyk na Jesus en die eindstreep

“....die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God. Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie.”(Heb 12: 2-3)

Die Hebreër skrywer sê nie: “Ja, kyk al die ander wat klaargemaak het is omdat hulle meer Bybel gelees het, ernstiger gebid het en vroeër opgestaan het as julle” nie.

Ons het natuurlik nou reeds gesien dat mens moet volhard met Bybel lees, bid, alle maatreëls om jou geloofsgesondheid te bevorder en om sonde dood te maak. Dit moet jy doen. Dit is van wesenlike belang.

Die skrywer weet egter in hierdie wedloop is jy, bo en behalwe vir die laste en die hindernisse, soms net so moeg en uitgeput dat jy net kan toe kyk. Wat hy hier sê is so eenvoudig dat ‘n mens hom amper van naïwiteit kan verdink. “Kyk na Jesus, sien Jesus, Hou die oog gevestig op Hom die Leidsman en Voleinder van die geloof.”

Die skrywer weet daar is niks wat geloofsmoegheid so gou laat verdwyn soos ‘n nuwe visie van Jesus nie. Daar is geen beter tonikum vir geloofsenergie as ‘n nuwe uitsig op Hom nie.

Hoe dit presies werk, weet ons nie. Daar is iets geheimnisvol hierin. Wanneer jy wegkyk van jouself af na Jesus toe, as jy minder op jouself konsentreer en meer op Hom, mag jy ervaar dat sekere blokke van jou voete afval, dat die loodgevoel weer veergevoel word, ja, dat selfs die laste wat ons neertrek, ook die sonde wat so maklik verstrik, 'n pad vir jou maak.

Dit beteken nie dat jy na sprokiesland toe verplaas word nie. Jy kan nog fisiek moeg word, oud en gespanne. Jou eensaamheid verdwyn nie soos mis voor die son nie. Maar die wonder is: jy ervaar dat jy op een of ander manier midde-in dit alles en deur dit alles gedra word.

Die eienaardige hier is eintlik dít: Ons word *gedra* oor die wenstreep. Juis daarom kan en moet ons ook ons voete optel en hardloop – vir die wenstreep! Die groot skare van geloofsgetuies rondom ons kan ons aanmoedig, maar hulle kan ons nie dra nie.

Jesus moedig ons nie net aan nie, Hy gee die krag. Hy *is* die krag in ons bene, die stamina om uit te hou en aan te hou. Hy wat deur sy krag in ons werk is magtig om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink. Jesus is 'n voorbeeld, maar Hy is ook meer as 'n voorbeeld.

As Hy maar net 'n voorbeeld moes wees wat ons moet namaak, sou dit ons nog meer uitgeput het. Trouens, daar is min dinge wat so uitputtend kan wees as dit wat van 'n voortreflike voorbeeld af uitgaan. Mens kan net nie daarby uitkom nie.

Jesus is nie net 'n voorbeeld nie, Hy is 'n Verlosser. Waar sien ek dit alles?

Die vers hierbo sê *Hy is die Begin en Voleinder van ons geloof*, met ander woorde, Hy is die Een wat die geloof in ons begin het, Hy is die Bron en Outeur daarvan, Hy is ook die Een wat dit end uit sal voer, wat dit al voltooi het.

Hy staan nie bloot as toeskouer langs ons om ons met goeie raad te dien of aanmoedigend op ons te skreeu wanneer ons knieë begin knak nie.

Nee, Hy kom gooi Sy arms om ons, by wyse van spreke, en dra ons.

Hy is die Verlosser wat ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, die kruis verduur het sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regtehand van die troon van God.

Hou Hom voor oë, sê die skrywer (vers 3). Sien in jou geestesoog die prentjie van die gekruisigde, *maar ook die prentjie van die triomferende*.

As jy voel jy kan nie meer nie, hou die oë op Jesus! Sy pad is jou en my pad. Hy ken dit, Hy verstaan my. Hy het medelye! Onthou dit help ook met die sondelas. *Temptation loses its power when Thou art nigh.*

Š *Praktiese raad*

Hoe doen mens dit alles? Jy doen dit deur gebruik te maak van die geestelike dissiplines wat God gegee het. In Hebreërs 10:25 sê die skrywer dat hulle nie die onderlinge byeenkomste moet misloop nie, want daar kan Jesus weer voor jou oog in perspektief gebring word en jy kry krag in jou bene. Daar help jou mede atlete jou ook.

Dit is ook belangrik dat ons moet tyd maak om werklik te mediteer oor Jesus en dit wat kom. Dit gaan natuurlik hand aan hand met gebed. Ons moet doelbewus onself aan die hand vat en Jesus voor ons hou. Dawid skryf al in Psalm 16 dat Hy die Here altydeur voor hom stel.

Jy en ek is deel van 'n marathon. Daar is baie wat voor ons gehardloop het en klaargemaak het. Hulle is daar. Hulle wag vir ons. Dit wat na die wedloop kom is meer as wat ons onself ooit kan voorstel.

Is jy nog besig om te hardloop... Het jy al begin hardloop...

HOOFSTUK 23: Hebreërs

12:4-12

Wat ookal jou belewing en opinie as gebroke mens in 'n gebroke wêreld mag wees, ek dink jy sal saam stem dat die opvoeding van kinders nodig is. Kinders kan nie aan hulleself oorgelaat word nie. Kinders moet deur opvoeding gelei word na volwassenheid anders word hulle nooit werklik volwasse nie, of hulle sit met eindelose probleme, soos al die laste waarvan ons gepraat het.

Die oomblik as ons natuurlik van opvoeding praat, dan is en moet daar sprake wees van dissiplinering, tugtuging, teregwyding - hoe mens dit ookal wil stel.

Dit is dan ook juis die dissiplinering van kinders van God wat op die tafel is hier.

Die lewe van geloof word hier uitgebeeld as die opvoedingsproses wat plaasvind tussen 'n ouer en 'n kind. Ons kry dus hier insae omtrent die opvoedingsproses tussen God en Sy kinders.

Die klem hier is op wat God doen om ons te bring waar ons moet wees. Natuurlik hou dit implikasies in vir hoe ons moet dink en optree in die proses.

Kom ons kyk na hierdie gedeelte aan die hand van 'n paar stellings wat implisiet en eksplisiet hier deur die skrywer gemaak word, omtrent God se dissipline, en dan gaan ons kyk hoe ons reaksie daarop behoort te wees.

Š God dissiplineer... Sy kinders wat Hy liefhet

Die eerste waarheid wat ons hier moet raaksien in vers 5 tot 7 is dat God ons Vader is, en ons is Sy kinders.

Die logiese implikasie hiervan is natuurlik dat God ons gaan dissiplineer. Kyk na vers 7. As dit nie so was nie het ons nie in die Christelike lewe te doen gehad met 'n ware Vader/kind verhouding nie.

Die skrywer gaan so vêr as om te sê dat as jy as individu nie dissiplinering deur die Vader ontvang nie, wys dit jy is nie werklik Sy kind nie. Kyk na vers 8. Ons weet, as iemand anders se kinders by jou kinders kom oorslaap en hulle maak droog, sal jy as pa hulle nie sommer dissiplineer nie. Jy sal wel jou eie kinders dissiplineer want hulle behoort aan jou.

Dit is dieselfde in die geestelike lewe. As God jou los, by wyse van spreke, dan behoort jy nog nie aan Hom nie. Die skrywer lê klem op die feit dat die Vader dié dissiplineer, *wat Hy liefhet*. Hy sê nie net: Die Vader dissiplineer Sy kinders nie.

Die rede is natuurlik omdat straf, dissiplinering, tugtiging nie altyd positief beleef word deur kinders nie. Inteendeel, dikwels

voel kinders dat dit ‘n teken is dat die Vader hulle nie liefhet nie. Kyk na vers 11, waar die skrywer dit eksplisiet stel:

“Wanneer ons getug word, lyk die tug op daardie oomblik nie na iets om oor bly te wees nie, maar om oor te huil. Later lewer dit egter vir dié wat daardeur gevorm is, ‘n goeie vrug: vrede omdat hulle gehoorsaam is aan die wil van God.”

Ek is seker jou kind (as jy een het) beleef dit ook nie altyd positief nie!

Wat ek en jy moet weet is dit: Alles wat met my gebeur, daardie negatiewe dinge wat ek nie verstaan nie – kom uit die hand van My Vader *wat my liefhet*.

Jy moet weet jou lyding het ‘n opvoedkundige funksie. God laat jou ly. Juis daarom kan dit as troos ervaar word, want dit beteken dat God in lyding met ons besig is! Dit beteken dat Hy Homself oor ons bekommer. Hy vind ons die moeite werd om te tuggy! Hy doen dit omdat Hy verantwoordelik vir ons voel.

As ons geen tuggy sou kry nie moet ons tot die konklusie kom dat God hom nie meer oor ons bekommer nie. Hy laat ons dan aan ons eie lot oor. Ondenkbaar!

Dink bietjie hieroor. ‘n Swyende God kan erger as ‘n bestraffende God wees. In die ervaring van tuggy is daar weer kontak. Dit is tog waarna ons smag. Dit wys ons dat ons nog Sy kinders is.

Š *God se dissipline is doelgerig en sinvol*

Kom ons probeer dink vanuit 'n pa se oogpunt. Die lewe van 'n kind kan nie net onverstoord voortgaan nie. Dit moet groei na volwassenheid, na eie verantwoordelikheid en medeverantwoordelikheid. Hierdie groei vind plaas via probleme, lyding, aanhoor van 'n "Nee!". Hiersonder word kinders bedorwe. Daarom is dit net eenvoudig so dat God in die wisselwerking tussen ontspanning en druk met Sy kinders omgaan.

Onthou die volgende:

- Hy is die Pa wat by uitstek weet hoe belangrik *groei na volwassenheid* is.
- Uit 'n pa se oogpunt is dit ook nie 'n plesier om te tugtig nie (Jer. 31:20). As Jesus, die Seun ly, ly die Vader ook, maar Hy ly ook as Sy ander kinders ly. As ons ly.
- Ons dissipline, ons straf uitdeel, is soms uit blote woede. As God Sy kinders tugtig is dit altyd met die bedoeling om hulle op die regte pad te bring of te hou.

Sy tugtiging is tot ons voordeel, om ons te heilig (vers 10). Kyk ook na vers 11! God se eindeel met ons dissiplinerig, al die swaarkry en lyding wat ons nie verstaan nie, is iets goed. Vrede! (*Shalom*) Hierdie woord beteken nie net die afwesigheid van stryd, die tenoorgestelde van onvrede nie, nee, die woord beteken heelheid, vreugde en iets wat blom.

As ons só kan begin dink oor lyding, kan dit tot 'n tipe vreugde kan lei.

Ons weet dat Paulus hom selfs verbly in lyding (Vgl. Rom. 5:3; 2; Kor. 12:9 ev; Kol. 1:24). Meer nog, hy roep ook die gemeente daartoe op (Fil. 4:4 ev; 1 Tess. 5:16).

Paulus roem in hulle volharding in lyding (2 Tess. 1:4).

Weereens: Lyding is immers die mees intense gemeenskap met die Here en daarom ook die mees intense hoop (Rom. 8:17).

Dit egter nie alles so maklik nie. Dit is ook nie iets wat ons sommer kan besluit om op onself te neem nie. Onthou net weer Hebreërs 12:11

“Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydschap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is” (O.A.V.).

Š Beteken dit dissiplinering is maklik?

Jesus wat presies geweet het waarop Sy lyding gaan uitloop, het dit nie maklik gevat nie (Heb. 5:7; Matt. 26:38 ev). Juis hierdie vrees van Jesus gee weer vir ons vertroosting. Hy verstaan (Heb. 4:5; 2:18). As ons vra “waarom?”, word ons herinner aan Sy “waarom?” (Matt. 27:46) en dan begin alles weer sin maak. Dan besef ons weer: Dit is die weg! Dan kan ons sê wat die Psalmis in Psalm 119:71 sê: *“Dit is goed vir my dat ek verdruk was, sodat ek U insettinge sou leer.”*

Miskien dink jy tog nog – “maar ek het nie bestraffing, tugtiging nodig nie.”

Regtig?

Wanneer alles met ons rimpelloos goed gaan, is ons geneig om God te vergeet. Dit is net eenvoudig so dat ons in voorspoed, God minder nodig het (so dink ons) en ons vergeet ons naaste net so maklik in hierdie tye.

God laat ons nie hierin ons gang gaan nie! Hy los ons nie. Nee, Hy tugtig ons. Dit behels konkrete lyding. Dit juis deur **hierdie** tugtiging dat ons weer bewus raak van ons kwesbaarheid en ons afhanklikheid. Deur lyding besef ons dat ons nie self die weg kan vind nie. Ons besef dan dat ons ons eie pad geloop het en ons besef hoe nodig ons God en ons naaste het.

Die sleur van ons bestaan word so deurbreek. Jy word gedwing om te besin oor jou situasie. Jy besef hoe beperk jy werklik is. Jy begin dan weer opnuut vra wie jy is en wat die sin van jou bestaan is. **Nood leer bid!**

Miskien is jou beswaar: Daar is tog die moontlikheid dat hierdie terugkeer na God nie om God gaan nie, net sodat omstandighede kan verander. Ons moet egter nie te gou negatief hieroor dink nie. God oorspeel ook dit! In Hom leef, beweeg, en is ons! (Hand. 17:28).

Iets wat ons baie goed moet besef is dit: God se kinders is ook *kinders*. Daarom is dit so dat daar in tye van nood gesoek word na die beskermende hand van die Vader, terwyl dit net so vas staan dat die mens in tye van vreedsame bestaan, nouliks bewus is van daardie Hand. Kinders gaan dikwels op in hulle spel. Hulle raak so besig met hulleself en hulle speelgoed, hulle dink nie eers in hierdie tye aan die beskerming wat hulle nodig het nie. Nog minder soek hulle dit bewustelik. Maar sodra daar iets

gebeur, soos 'n groot hond wat hulle bestorm, of as hulle van 'n fiets af val, kyk hoe vinnig seek hulle dan hul pa se beskermende hand op!

So is dit ook met gelowiges. God laat ons by wyse van spreke dikwels gaan in ons spel. Hy weet hoe ons is.

“Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees. Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is.” (Psalm 103:13-14 O.A.V.).

God laat ons partkykeer begaan in ons gespeel, maar dan bring Hy iets oor ons wat ons laat terugvlug na Sy Vaderhand.

Š *Dissiplinerings en God se Seun Jesus*

Ons het nou verwys na Jesus. Ons weet die fokus in Hebreërs is op Jesus. Ons kan en mag ook nie hierdie gedeelte oor dissiplinerings isoleer daarvan nie.

'n Uiteers belangrike perspektief wat ook hier in Hebreërs aangeraak word is die feit dat ons in ons lyding, deel in dit wat Jesus beleef het. Kyk hoe word Hy as voorbeeld voorgehou in Hebreërs 12:2-3 (O.A.V.): Ons moet in ons lyding voorgaan met,

“die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het,

die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het. Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie.”

In die lig van dit wat wag, die heerlikheid wat sou kom, het Hy lyding verduur. Dit is waartoe ons opgeroep word. Hou die einde in die oog, die heerlikheid wat kom. So groei ons ook.

In Hebreërs 5:8 lees ons: “Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het”; en in Hebreërs 12:2 word ons opgeroep om ons oog op Hom te hou. Hy is ons Leidsman op hierdie weg.

Hier duik egter 'n probleem op. Beteken Hebreërs 5:8 dat Jesus vol sonde was? Nee. Hebreërs 4:15 maak dit baie duidelik dat Hy juis nie sonde gehad het nie (Vgl. ook Heb. 7:26 ev en Heb. 9:14). Dit is juis die rede waarom Hy ons kan help.

Maar tog moes Hy gehoorsaamheid leer? Wat sou dit dan beteken? Wel, ons weet nou dit beteken nie die afleer van die weg van *ongehoorzaamheid* nie. Hy was nie ongehoorsaam nie. Hy het geen sonde gehad nie. Dit kan net beteken: *Die leer aanvaar van die wil en die weg van God.*

Só volg die Christen vir Jesus. Ons moet die wil en die weg van God leer ken. Die fokus hoef dus nie soseer te wees op ons wat nog so grof sondig dat Hy ons moet tugtig nie, maar op die feit dat ons nog nie werklik die wil en die weg van God ken nie, ons

moet dit leer deur opvoeding. Straf en tugtiging wys dus nie dat ons *nie* versoen is nie, dit bevestig juis ons kindskap aangesien dit dui op ons *gemeenskap met die lydende Jesus*.

Hoe moet ons hierop reageer?

Wel, eerstens moet ons dit wat ons hier hoor onthou. In vers 5 haal die skrywer Spreuke 3:11 – 12 aan en sê dat sy lesers dit vergeet het. Alle aanduidings is daar dat die mense in die Hebreër gemeente baie, baie swaar gekry het. Hulle is besteel, hulle is vervolgt en dit het gemaak dat hulle totaal mismoedig wou word.

Wat is die teenmiddel daarvoor? Onthou dat die Vader wat jou liefhet met jou besig is, en onderwerp jou lewe aan Hom. Vertrou Hom, meer as wat jy ooit jou aardse pa vertrou het. Hy weet wat jy nodig het, Hy weet waarheen jy op pad is, en omdat dit waar is, moet ons doen wat vers 12 sê, en kyk wat sal volgens vers 13 dan gebeur!

“Versterk daarom die slap hande en die lam knieë en loop die reguit pad. Dan sal wat lam is, nie uit lit raak nie, maar gesond word.”

As ons by wyse van spreke die slap hande en lam knieë oprig, sal daar wonderlike geestelike kom te midde van swaarkry, lyding en teenkanting. Dit is ‘n belofte!

HOOFSTUK 24: Hebreërs

12:14-29

Ek dink nie ek is verkeerd as ek sê dat baie hedendaagse Christene die woord ‘heilig’, of die opdrag “wees heilig” so ver as moontlik vermy nie. ‘n Mens kry baie keer die indruk dat die ‘cool’ ouens Christene is, maar dan kry jy die ‘weird’ ouens wat alles te vêr vat, hulle is heilig – en moet tog net nie soos hulle wees nie.

Kortweg, ons hou nie van die gedagte van heiligheid nie. Dit voel intimiderend en vreesaanjaend. Ons sien dit as ‘n plig en nie ‘n voorreg nie.

As ons eerlik is met onself, is ons basiese, diepste emosionele reaksie baie keer dat ons *wil* sondig, maar ons is darem so nou en dan bereid om God die guns te doen en onself daardie vreugde te ontsê.

Die punt is, die gedeelte voor ons sê dat sonder heiligheid sal jy God nie sien nie. So ons beter ophou om ons kop weg te draai van die onderwerp – kom ons kyk na hierdie opdrag.

Š *Die verband met vers 1-13*

Dit mag met die eerste oogopslag lyk asof vers 14 - 29 nie pas by vers 1 - 13 nie. Vers 14 - 17 gaan voort met twee temas wat sentraal is in die eerste 13 verse, nl:

i) Geestelike stryd en

ii) die noodsaaklikheid van heiligheid om die eindbestemming te bereik.

Is dit nie juis waarom dit in die eerste 13 verse gegaan het nie?

Die skrywer gebruik eers die beeld van ‘n *marathon* om te wys dat die lewe van geloof, die lewe waarvan hoofstuk 11 praat, nl. die Christelike lewe, nie outomaties gebeur nie. Dit is moeilik want jy word moeg in hierdie wedloop wat ‘n *stryd* is en dit gaan oor *heiligheid*.

Ons moet negatief gesproke ontslae raak van laste en sonde, en positief gesproke die oë gevestig hou op Jesus. Die rede hiervoor is natuurlik sodat ons die wenstreep kan bereik. *Dit het alles te make met heiligmaking.*

Die tweede beeld wat die skrywer gebruik het, beskryf die Christelike lewe as ‘n *opvoedingsproses tussen God, wat ons Vader/Pa is en ons wat sy kinders is*. Omdat dit ‘n opvoedingsproses is, is daar sprake van dissiplinering met alles wat dit behels. Dit maak die Christelike lewe soms moeilik. Soos reeds genoem - ‘n *stryd*.

Waarom moet daar dissiplinering wees?

Wel, vers 10 maak dit baie duidelik. *Sodat ons kan heilig word*, soos God. Dit is wat God as Vader in ons lewens wil sien!

In vers 14 sê die skrywer letterlik, doen alles moontlik, “make every effort.” Weer inspanning, en dit gaan weer oor heiligheid en oor die eindbestemming: Sonder *heiligheid* sal ons nie die Here sien nie.

Š *Wat beteken dit om die Here te sien?*

Wel, as die sien van die Here die eindpunt is, dan verwys die skrywer waarskynlik na die vreugdevolle ontmoeting met die Here as Hy weer kom:

“So is Christus ook net een maal geoffer om die sondes van baie weg te neem. As Hy die tweede keer verskyn, kom Hy nie in verband met sonde nie, maar om verlossing te bring vir dié wat Hom verwag” (Heb 9:28).

“Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is. Elkeen wat hierdie verwagting in verband met Hom koester, hou homself rein soos Jesus rein is” (1 Joh. 3:2-3).

As daar dus nie heiligheid in jou lewe is nie, as daar nie ‘n proses van heiligmaking is nie, sal jy nie daardie ontmoeting beleef nie. Geweldig!

Ek dink jy sal saamstem dat dit uiters belangrik is om te verstaan wat hierdie heiligheid dus is.

Wat is heiligheid volgens vers 14-29?

Š *Nooit individualisties nie - heelheid!*

Dit is belangrik dat ons mooi sal kyk wat hier staan. Die skrywer sê: “*Jaag die vrede na met almal, (of beywer julle vir vrede) en die heiligmaking waarsonder niemand die Here al sien nie.*” (’53)

Ons is geneig om die eerste deel van hierdie sin amper te ignoreer en dadelik te spring na die tweede deel. Ons moet raaksien dat die vrede met mekaar, let wel, die vrede met mekaar as gelowiges, as nuwe verbondsmense, is onlosmaaklik verbind aan heiligheid. Reeds in vers 11 het ons gesien dat dit eintlik as ‘n sinoniem vir die heiligheid van vers 10 gebruik word.

Die implikasie hiervan?

As heiligheid en vrede onlosmaaklik is van mekaar, kan heiligheid nooit in my eie hoekie gebeur nie, want vrede het altyd te make met die verhouding tussen twee of meer. Die woord vrede, soos reeds genoem, beteken die **afwesigheid** van stryd, maar meer as dit, die **aanwesigheid** van heelheid en oorvloed. Nog meer, heiligheid hier kan nie individualisties bereik word nie, dit moet gesamentlik bereik word.

Hoe sien ons dit?

Die skrywer beklemtoon in vers 15 dat **ons** moet toesien dat **niemand** van die genade verval nie. Hy sê nie net, sorg *dat jy*

nie van die genade verval nie. Dit is natuurlik dieselfde gedagte as in Hebreërs 3:12-13.

“Broers, julle moet toesien dat daar nooit by een van julle 'n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan en hy van die lewende God afvallig word nie. Maar solank daar nog 'n “vandag” is, moet julle mekaar elke dag aanspoor sodat niemand van julle deur die misleiding van die sonde verhard word nie.”

Die tweede helfte van vers 15 maak dit nog meer duidelik dat heiligheid nie 'n blote individualistiese aangeleentheid is nie.

“Sorg dat daar nie verbittering soos 'n wortel uitspruit, moeilikheid veroorsaak en baie besmet nie.”

Dit is 'n betekenisvolle aanhaling want dit kom uit Deuteronomium 29:18:

“Pas op dat daar nie dalk onder julle 'n man of 'n vrou, 'n familie of 'n stam is wat vandag afvallig word van die Here ons God en die gode van daardie nasies gaan dien nie. As daar so iemand is, so 'n gifwortel wat alles kan vergiftig...”

Hierdie gedeelte kom uit Deuteronomium, die verbondsboek, waar dit alles gaan oor die heiligheid van die verbondsvolk! Baie belangrik, hier is sprake van verbittering.

Binne ‘n gemeente is daar hierdie gevaar van verbittering wat soos ‘n gifwortel almal kan besmet. Baie keer is daar verskille onder gemeentede soos bv. leerstellige aangeleenthede. Die verskille oor leerstellige dinge is dikwels maar net ‘n dekmantel vir bitterheid diep binne, wat weer dikwels die oorsaak is van ‘n proses van afvalligheid in jou eie lewe.

Jy is daarom nie heilig as jy onvrede veroorsaak deur bitterheid in jou hart nie. As ‘n gemeente dit toelaat, veroorsaak dit dat daar onvrede in ‘n gemeente is, wat gelyk is aan onheiligheid en die gemeente of baie in die gemeente word besmet, *en is daarom nie meer heilig nie*.

Heiligheid/reinheid beteken onbesmet. Dink aan ‘n glas water. As dit besmet word met ‘n ander vloeistof, is dit nie meer skoon water nie, dit is onrein.

Ons kan na dit alles sê: My heiligheid het te make met my verhoudings van vrede met my broers en susters, en my heiligheid word geraak as daar bitterheid en onvrede in die gemeente is. Ek is dan deel van die onheilige gemeente – en ek is mede verantwoordelik. Ek moet sorg dat dit nie gebeur nie.

“Sorg....!” Hoe doen ons dit? Wel, praat met mekaar...

§ Heiligheid: Vermyding van sonde

Heiligheid het egter nie net te make met die vrede en heilheid tussen gelowiges nie. Dit het ook te make met jou eie “morele” reinheid. Om te wys hoe subtiel, gevaarlik en finaal vernietigend die toelaat van morele onreinheid in jou lewe kan wees, gebruik die skrywer die voorbeeld van Esau.

“Sorg ook dat niemand sedeloos en goddeloos lewe nie, soos Esau wat vir een maaltyd sy eersgeboortereg verkoop het.”
(Heb. 12: 16)

Mens wonder dadelik of Esau dan ‘n sedelose en goddelose lewe geleef het. Wel, daar is sekere Joodse tradisies wat die punt maak dat hy in ’n sedelose verhouding betrokke was, so dit kan wees dat die Hebreërs skrywer hierby aansluit.

Die punt hier is egter dit:

Moenie wees soos Esau wat vir een maaltyd sy eersgeboortereg verkoop het en dit nie kon omkeer nie. Moenie toegee aan sedeloosheid en goddeloosheid vir die kortstondige genot daarvan, soos Esau vir die kortstondige genot van eet, toe hy honger was, sy eersgeboortereg verkoop het nie.

Wat die Skrywer waarskynlik hier in gedagte het is daardie verskynsel dat ‘n gelowige toegee aan die genot van sonde, hetsy deur ‘n buite-egtelike verhouding, of pornografie of wat dit ookal kan wees, en dit maak dat hy of sy begin om totaal van God af weg te drywe. Goddeloos (sonder God) te word. Dit is dodelik gevaarlik.

Die skrywer gee hier weer soos in Hebreërs 6 en 10, ‘n ernstige waarskuwing teen sonde, teen die rug draai op jou eersgeboortereg. Wat is ons eersgeboortereg? Dit waaraan ons deel het as nuwe verbonds mense.

Dit bring ons dan by nog ‘n aspek van heiligheid wat ons ook dikwels vergeet:

Š *Heiligheid: Eenkant gesit vir God*

In verse 18 tot 29 word ons bevoorregte posisie teenoor die posisie van mense onder die ou verbond uitgelig. Die fokus is op wat ons *reeds het*. Ons het in ‘n sin alreeds die eindstreep bereik. Ons het reeds deel aan die nuwe stad. Ons is dus *reeds deur God eenkant gesit*. Ons is reeds in beginsel heilig. Een van die betekenis van heiligheid is juis om eenkant gesit te wees.

Die argument van die skrywer is dit: Waarom moet julle heilig word in julle alledaagse lewe met alles wat dit behels, soos ons nou uitgelig het? Wel, omdat julle *reeds heilig is!* Wees dit nou. Leef nou in die lig van wat julle reeds is. Wat julle reeds het, is baie baie beter as dit wat die volk onder die ou verbond gehad het.

Die punt is **nie** dat omdat ons nou in ‘n baie beter posisie is, is sonde ook nou nie meer so erg nie. Nee, die punt **is** dat ons in ‘n baie beter posisie, met ‘n baie beter Middelaar is. As die volk onder die ou verbond (wat minderwaardig teenoor die nuwe is), gesidder het vir God en gestraf is vir sonde – hoeveel te meer ons? Daarom is heiligheid nie opsioneel nie.

Š Heiligheid nie opsioneel - dankbaarheid

Ons het nou gesien wat heiligheid behels en dat dit nie opsioneel is nie. Net soos daar geen Christelike lewe is sonder dat dit ‘n wedloop en opvoedingsproses is nie, net so is daar geen Christelike lewe, sonder dat dit heiligheid behels nie. Heiligheid is eintlik niks anders as ‘n uitdrukking van dankbaarheid vir wat God vir jou gedoen het nie.

“Laat ons wat 'n onwankelbare koninkryk ontvang het, dan nou dankbaar wees. Laat ons God dankbaar dien met eerbied en ontsag, soos Hy dit wil...” (Heb. 12:28).

Š Wie is die God wat wil hê ons moet heilig wees?

Wie is die God teenoor wie ons dankbaar is? Wie is die God wat wil hê ons moet heilig wees? Kyk na vers 29. Die God waarmee ons te doen het is steeds die verterende vuur God. Dit is steeds die God wat Moses by die brandende bos ontmoet het. Dit is steeds die God wat op die Berg Sinai in vuur verskyn het en mense wat aan daardie berg gevat het, laat sterf het. Hy is steeds dieselfde God wat op ‘n stadium letterlik onder die volk gebrand het en baie verkeer het.

Jesus is onder Sy verterende vuur geoordeel in ons plek. Ons weet dat die vuurvlamme op Pinksterdag wys dat daardie verterende vuur, God, nou onder ons en in ons midde kan wees, sonder dat ons verkeer word. Jesus is verkeer in ons plek. Hy is

egter steeds die verterende vuur God. Selfs na Pinksterdag moes Ananias en Saffira agterkom dat hulle nie vir hierdie God kan lieg nie.

Nou kan ons verstaan waarom die skrywer aan die begin kon sê: *Sonder heiligmaking sal niemand die Here sien nie.* Hoekom nie? Wel, Hy is die verterende vuur God. Jy sien God weet Sy Heiligheid kan nie in aanraking kom met onheiligheid sonder om dit te verteer nie. Daarom kom die oproep!

HOOFSTUK 25: Hebreërs

13:1-8

Wat gaan jy in môre se koerante vind? Wel ek dink as jy (behalwe vir rugby) - iets oor mag, geld, seks en swaarkry raai, kan jy nie vêr verkeerd wees nie. Dit is wat verkoop. Dit is waaroor die gemiddelde mens se lewe daar buite draai. Mens kan redelik seker wees daar gaan van die begin tot die einde van die koerant geen melding van Jesus gemaak word nie. Daar mag dalk hier en daar geestelike verwysings wees maar Hy gaan beslis nie die sake wat elke dag in die koerante is domineer nie.

In Hebreërs se laaste hoofstuk kry ons al hierdie goed, behalwe rugby natuurlik. Ons kry seks, mag, geld, swaarkry– en ons kry Jesus!

Hoekom? Want van al hierdie dinge maak Jesus alleen sin. Dit is natuurlik nie snaaks om Jesus hier te kry nie, want Hy domineer die boek Hebreërs.

Die eerste 8 verse van hoofstuk 13 se vertrekpunt is vers 8.

“Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.”

Die skrywer wil hê ons moet besef dat as ons geloof, die geloof waarvan Hy dwarsdeur die boek gepraat het en wat hy verduidelik het in hoofstuk 11, die geloof wat getoets word en sterk word soos mens die wedloop hardloop en deur God gedissiplineer word, *as daardie geloof stewig gewortel is in Jesus, sal geen van die magte wat mense as't ware van die pad af waai tot binne in die koerante, jou kan skade aandoen nie.*

Wat presies bedoel die skrywer binne die konteks van hierdie boek as hy só oor Jesus praat? Hoe kan dit ons help in ons elke dag se lewe?

Die hele brief handel oor die manier hoe God Sy mense gelei het vanaf die vroeë dae van die ou verbond, tot die vervulling daarvan in Jesus. Die boek wys hoe Hy Sy mense in die vroeë dae van die nuwe verbond gelei het, die dae waarin die lesers geleef het, en hoe God dit gaan doen totdat die stad wat verwag word 'n finale werklikheid word.

Š *Jesus is dieselfde gister*

Dit beteken Jesus, die Jesus wat ons nou ken deur geloof, was dieselfde in die ou bedeling, ja, vanaf die skepping. Hy is nie nou anders as toe nie, en was nie toe anders as nou nie. Hoe begin Hebreërs? Wel, hy wys dat Jesus van ewigheid af was, die

een wat mens geword het, deur wie die wêreld gemaak is (1:2-3; 1:10-12). Ons moet nooit dink dat toe Jesus verskyn het, Hy in 'n sekere sin 'n ander openbaring was of 'n openbaring van 'n ander God was as wat Israel geken het nie. Nee, Jesus was 'n vars openbaring van dieselfde God. Dit kan vergelyk word met die ontmoet van 'n persoon in lewende lywe wat jy tot op daardie punt net deur smsse en 'n af en toe oproep leer ken het.

Die Jesus wat by ons is, is *nie anders* as die God wat by al die Ou Testamentiese geloofshelde van Hebreërs 11 was nie! Onthou dit.

Š *Jesus is dieselfde vandag*

Die skrywer het in hoofstuk 3 en 4 klem gelê op die belangrikheid van vandag toe hy Psalm 95 van toepassing gemaak het op hulle: “Vandag as julle Sy stem hoor... verhard nie julle harte soos die volk in die woestyn nie...” (3:7) Jesus Christus, die evangelie en die implikasies daarvan is vir vandag. Nie vir môre nie. “Ja ek sal volgende week eendag begin om Hom in ag te neem vir my besluite, my vrye tyd, my optrede...” Nee, vir vandag se besluite, vandag se probleem, vandag se uitdaging. Dit is waar Jesus 'n impak moet hê en 'n verskil moet maak. Vandag. Hy is *vandag* dieselfde Jesus as die Jesus wat alles geskep het, die Jesus wat melaatses aangeraak het, wat gesê het aan Hom is alle mag gegee in hemel en op aarde.

Š *Jesus is dieselfde tot in ewigheid*

Ons het gesien Jesus is die middelaar van die nuwe verbond. Ons het gesien Sy persoonlike teenwoordigheid is die

belangrikste kenmerk van die nuwe Jerusalem (12:24). Die Een wat ons nou deur geloof ken is die Een wat ons van aangesig tot aangesig sal ken in die nuwe wêreld. Die nuwe wêreld wat tot stand sal kom na die teenswoordige een geskud gaan word. Dit gaan nie 'n ander Jesus wees nie.

Die hele boek gaan oor Jesus, en vers 8 vat dit alles saam om te wys en te onderstreep dat Jesus veroorsaak dat die Christelike lewe nie net 'n Sondagoggend lewe, of binnekamer lewe kan wees nie.

Jesus wat gister en vandag en tot in alle ewigheid dieselfde is, maak die opdragte in vers 1-7 sinvol, moontlik en ononderhandelbaar vir elke Christen.

Kom ons kyk kortliks na hierdie opdragte:

§ Die broederliefde (Heb. 13:1)

Dit is asof die skrywer wil sê, na al die diep wonderlike waarhede omtrent julle posisie onder die nuwe verbond, en al die wonderlike dinge wat julle s'n is soos in die laaste verse van hoofstuk 12 uitgelig word, – *moet die liefde nie vergeet nie*. Dit moet bly.

Hoekom moet dit bly? Want Jesus is dieselfde...

Wat is broederliefde? Wel, dit is selfopofferende liefde, want die God wat mens geword het in Jesus, waaroor alles gaan, se hele wese is dit. Liefde vir Sy broers. Moenie leef soos die mense waarvan die koerant vol is wat net vir hulleself wil inpalm, en leef vir hulle eie naam en eie gemak nie. Nee, hê julle broers lief op praktiese maniere. Dit gaan jou sak raak. Dit moet jou sak raak. Dit het Jesus, die Begin en Voleinder van jou geloof, se

lewe gekos. Dit moet egter ook in klein gebare en gesindhede wys juis *as dit baie maklik is* om nie met liefde op te tree nie.

1 Korintiërs 13 praat baie hieroor. Blaai na 1 Korintiërs 13:4-7. As jou broer so optree dat jy as't ware met reg nie liefdevol kan optree nie, beteken liefde dat jy die teenoorgestelde sal optree as wat die natuurlike reaksie sou wees. As jou broers nie reg teenoor jou optree nie of as jou broer al die eer kry by ander en jy wil groen van jaloesie raak – beteken liefde vir daardie broer om nie jaloers te wees nie. Liefde beteken dat jy dan nie gaan grootpraat sodat jy meer aandag kan kry nie.

As jy sit en planne maak hoe om jou broer terug te kry vir iets wat hy gesê of gedoen het wat jou negatief geraak het, wel liefde beteken dat jy juis dan nie jou eie belang gaan soek, verbitterd gaan word, en hom gaan probeer terug kry nie. Dit is praktiese broederliefde!

Wat het dit te doen met Jesus wat dieselfde bly?

Jesus is gister, vandag en tot in ewigheid die een wat *so* lief het en wat by ons is en wil hê en verwag dat ons sal liefhê soos Hy ons lief het en sal liefhê tot in ewigheid. As jy jou broer liefhet het jy Jesus lief. Want, Jesus is een met Sy mense. Hoe wys jy dat jy die Jesus van die boek Hebreërs wat gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde is, liefhet? Wees lief vir jou broers!

Š *Gasvryheid (Heb. 13:2)*

Om net seker te maak dat ons verstaan hoe prakties en tasbaar hierdie liefde moet wees, dat hierdie liefde nooit net lippetaal kan bly nie, sê die skrywer: *Die gasvryheid moet bly.*

Wat het dit te make met Jesus wat gister vandag en tot in ewigheid dieselfde is?

God se woord het mens geword. Jesus. Jesus wat die hongeriges gevoed het. Dieselfde Jesus wil steeds Homself oor mense ontfem, hulle voed en koester. Maar hoe doen Hy dit nou? Deur ons. Sy mense. Sy liggaam! Daarom, wees gasvry. Letterlik kan die woord vertaal word met liefde vir die vreemdeling. Die agtergrond hiervan was dat Christene wat vervolgt is geen plek gehad het om heen te vlug nie en dan was die enigste plek waar hulle 'n oop deur gekry het, mede-christene. Die klem in gasvryheid is terloops die oop deur, nie die vol tafel nie. Natuurlik moet die vreemdeling gevoed word, maar ons kan vandag so bekommerd wees oor hoe die tafel gaan lyk, dat ons dikwels wegskram van gasvryheid. Kom ons lê weer opnuut klem daarop. Nooi mede broers en susters, maar nooi ook die wat deur niemand anders genooi word nie.

Hier is natuurlik ook 'n ander motivering waarom ons moet gasvry wees. Die skrywer verwys na Abraham wat in Genesis 18 gasvry opgetree het en nie eers geweet het dat hy engele gehuisves het nie. Die interessante is natuurlik as 'n mens na Genesis 18 kyk, dat alle aanduidinge daar is dat een van die 3 mans of dan engele teenoor wie Abraham gasvry was, baie duidelik die Here self was! Waarskynlik 'n voor inkarnasie, voor menswording, verskynng van Jesus self. Dit is interessant dat Jesus in Matteus 25 sê dat die Koning (dit is Hy) vir die aan Sy regterhand sal sê:

“Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling,

en julle het My herberg gegee; Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom” (Matt. 25:35-36).

Wees gasvry, nie net omdat Jesus wat dieselfde bly so is nie, maar ook omdat jy dieselfde Jesus huisves as jy gasvry is. Is Jesus nie een met Sy mense nie? Dink weer aan Paulus se ontmoeting met Jesus op die Damaskus pad. “Saul, Saul... waarom vervolg jy *my*.”

Š Dink aan die gevangenes (Heb. 3:3)

Die gelowiges in Hebreërs het in die verlede praktiese hulp verleen aan die in die tronk (10:34). Hier word hulle opgeroep om dit voort te sit. Hulle word gevra om te “dink” aan die gevangenes. Dit beteken om hulle heel tyd in hul gedagtes te hê, en aan hulle te dink asof hulle medegevangenes is. Dink aan hulle asof julle na hulle sit en kyk. Jy sien as jy dit doen kan jy nie anders as om gevangenes te besoek, hulle te bemoedig of vir hulle te bid nie. Natuurlik was die konteks dat Christene in gevangenes gegooi is. Vir ons is dit natuurlik vreemd - maar die beginsel bly dieselfde.

Net so moes hulle aan die wat mishandel word dink asof hulle die hale oor hulle eie rug voel.

Wat is die punt? Wees diep emosioneel betrokke by gelowiges wat fisies ly vir hulle geloof.

Ons ken dalk nie persoonlik Christene wat in die gevangenes is en mishandel word vir hulle geloof nie. Dit gebeur dalk nie in ons omgewing en in ons land nie, maar wat doen ons vir ons

broers en susters in Moslemlande? In die kommunistiese Noord Korea? Onthou dit is Jesus wat daar in die tronk is... Sy liggaam. Hy dink aan hulle as Sy eie liggaam. Dit is wat ek en jy moet doen.

Š Hou die huwelik eerbaar en die seksuele verhouding rein (Heb 13:4)

Die wat weet dat Jesus Christus ‘n realiteit is, vandag, hier en nou, kan nie anders as om toe te laat dat dit ‘n effek het op hulle huwelik en seksualiteit nie.

Die media herinner ons elke dag aan hoe min die huwelik werd is. Dit is heeltemal verouderd.

Hier staan letterlik dat die huwelik as iets geweldig waardevol beskou moet word. Ons wat die res van die Nuwe Testament ken, weet wat Paulus in Efesiërs 5 oor die huwelik sê. Dit is ‘n afbeelding van die verhouding tussen Jesus en Sy kerk – hoe kan dit ooit ouderwerts raak en minder waardevol. Jesus is dieselfde...

Verder sê die skrywer letterlik dat die huweliksbed onbesmet gehou moet word, wat natuurlik verwys na die seksuele aspek van die huwelik. Dit moet onbesmet gehou word. Hoekom? Want in die seksuele verhouding tussen man en vrou in die huwelik is daar ‘n afbeelding van die ongelooflike eenheid wat ons het met Jesus Christus.

Jesus Christus het iets te sê vir jou seksuele lewe as Christen. Moenie dit besmet nie. God voel baie baie ernstig hieroor. Hy sal hoereerders en egbrekers oordeel. Wat sou dit vandag behels om nie die huweliksbed te besmet nie, om nie seksueel Jesus

wat gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde is, te bedroef nie? Sonder om te veel uit te brei – elke keer as jy iets sien wat jou kan laat struikel, elke keer as die versoeking tot sonde om hierdie gebied daar is, hetsy deur iets op die TV, jou selfoon, in die winkel, dink aan Jesus en wat die huwelik is. Jesus, en dit wat Hy vir jou en in jou huwelik kan gee, is onveranderd en ewig. Jou seksuele fantasieë sal net vir ‘n oomblik wees...

Š *Wees vergenoeg met jou finansiële status (Heb 13:5)*

Dit is interessant dat die sondes van seksuele onreinheid, en begeerte na geld, in verskeie Nuwe Testamentiese gedeeltes verbind word met mekaar. Beide die seksueel immorele en die persoon wat meer en meer geld najaag, soek selfbevrediging ***buite die grense*** van God se voorsiening.

Beide kla by wyse van spreke God aan van onbevoegdheid as Voorsiener van die mens se mees basiese behoeftes, en daarom is dit natuurlik eintlik verwerping van God self.

Dit is hoekom jy jou lewe moet vry hou van die liefde vir geld. Die *liefde* vir geld maak dat ons natuurlik dan nie kan oorleef daarsonder nie.

Die punt is: Gebruik geld as middel om aan behoeftes te voorsien en nie as die hoof motivering en pre-okupering van die lewe nie! Moet dit nie gebruik as middel om mag te verkry of in beheer te wees nie! Natuurlik moet mens werk en geld verdien om vir jou mense te sorg. Maar die liefde vir geld gaan verder as dit.

Wil jy weet of jy geld liefhet?

As jy iets liefhet offer jy op daarvoor. As jy begin om ander dinge op te offer vir meer geld en die gemak wat dit bring, dinge soos jou gesin, jou betrokkeheid by die gemeente van Jesus, om maar twee voorbeelde te noem, is jy waarskynlik lief vir geld of gevaarlik na daaraan.

Wees vergenoegd met wat God jou toebedeel het.

Jesus sal jou nooit begewe of verlaat nie. Moenie bang wees nie! (Heb. 13:5b).

Wie kan so vergenoeg wees? Net Hy wat oortuig is van die stelling: “Ek sal jou nooit begewe of verlaat nie. Letterlik: Nooit ooit ooit...”

Glo ons dit? As ons die Jesus het wat gister en vadag en tot in alle ewigheid dieselfde is, het ons alles, want Hy sal ons nooit verlaat nie. Hy het gesê: “Kyk na die lelies van die veld...”

As jy oortuig is hiervan, kan jy bely: *Die Here is vir my 'n Helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen?*

Hierdie reaksie word aangehaal uit Psalm 118:6-7 en bevestig dat die planne van die goddelose gedwarsboom sal word deur God se voorsiening.

Dit bevestig natuurlik die fisiese situasie van die mense in die Hebreër gemeente. Hulle is gedwing om eiendom en materiële besittings op te gee omdat hulle Christene was (Heb. 10:32-34). So, wat 'n geweldige relevante belofte!

Die beginsel bly natuurlik staan: Onthou Jesus is dieselfde as wat God was in die Ou Testament wat vir Sy verbondsmense voorsien het. Ons Jesus is die Jesus wat die pad van vergenoegdheid met God se voorsiening in die Nuwe Testament gestap het. Hy is met ons.

Hy is die Begin en Voleinder van ons geloof.

Š Kyk na die uiteinde van ander se lewens – en word bemoedig (Heb. 13:7)

As jy sukkel hiermee met die dinge waaroor ons nou gepraat het:

Dink aan mense wat voor jou hierdie pad gestap het.

“Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na” (Heb. 13:7).

As die eerste lesers van Hebreërs gesukkel het om vergenoegd te wees met God se voorsiening, moes hulle dink aan die mense wat die Woord aan hulle verkondig het. Hulle moes kyk hoe hulle gelewe het en hoe die Here vir hulle voorsien het. Mense soos Paulus en ander apostels.

Hulle moes dn vir hulleself sê: “Maar Jesus is mos gister, vandag en tot in alle ewigheid dieselfde!” Ons het ook baie voorbeelde. Gaan lees oor manne van God deur die geskiedenis, wat nie volgens wêreldse standaarde suksesvol was nie, maar vir wie die Here nooit, ooit, ooit, begewe of verlaat het nie. Doen dit en word versterk.

Jesus Christus is mos gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde!

HOOFSTUK 26: Hebreërs

13:9-25

Ek wonder of jy weet wat die eerste stelling is van die 95 stellings wat Luther teen die kerkdeur van Wittenberg vasgekap het? Wel dit lui min of meer so: *Ons Heer en Meester Jesus Christus wil hê dat die hele lewe van gelowiges een van bekering sal wees!*

Waaroor Luther hier praat is natuurlik nie die aanvanklike tot bekering kom, die aanvanklike kom na Jesus deur geloof en bekering om sodoende 'n Christen genoem te word nie.

Hy praat **nie** hier van regverdigigmaking wat plaasvind as jy deur geloof en bekering na Jesus vlug nie. Hy sê dus nie jy moet elke dag weer 'n Christen word nie, nee, hy praat van die feit dat as jy 'n Christen is moet jy daaglik weer jou denke vernuwe oor wat dit beteken om Jesus te volg. **Dit is bekering.** Ons weet die woord (*metanoia*), wat ons met bekering vertaal, beteken letterlik 'n denkverandering wat lei tot 'n verandering in lewenswyse.

Die skrywer van die Hebreërbrief roep sy lesers in hierdie paar verse op tot so 'n bekering.

§ *Waarvan moes hulle bekeer?*

Kyk na vers 9. Hulle moes hulle denke verander en breek met 'n sekere lering wat die gemeente bedreig het. Die skrywer sê hulle moet onthou dat die hart deur genade versterk word en nie deur eetgebruike nie.

Dit is belangrik om bietjie die agtergrond hiervan te verstaan. Daar was, soos ons nou al weet, die gevaar om terug te beweeg na die ou verbond en sy gebruike, in plaas daarvan om by Jesus en die evangelie te bly.

Een so gebruik wat 'n geweldige invloed gehad het, was die sogenaamde kultiese maaltye. In die Ou Testament sien ons dat wanneer offers gebring is, is sekere gedeeltes daarvan as offermaaltye by die altaar geëet, nl. die sogenaamde gemeenskapsmaal wat saam met die dankoffer gegaan het. Die oortuiging was dat hierdie maaltye jou geweldig versterk het en selfs deel aan God gegee het.

Wat nou gebeur het is dat die volk hierdie kultiese maaltye wat in die tempel plaasgevind het, as't ware nagemaak, en geglo het dat dit hulle versterk en deel gee aan God.

So ten diepste het hulle geestelike versterking en eenheid met God gesoek *buite die genade van God in Jesus*. Dit is wat die skrywer hier aanspreek.

Dit is waarvan hulle hul moet bekeer en dit is waaroor hulle hul denke moet verander.

§ *Waarnatoe moes hulle hul bekeer?*

Ons het gesien hy maak dit duidelik dat die Christen onder die nuwe verbond nie versterk word deur iets soos 'n maaltyd nie, maar deur genade.

In vers 10 gaan hy so vêr as om te sê dat Christene ook 'n altaar het waarvan hulle eet, maar, dit lyk heeltemal anders, en die priesters wat die offers in die tempel verrig het onder die ou verbond, het nie die reg om daarvan te eet nie!

Hierdie altaar, hierdie kos waarvan hy praat is maar net 'n metaforiese manier om te praat van die genade wat ons ontvang het onder die nuwe verbond. Die wonderlike waarhede omtrent wat Jesus vir ons gedoen het.

Dit is waartoe hulle hul moet bekeer. Dit is waaroor hulle hul denke moet verander, en daarom kom die skrywer en hy herinner hulle opnuut aan dit wat Jesus gedoen het.

Hy het dit natuurlik reeds baie deeglik gedoen in die brief, maar hier kom hy en wys op wat Jesus gedoen het, maar op so 'n wyse dat hulle in dit die *waarheid omtrent hulleself sonder Jesus moet sien op 'n radikale manier, en die waarheid van wat hulle nou is a.g.v wat Jesus gedoen het. Dit moes lei tot 'n totale breek met die hele ou verbond sisteem wat hulle so beïnvloed het, en tot 'n totaal radikale ander leefstyl.* Hierdie is so 'n laaste, kragtige poging onder leiding van die Gees, om hulle tot bekering te bring.

My gebed is dat dit vir jou en my sal bring tot hernude bekering.

Š *Jesus se offer en die waarheid omtrent jou en my*

Dit is baie duidelik dat die skrywer van Hebreërs hier 'n vergelyking wil maak. Hy wil hê ons moet 'n ooreenstemming sien. Hy wil hê ons moet sien dat Jesus op dieselfde plek was toe Hy gekruisig is, as waar die liggame van die offerdiere was toe dit verbrand is.

Ons weet dat die hele boek Hebreërs gedurig terugval op die gebruike in die ou verbond om ons 'n dieper begrip van Jesus en sy Werk te gee. Dit is ook die geval hier. So kom ons vertoef vir 'n oomblik.

Ø *Buitekant die laer*

Wat sou die prentjie van 'buitekant die laer' vir hierdie Hebreuse Christene beteken het? Wel, hulle sou in hulle verbeelding terug geneem word na die dae toe die volk in die woestyn was. Hulle sou daardie ordelike omheinde kamp/laer onthou het met die heilige tabernakel in die middel.

Buite, rondom hierdie afgekampte deel, sou hulle 'n niemandsland gevisualiseer het, aan almal bekend as 'buitekant die laer'. Hierdie plek is geassosieer met sekere 'klasse' mense.

Ü Buitekant die laer moes die *vreemdeling* bly, die wat vreemdelinge was wat betref die burgerskap van Israel en die verbonde en beloftes (Ef. 2:12).

Ü Buitekant die laer was die *melaatses*. Omdat hulle aansteeklik was is hulle uit die kamp verban. Onversorg en

uitgesluit van al die voorregte wat vir ander binne die kamp moontlik was.

Ü Dit was ook die gevreesde plek van teregstelling vir *wetsverbrekers* en *kriminele*. Volgens die wet van Moses moes die doodstraf gegee word aan egbrekers, sabbatsverbrekers, afgodsdienaars en moordenaars. Hulle is gestenig buitekant die laer.

Ü In hierdie gedeelte in Hebreërs 13 word ons vertel van miskien die mees weersinwekkendste aspek van buitekant die laer. Dit was die plek waar die liggame van die diere wie se bloed in die allerheiligste gespreinkel is, verbrand is.

Die liggaam van die dier waarop die sonde van die persoon wat geoffer is simbolies geplaas is, is verbrand as bewys van die feit dat dit vervloek was, weersinswekkend vir God en mense. Dag na dag het die rook hiervan buitekant die laer opgestyg en die stank daarvan het rondom die plek gehang.

In kort. Die gebied ‘buitekant die laer’ was ’n plek van vreemdelinge, melaatses, kriminele, en sonde vervloekte afval - ’n plek om te vermy.

Maar nou: *Jesus gaan na die geestelike ewebeeld van hierdie plek –en dit is die plek waar ons hoort.*

Die skrywer wil baie duidelik vir ons laat sien dat die Here Jesus na die geestelike ewebeeld van hierdie plek gegaan het met ‘n kruis, sodat Hy Sy mense kon heilig met Sy eie bloed.

Terloops, die werklike plek waar Hy gekruisig is buite Jerusalem, was net so afgrylik soos buite die laer van ouds. Dit word die “plek van die hoofskedel” genoem.

Maar luister mooi: Die Bybel sê hierdie plek waarheen Hy gegaan het, was ONS plek:

“Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom” (2 Kor 5:21) (‘53).

“Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees” (2Kor 5: 21) (’83).

Ag, hoe maklik kan ons soms sê: “Hy het my plek geneem!

Dit is skokkend as ons egter mooi dink wat die plek was wat HY ter wille van ons ingeneem het. Dit is dan wat ons sien, soos nêrens anders nie, wat ons ware plek is en wat ons ware karakter voor God is.

Eerstens dan: Hy het vir ons gegaan na die plek waar Hy ’n *vreemdeling* was, ook vir Sy Vader. Die plek van Godverlatenheid. Terwyl Hy aan die kruis hang roep Hy uit: *“My God My God waarom Het U my verlaat...”*. Die 3 uur

duisternis wys dat Jesus buite lig, buite lewe, buite gemeenskap met God gewerp is.

Sonde in sy begin stadium het te make met die sondaar wat God verlaat, maar die uiteindelijke straf is God wat die sondaar verlaat - en dit is hel.

Dit was die plek waarna Jesus gegaan het aan die kruis, die plek waar God Hom verlaat het. Hy het dit gedoen omdat dit ons plek was! Hy het die vloek in ons plek gedra. Ons plek was die God-verlatenheid wat Hy gedra het.

Die logika van alles is onontkombaar: As God Hom verlaat die oomblik wat Hy ons plek neem, wat is ons ware posisie voor God? Watter waarheid skyn vanaf Golgota oor ons toestand voor God? Ons kan nie naby Hom kom nie.

Verder het Hy ons plek ingeneem as ‘n *morele melaatse*, asof Hy een was. Inderdaad word dit geïmpliseer in Jesaja 53:4 (OAV).

*“Nogtans het Hy óns krankhede op Hom
geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra;
maar óns het Hom gehou vir een wat
geplaag, deur God geslaan en verdruk was.”*

Die woord geplaag impliseer geplaag met melaatsheid. Deur die hele Bybel word melaatsheid gebruik as ‘n illustrasie van sonde. Dit is ‘n subtiele siekte. Dit begin klein, met ligte simptome en dit eindig deur die persoon in ‘n monster te verander. Die slagoffer word afstootlik en eindig in die dood.

Sonde aan die begin kom ook klein en skadeloos voor, maar die uiteinde is iets walglik voor God en bring ewige skeiding van God.

Om iemand ‘n morele melaatse te noem is ‘n onbeskryflike veragting!

Dit was die plek wat Jesus gewillig was om vir ons te in te neem, die van ‘n morele melaatse- afstootlik vir God.

Miskien vra jy: “Hoekom het Hy so lae plek ingeneem?” Die antwoord is, “Hy het dit gedoen omdat Hy ons (jou) as sodanig gesien het, en Hy moes daardie plek inneem as Hy ons wou red.”

Daarom is Jesus wat buite die kamp as morele melaatse hang, ‘n verklaring van my toestand. As ek dit nie op enige ander manier geweet het nie, weet ek dit nou deur te kyk na die plek wat Jesus vir my ingeneem het.

Onreinheid, immoraliteite en perversie wat so baie lewens vandag bevlek, word dikwels versigtig weggesteek. Maar daar, openlik voor mense word dit verklaar deur die plek wat Jesus vir ons ingeneem het.

Hy het ook gegaan na die geestelike ewebeeld van die plek waar kriminele gestenig is. Jesus het nie op ‘n bed gesterf waaraan niks veragtelik is nie, Hy sterf aan ‘n kruis. Ons het al vir mekaar gesê dat slegs die mees veragtelikste oortreders aan ‘n kruis gesterf het. In ‘n ordentlike Romeinse geselskap het jy nie hieroor gepraat nie. Daar word dan ook twee sulke misdadigers weerskante van Hom gehang, en almal het gedink dat Hy ook

een moes wees (*maar ons het hom gehou as een wat deur God geplaag is... Jes 53:4b*) en het daarom hulle gesigte weggedraai van Hom.

Die verstommendste is dat Hy nooit doen wat ons sou gedoen het nie. Hy het nie gesê: “Asseblief, asseblief, onthou Ek is nie hier vir my eie oortreding nie, maar vir die van ander.” Nee, Hy bly stil. Hy was gewillig dat hulle dink Hy is ’n krimineel. Hy was gewillig om gereken te word saam met die misdadigers (Jes. 53:12), en om as sodanig te sterwe, omdat Hy gesien het dit is ons plek en Hy was gewillig om dit in te neem vir ons.

Die Bybel maak dit verseker duidelik dat ons almal kriminele voor God is. Hy wat sy broer haat is ‘n moordenaar sê 1 Johannes 3:15. Enige iets wat nie ware liefde is nie, is haat en haat is moord. Elkeen wat na ‘n vrou kyk en haar begeer het egbrek gepleeg in sy hart (Matt. 5:28). As ons daaraan dink dat Jesus ons Broer is en dat Hy ook waarlik God is, dan sien ons aan die kruis dat ons God moordenaars en broeder moordenaars is!

Selfs al sou die res van die Bybel dus nie geleer het dat ons moordenaars en egbrekers is nie, sou ons steeds geweet het dat dit waar is, en ons skuld sou sigbaar gewees het vir die wêreld, *want op Golgota* word hierdie feit openlik verklaar deur Jesus wat in ons plek sterf.

Maar, bo alles word Jesus uitgelei buite die kamp op dieselfde manier as wat die liggame van offerdiere as vervloekte afval verbrand is.

Geen woorde kan die morele dieptes peil waarin Jesus ter wille van ons gestort is nie. Ja, ons vergroot nie as ons sê dat Hy daar gesterf het as sonde vervloekte afval voor God omdat ons, sonde vervloekte afval is nie. Daar het die rook en stank *van ons sonde* opgestyg *vanaf Sy* liggaam.

Jy en ek mag mekaar die indruk gee dat ons ernstige, Godvresende Christene is, maar voor die kruis moet ons erken ons is dit hoegenaamd nie. By Golgota staar die naakte waarheid ons gedurig aan. Dit daag ons uit om ons maskers te laat val en die waarheid aan te neem.

Dit is dan wat Golgota ons wys. Hierdie is nie net prentjies van wat ons was nie, maar *wat ons steeds is buite Hom*. Maak nie saak hoe lank ons Christene is nie, of hoe volwasse ons dink ons al is nie. Golgota het iets vars om ons vandag omtrent sonde te wys.

As ons sonde wil sien in al sy subtiele vorme en die krag van Jesus om ons te red wil beleef, dan het ons nodig om elke dag te bid: “*Keep me broken, keep me watching, at the Cross were Thou hast died*”.

Hoekom? Want *net daar* ken ons ons nood as sondaars.

Omdat Hy ons plek ingeneem het, is ons

- **nie** meer vreemdelinge voor God nie – nee, ons is huisgenote en familie van God! (Ef. 2:19)
- **nie** meer melaatses nie, maar reines!
- **nie** meer kriminele nie, maar regverdiges!
- **nie** meer vervloektes nie, maar geseëndes!

Š *Hoe lyk die lewe van 'n bekeerde?*

Die oomblik as ons dit sê, maak die kruis 'n appèl op ons.

“Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra.”

Hoe moet ons dit doen? Wel, deur te besef *ons het hier geen blywende stad nie*. Ons moenie ons lewens leef en inrig asof ons ewig hier gaan bly nie.

Wat moet ons doen?

Laat ons uitgaan... Nou vir die Hebreërbrief se eerste lesers het dit beteken om uit te gaan uit Judaïsme, uit die denke van die ou verbond leringe, na dit wat buite die Jodedom was. Hulle moes gaan na die plek waar hulle vervolging en teenkating sou kry, die plek van eenheid met Jesus en nie met die Joodse godsdiens nie. Hulle godsdiensbeoefening moes nou heel anders lyk – hulle moes nie terug gaan na die Ou Testamentiese offers en offermaaltye nie, nee, hulle moes nou ander offers bring – onophoudelik moes hulle deur Jesus aan God 'n offer bring – en wat is dit?

- Lippe wat Sy naam bely. Hulle moes Hom grootmaak.
- Offers van goed doen aan ander en mededeelsaamheid.

Hierdie dinge word *offers* genoem *want dit gaan iets kos!* Hulle moes dit bring buite die veiligheid van die Ou Verbond sisteem.

Ons? Dit beteken dat ons moet gaan na waar die evangelie nodig is. Buite die mure van kerkgeboue, buite “kerkwees”, godsdiens, al die mooi gebruike en instellings wat ons het, na

die vreemdelinge en melaatses en wets-verbreekers. Daar moet ons 'n offer bring. Nie die offer wat Jesus gebring het nie, maar die vrug van ons lippe wat Sy naam bely. Daar buitekant die laer. Die offer van goed doen en mededeelsaamheid – buite die laer.

In vers 17 wys die skrywer hoe gemeentelede en leiers in die gemeente mekaar hiertoe moet help. Gemeentelede moet so optree dat die leiers *met vreugde* oor hulle kan waak.

In vers 18 vra die skrywer vir gebed! Veral ook moet hulle bid dat hy (die skrywer), weer na hulle kan kom.

In vers 22 wys die skrywer daarop dat hy maar net korliks geskryf het maar dat hulle asseblief hierdie aansporing moet aanvaar. Vers 23 en 24 handel oor sake wat natuurlik net vir hulle betekenis sou gehad het.

Ek wil graag hierdie boek afsluit met die verse net voor vers 22 tot 25. Ek wil dit as gebed vir jou wat hierdie boek gelees het, gee:

“God wat vrede gee, het ons Here Jesus wat deur die bloed van die ewige verbond die groot Herder van sy kudde is, uit die dood teruggebring. Mag dié God jou toerus met alles wat goed is, sodat jy Sy wil kan doen. Mag Hy deur Jesus Christus in jou tot stand bring wat vir Hom aanneemlik is. Aan Hom behoort die heerlijkheid tot in alle ewigheid! Amen” (Heb. 13:20-21 aangepas).

d